1988 033 24/01

U.O.V.S.
Bloemfontein
BIBLIOTEEK

HIERDIE EKSEMPLAAR MAG ONDER
GEEN OMSTANDIGHEDE UIT DIE
BIBLIOTEEK [illegible] WORD NIE

73/146

UOVS - BIBLIOTEEK
*198803324101220000019*

# MODERNE TEORETIESE BENADERINGS

# VAN

# INTERNASIONALE VERHOUDINGE

deur

LUKAS DANIËL BARNARD

VERHANDELING

voorgelê ter vervulling van die

vereistes vir die graad

MAGISTER ARTIUM

in die

FAKULTEIT VAN LETTERE EN WYSBEGEERTE

(Departement Staatsleer)

aan die

UNIVERSITEIT VAN DIE ORANJE-VRYSTAAT

BLOEMFONTEIN

STUDIELEIER: PROF. DR. F.J.H., WESSELS

BLOEMFONTEIN

Januarie 1973

HIERDIE EKSEMPLAAR MAG ONDER
GEEN OMSTANDIGHEDE UIT DIE
BIBLIOTEEK VERWYDER WORD NIE

Universiteit van die Oranje-Vrystaat
BLOEMFONTEIN

T 327.101 BAR

BIBLIOTEEK

# VOORWOORD

Met die indiening van hierdie verhandeling wil ek boweal my dank bring aan God, die Allerhoogste, vir krag en genade aan my gegun in my poging om die Skrif-geloof te laat geld in my wetenskaplike arbeid. Uit Hom, en deur Hom en tot Hom is alle dinge.

Aan prof. dr. F.J.H. Wessels, Hoogleraar in Staatsleer aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat, opregte dank vir sy wetenskaplike leiding, hulp en inspirasie, wat reeds sedert my eerste graadjare rigtinggewend was. Die dank aan prof. Wessels strek egter veel verder as akademiese hulp en kennis. Ook die vele gesprekke in sy studeerkamer verteenwoordig 'n verryking van die Christelike lewens- en wêreldbeskouing wat altyd 'n kosbare herinnering sal bly.

Die toegeweide aandag en heldere prinsipiële insigte van prof. H.J. Strauss, Hoogleraar in Staatsleer aan die Vrystaatse Universiteit, het van my eerste studiejaar af 'n diepgaande invloed op my akademiese vorming uitgeoefen. Die soeke na Christelike beginsels, en ook die uitlewing daarvan op alle lewensterreine, insluitend die Staatsleer, het prof. Strauss by uitnemendheid by my ingeskerp. Daarom dank ek ook die Vader vir die voorreg om aan die voete van twee Christelike wetenskaplike vakmanne te kon studeer.

My opregte dank gaan ook aan my vrou vir haar liefdevolle opoffering, aanmoediging en behulpsaamheid. Sy was 'n bron van inspirasie wat my voortdurend geskraag het.

Aan my ouers wil ek diep uit die hart in dankbare erkentlikheid my dank betuig. Die naïewe inskerping van die Christelik-Nasionale lewens- en wêreldbeskouing het hulle deur al die jare helder by my tuisgebring. Met die wete dat ek nooit sal kan vergoed vir hulle selfopofferende liefde nie, dra ek graag hierdie werk aan hulle op.

Ten slotte ook my hartlike dank aan mev. Le Roux, die pligsgetroue en ywerige tikster van hierdie verhandeling; die personeel van die biblioteek van die U.O.V.S. en ander persone wat bewus of onbewus meegehelp het om hierdie studie te voltooi.

BLOEMFONTEIN,

Januarie 1973.

MODERNE TEORETIESE BENADERINGS VAN INTERNASIONALE VERHOUDINGE

INHOUDSOPGAWE

BLADSY


VOORWOORD ........ 1

HOOFSTUK I: ORIëNTERENDE INLEIDING ........ 3

HOOFSTUK II: TRADISIONELE BENADERINGS VAN TUSSEN-STAATLIKE VERHOUDINGS ........ 12

A. INLEIDING ........ 12

B. DIE HISTORIESE METODE ........ 13

C. MAGSPOLITIEK ........ 21

I. Die Kenmerke van Magspolitiek ........ 21

II. Magsewewig ........ 23

(a) Verdeel en Heers ........ 26

(b) Kompensasie ........ 26

(c) Inmenging ........ 27

(d) Bewapening ........ 28

(e) Buffersones ........ 28

(f) Alliansies ........ 29

(g) Invloedsfere ........ 30

III. Polarisasie in Magspolitiek ........ 32

IV. Evaluasie ........ 39

D. DIE JURIDIESE METODE ........ 41

I. Inleiding ........ 41

II. Historiese Ontwikkeling van Internasionale Regspraak ........ 42

III. Moderne Rigtings ........ 44

IV. Waardebepaling ........ 53

E. TRANSFORMASIEDENKE ........ 57

I. Inleiding ........ 57

II. Vereistes van die Wêreldstaat ........ 57

III. 'n Wêreldstaat deur Kulturele Eenheid 60

IV. Die Wêreldstaat deur Politieke Eenheid 63

(a) Die Federale Struktuur ....... 64

(b) Die Regionale Struktuur ...... 66

(c) Die Unitêre Wêreldstaat ...... 70

V. Die Wêreldstaat deur Funksionele Eenheid .......................... 72

VI. Evaluasie ........................ 75

F. DIE GEOPOLITIEKE BENADERING .......... 75

I. Inleiding ........................ 75

II. Eksponente van GeoPolitika ....... 77

III. Waardebepaling .................. 85

G. SLOT ................................ 86

HOOFSTUK III: DIE ONTWIKKELING VAN DIE BEHAVIORALISTIESE BENADERING VAN TUSSENSTAATLIKE VERHOUDINGS 88

A. OORSPRONG EN ONTSTAAN ................ 88

B. AANLEIDENDE OORSAKE VIR DIE ONTWIKKELING VAN DIE BEHAVIORALISTIESE BENADERING .. 91

C. DIE KERN VAN DIE BEHAVIORALISTIESE BENADE-RING ................................. 104

HOOFSTUK IV: STELSELANALISE ..................... 111

A. INLEIDING ............................ 111

B. DIE ONTWIKKELING VAN STELSELANALISE IN DIE INTERNASIONALE POLITIEK .............. 115

C. DIE GRONDSTRUKTUUR VAN STELSELANALISE 118

I. Definisie ......................... 118

II. Die Struktuur van Stelselanalise ... 123

(a) Inleidend ................... 123

(b) Invloei (Input) ............. 124

(c) Uitstraal (Output) ........... 130

(d) Die Boemerangkurwe (Feedback) . 131

D. DIE VERSKEIDENHEID VAN POLITIEKE STELSELS 136

I. Inleiding .................... 136

II. Die rol van Nasionale State in Tussenstaatlike Stelselanalise .......... 137

III. Regionale Politieke Stelsels ....... 140

IV. Die Internasionale Politieke Stelsel 141

(a) Inleiding .................. 141

(b) Die Stelsel van Kapaln ....... 147

(i) Die Stelsel van Magsbalans 148

(ii) Ongebonde Bipolêre Stelsel 154

(iii) Vaste Bipolêre Stelsel .. 158

(iv) Die Universele Stelsel .. 159

(v) Die Hiërargiese Stelsel . 160

(vi) Gekonsolideerde Veto-Stelsel 161

(vii) Ander Stelsels wat Kaplan Onderskei ................ 164

(viii) Samevatting ............ 167

(c) Die Internasionale Stelsel as Voorloper van Internasionalisme 169

E. DIE VERANDERLIKHEID OF DIE ONSTABILITEIT VAN DIE STELSEL .................. 172

F. SLOTGEDAGTES ...................... 179

HOOFSTUK V: BESLISSINGSANALISE ................ 182

A. INLEIDING ......................... 182

B. KARDINALE STRUKTURELE VERANDERINGS IN DIE TUSSENSTAATLIKE KONTAK ............. 184

C. DIE KERNGEDAGTEGANG VAN BESLISSINGSANALISE 195

D. STRUKTUREEL-BEPALENDE KOMPONENTE VAN BESLISSINGSANALISE ................ 198

I. Inleiding ...................... 198

II. Faktore wat die Onderhandeling Kenmerk 198

III. Verhoudingstrukture in Beslissingsanalise ........................... 206

(a) Die Klein Groepie ........... 207
(b) Kommunikasie en Administrasie . 213
IV. Strukture Betrokke by Beslissingsanalise ...................... 222
(a) Die Nasionale Statestruktuur . 222
(b) Regionale Strukture ......... 224
(c) Internasionale Organisasies .. 228
V. Klassifikasie van Besluite in Beslissingsanalise .................. 239
VI. Gevallestudie rakende die Amerikaanse Besluit oor die Koreaanse Oorlog . 244
E. FAKTORE WAT BESLISSINGS BEÏNVLOED .... 251
I. Inleiding ...................... 251
II. Persoonlikheid ................. 252
III. Tussenstaatlike Krisisse ......... 257
IV. Ander bydraende Faktore ......... 268
F. DIE WATERVAL-MODEL VAN KARL DEUTSCH .. 273
G. OORSIGGEDAGTES ...................... 276
<u>HOOFSTUK VI:</u> <u>SPELTEORIE EN WISKUNDIGE BENADERINGS</u> . 278
A. INLEIDING ........................... 278
B. SPELTEORIE .......................... 282
I. Inleiding ...................... 282
II. Die Zerototaal Spele ........... 287
III. Ander Spelteoretiese Modelle ..... 294
IV. Spelteorie en Internasionale Verhoudings ........................ 298
V. Evaluasie ...................... 300
C. SIMULASIETEORIE ..................... 302
I. Inleiding ...................... 302
II. Gebruike en Fungering van die Simulasieteorie .................... 304

III. Die Gebruik van Rekenaars ........ 306

D. ANDER WISKUNDIGE BENADERINGS ......... 308

E. SLOT .............................. 310

HOOFSTUK VII: DIE NORMATIEF-STRUKTURELE BENADERING VAN INTERNASIONALE VERHOUDINGS ..... 312

A. INLEIDING .......................... 312

B. VERREKENING VAN DIE NORMATIEWE IN DIE VERHOUDINGS TUSSEN STATE ........... 315

C. GRONDSLAE VAN DIE CHRISTELIKE STRUKTUURLEER ............................. 328

I. Inleiding ......................... 328

II. Enkele voorlopers en Grondleggers van die Christelike Staatsleer ....... 331

III. Die Christelike Siening van die Staat 335

D. DIE TUSSENSTAATLIKE STRUKTUUR - ORIëNTERENDE PERSPEKTIEF ........... 343

I. Struktuurbehoudende Momente ...... 351

(a) Inleiding .................. 351

(b) 'n Veelheid van Nasionale State 352

(c) 'n Maatskapgefundeerde Volkereg 356

(d) Diplomasie ................. 364

(e) Enkele Ander Struktuurbehoudende Momente ................... 371

II. Struktuurverwoestende Momente .... 374

(a) Inleiding .................. 374

(b) Imperialisme ............... 375

(c) Regionalisme ............... 379

(d) Internasionalisme .......... 382

(e) Ontwapening en Pasifisme ..... 385

(f) Oriënterende Evaluering ...... 388

E. SLOTGEDAGTES: DIE VERDIENSTE VAN DIE NORMATIEF-STRUKTURELE BENADERING .... 389

HOOFSTUK VIII: KRITIESE OORWEGINGE EN RIGLYNE ...... 394

A. INLEIDING ........................... 394

B. FILOSOFIESE VERSKRALING VAN DIE MODERNE TEORIEë ........................... 395

I. Inleiding ........................... 395

II. Kritiese Besinning uit die Standpunt van die Normatief-strukturele Metode 397

III. Algemene Kritiek .................. 404

C. DIE MISKENNING VAN DIE MAATSKAPSFIGUUR . 406

D. ALGEMEEN - GELDENDE KRITIEK TEEN DIE MODERNE BENADERINGS ................ 409

E. BRUIKBARE MOMENTE VAN DIE MODERNE TEORIEë 417

F. TETIESE PROJEKSIE .................. 419

LITERATUURLYS ........................... 425

# HOOFSTUK I

## ORIËNTERENDE INLEIDING

Om koers in die krisis van die verhoudings tussen state aan te dui, is inderdaad geen maklike taak nie. Wetenskaplikes wat hulle op hierdie vakwetenskaplike veld bevind, besef al gou dat hulle 'n braakland betree wat nie alleen onafgebaken is en 'n hoë kompleksiteitspanning besit nie, maar wat ook 'n gedurig wisselende en vloeibare karakter dra. Dougherty en Pfaltzgraff herinner ook daaraan dat 'n permanente oplossing vir die wêreldpolitiek skynbaar so onbereikbaar is soos die fabelagtige land van Monomotapa:

> „They are aware also that despite the many nostrums advertised for the world's ills, it is no less difficult to find a permanent solution for conflict and war than a cure for cancer."[1].

In eeue-lange perspektief het ons die wyses sien worstel met die verhoudingsdinamiek tussen die state op die wêreldtoneel. En net so oud is die wrakstukke en brokstukke van die teorieë wat hulle opgewerp het wat die harde tussenstaatlike realiteite in die toets van die tyd nie kon deurstaan nie. Dit is dan juis hierdie teoretiese benaderings en, meer gepresiseerd, die moderne benaderings, wat algaande nadere reliëf en omskrywing gaan ontvang.

---

1. Dougherty, J.E., Pfaltzgraff, R.L., Jr., Contending Theories of International Relations, J.B. Lippencott Company, New York, 1971, p.1.

Pogings om die karaktereie van tussenstaatlike verhoudings na te spoor, dateer reeds uit die klassieke kontakmomente wat uitkristalliseer in Sparta en Athene en die destydse sogenaamde rivierbeskawings.[2.] Plato en Aristoteles het inderdaad slegs 'n skamele blik op die verkeer tussen state gewerp,[3.] maar die Griekse historikus, Thucydides, bring in sy klassieke werk, History of the Peloponnesian War, 'n fakties-empiriese benadering waarin die klem op die bewegings en veranderings binne die gemeenskappe gelê word.[4.] In hoogstuk 82 van sy werk dui Thucydides op die verhouding tussen internasionale en nasionale politiek in 'n idioom wat in ons dag nog niks van sy krag verloor het nie:

> „In every country there were struggles between the leaders of the proletariat and the reactionaries in their efforts to procure the intervention of the Athenians and the Spartans respectively. In peace-time they would have neither the opportunity nor the desire to call in the foreigner; but now there was the war; and it was easy for any revolutionary spirits in either camp to procure an alliance entailing the discomfiture of their opponents and a corresponding reinforcement of their

---

2. Vgl. Schuman, F.L., International Politics, McGraw-Hill Book Company, New York, 1958, pp. 32-53; Dougherty, J.E., Pfaltzgraff, R.L., Jr., Op.cit., pp. 1-2.

3. Vgl. Dougherty, J.E., Pfaltzgraff, R.L., Jr., Op.cit., p.1.

4. Vgl. Wessels, F.J.H., Internasionale Verhoudinge - 'n Normatief - Strukturele Benadering. C.R. Swart-Lesing No. I. in Internasionale Verhoudinge, Bloemfontein, 16 Oktober, 1968.

> own faction. This access of class-war brought one calamity after another upon the countries of Hellas .... War eats away the margins of ordinary life and in most characters, adjusts the temperament to the new environment by its brutal training."[5.]

In diê lig begryp ons waarom Plato sy ideale staatsvorm oordra na die tussenstaatlike, en in die tussenstaatlike organisasie van sy tyd 'n soteriologiese taak en roeping aan die leidende state toeken. Dit dan in 'n interstedelike milieu waarin mag steeds die oorheersende rol speel, maar waarin volkereg, moraliteit en tussenstedelike organisasies reeds begin gedy in die klimaat van bipolarisme tussen twee magsentrums, Sparta en Athene.[6.]

Na die Griekse stadstate, en veral na Sparta en Athene, sou Rome die pas aangee op die forum van die wêreldpolitiek. Die „Stad van Sewe Heuwels" wat volgens legende deur Romelus gebou is, sou uitbrei om die magtige <u>Pax Romana</u> te behels,[7.] 'n superstruktuur wat die grense van die destydse bekende wêreld oorgolf en gekenmerk word deur die heerssugtigheid van

---

5. Soos aangehaal in Schuman, F.L., <u>Op.cit.</u>, p. 40.

6. Vgl. Wessels, F.J.H., <u>Op.cit.</u>, p. 4; Schwarzenberger, G., <u>Power Politics</u>, Stevens and Sons, London, 1964, p. 15.

7. Vgl. Schuman, F.L., <u>Op.cit.</u>, p. 47. „The vision of world domination was at all times, consciously or unconsciously, inherent in the attitudes of Rome in dealing with other peoples." Vgl. ook Wessels, F.J.H., <u>Die Owerheidstaak</u>, Ongepubliseerde D. Phil.-Proefskrif, U.O.V.S., 1957, pp. 225 - 226.

die Romeinse dominasie en minagting van die minderes.[8]

As Rome deur die invallende hordes Vandale, Hunne en ander Germaanse stamme verwoes word, betree ons die tydperk van die Middeleeue wat gekenmerk word deur stagnasie in die tussenstaatlike. Hierdie tydvak word gekenmerk deur feudalisme en die stryd tussen Keiser en Pous - momente wat internasionale verhoudings later intens sou beïnvloed. Die opkoms van die nasionale staat is dan veral deur hierdie twee faktore in die wiele gery, soos Wessels tekenend opmerk:

> „Die moderne geindividualiseerde staat soos dit vanuit die ongedifferensieerde middeleeuse samelewing geleidelik die monopolie op sowel die swaardmag as die juridiese oppermag verkry, is veral gestrem deur feudalisme en die kerk."[9]

Uit die Middeleeuse chaos sou die statery dan begin uitkristalliseer totdat uiteindelik met die Vrede van Wesfale (1648) die moderne statestelsel betree word.[10] Die nasionale staat word nou die fondament van die tussenstaatlike.

Steeds worstel die state egter met hulle verhoudings na buite sowel as met die interne staatstruktuur. Aan die einde van die Middeleeue begin die absolutistiese staatsbenade-

---

8. Die universeel-oorkoepelende struktuur van die magtige Romeinse Ryk veroorsaak dat daar inderdaad geen tussenstaatlike kontak kan plaasvind nie.

9. Wessels, F.J.H., Handleiding by die Studie van Internasionale Verhoudings, Diktaat vir Staatsleer II., U.O.V.S., Bloemfontein, p. 135.

10. Vgl. Ibid., p. 135., Morgenthau, H.J., Politics Among Nations, Alfred A. Knopf, New York, 1968, p. 264.

ring die internasionale politiek oorheers as die totalitêre heersers van Wes-Europa diktatoriaal die swaard oor die onderskeie state swaai. 'n Onhoudbare status quo wat in die agtiende en neëntiende eeue revolusies langs die hele linie - staatkundig, intellektueel en tegnologies - ontketen.[11.] Hierdie rewolusionêre veranderings, en die omverwerping van die tradisionele op feitlik alle gebiede, sou vir meer as twee eeue die oorheersende kenmerk van die wêreldpolitiek wees. Dit is ook die tydperk waarin die Westerse humanisme sy finale beslag kry en die vryheidsmotief die tussenstaatlike binegedra word.

Die internasionale politiek van die twintigste eeu staan in die teken van twee groot wêreldbotsings. Die Eerste en die Tweede Wêreldoorlog sou andermaal die tussenstaatlike toneel aansienlik verander. State wat vir baie eeue die pas in die internasionale politiek aangegee het, het as beleidsbepalende entiteite op die agtergrond verdwyn. 'n Nuwe magskonstellasie is geskep, waarin Oos en Wes - verteenwoordig deur Rusland en die Verenigde State van Amerika onderskeidelik - in die klimaat van 'n terreurbalans in die Koue Oorlog opereer.[12.] Hierdie faktiese stand van sake is vandag nog steeds aan die orde, met diè verskil dat Rooi Sjina as supermoondheid ook die arena van die reuse betree het, sodat 'n tripolêre magsverdeling tans die realiteite van die wêreldpolitiek rig.

---

11. Die era van rewolusies begin met die Amerikaanse Rewolusie of Vryheidsoorlog en duur voort tot die sogenaamde 1848 opstande van Wes-Europa.

12. Vgl. Van Schoor, A.M., Die Internasionale Toneel Sedert die Einde van die Tweede Wêreldoorlog, Referaat gelewer by geleentheid van die eerste Simposium oor die Internasionale Politiek, Potchefstroom, 31 Augustus, 1967.

Met hierdie bondige blik op die onderliggende patrone van die geskiedenis van internasionale verhoudings, kan ons nou kortliks die aandag toespits op die tema van hierdie studie, naamlik teoretiese benaderings ten opsigte van die verhoudings tussen state.

Tradisioneel is daar verskeie van die ouere benaderings wat in die volgende hoofstuk aan die orde gestel word. Die historiese metode plaas die klem op die tydgenootlike geskiedenis en die diplomasie.[13.] Dié metode het die historiese gang van die wêreldpolitiek as laboratorium waar dit moontlik is om die oorsake en gevolge van gebeurlikhede te ontleed. Dit is ook bruikbaar in die blootlegging van beleidsrigtings en responderingsmomente wanneer staatspraktyke aan verklaarde norme getoets word.[14.] Die tekortkoming is egter duidelik - die geskiedenis kan sigself nie herhaal nie en daarom kan hierdie metode derhalwe geen rigsnoer vir toekomstige optrede daarstel nie.

Die magspolitieke benadering tipeer mag as 'n normatiewe gegewe en sien dit as die primêre dryfkrag van die tussenstaatlike.[15.] Sedert die dae van Machiavelli (1469-1527) word magspolitiek in onverdoeselde vorm as die alfa en die omega van die verhoudings tussen state geponeer. Oorloë en die gerugte van oorloë sal die toekomstige patroon van die wêreldpolitiek bepaal.

---

13. Vgl. Wessels, F.J.H., Internasionale Verhoudinge - 'n Normatief - Strukturele Benadering, p. 6.

14. Ibid., p. 6.

15. Van die vernaamste persone wat magspolitiek as hulle prinsipiële beoordelingsmaatstaf behou is H.J. Morgenthau, G. Zchwarzenberger, F. Greene, R. Aron, G.F. Kennan, R. Niebuhr en A. Wolfers.

As teenpool vir magspolitiek is die juridiese metode besonder gewild. Dit steun op die populêre kreet van die heerskappy van die reg en reduseer die internasionale politiek tot 'n juridies beregbare gegewe.[16] State se lewensbelange word resloos opgedoek aan die regter van die dag - onversoenbaar met die praktyk van state.

Die gedagte van 'n internasionalistiese superstaat het vroeg reeds fanatiese aanhangers gehad;[17] 'n magtige Leviathan waarin geen nasionale staat geduld sal word nie, want vir die „one worlders" word die nasionale staat die doodsonde in die tussenstaatlike. Slegs 'n wêreldparlement sal in staat wees om die langverwagte Utopia te laat ontstaan - dit alles kenmerk die Transformasie-denke in die tussenstaatlike.

'n Laaste „tradisionele" benadering is die geo-politieke, wat fisiese wetmatighede as deurslaggewende tussenstaatlike faktore verreken. Die belangrikheid van die geografie is deur Mackinder, Mahan, Haushofer en andere verabsoluteer en het aanleiding tot hierdie bepaalde denkrigting gegee.[18] Hier word die fisies-ruimtelike tot maatstaf verhef, en die internasionale politiek gebind aan die natuursye van die tydelike werklikheid.

Hierdie tradisionele benaderings van internasionale verhoudings was egter nie in staat om die wêreldpolitiek in vrede

---

16. Vgl. Wessels, F.J.H., Internasionale Verhoudinge - 'n Normatief - Strukturele Benadering, p. 9.

17. Vgl. Ferreira, L.J., Transformasie as Teoretiese Benadering vir 'n Wêreldstaat, Ongepubliseerde M.A. -Verhandeling, U.O.V.S., 1972, pp. 30 -107.

18. Vgl. Dougherty, J.E., Pfaltzgraff, R.L., Jr., Op.cit., pp. 50 - 54.

te laat opereer nie. Twee wêreldoorloë binne een geslag het die tussenstaatlike intellektualiste in die vyftiger jare van die tradisionele benaderings laat afsien, en hulle akademiese vaardighede op moderne teoretiese benaderings laat toespits. Van die wye verskeidenheid van moderne teorieë spits ons die aandag op slegs drie van hierdie benaderings toe.

Die benadering van stelsel-analise kom daarop neer dat die ganse tydelike werklikheid in 'n haas onbeperkte hoeveelheid stelsels in wisselende variëteite gepostuleer word. Die metode bestaan daarin om na konstante faktore te soek wat saam met die akteurs daarvan 'n bepaalde rigting of stelsel van die wêreldordening sou blootlê.[19] Elke stelsel word op eie meriete in sy bepaalde milieu tot in die geringste feitlike gegewe ontleed, en dan as die volmaakte sisteem aangebied. Dit veroorsaak so 'n ineengevlegte kraaines van stelsels dat selfs die getrouste ondersteuner daarvan moeilik sy weg in hierdie teoretiese warboel kan baan.

Die belangrikheid van die beleidsbepalende besluite het aanleiding gegee tot 'n benadering bekend as beslissingsanalise.[20] Besluite wat die verhoudings tussen state bepaal, word in die fynste besonderhede ontleed omdat geglo word dat toekomstige gedragspatrone in die kontakmomente tussen state daardeur diepgaande beïnvloed kan word. So 'n benadering is

19. Eksponente van stelsel-analise is onder meer K.E. Boulding; T. Parsons; D. Easton; C.A., McClelland; R.N. Rosecrance; G. Modelski; Karl Deutsch; H. Geutzkow en Morton A. Kaplan.

20. Vgl. Dougherty, J.E., Pfaltzgraff, R.L., Jr., Op.cit., p. 312. „Decision-making is simply the act of choosing among available alternatives, about which a certain amount of uncertainty exists."

volgens ons mening heeltemal wars van die ware kenmerke van tussenstaatlike verhoudings. Die metode bied inderdaad aan die student slegs die enkele bome in die woud.

Die laaste van die moderne benaderings uit die humanistiese huis is die spelteorie en ander wiskundige benaderings. Modelle, rekenaars en wiskundige ordenings word in wisselende konteks gebruik om die wêreldpolitiek te eksponeer.

Dat die teoretiese benaderings van die wêreldpolitiek in die lig van die voorafgaande nog deur sy puberteitsfase beweeg kan volgens ons mening nie betwyfel word nie. In hierdie krisis het prof. Wessels koers probeer aandui met sy aanbieding van 'n normatief-strukturele benadering. 'n Metode wat geskoei is op genormeerdheid vir die verhoudings tussen state en dan wel die ewige Raadsplan van God waarin die bestemming van elke staat onherroeplik verreken is. Die strukturele word vervat in die maatskapsfiguur wat state in neweskikkende posissie, asof in 'n veel-polige weegskaal, langs mekaar laat opereer. Hierdeur het Wessels 'n benadering aangebied waarvan die grense van die tussenstaatlike verhoudings as vakwetenskap inderdaad onbeperk is. As metode van Universiteitsonderrig is dit steeds besig om in krag toe te neem, terwyl alle ander benaderings - tradisioneel en modern - deur die realiteite van internasionale verhoudings onbruikbaar word.

In die aanbieding van teoretiese benaderings van internasionale verhoudings, herinner ons egter daaraan dat daar ook vir die tussenstaatlike waarhede geld wat op 'n dieper vlak as die rede geleë is.

# HOOFSTUK II

## TRADISIONELE BENADERINGS VAN TUSSENSTAATLIKE VERHOUDINGS

### A. INLEIDING

Die studie van internasionale of tussenstaatlike verhoudings openbaar tradisioneel verskeie teoretiese uitgangspunte. Voordat ons dus aandag skenk aan die benaderings van die behavioralisme, is dit van belang dat ons kennis sal dra van die teoretiese grondslae waaruit die tussenstaatlike as selfstandige dissipline benader word.

Alhoewel baie skrywers 'n studie van die politiek as die koning van die wetenskap beskou,[1.] is 'n teoretiese geheelbeeld van die internasionale politiek inderdaad geen maklike taak nie. Verskeie skrywers beklemtoon dan ook die moeilike teoretisering rondom hierdie dissipline[2.] en wys daarop dat

---

1. Vgl. Easton, D., The Political System, Alfred A. Knopf, New York, 1971, p. 3. „From the days of Aristotle, political science has been known as the master science." Vgl. verder die opmerking van Farrell, J.C., & Smith, A.P., Image and Reality in World Politics, Columbia University Press, London, 1967, waar hulle op p. 5 beweer: „the international system is by far the most pathological and costly segment of the total social system."

2. Vgl. Olson, W.C., Sondermann, F.A., The theory and Practice of International Relations, Prentice-Hall, New Jersey, 1966, p. 2; Burns, A.L., Of Powers and Their Politics, A Critique of Theoretical Approaches. Prentice-Hall, New Jersey, 1968, p. 3. „Thus a positive science of world politics or, more generally, of international relations seems impossible." Herz, J.H., International Politics in the Atomic Age, Columbia University Press, New York, 1967, p. 4; Friedmann, W., An Introduction to World Politics, Macmillan, London, 1965, p. 1, en Burton, J.W., International Relations, A General Theory, Cambridge University Press, Cambridge, 1965, p. 5.

dit moeilik is om die bakens van hierdie studieveld presies te vind aangesien ook ander vakdissiplines hier betrek word.[3.]

Hierdie onderskeidende tradisionele benaderings is ook onlosmaaklik gebonde aan die blootlegging van die innerlik religieus-bepaalde normatiewe dryfkragte aan die wortel daarvan; 'n verskeidenheid wat ontwikkel aan die hand van die religieuse kulturele klimaat in die proses van beskawingsontwikkeling.[4.] Dit sal dus duidelik word dat die religieuse onderbou allesbepalend was en die teoretiese benaderings juis daarom telkens verstar en verduister is. Ons laat derhalwe die soeklig val op die bekende tradisionele benaderings van diê vakwetenskap, en dan eerstens die historiese benadering.

## B. DIE HISTORIESE METODE

Die bekendste van die tradisionele benaderings van die internasionale politiek staan algemeen as die Historiese Metode bekend - 'n teorie met die klem op die tydgenootlike geskiedenis en diplomasie, as die basis van tussenstaatlike kontak, ook in historiese perspektief.[5.] Schumann, 'n toonaangewende figuur van hierdie benadering, verklaar:

> „Without accurate and documented accounts
> of foreign policies, wars, negotiations,

---

3. Vgl. Kelman, H.C., International Behaviour: A Social-Psycological Analysis, Holt, Rinehart and Winston, New York, 1965, p. 3.
4. Wessels, F.J.H., Internasionale Verhoudinge - 'n Normatief-strukturele Benadering. C.R. Swart Lesing No.I., pp.3-5.
5. Vgl. Ibid., p. 6; Edwards, D.V., International Political Analysis, Holt, Rinehart and Winston, New York, 1969, p.17, en Lerche, C.O., Said, A.A., Concepts of International Politics, Prentice-Hall, New Jersey, 1970, p. 2.

> and treaties, no knowledge of world
> politics is possible."[6]

Hierdie metode het tot sy krediet nie alleen die feit dat dit die oudste en mees bekende metode is nie, maar dit word ook gerugsteun deur die historiese kondisionering van komtemporêre gebeure; 'n ontleding dus van die tussenstaatlike geskiedenis van die dag.

Die historiese metdoe vind sy aanloop hoofsaaklik in Engeland waar die dokumente, ooreenkomste en verdrae van toonaangewende staatsmanne en diplomate, soos Palmerston, Castlereagh en Canning, vrugbare studievelde daargestel het.[17] Kenmerkend van diè era is die ambisieuse waaksaamheid wat die historici beoefen t.o.v. die korrekte weergawe en dokumentasie van gebeure. Veralgemenings en verdraaiings van feitlike situasies was onvergeeflik in die vroegste studie van die diplomatieke geskiedenis. Daarom is betroubare en fakties gekontroleerde bronnestudie aan die orde.

'n Ander belangrike komponent van die historiese metode was die parasitering op die denkbeelde van die groot denkers van die verlede.

---

6. Schumann, F.L., <u>International Politics</u>, p. 9. Ons sal dan ook later daarop dui hoe die behavioraliste ten spyte van hartstogtelike pogings om die tradisionele historiese metode te verban tog nie geheel en al daarin slaag om hulle van die metode te distansieer nie.

7. Vgl. Mclellan, D.S., Olson, W.C., Sondermann, F.A., <u>The Theory and Practice of International Relations</u>, Prentice-Hall, New Jersey, 1960, p. 11. „Perhaps what most distinguishes this period is the high level of historical accuracy and the faithful attention to the canons of historiography and historical method by which it was characterized."

> „In the past any mention of political theory would have been likely to rouse an image of it in the grand philosophical tradition of Plato, Aristotle, Rousseau, Mill or Dewey rather than any set of ideas that could even vaguely be called general theory."[8]

Nie slegs die denkbeelde van groot filosowe nie, maar ook van toonaangewende staatsmanne lewer 'n belangrike bydrae tot die ontwikkeling van die historiese benadering. Sommige historici gaan dan ook uit van die veronderstelling dat die geskiedenis, soos dit deur die polsslag van die eeue geopenbaar word, bestudeer moet word aan die hand van die groot figure en gebeure: „Great leaders and landmarks". 'n Benadering uit humanistiese huis met die klem op die mens as die soewereine maghebber en beskikker oor sy eie toekoms; ook in die tussenstaatlike. 'n Miskenning dus van die wet van God waarin ook die keuse van elke owerheid in die internasionale verhoudings verantwoord is.[9]

Die historiese metode het dus die wêreldtoneel van politieke gebeure as sy laboratorium van ondersoek en gevolgtrekkings. Sodoende moet die lesse uit die verlede die rigsnoer van die toekoms word. Daarom dat die dagblaaie en ander nuusmedia, die weergawes by uitnemendheid, die alfa en

---

8. Easton, D., A Systems Analysis of Political life, John Wiley and Sons, New York, 1965, p. 4.

9. Vgl. die opmerking van Karl Deutsch oor die antitese wat Augustinis tussen die Civitas Dei en Civitas Terrena proklameer: Deutsch, K.W., The Future of World Politics, The Political Quarterly, Vol. XXXVII, No.I., 1966, p. 9. „They envisage the world as a huge battleground between light and darkness, day and night. The children of goodness are contending implacably against the children of evil.

omega van die internasionale politiek na Wêreldoorlog I geword het.

> „The bible for the study of international relations became the New York Times,.....[10]

sê McClellan sinies. Die leermeester van die internasionale politiek het nou tot taak gehad die verduideliking van die daaglikse gebeure en die betekenis daarvan vir die tussenstaatlike.

Die klem het dus verskuif van historiese perspektiewe tot die kontemporêre gebeure - teoreties kon daar dus nie meer riglyne uit die verlede gehaal word nie, maar word historiese pragmatisme in tydgenootlike sin aan die orde gestel. Vergelyk die optrede van Woodrow Wilson by die Vrede van Versailles, wat die invloed wat Metternich en Talleyrand op Clemenceau en Lloyd George gehad het, verwerp.[11] Enige metodologiese momente van die historiese word dus ontken. Dit beteken bykans die uitvaart van die tradisionele historiese perspektiewe.

Die historiese metode bly egter steeds bruikbaar in die blootlegging van die oorgang van die een statekonstellasie na die ander, soos dit veral geopenbaar word op die Europese vasteland. Hier kan ons in die besonder let op die opkoms van die nasionale state uit die verbrokkelende staatsnegerende feudale era tot die regionale integrasie wat ons vandag

---

10. Mclellan, D.S., Olson, W.C., Sondermann, F.A., Op.cit., p. 11.

11. Vgl. Ibid., p. 12.

in Wes-Europa waarneem.[12] Die metode is egter ook baie nuttig om die groei en ontwikkelingsgang van bepaalde ideologieë te toets aan die verklaarde norme wat daarvoor sou geld, en om die invloed van die norme op die beslissingsmomente ter vorming van die openbare mening te ondersoek.[13] Ter illustrasie van bogenoemde stelling die volgende twee vrae:

> „Hoe het die geallieerdes daarin geslaag om 'n heilige oorlog teen Nasionaal-sosialisme te regverdig deur Christelike slagspreuke en dit met 'n verklaarde ateïstiese bondgenoot?"[14]

Of,

> „Waarom pas Rusland vir die huidige meer soepelheid ten opsigte van die uitvoering van sy rewolusionêre ideologie betreffende die rol van die nasionale staat in die wêreldrewolusie van die arbeider toe?"[15]

---

12. 'n Historiese kennis van die worsteling waaruit die stateveelheid orent kom, en die strominge wat dit nog steeds van dag tot dag beïnvloed en verander, nie slegs in Wes-Europa nie, maar binne die ganse kader van die wêreldstatery, is ongetwyfeld van die grootste belang.

13. Vgl. Wessels, F.J.H., <u>C.R. Swart Lesing</u>, No. I, <u>Op.cit.</u>, p. 6.

14. <u>Ibid.</u>, p. 6.

15. Vgl. die botsing tussen Rusland en Rooi Sjina oor die toepassing van hulle gemeenskaplike Marxisties-Lennienistiese rewolusionêre ideologie in die „vrymaking" van die Swart State van Afrika. Vgl. Morris, M., <u>Terrorism, The First Full Account in Detail of Terrorism and Insurgency in Southern Africa</u>, Howard Timmins, Kaapstad, 1971, pp. 26-27; Hamrell, S., Widstrand, C.G., <u>The Soviet Bloc, China and Africa</u>, Pall Mall Press, London, 1964, pp. 131-145; „.... I submit that in the long run we may find that the development of this rift, ..., the falling apart of the Leninist synthesis on this crucial point, may be the most lasting effect of the Communist attempt to shape the destinies of Africa." p. 145; Larkin, B.D., <u>China and Africa, 1949 - 1970</u>, University of California Press, Los Angeles, 1971, p. 153; Zagoria, D.S., <u>The Sino-Soviet Conflict, 1956 - 1961</u>, Princeton University Press, Princeton, 1962, p. 7 en Ulam, A.B., <u>Expansion and Coexistence, The History of Soviet Foreign Policy, 1917 - 1967</u>, Secker and Warburg, London, 1968, p. 683.

Dit is dus 'n metode waardeur daar ook vasgestel kan word of die teorie en die uitvoering daarvan getrou bly aan mekaar - 'n empiriese kontrole op teoretiese uitgangspunte.

Die tekortkominge van die historiese metode is egter ook duidelik. Ten spyte van die bekende idioom is die geskiedenis eenmalig en onherhaalbaar. Elke gebeurtenis is uniek en die geskiedenis kan homself nie herhaal nie. Daarom kan die historiese metode nooit die kontoere uitstippel waarvolgens nuwe leiersfigure in bepaalde omstandighede sal optree nie. Hierdeur word egter nie bedoel dat 'n kennis van die verlede nie waardevolle ondervinding in krisismomente kan wees nie, maar slegs dat identiese gebeurlikhede onmoontlik is.[16.]

'n Verdere beswaar, wat veral in die jongste tyd teen die historiese metode opgewerp word, is die verklaring dat dit geen teorie is nie, maar slegs 'n relaas van feitelike gebeure.[17.] Daar word dus volgens hierdie beskuldiging geen beginselgrondslag vir die optrede in bepaalde omstandighede daargestel nie. Twee faktore is vir ons hier van belang. Eerstens kan die historiese metode nie goedsmoeds as a-teoreties verwerp word nie. Dit moet wel as 'n teoretiese benaderingswyse erken word:

---

16. Lerche, C.O., Said, A.A., Op.cit., p. 3; Edwards, D.V., Op.cit., p. 18.

17. Vgl. Haas, E.B., Whiting, A.S., Dynamics of International Relations, McGraw-Hill Book Company, New York, 1956, p. XVIII en Lerche, C.O., Said, A.A., Op.cit., p. 2: „The historical orientation precluded the development of a theoretical or propositional core for the discipline."

> „There is no more vicious theorist than the man who says, I have no theory; I just let the facts speak for themselves."[18.]

Hierdie aanspraak is sprekend van die humanistiese positivisme en sy vermeende religieuse neutraliteit. In stryd met die skeppingsaard van die werklikheid word alles in naturalistiese trant aan natuurwette onderwerp sonder begrip vir die feti dat ons hier met die normatiewe te doen het.[19.]

Voorts het ons te doen met die moderne gesekulariseerde historikus wat weier om enige genormeerdheid te erken. Ons vergelyk Arnold Toynbee, wat 'n uitdaging van die ou beskawing sien deur die nuwe wat op sy randgebied ontwikkel. Hy wil, volgens die tradisionele Engelse model, empiries te werk gaan en alle feite wetenskaplik objektief benader en vertolk. Dit vorm die krag agter die internasionale toekomsperspektief van Toynbee.[20.] Aan die ander kant Oswald Spengler, wat in sy „Untergang des Abendlandes" van 1924, die meedoënlose onkeerbare ondergang van die Westerse beskawing proklameer.[21.] In hierdie kader val ook Pitirim Sorokin wat die insinking van ons tyd sien as die oorwoekering van die geestelike deur die materiële. Al hierdie denkers is dus steeds skuldig daaraan dat hulle historiese feite vertolk by die lig van die meganistiese natuurwetenskaplike wêreldbeeld van die 19de

---

18. Said, A.A. Theory of International Relations, p. 1.
19. Vgl. Venter, E.A., Die Ontwikkeling van die Westerse Denke, Sacum Beperk, Bloemfontein, 1968, pp. 92-93.
20. Wessels, F.J.H., C.R. Swart-Lesing No. I., Op.cit., p. 20. Vgl. ook Hoffmann, S., Contemporary Theory in International Relations, Prentice-Hall, New Jersey, 1960, pp. 91-103.
21. Vgl. Venter, E.A., Wysgerig Temas, Sacum Beperk, Bloemfontein, Datum Onvermeld, p. 50.

eeu, en 'n deterministiese wetmatigheid wou terugvind in die geskiedenis van die mens se kultuur en beskawing.[22.] Hierteenoor word 'n intens-fanatiese genormeerdheid, ingebed in die ideologiese, by Karl Marx aangetref; 'n onstuitbare wêreldrewolusie van die arbeider. 'n Nuwe klaslose Utopia ontstaan eers as die bloedige rewolusies onder die diktatuur van die wêreldproletariaat volbring is. Die arbeider moet dus voortgedryf word in die geloof: „De heilstaat zal komen"[23.] - 'n Genormeerdheid wat nouliks versoen kan word met Marx se deterministiese wetenskapsbeeld.

Ten spyte van al sy gebreke bly die historiese metode van groot belang:

> „The need for such an approach is implicit in the nature of the material."[24.]

'n Deeglike kennis van die historiese ontwikkelingsgang van die tussenstaatlike is immers onontbeerlik by die studie van internasionale verhoudings. Die historiese metode het juis aan ons die magspolitiek as rigting blootgelê - waaraan ons vervolgens aandag skenk.

---

22. Vgl. Ibid., p. 52. Beide Toynbee en Spengler se konstruksies kom dus onder ernstige verdenking. Wat hulle aandui as vaste wette, is inderdaad slegs tendense, waarskynlikhede waarmee daar egter ernstig rekening gehou moet word.

23. Zuidema, S.U., Communisme in Ontbinding, N.V. Gebr. Zomer Kennings Uitgeversmaatschappij, Wageningen, Datum Onvermeld, p. 108. Die tese van die kapitalisme roep noodwendig die antitese op, waaruit die volgende antitese, nl. die proletariaanse klassestryd, gebore word. Hieraan is daar volgens Marx geen keer nie, want dit is die onverbiddelik wet van die histories-dialektiese materialisme.

24. Watkins, F.M., The Age of Ideology-Political Thought, 1750 to the Present, Prentice-Hall, New Jersey, 1964, p. viii.

## C. MAGSPOLITIEK[25].

### I. Die Kenmerke van Magspolitiek

Sedert die dae van Machiavelli (1469-1527),[26] ongebonde en a-morele apologeet van magspolitiek, bly die bestudering van 'n wêreld waarin die sterkste regeer - in die historiese gebondenheid aan oorloë en gerugte van oorloë - 'n baie belangrike benadering van internasionale verhoudings.

> „To some it is comparable to the sun in our planetary system, the factor around which all else revolves,"[27].

en

> „God is on the side of the biggest battallions."[28].

Onverbloemde mag word dus as 'n normatiewe gegewe tot 'n primêre dryfkrag in die tussenstaatlike verhef.

Die term magspolitiek is afgelei uit die Duitse woord „Machtpolitik", soos dit uit die Pruisiese Junkers se fanatiese liefde vir ysere dissipline en militêre mag ontwikkel

---

25. Die magspolitieke benadering van internasionale verhoudings word veral deur die volgende drie skrywers baie deeglik geëksponeer: Morgenthau, H.J., Politics Among Nations; Schwarzenberger, G., Power Politics en Greene, F., Dynamics of International Relations, Holt, Rinehart and Winston, New York, 1964.

26. Morgenthau, H.J., Thompson, K.W., Principles and Problems of International Politics, Alfred A. Knopf, New York, 1952, p. 33; Wessels, F.J.H., C.R. Swart-Lesing, No. I., Op.cit., p. 9.

27. Greene, F., Op.cit., p. 145.

28. Haas, E.B., Whiting, A.S., Op.cit., p. 81; Vgl. ook Scholtz, G.D., Hoe die Wêreldpolitiek gevoer word, Voortrekkerpers, Johannesburg, 1952, p. 131 en Schwarzenberger, G., Op.cit., p. 430; „Power politics, international anarchy and war are inseparable."

het.[29] Aanvanklik is magspolitiek dus geassosieer met die bedreiging van mag, sonder inagneming van reg en geregtigheid, as die primêre dryfkrag in die wêreldpolitiek. In hierdie sin is magspolitiek gefundeer op 'n aantal voorveronderstellings. Eerstens is daar geen juridiese kodeks beskikbaar vir die omgang tussen state nie. Elke staat is regter oor die korrektheid van sy eie dade.[30] Tweedens is die enigste gemeenskaplike waarde wat deur die stategemeenskap gedeel word, die begeerte om die statestelsel te laat voortbestaan. Derdens het elke staat slegs soveel mag as wat hyself kan uitoefen. Die verhoudings tussen state word vierdens nie deur algemene beginsels nie, maar deur 'n interaksie van hulle onderskeie magskapasiteite bepaal. Laastens word aanvaar dat in 'n breë sin mag, reg is.[31] In hierdie sin moet die essensiële van magspolitiek dus gesoek word in die bronne van mag enersyds, en andersyds in die swakheid van die verhoudings tussen state.[32] Die empiriese studie knoop hom

---

29. Snyder, L.L., The Making of Modern Man, Van Nostrand Company, New Jersey, 1967, p. 169. Vgl. ook die latere „bloed en staal" dogma van Otto von Bismarck.

30. Die Latynse spreuk „nemo judex in sua causa" word dus verwerp en die wêreldpolitiek verval in 'n klimaat van morele relativisme.

31. Vir 'n volledige bespreking van hierdie voorveronderstellings vergelyk Lerche, C.O., Said, A.A., Op.cit., pp. 109-110.

32. Vgl. Padelford, N.J., Lincoln, G.A., The Dynamics of International Politics, Macmillan Company, New York, 1967, pp. 295-296; en Morgenthau, H.J., Politics Among Nations, pp. 106-144; waar die volgende bronne van mag aangegee word: geografiese ligging, natuurlike hulpbronne, industriële kapasiteit, militêre paraatheid, bevolkingsgetalle, nasionale karakter, nasionale moraal en die kwaliteit van diplomasie en regering.

dan ook gretiglik hierby aan, juis omdat magsaspekte empiries waarneembaar en verifieerbaar is en nie vir teoretiese insigte vatbaar is nie.

Magspolitiek bly dus wesenlik 'n stryd om daadkrag in die tussenstaatlike. Hans Morgenthau poneer onomwonde:

> „International politics, like all politics, is a struggle for power. Whatever the ultimate aims of international politics, power is always the immediate aim."[33.]

Die kern van magspolitiek bly steeds magswewewig - die tema van ons volgende gedagteskof. Dit is naamlik 'n voëlvlugblik op aspekte van magspolitiek wat empiries-histories blootgelê word ter stawing van die uitgangspunt van die allesoorheersende vormer van „mag".

## II. Magsewewig

Magsewewig of magsbalans bly vandag steeds een van die kernmomente in die wêreldpolitiek;[34.] 'n strewe na die beveiliging van die eie in die lig van progressief groeiende mag van ander state - die navolging van kollektiewe sekuriteit vir die fundamentele reg van selfbehoud.[35.] Elke staat is immers daarop geregtig om nougeset te waak oor sy vrede en veiligheid op die terrein van die tussenstaatlike; met alle maatreëls wat binne sy vermoë lê:

---

33. Morgenthau, H.J., Op.cit., p. 25.
34. Vgl. Scholtz, G.D., Op.cit., p. 135.
35. Vgl. Hartmann, F.H., The Relations of Nations, The Macmillan Company, New York, 1957, pp. 304 - 305.

„Balance and stability remain prime requisites for political security."[36].

Histories dateer die term magsewewig reeds uit die 16de eeu. Die vroegste bekende gebruik van die begrip kom uit 'n boek wat in 1579 aan koningin Elizabeth opgedra word:

„God hath put into your hands the balance of power and justice, to appease and counterpoise at your will the actions and councels of all the christian kingdoms of your time."[37].

Met die Vrede van Utrecht (1713) is aan die beginsel van magsewewig selfs uitdruklike erkenning verleen. Die Vrede van Wesfale (1648), die Kongres van Wenen (1815), die Vrede van Versailles (1919) en die daarstelling van die Verenigde Volke (1945) rus steeds op die basis van magsewewig. In die 19de en vroeg 20ste eeu was dit veral Brittanje wat, ten spyte van sy leuse van „splendid isolation", een van die suksesvolste beoefenaars van magspolitiek in die tussenstaatlike stratifikasie was. In ons tyd vertoon magsewewig ook 'n regionale karakter - ideologiese konsolidasie in die bedreigde militêre klimaat van die Koue Oorlog. In hierdie nuwe konstellasie staan NAVO teenoor Warskou en Bandoeng neutraliseer SOAVO tot 1971.[38]. Waar ons voor die oorlog nog 'n veelpolige magsewe-

---

36. Greene, F., Op.cit., p. 207.

37. Olson, W.C., Sondermann, F.A., Op.cit., p. 85. Vgl. ook Padelford, N.J., Lincoln, G.A., Op.cit., p. 385, „Louis XIV engraved his cannon with the inscription: ‚The last argument of Kings.'"

38. Padelford, N.J., Lincoln, G.A., Op.cit., p. 298; Hartmann, F.H., Op.cit., p. 327; Olson, W.C., Sondermann, F.A., Op.cit., p. 82.

wig aantref, is die bipolêre magsbalans tussen die VSA en USSR oorheersend in die jare na die Tweede Wêreldoorlog. Magsewewig het nou nie langer uitsluitlik 'n militêre karakter nie, maar ekonomiese hulpprogramme en ander faktore speel ook 'n belangrike rol.[39]

Magsewewig gee dan 'n mate van stabiliteit aan die tussenstaatlike, maar om begryplike redes verander die magskonstellasies telkens en is heraanpassings voortdurend nodig. Daardeur verhoed magsewewig die dominasie van een staat oor 'n ander. Klein nasies het dikwels hulle bestaan aan magsewewig te danke. Let ook daarop dat die neutraliteit van Nederland, Noorweë en Denemarke in 1914, en Swede en Switserland in 1945, magsewewig ten grondslag het. Hieruit vloei ook nog die idee van Bufferstate tussen twee magsblokke, soos België sedert 1831.[40] Die kleiner state se belange word egter dikwels resloos opgedoek in die strewe om tussenstaatlike magsverhoudings te balanseer. Die Franse wenner van die Nobelprys vir Vrede, Louis Renault, het 60 jaar gelede reeds verklaar:

> „Small states often represented justice, precisely because they are not able to impose injustice."[41]

---

39. Vgl. die invloed van die Marshall-plan op die ekonomiese heropbou van Europa na 1945, en die invloed wat dit op die magsewewig tussen Oos en Wes gehad het.

40. Vgl. Wessels, F.J.H., Internasionale Verhoudings - Diktaat vir Staatsleer II, U.O.V.S., Bloemfontein, 1968, p. 66.

41. Schon, A., Brundtland, A.O., Small States in International Relations, John Wiley and Sons, New York, 1971, p. 10. Vgl. ook die uitroep van een van die Noorweegse afgevaardigdes toe daar tydens een van die sittings van die Volkebond verwys is na die „Groot Moondhede": „Not great but populous" Ibid., p. 10.

Daar bestaan dus verskeie metodes om 'n konstellasie van magsewewig in die Wêreldpolitiek te handhaaf.

(a) Verdeel en Heers

Een van die oudste en mees klassieke metodes om magsewewig te handhaaf, is om potensiële vyande te verdeel en sodoende swak te hou.[42.] Van die 17e eeu af tot die einde van die Tweede Wêreldoorlog, was dit die onderliggende beginsels in die Franse buitelandse beleid teenoor Duitsland.[43.] Na die Tweede Wêreldoorlog volg Moskou ook 'n beleid van verdeel en heers teenoor Wes-Europa. Die Sowjet was nog altyd gekant teen 'n groter unifikasie van Wes-Europa.

(b) Kompensasie

Gedurende die 18e en 19e eeue word territoriale vergoeding of kompensasie aangewend om die magsewewig tussen die state te herstel. Die Vrede van Utrecht (1713), die verdeling van die Spaanse besittings; die verdelings van Pole (1772, 1793 en 1795), die Kongres van Wenen (1815) en die koloniale verdeling van Afrika aan die begin van die twintigste eeu, staan almal in die teken van vergoeding.[44.] In hierdie lig moet ook Mussolini se toetrede tot die Tweede Wêreldoorlog aan die kant van die Spilmoondhede, na die val van Frankryk, gesien word. Hy was nie bereid om Hitler vrye

---

42. Vgl. Morgenthau, H.J., Op.cit., p. 172; Greene, F., Op.cit., p. 222, Lerche, C.O., Said, A.A., Op.cit., p.118.

43. Vgl. Morgenthau, H.J., Op.cit., p. 172. Let in hierdie verband op Kardinaal Richelieu se hulp aan Protestante in Pruise.

44. Vgl. Morgenthau, H.J., Op.cit., p.13, waar die verdeling van koloniale invloedsfere in Ethiopië byvoorbeeld tot kompensasie tussen Engeland, Frankryk en Italië aanleiding gee.

teuels in die bepaling van die politieke toekoms van Europa, sonder enige wins vir Italië, te gee nie.

As objektiewe standaarde van die bepaling van kompensasie is natuurwetmatige gegewe aangewend soos grondvrugbaarheid en die getal en gehalte van die bevolking op die bepaalde territorium. Diplomatieke onderhandelings vorm egter ook 'n baie belangrike onderdeel van kompensasie:

> „The bargaining of diplomatic negotiations, issuing in political compromise, is but the principle of compensations in its most general form, and as such it is organically connected with the balance of power."[45]

(c) Inmenging

Inmenging of intervensie kom neer op die inmenging van een staat in die huishoudelike aangeleenthede van 'n ander soewereine staat. Hierdie intervensie kan dan 'n defensiewe of offensiewe karakter dra.[46] Hierdie metode om die magsewewig te bewaar, blyk uit die geallieerde inmenging in Rusland in 1918 om die pro-Bolshevistiese regime te handhaaf; Sowjet-inmenging in Hongarye om die Kadar-regering te beskerm en Amerikaanse inmenging in Libanon (1958) om die Shamoun-administrasie te beskerm.[47] Intervensie kom ook dikwels voor in die Groot Moondhede se optrede teenoor hulle sate-

---

45. Ibid., p. 174.

46. Olson, W.C., Sondermann, F.A., Op.cit., p. 86; Lerche, C.O., Said, A.A., Op.cit., p. 116.

47. Vgl. Lerche, C.O., Said, A.A., Op.cit., p. 117.

lietstate. Ten opsigte van die „Nuwe Wêreld" ontwikkel Amerikaanse intervensie vanuit die Monroe-leer na Dollar-diplomasie en die OAS, terwyl Russiese intervensie in sy satellietstate in Oos-Europa 'n swaardmag-karakter dra.

(d) Bewapening

Bewapening is bepaald die vernaamste aspek in die dinamiese balansering van mag tussen die Groot Moondhede:

> „These are the principal means by which a great power tries to maintain and reestablish a balance of power to its favor."[48.]

Die situasie voor die Eerste Wêreldoorlog, met die vlootkompetisie tussen Duitsland en Engeland, illustreer hierdie aspek. Vandag het die bewapeningswedloop tussen Oos en Wes 'n verbete stryd om die behoud van magsewewig geword.[49.] Tot so 'n mate dat die Midde-Ooste 'n toetsterrein van Amerikaanse en Russiese wapentuig en bewapening geword het.

(e) Buffersones

'n Buffersone is gewoonlik 'n kleiner staat, of 'n relatiewe swak staat, wat geografies tussen twee of meer Groot Moondhede geleë is. Die kernbeginsel wat hier aan die orde is, nl. om die magsewewig te bewaar, is dat elkeen van die

---

48. Ibid., p. 118; Morgenthau, H.J., Op.cit., p. 174.

49. Vgl. die aankondigings van die vernaamste Westerse maritieme moondhede dat hulle, hulle vlote in die dekade van sewentig gaan uitbrei in die lig van die fabelagtige uitbreiding van die Russiese Vloot.

Groot Moondhede die ander sal verhoed om die buffersone te beheer.[50] Elke mededingende Groot Moondheid sorg dus dat die integriteit van die bufferstaat beskerm word en nie die ander Supermoondhede ten prooi val nie.

Switserland en België was vir baie lank buffersones tussen Duitsland en Frankryk. In die huidige tussenstaatlike konstellasie kan ons Oostenryk as 'n buffersone tussen Russiese en Westerse invloedsfere tipeer. Nepal vervul dieselfde rol tussen Indië en Rooi Sjina.[51] Buffersones kan dus in 'n sekere sin as neutrale state getipeer word.

(f) Alliansies

Alliansies word deur baie skrywers as die vernaamste manier om magsewewig te bewaar getipeer.[52] 'n Alliansie moet beskou word as 'n ooreenkoms tussen twee of meer state, met 'n defensiewe of offensiewe karakter, teen 'n ander staat of state wat buite die alliansie staan. Dit is dus gegrondves op die idee dat 'n staat deur middel van 'n alliansie sy eie mag kan uitbrei en bestendig.

Histories is die beginsel van magsewewig reeds deur Francis Bacon (1561-1626) gekonsipieer in sy behandeling van

---

50. Olson, W.C., Sondermann, F.A., Op.cit., p. 88; Lerche, C.O., Said, A.A., Op.cit., p. 117.

51. Lerche, C.O., Said, A.A., Op.cit., p. 118.

52. Morgenthau, H.J., Op.cit., beweer op p. 175: „The historically most important manifestation of the balance of power,..., is to be found...in the relations between one nation or alliance of nations and another alliance." Vgl. ook Lerche, C.O., Said, A.A., Op.cit., p. 118.

die stryd tussen Frans I en Karel II. Die oorloë na 1789 op die vasteland van Europa dui ook op magsewewig, want die doel is die herstel van Frankryk as faktor in die magsbalans tussen Europese state. Van 1815 tot 1914 speel alliansies 'n baie belangrike rol in die handhawing van magsewewig. Gedurende die Eerste Wêreldoorlog is die hele wêreld in twee alliansies verdeel - die Drievoudige Verbond staan teenoor die Drievoudige Entente. Die alliansies wat tussen 1939 en 1945 teen die spilmoondhede gevorm word, word ook gebore uit die herstel van magsewewig.[53.] Belangrike teenswoordige alliansies is Noord-Atlantiese Verdragsorganisasie, Sentrale Verdragsorganisasie, Suidoos-Asiatiese Verdragsorganisasie, die Warskou-Pakt en die Bandoeng-neutralisme.

Alliansie vertoon 'n dinamiese karakter en verander ook dikwels ten opsigte van samestellende komponente. Gemeenskaplike belange is dikwels die vernaamste oorsaak vir die daarstelling van alliansies. Die daarstelling van alliansies bly dan van fundamentele belang vir die handhawing van magsewewig in die wêreldpolitiek.[54.]

(g) Invloedsfere

Die laaste metode waardeur magsewewig gehandhaaf word, is deur middel van die erkenning van die invloedsfere van die Groot Moondhede. Elke ander supermoondheid sal die

---

53. Vgl. Morgenthau, H.J., Op.cit., p. 174.

54. Vgl. Lerche, C.O., Said, A.A., Op.cit., p. 119. „Alliances may be regarded as essential methods in the regulatory process of international politics."

regte van die ander in sy invloedsfeer respekteer met die doel om die internasionale spanning te verlig.[55] So is Noord-Afrika van die laat 19de eeu af tot enkele jare gelede as 'n Franse invloedsfeer beskou. Op die oomblik word die Balkanstate as 'n Russiese invloedsfeer getipeer.[56]

Samevattend kan oor magsewewig verklaar word dat die beginsel daarvan is om in die stateveelheid die onafhanklikheid en voortbestaan van elke staat te waarborg. Arnold Toynbee poneer:

> „The Balance of Power is a system of political dynamics that comes into play whenever a society articulates itself into a number of mutually independent local states...."[57]

Voorts het die beginsel ook drie groot swakhede. Eerstens is daar die onsekerheid in die teorie waarvolgens die magte gebalanseer is en wat nie aan objektiewe standaarde kan voldoen nie. Steeds het dit 'n natuurwetmatige meganiese metode gebly met 'n kenmerkende gebrek aan stabiliteit. Baie state staan magsewewig voor, maar dan slegs as dit in

---

55. Vgl. Ibid., p. 118.

56. Ibid., p. 118. Oor die waarde van invloedsfere vir magsewewig koester ons ernstige bedenkings. Dit skyn asof die twee magsblokke wat teenswoordig die tussenstaatlike toneel oorheers baie min ag slaan op die onderskeie invloedsfere. Vergelyk die Amerikaanse inmenging in Suidoos-Asië en die Kommunistiese oorheersing van Kuba, gebiede wat logieserwys binne Russiese en Amerikaanse invloedsfere onderskeidelik moet val. In die praktyk word daar dus steeds daarna gestrewe om invloedsfere van die vyand binne te dring en kom daar van die erkenning van hierdie invloedsfere nie veel tereg nie.

57. Soos aangehaal in Claude, I.L., Power and International Relations, Random House, New York, 1962, p. 44.

hulle eie voordeel is - dit is 'n miskenning van die beginsel. In hierdie verband is daar die klassieke voorbeeld van Clemenceau wat na die Eerste Wêreldoorlog ten gunste van magsewewig was, maar daarmee saam 'n uiterste poging aangewend het

> „to gain a peace that would place France in an unassailable position of military superiority over Germany."[58].

Tweedens is magsewewig tot 'n groot mate onwerklik omdat dit dikwels in der waarheid geen balans is nie. Die ontnugtering van Engeland in 1939 is 'n sprekende bewys hiervan. Laastens is magsewewig dikwels onvoldoende om die status quo te handhaaf, aangesien daar ander faktore is wat 'n ewe dinamiese karakter vertoon. Dit kan betwyfel word of magsewewig die Christendom weerbaar sal hou teen die aanslae van die kommunisme as wêreldmag.

## III. Polarisasie in Magspolitiek

Gedurende die 17de, 18de, 19de en vroeg 20ste eeu openbaar magspolitiek 'n veelpolige karakter ten opsigte van die magsentra:

> „The international system during this period was consistently pluralistic in that a multiplicity of great powers - at least five at any time - dominated the course of world politics."[59].

58. Claude, I.L., Op.cit., p. 15. Soos aangehaal uit Holborn, H., The Political Collapse of Europe, Alfred A. Knopf, New York, 1964, p. 97.

59. Lerche, C.O., Said, A.A., Op.cit., p. 114.

Hierdie veelpolige magspolitieke konstellasie vertoon dan inderdaad 'n groot mate van stabiliteit, omdat elkeen van hierdie pole of Groot Moondhede nougeset waak dat die magsewewig nie versteur word nie. Die Eerste Wêreldoorlog het egter finaal die einde van die veelpolige magspolitiek beteken.[60].

Na die Tweede Wêreldoorlog is bipolarisme aan die orde in die magspolitiek. Amerika en Rusland tree uit die oorlog as twee Supermoondhede te voorskyn met die gevolglike redusering van magspolitiek in 'n bipolêre weegskaal:

> „Today the European balance of power has become a mere function of the world-wide balance of which the United States and the Soviet Union are the main weights, placed in opposite scales."[61].

Die beskikbaarheid van atoomwapens het 'n gevaarlike magsbalans tot gevolg gehad. In 1962 verklaar Kruschef aan die volk van Bulgarye:

---

60. Vgl. Padelford, N.J., Lincoln, G.A., Op.cit., p. 298: Olson, W.C., Sondermann, F.A., Op.cit., p. 81. Greene, F., Op.cit., p. 228 en Morgenthau, H.J., Op.cit., p. 194. Verskeie historiese stròminge het tot die einde van die veelpolige stelsel aanleiding gegee. Die opkoms van Duitsland en Italië het die getal Groot Moondhede laat toeneem. Brittanje het sy posisie as „holder of the balance" ingeboet en Oostenryk-Hongarye het gaandeweg sy rol as Groot Moondheid begin verloor. Voorts het die einde van kolonialisme die Groot Moondhede andermaal die fokus na mekaar laat draai.

61. Morgenthau, H.J., Op.cit., p. 194. Vergelyk ook Lerche, C.O., Said, A.A., Op.cit., p. 114: „The simple balance, therefore, is reminiscent of a seesaw in contrast to the multiple balance of a chandelier."

> „They frighten us with war, and we frighten them back bit by bit. They threaten us with nuclear arms and we tell them: Listen, now only fools can do this, because we have them too, and they are not smaller than yours but, we think, even better than yours. So why do you do foolish things and frighten us? This is the situation and this is why we consider the situation to be good."[62.]

In die jongste tyd is Rooi China ook besig om homself as 'n supermoondheid in die internasionale politiek te laat geld. 'n Driepolige magspolitieke konstellasie lyk dus in die toekoms glad nie onwaarskynlik nie.[63.] Veral gesien teen die agtergrond van die ideologiese breuk tussen Moskou en Peking en die feit dat Mao Tse-toeng konsekwent weier om aan die Russiese leiband te staan.

Genoeg egter van die kenmerkende metodes aangewend ter bestudering van die magspolitiek. Ons wend ons terug tot die teoretiese insigte waarmee magspolitieke denkers tot die studie van die tussenstaatlike toetree. In die ontwikkelingsgang van internasionale verhoudings as selfstandige

---

62. Soos aangehaal in Waltz, K.N., The Stability of a Bipolar World, in Quester, G.H., Power, Action and Interaction, Readings on International Politics, Little, Brown and Company, Boston, 1971, p. 219. Vergelyk ook Kissinger, H.A., Nuclear Weapons and Foreign Policy, W.W. Norton and Company, New York, 1969, pp. 114-189.

63. Vgl. Wessels, F.J.H., Internasionale Verhoudings, Op.cit., p. 27: „Sjina met die atoombom tot sy beskikking het toegetree tot die wêreld toneel en wel as derde groot mag naas Amerika en Rusland." Verder Rosecrance, R.N., Action and Reaction in World Politics, Little, Brown and Company, Boston, 1963, p. 210-211.

wetenskaplike dissipline, het verskeie eksponente in wissellende betrokkenheid en driftigheid, die verhouding tussen state op magspolitieke funderingsbasis verklank. Dit moet ook gestel word dat die meeste van hierdie teoretici ook die historiese metode hanteer het en as eksponente van albei hierdie rigtings beskou kan word.

Reinhold Niebuhr, Protestantse teoloog, het 'n sterk vormende invloed op die Amerikaanse politieke denke gehad.[64] Die verhoudings tussen state is vir hom onlosmaaklik gekoppel aan die soeke na mag en die struktuur van die tussenstaatlike 'n gebalanseerde magspolitieke konstellasie. Na die verdrag van München (1938) veroordeel Niebuhr Westerse idealistiese pasifisme soos volg:

> „We may say that the pacifists are right in their conviction that our civilization stands under the judgment of God; no one can have an easy conscience about the social and political anarchy out of which the horrible tyrannies of our age have arisen. But they are wrong in assuming that we have no right or duty to defend a civilization, despite its imperfections, against worst alternatives.....".[65]

---

64. George Kennan, gewese Amerikaanse ambassadeur in Rusland en Joegoeslawië, bring treffend hulde aan Niebuhr se intellektuele verdienste. „.... the father of us all." soos aangehaal in Thompson, K.W., Political Realism and the Crisis of World Poltics: An American approach to Foreign Policy, Princeton University Press, Princeton, 1960, pp. 23.

65. Soos aangehaal in Dougherty, J.E., Pfaltzgraff, R.L., Contending Theories of International Relations, p. 71. Vergelyk ook Niebuhr, R., Christianity and Power Politics, Charles Schribner's Sons, New York, 1940, p. 64; Niebuhr, R., Moral Man and Immoral Society, Charles Scribner's Sons, New York, 1947, pp. xi-xii.

Nicholas Spykman, bekende eksponent van die geopolitika, verklaar dat konflik en stryd baie meer tiperend van tussenstaatlike verhoudings is, as wat daar samewerking voorkom. Hy kombineer magsbalans met die geopolitika in die toekomstige verhoudingstruktuur tussen state.[66.]

Frederick Schuman, bekende eksponent van die historiese metode, verklaar dat selfbehoud op die basis van magspolitiek, die uiteindelike doelwit van elke staat is. Elke staat:

> „....necessarily seeks safety by relying on its own power and viewing with alarm the power of its neighbours."[67.]

Swaardmag is vir Schuman die onontbeerlike basis vir voortbestaan waarsonder elke nasionale staat die gevaar loop om sy soewereiniteit as tussenstaatlike entiteit te verloor in die lig van ander magtige Leviathans.[68.]

Die persoon wat aan alle standaarde gemeet die meeste bekendheid in die kader van magspolitiek verwerf het, is ongetwyfeld die Duits gebore Hans Morgenthau, met sy werk „Politics Among Nations"[69.] Professor Morgenthau, wat in 1943 Amerikaanse burgerskap aanvaar het, word vry algemeen

---

66. Spykman, N.J., America's Strategy in World Politics, The United States and the Balance of Power, Harcourt Bryce and Company, New York, 1945, p. 7.

67. Vgl. Schuman, F.L., International Politics, p. 271. Hierdie werk van Schuman het in 1958 reeds sy sesde uitgawe belewe.

68. Vgl. Ibid., pp. 271-277.

69. Vgl. Stoessinger, J.G., The Might of Nations, World Politics in Our Time, Random House, New York, 1969, p. 28.

as die vernaamste eksponent van hierdie denkrigting aanvaar.[70] Tussenstaatlike verhoudings is vir Morgenthau onlosmaaklik gekoppel aan die soeke na internasionale mag, aansien en prestige, en in hierdie wêreldpolitiese magstryd aanvaar hy die bestaan van 'n veelheid nasionale state. Staatslui handel en dink in terme van mag.[71] Morele standaarde en beginsels word dikwels deur hierdie soektog na ongebreidelde magsegoïsme weggevee[72] en tussenstaatlike verhoudings besit 'n hoë mate van outonomie, aldus Morgenthau:

> „A political policy seeks either
> to keep power, to increase power,
> or to demonstrate power."[73]

George Kennan lei sy magspolitieke basis van die geskiedenis van die Amerikaanse diplomasie tussen die jare 1776 en 1812 [74], terwyl hy ook die soeklig op die kontemporêre diplomatieke geskiedenis laat val. [75] Arnold Wolfers hanteer 'n meer rasionele benadering waarin

---

70. Feitlik sonder uitsondering word die benadering van magspolitiek, deur die vertolkers van internasionale verhoudings, aan Morgenthau en sy werk „Politics Among Nations" gekoppel.

71. Vgl. Morgenthau, H.J., Op.cit., pp. 1-50.

72. „The influence of Augustinian theology through Niebuhr is evident in this aspect of Morgenthau's realism" Vgl. Dougherty, J.E., Pfalzgraff, R.L., Op.cit., p. 77.

73. Morgenthau, H.J., Op.cit., p. 36.

74. Vgl. Kennan, G.F., Realities of American Foreign Policy, W.W. Norton and Company, New York, 1966.

75. Vgl. Kennan, G.F., American Diplomacy, 1900-1950, Mentor Books, New York, 1950.

magsbalans 'n baie vername rol speel.[76] Nog 'n eksponent, wat veelal op Europese diplomatieke geskiedenis parisiteer en daarvandaan sy teoretiese apriori van mag opwerk, is Henry Kissinger.[77] Volgens hom is veral die instandhouding van Wes-Europa as militêre ystervuis van groot belang vir die Westerse demokratiese bastion, terwyl die beskikbaarheid van kernkrag en atoomwapens die gedaante van magspolitiek totaal verander het.[78]

> „Our age faces the paradoxical problem that because the violence of was has grown out of all proportion to the objectives to be achieved, no issue has been resolved."[79]

Ander persone wat die verhoudings tussen state aan magspolitiek koppel, is Robert Strausz-Hupé;[80] Raymond Aron in sy monumentale werk „Peace and War";[81] Fred Greene[82] en George Schwarzenberger.[83] Deur mag tot die vernaamste dryfveer in tussenstaatlike verhoudingsmomente te

---

76. Vgl. Wolfers, A., Discord and Collaboration, John Hopkins Press, Baltimore, 1962, pp. 9, 60, 73, 118 en 131.

77. Vgl. Kissinger, H.A., A World Restored: Metternich, Castlereagh, and the Problems of Peace 1812-1822, Houghton Mifflin, Boston, 1957, pp. 1-5.

78. Kissinger, H.A., Nuclear Weapons and Foreign Policy, p. 16.

79. Kissinger, H.A., The Necessity for Choice, Harper and Broterhs, New York, 1961, pp. 170-171.

80. Vgl. Strausz-Hupé, R., Power and Community, Praeger Publishing Company, New York, 1956, en Strausz-Hupé, R., Possony, S.T., International Relations, McGraw-Hill Book Company, New York, 1954.

81. Vgl. Aron, R., Peace and War, A Theory of International Relations, Doubleday, New York, 1966.

82. Vgl. Greene, F., Dynamics of International Relations.

83. Vgl. Schwarzenberger, G., Power Politics: A Study of World Society.

verhef, het die genoemde, en vele ander eksponente van hierdie benadering beoordelingsmaatstawe aangelê wat langs 'n wye linie gekritiseer word. Daardeur is egter beslag gegee aan 'n teoretiese benadering wat telkens nuwe ondersteuners kry.[84]

IV. Evaluasie

Logieserwys was daar verskeie persone wat hulle teen die ongebreidelde magsegoïsme uitgespreek het. Veral Woodrow Wilson was 'n uitgesproke kritikus van magspolitiek. In 'n toespraak gedurende Januarie 1917 verklaar hy:

> „Mankind is now looking for freedom of life, not for equipoises of power."[85]

Ander magte het egter ook later in die 20ste eeu teen magspolitiek begin werk. Dit gaan teen die grein van morele standaarde in die wêreldpolitiek, waar die sogenaamde dogma van „regte van die mens" dikwels in ons tyd tot norm verhef word.[86] Ook die idee van 'n internasionale regspraak[87]

---

84. Vgl. Stoessinger, J.G., The Might of Nations, en Claude, I.L., Power and International Relations.

85. Soos aangehaal in Padelford, N.J., Lincoln, G.A., Op.cit. p. 303. Wilson is die liberale idealis wat magspolitiek verwerp en 'n meer ideale benadering van die tussenstaatlike bepleit.

86. Die simpatie wat daar tans by die humanistiese, bandelose vryheidsideale lê verhef die mens bo enige gesag of normbindings.

87. State is inderdaad baie gesteld op die behoud van hulle soewereiniteit. Vgl. Poulantzas, N.M., The Right of Hot Pursuit in International Law, Sijthoff, Leiden, 1969, p.11.: „...... States are very sensitive to incidents involving violations of their sovereignity by the unauthorized crossing of their frontiers."

en van wêreldregering is gekant teen die magspolitieke benadering van internasionale verhoudings.

Ongeag al die kritiek wat daar teen hierdie benadering in te bring is, bly dit steeds van groot belang by die studie van die gang van die wêreldpolitiek:

> „....the search for power is deeply implanted within the hearts and minds of political leaders."[88.]

In die lig van fabelagtige uitbreiding van militêre tegnologie en mag stuur die menslike geslag af op 'n toestand waar hy homself kan vernietig.[89.] In die harde werklikheid van die tussenstaatlike sal mag altyd 'n fundamentele faktor bly. Daarom sal daar steeds gesoek moet word na beter metodes om hierdie mag te beperk:

> „We must be aware that power will always be with us, and thus the possibility of the violent disruption of order. We must grope for a clearer vision of an effective system for keeping power under control."[90.]

Juis vanweë die kentering in die denke by Woodrow Wilson, het die juridiese metode populêr geword.

---

88. Padelford, N.J., Lincoln, G.A., Op.cit., p. 311.

89. Vergelyk Claude, I.L., Op.cit., p. 4: „Yet, the march of military technology is so rapid that it is no longer premature to contemplate the danger of the annihilation of the human race."

90. Ibid., p. 185.

## D. DIE JURIDIESE METODE

### I. Inleiding

Teenoor magspolitiek is die juridiese benadering van die wêreldpolitiek besonder gewild, met die volkereg as die kodeks wat die internasionale gedragsnorme moet rig.[91] Die juridiese benadering steun dan op die populêre kreet van die heerskappy van die reg en reduseer die internasionale politiek en konflik tot 'n juridies beregbare gegewe.[92] Die oorkoepeling dus van 'n regs-universalisme waarin daar aan geen interne hof van 'n nasionale staat erkenning verleen word nie. Die nasionale staat word dus uitgelewer aan die regter van die dag wat 'n ongebreidelde heerskappy van die volkereg proklameer - 'n juridiese monopolie waarin die lewensbelange van elke staat resloos verskraal word tot afdwingbare juridiese gesagsbeslissings. In hierdie verband is die woorde van Abba Eban, Israelse ambassadeur in die V.S.A. gepas:

> „International law is the law which the wicked do not obey and which the righteous do not enforce."[93]

---

91. Vgl. Morgenthau, H.J., Thompson, K.W., Op.cit., p. 112; Greene, F., Op.cit., p. 491; Haas, E.B., Whiting, A.S., Op.cit., p. 385; Olson, W.C., Sondermann, F.A., Op.cit., p. 441; Hartmann, F.A., Op.cit., p. 107; Lerche, C.O., Said, A.A., Op.cit., p. 168 en Clark, G., Sohn, L.B., World Peace through World Law, Harvard University Press, Cambridge, Massachusetts, 1960, pp. xvi-xvii.

92. Vgl. Wessels, F.J.H., C.R. Swart-Lesing No. I., Op.cit., p. 9.

93. Von Glahn, G., Law Among Nations, The Macmillan Company, London, 1970, p. 4. Die afdwing van regsbeslissings in die tussenstaatlike vorm inderdaad een van die fundamentele probleme van die volkereg.

Die heerskappy van die reg in die tussenstaatlike openbaar dan teenswoordig ook 'n gerigtheid op die wêreldstaat en transformasiedenke.

## II. Historiese Ontwikkeling van Internasionale Regspraak

Reeds sedert die vroegste tye bestaan daar rudimentere reëls vir die tussenstaatlike verkeer. In historiese perspektief blyk dit dat die Chinese, Egiptiese, Israelietiese, Hetiettiese, Babiloniese en Assiriese tydperke reeds staan in die teken van juridiese omgangsvorme tussen die volksentiteite van daardie tydperk.[94] Die Griekse stadstate, Sparta en Athene, skakel ook regtens met mekaar waaruit daar spoedig geykte gebruike ontstaan.[95] Van fundamentele belang is die feit dat volkereg fungeer op die basis van die soewereine nasionale staat,[96] ten minste in sy aanvangsjare.

Internasionale regspraak ontwikkel egter eers as selfstandige dissipline in sy moderne beslag in die 16de en 17de eeue:[97]

> „It is in it's origin essentially a product of Christian civilization, and

---

94. Vgl. Francois, J.P.A., Grondlijnen van Het Volkenrecht, N.V. Uitgevers-Mij W.E.J. Tjeenk Willink, Zwolle, 1967, p. 1.

95. Vgl. Greene, F., Op.cit., p. 491; Schumann, F.L., Op. cit., p. 43 en Robinson, C.E., Everyday Life in Ancient Athens, Oxford University Press, London, 1933, p. 60.

96. Vgl. Atlay, J.B., Elements of International Law, Stevens and Sons, London, 1904, pp. 31-34.

97. Vgl. Brierly, J.L., The Law of Nations, Oxford University Press, London, 1963.

> began gradually to grow from the
> second half of the middle ages."[98]

Pierre du Bois, Dante, Erasmus, en Emeric Cruce is almal voorstanders van een of ander volkeregtelike prinsipe in die tussenstaatlike.[99] Tot en met die tyd van Grotius bestaan daar egter geen bindende volkereg nie, slegs losse verdrae en ooreenkomste.

Hugo Grotius se monumentale werk wat in 1625 gepubliseer word „De Jure Belli ac Pacis", vorm die basis van die volkereg en oefen diepgaande en blywende invloed op die juridiese norme vir die internasionale politiek uit:

> "...... no other book, with the
> single exception of the Bible, has
> ever exercised a similar influence
> upon human minds and matters"[100]

verklaar Lauterpacht. In hierdie boek word dan die gelykheid van state ongeag grootte, oorsprong of godsdiens poneer.[101]

---

98. Lauterpacht, H., International Law, p. 5.

99. Vgl. Wessels, F.J.H., Diktaat vir Staatsleer II op.cit., p. 70.

100. Lauterpacht, H., Op.cit., p. 88. Grotius is veral apologeet van die natuurreg. Laasgenoemde is vir hom so onveranderlik dat selfs God dit nie kan verander nie. Vgl. Korowicz, M.St., Introduction to International Law, Marthinus Nijhoff, Den Haag, 1959, p. 32.

101. Vgl. Padelford, N.J., Lincoln, G.A., Op.cit., p. 428.

Na Grotius sou De Vattel, Tsaar Alexander, en in die 19de eeu verskeie ander skrywers voortborduur op die idee van 'n wêreldreg.[102] Die chaos en verwoesting van twee wêreldoorloë in die twintigste eeu, het die idee van 'n nuwe regsordening om die wêreldvrede te bewaar, andermaal laat posvat. Wat inderdaad nodig was, is nie 'n reg om oorlog te voorkom nie, maar juridiese norme om vrede te handhaaf. 'n Konstruktiewe vredesreg dus, wat gebaseer is op die inter-afhanklikheid van die statery.[103] Die onvoldoende volkereg van die huidige moet oorgaan in 'n reg waarvan alle state afhanklik sal wees - 'n regsuniversaliteit wat die ganse tussenstaatlike oorspan.

## III Moderne Rigtings

In die twintigste eeu vind ons dan verskeie filosofiese benaderings wat die idee van 'n wêreldreg proklameer en daardeur die verdienste van die volkereg verduister. In ons tyd het die monistiese rigting die natuurreg en die positivisme in die volkereg verwerp. Uitgaande van die voorstelling van die eenheid van die menslike geslag, aanvaar die monisme a-priori 'n regsbewussyn by alle volkere wat opkom uit 'n algemene mensheidsreg wat die hele wêreld omsluit.

---

102. In die 17de en 18de eeue vind daar intense botsings tussen die drie teoretiese benaderingswyses van die teorie van die volkereg, nl. die naturaliste, positiviste en Grotiane plaas. Die belangrikste eksponente van hierdie rigtings was Zouche, Pufendorf, Van Bynkershoek, Moser, Von Martens en de Vattel.

103. Vgl. Röling, B.V.A., International Law in an Expanded World, Djambatan, Amsterdam, 1960, p. ix.

Nasionale state en hulle regsinstellings word dan slegs die embrionale fases op pad na die heerskappy van die reg. So word die leerstuk van die volksoewereiniteit konsekwent deurgetrek na die mens as soewereiene magshebber. Die nasionale staat word opgeoffer aan die skynbaar volmaakte eenheidstaat deur die heerskappy van die reg.

Een van die vernaamste eksponente van hierdie monistiese rigting, Hans Kelsen, sny die tradisionele wortels van die volkereg, nl. natuurreg en positivisme sonder meer af.[104] Kelsen glo sonder voorbehoud aan die primaat van die volkereg. Volkereg en staatsreg kan nie logies van mekaar afgelei word en selfs nie as regsordes langs mekaar bestaan nie.[105] George Scelle gaan so ver as om te beweer dat volkereg beperkings kan neerlê op individuele en territoriale jurisdiksie.[106] 'n Onverbloemde ponering dus van die diktatoriale heerskappy van die wêreldreg. Die bekende Britse regsgeleerde, Wilfred Jenks, bly ook getrou aan die monistiese uitgangspunt as hy verklaar dat nie-Westerse rgsisteme genoeg ooreenkoms met Westerse sisteme besit

> „to give us elements of an effective universal system of international law."[107]

---

104. Vgl. Kelsen, H., Principles of International Law, Holt, Rinehart and Winston, New York, 1966.

105. Uitgaande van 'n normatief-strukturele benadering van die tussenstaatlike is beide staatsreg en volkereg, albei korrek normatief begrens, onontbeerlike gegewe vir die vreedsame vloei van sake in die internasionale politiek.

106. Vgl. Von Glahn, G., Op.cit., p. 6.

107. Von Glahn, G., Op.cit., p. 8. Soos aangehaal uit Jenks, C.W., The Common Law of Mankind, Praeger Publishing Company, 1958, p. 169.

Die ontwikkelende regstelsels van die onderontwikkelde state van Afrika, Asië en Latyns-Amerika sal inderdaad 'n bepaalde stempel, in onderskeiding van die Europese kultuur en regsnorme, op die wêreldregspraak moet afdruk. Regionalisme laat hom dus ook in die idee van 'n Wêreldreg nie onbetuig nie.

Ook Francois bou voort op die universeel oorheersende monisme.[108] Die staatsorde bly steeds onderdeel van die internasionale orde - die staatsreg gesubordineerd aan die volkereg. Francois is die mening toegedaan dat hy wat die bestaan van 'n oorkoepelende internasionale regspraak ontken, in 'n chauvinistiese vergoddeliking van die eie staat en volk verval,[109] en daarmee in die anti-normatiewe vaarwater van die „Volksgeist" beland. Die Volkereg dra dan ook nie 'n onveranderlike natuurwetmatige karakter nie, maar moet steeds tred hou met die kulturele ontwikkelingsfases van die mensheid.

> „Hy ontken egter nie dat die volkereg 'n onveranderlike karakter kan toon nie, maar die pacta sunt servanda is te grof om as essensiële geregtigheidsidee te kan geld."[110]

sê Ferreira, L.J.

---

108. Vgl. Francois, J.P.A., Op.cit., p. 25.

109. Vgl. Ibid., p. 26.

110. Vgl. Ferreira, L.J., Transformasie as Teoretiese Benadering vir 'n Wêreldstaat, p. 67. Die pacta sunt servanda se onvolkomendheid as basis van 'n universele regsorde blyk duidelik uit verskeie eensydige juridiese deklarasies. Vgl. Brittanje se opsegging van die Simonstad ooreenkoms of die eensydige onafhanklikheidsverklaring van Rhodesië in 1967. Vgl. ook Greene, F., Op.cit., p. 493.

Tradisioneel ontwikkel volkereg op die basis van die nasionale staat. Vandag word die idee van 'n wêreldregspraak egter gefundeer op die gemeenskap van state as „teoretiese beginpunt". In historiese perspektief proklameer reeds die Den Haagse Konferensies, onder leiding van Tsaar Nicolaas II, in 1899 en 1907 en die stigting van 'n Permanente Hof van Internasionale Arbitrasie, die aanvaarding van die bestaan van algemene juridiese gedragsreëls tussen state.[111.]

Na die Eerste Wêreldoorlog het die profete van 'n wêreldgemeenskap, as basis van die volkereg, die skrede na die Volkebond gewend. Die stigting van die Permanente Hof van Internasionale Reg in 1920 het so vir die volkereg 'n permanente regbank gestel. Die basiese regsbeginsels van die nasionale staat is egter reeds oorwoeker deur onbeteuelde inmenging om aan die internasionale karakter van die volkereg reg te laat geskied. Artikel 15 paragraaf 8 van die Handves van die Volkebond, waarin daar melding gemaak word van die huishoudelike jurisdiksie van elke staat, sou spoedig slegs tegniese betekenis verkry.[112.] Ten spyte van onbeperkte inmenging in die juridiese sfeer was die Volkebond en sy Permanente Hof nie in staat om die opkoms van totalitarisme juridies aan bande te lê nie. Dit is juis die probleem

---

111. Olson, W.C., Sondermann, F.A., <u>Op.cit.</u>, p. 442; Hartman, F.H., <u>Op.cit.</u>, p. 118 en <u>Wessels</u>, F.J.H., <u>Diktaat vir Staatsleer II</u>, <u>Op.cit.</u>, p. 71.

112. Vgl. Morgenthau, H.J., Thompson, K.W., <u>Op.cit.</u>, p. 113. Die raadgewende mening van die <u>Permanente Hof</u> van Internasionale Regspraak oor die Nasionale Dekrete van Tunis en Marocco het duidelik getoon dat huishoudelike jurisdiksie nie sou standhou voor afdwingbare karakter van die volkereg nie.

van universele regsdominasie. Die kleiner state kan maklik gedwing word om hulle aan die wêreldregspraak te onderwerp, die Groot Moondhede, daarenteen, interpreteer die internasionale juridiese norme soos dit hulle pas.

Uit die puinhope van die Tweede Wêreldoorlog, ook ten opsigte van die pax justicia word die ideale opnuut in 1945 in die Internasionale Hof van Justisie verwerklik. Onder druk van die bittere ideologiese magstryd van die Koue Oorlog na 1945, sou die volkeregtelike prinsipe egter resloos prysgegee word aan struktuurverwoestende tendense wat die volkereg tot 'n karikatuur laat degenereer:

> „It is this which has prompted many observers of the international scene sadly to conclude that international law simply does not exist."[113]

sê Olson. Oos en Wes verwerp eenvoudig die onderskeie regsbeginsels oor en weer omdat niemand bereid is om juridiese norme te aanvaar wat nie aan sy eie tradisionele regspraak gepaar kan word nie. En daar het ons die fundamentele probleem van die juridiese benadering van die tussenstaatlike: die afdwing van regsbeslissings.

Die bestaan van 'n internasionale polisiemag is volgens ons mening oorbodig - dit dui buitendien op die swaardmag van 'n wêreldstaat. Reg moet afgedwing word deur morele verpligtings waarin die reg van weerwraak genoeg ruimte vir

---

113. Olson, W.C., Sondermann, F.A., Op.cit., p. 443.

regsherstel ten opsigte van die regskenders bied.[114] Hierdie regsbeslissings moet dan egter steeds getrou bly aan die beginsel nemo judex in sua causa. Tydens die Neurenberg-verhoor van die Duitse oorlogsmisdadigers is regsbeginsels toegepas wat die oorwinnaars van die oorlog baie goed gepas het. Lord Hankey verklaar oor die verhoor:

> „Under a cloak of justice these trials were the old, old story - one law for the victors and another for the vanquished."[115]

In die jongste geding van Suidwes-Afrika voor die Wêreldhof vind ons weer 'n „gepakte" regbank sodat regsbeginsels na die verrotte internasionale mening geskik kan word. So word die volkereg gedegenereer tot 'n wêreldregspraak wat 'n instrument word in die hande van leke wat aan die hand van die juridiese metode die internasionale politiek wil rig. Die bevooroordeelde „pak" van die internasionale hof is dus geheel en al verwerplik. Op 21 Junie 1971 verklaar Mnr. B.J. Vorster, Eerste Minister van Suid-Afrika, aangaande die raadgewende mening van die Wêreldhof:

---

114. Aangaande die reg van weerwraak vergelyk Lawrence, T.J., The Principles of International Law, Macmillan and Company, London, 1930, Poulantzas, N.M., Op.cit., en Tammes, A.J.P., Internasionaal Publiekrecht, De Erven F. Bohn N.V., Haarlem, 1966.

115. Pompe, C.A., Agressive War, An International Crime, Marthinus Nijhoff, Den Haag, 1953, p. 247. Dit is juis die probleem as daar geen grense vir wêreldregspraak bestaan nie. Vergelyk Corbett, P.E., Law and Society in the Relations of States, Harcourt and Brace, New York, 1951, pp. 227-229. en Haas, E.B., Whiting, A.S., Op.cit., p. 417. Aangaande die verhoor vergelyk ook Cooper, R.W., The Nuremberg Trial, Penquin Books, New York, 1947, p.41. Glueck, S., War Criminals; p. 4., Papadatos, P., The Eichmann Trail, Stevens and Sons, London, 1964, p. 41; Raschhofer, H., Political Assasination, Fritz Sclichtentenmager, Tubigen, Datum Onvermeld, en ook 'n Duitse Verslag van die verhoor getitteld Trial of the Major War Criminals, Nuremberg, 1948.

> „I beleive that no-one in the world can be so naiive as to think that this result was achieved by pure coincidence or by objective jurisprudence."[116.]

Hierin lê dan juis die gevaar van die juridiese metode - die feit dat die internasionale politieke emosie dikwels die volkeregtelike beginsels rig.

Onder die vaandel van die VVO sou daar na 1945 opnuut pogings aangewend word om die heerskappy van 'n wêreldreg te proklameer. 'n Nuwe regsordening om die wêreldvrede te bewaar, moes tot stand kom. 'n Ideaal gebaseer op die volgende woorde van Pres. Eisenhower in 1956: „There can be no peace without law."[117.] Hierop bou Clark en Sohn in hulle boek „World Peace through World Law" voort as hulle as voorvereiste vir wêreldregspraak 'n wêreldoutoriteit met swaardmag om sy beslissings af te dwing, vereis. Hierdie taak van die wêreldoutoriteit moet volgens Clark binne die raamwerk van die VVO gestalte vind.

Vir die bestaan van 'n wêreldreg word die volgende ses voorvereistes gestel: Die wêreldreg teen oorlog moet saamgevat word in konstitusionele en statutêre vorm en moet van toepassing wees op alle individue en volkere.[118.] Tweedens behou die wêreldreg die voorreg om regstreeks in te gryp teen

---

116. Lejeune, A., The Case for South West Africa, Tom Stacey Ltd., London, 1971. p. 188.

117. Vgl. Clark, G., Sohn, L.B., Op.cit., p. XII.

118. Dit vertoon dus beide 'n privaatregtelike en publiekregtelike karakter.

individuele regskenders waar hulle regerings nie teen hulle optree nie. Derdens word die instelling van 'n leerstoel in wêreldreg bepleit. Vierdens moet daar 'n permanente wêreld-polisiemag gereed staan om hierdie universele reg af te dwing. In die vyfde plek is volkome ontwapening van die statery 'n voorvereiste en ten laaste moet die eknomie van die wêreld deur 'n effektiewe masjinerie bevorder word.[119]

Voorts moet ook paragraaf 5 ter inleiding van die VVO Handves verander word van:

> „to practice tolerance and live together in peace with one another as good neighbours"[120].

na:

> „to ensure by the acceptance of world law in the field of war prevention and through adequate institutions for its enforcement"[121].

Aldus die voorstanders van 'n wêreldreg. Die wêreldreg moet dan die welvaart van almal bevorder en die lewenstandaarde verhoog - die wêreldgemeenskap moet 'n welvaartgemeenskap word. Juridiese norme word in staatssosialistiese trant op die tussenstaatlike geprojekteer.

Ideologiese verskille binne die VVO het egter die ontwikkeling van 'n wêreldreg gestrem. Die opkoms van onder-

---

119. Vgl. Clark, G., Sohn, L.B., Op.cit., p. xvi. Let veral op die propagering van anti-normatiewe pasifisme in die vyfde punt. Sonder enige swaardmag word elke nasionale staat ondubbelsinnig uitgelewer aan die genade van die regter van die dag.

120. Everyman's United Nations, p. 553.

121. Clark, G., Sohn, L.B., Op.cit., p. 3.

U.O.V.S.—U.O.F.S. BLOEMFONTEIN BIBLIOTEEK-LIBRARY
150572

ontwikkelende lande het daartoe gelei dat gekleurdes 'n totale magsverskuiwing veroorsaak het. Om diè rede bepleit Clark en Sohn 'n samestelling van die Algemene Vergadering van die VVO waarin elke land volgens sy getalle verteenwoordig word.[122.]

Ook ten opsigte van die juridiese metode bestaan daar dus 'n Babelse verwarring van uiteenlopende menings oor die rasionele heerskappy van die wêreldreg. Jenks erken dat die bestaan van politieke gemeenskappe ondenkbaar is sonder die bestaan van reg. Daarom sal die toekoms van wêreldreg, aldus Jenks, veel eerder afhang van die pragmatisme van staatsmanne as die dogmatisme van die intellektueles.[123.] Padelford is weer van mening dat in die verdeelde wêrled van die Koue Oorlog die volkereg onvermydelik in 'n wêreldmag sal ontwikkel. Daarom is die erkenning van die Wêreldhof dat die VVO 'n regspersoonlikheid soos alle ander state is, van soveel belang.[124.] Die konstitusionele erkenning van die

---

122. Ibid., pp. 20-23. Die vier lande met die grootste bevolkings 30 afgevaardigdes elk; Die volgende 8 lande gereken op bevolkingsgetalle 15 afgevaardigdes elk; vir die volgende 20 lande 6 afgevaardiges; die volgende 30 lande 4 afgevaardigdes elk; vir al die lande wat oorbly met 'n bevolking van meer as 1 miljoen 2 afgevaardigdes elk en elke land wat minder as 1 miljoen inwoners het slegs 1 afgevaardigde. Hier word bevolkingsgetalle dus tot natuurwetmatige norm verhef. Die land wat die grootste getalle het sal die wêreldreg en die wêreldpolitiek beheers!

123. Vgl. Jenks, C.W., Op.cit., p. 757. Let in hierdie verband op Kennedy se aanbeveling van 1961 waar die sterke regverdig handel en die swakke sekuriteit besit. Die wêreldreg berus dus volgens Jenks nie op algemeen aanvaarde juridiese norme nie, maar word aan die pragmatistiese willekeur van die staatshoofde oorgelaat.

124. Vgl. Padelford, N.J., Lincoln, G.A., Op.cit., pp. 444-446.

VVO as gelykwaardige komponent, gepaar aan soewereine state, kan alleenlik lei tot 'n versterking van wêreldregspraak. Prof. Brierly poneer:

> "....... international society needs institutions through which it's members can learn to work together for common social ends."[125]

Op die oomblik word die idee van 'n wêreldreg egter steeds aan bande gelê deur die feit dat daar geen institusionele ondersteuning in die internasionale stelsel bestaan nie.

## IV. Waardebepaling

In die juridiese benadering van internasionale verhoudings is die erkenning van volkeregtelike prinsipes as sodanig verdienstelik, maar 'n wêreldreg waardeur die ganse tussenstaatlike aan die voete van 'n regbank juridies vermorsel word, moet verwerp word.

Die onontbeerlikheid van verhewe juridiese beginsels tussen en nie oor state nie, kan nie ontken word nie. State moet as gelykwaardiges steeds in staat wees om geskille aan juridiese beslegting te onderwerp. Die tussenstaatlike praktyk verwerp immers die idee van bowe- en onderskikking en volstaan met die pariteitsbeginsel.[126]

---

125. Soos aangehaal in Ibid., p. 446.

126. Vgl. Ferreira, L.J., Op.cit., p.72. "Getuienis hiervan: Artikel 2(1) van die V.V. Handves in die pariteit van die Veto by die Groot Moondhede."

Ook die tussenstaatlike moet die onteenseglike realiteit van juridiese beginsels aanvaar. Arnold Toynbee het by geleentheid verklaar:

> „Life and law must be kept closely in touch, and as you can't adjust life to law, you must adjust law to life. The only point in having law is to make life work. Otherwise there will be explosions."[127.]

Die internasionale politiek kan tog nooit verhewe bo positiewe regsnorme wees nie - die staatsburger bly immers aan die sondeval onderworpe. Konsekwent deurgetrek kan die staat dan ook sondaar wees en dan moet die nodige regsvergelding deur regsmag plaasvind.

> „Maar daarop behoort dadelijk te volgen dat orde op zich self genee-men al waarde heeft, tegenover anarchie grote winst betekent en dat allen, die de internasionale orde nastreven, aan het recht niet kunnen voorbijgaan daar rechtloze orde zich self ontbindt."[128.]

Die bestaan van positiewe volkeregtelike norme vorm dus 'n onontbeerlike komponent van die soewereine nasionale statery in die wêreldpolitiek.

---

127. Olson, W.C., Sondermann, F.A., Op.cit., p. 453, Soos aangehaal uit Manning, C.A.W., Peaceful Change - An International Problem, Macmillan Company, New York, 1937, p. 36.

128. Vgl. Diepenhorst, I.A., Christelijke Politiek, J.H., Kok, N.V. Kampen, 1958, p. 281 en Lerche, C.O., Said, A.A., Op.cit., p. 169. „Probably the greatest inspiration for the continued historical growth of international law has been the demands of states for reciprocity, uniformity, and equality of treatment.

Kontemporêr ondervind die juridiese benadering die aanslag van die monistiese denkers, soos Hans Kelsen, wat glo dat die volkereg die primaat beklee en dat dit selfs aangewend kan word in die bekamping van nasionale soewereiniteite. Die volkereg is verhewe bo politieke strominge:

> „Behind international law there is
> no political authority guaranteeing
> this order,"

aldus Kelsen.[129.] Nog meer, George Scelle leer dat nasionale regerings hulle juridiese gesag van die volkereg ontvang.[130.] Ook Francois[131.] borduur voort op die monistiese rigting en onderwerp die staatsorde aan die internasionale orde. Wie internasionale juridiese kodes as oorkoepelende struktuur ontken, is volgens Francois in die vaarwater van die „Volksgeist", die vergoddeliking van Staat en volk. Slegs binne die konstruksie van 'n Wêreldreg - resultaat van wêreldeenheid - kan die Utopiese toekomsverwagtinge van die monisme uiting vind.

Teen die heerskappy van 'n wêreldoorkoepelende regsuniversalisme koester ons egter ernstige bedenkinge:

> „Some of the jurists stuck to their
> guns and proclaimed a universal,
> all-embracing legal order into
> theoretical existence, pausing only

---

129. Vgl. Kelsen, H., Principles of International Law, p. 185.

130. Vgl. Von Glahn, G., Law Among Nations, The Macmillan Company, London, 1970, p. 6.

131. Francois, J.P.A., Grondlijnen van Het Volkenrecht, N.V. Uitgevers-Mij W.E.J. Tjeenk Willink Zwolle, 1967, pp. 25-30.

> to minimize the political world about them as a superfluous irritant,"[132]

aldus Olson. Geen volk sal ooit toelaat dat sake van lewensbeskoulike aard oorgelaat word aan die ipse dixit van die regter van die dag nie.

Die voorstanders van juridiese oppermag vereis dan ook juis 'n regshiërargie om die wêreldstaat deur die heerskappy van die reg te bevestig.[133] Wanneer wêreldregspraak dus tot norm verhef en alle ander soewereine lewensfere daaraan gesubordineer word, kan ons ons glad nie vereenselwig met die juridiese metode nie. In die realiteit van die volkereg is 'n maatskapsreg onmisbaar.[134] Die ideale van 'n juridiese wêreldheerskappy waar die juridiese benadering van die tussenstaatlike tot 'n oorkoepelende wêreldreg verduister, bly egter steeds 'n belangrike benadering van die tussenstaatlike. Die metode se reuse bydrae tot die studie van die volkereg is verbysterend - en dit sal steeds in die toekoms belangrik bly.

---

132. Olson, W.C., Sondermann, F.A., Op.cit., p. 453.

133. Vgl. Wessels, F.J.H., Enkele Voorlopige Opmerkings oor die Grondslae van die Volkereg, p.8.

134. Ons het reeds gedui op die pariteitskarakter van die volkereg. Die strukturele basis van gelykheid is dus nie gemoeid met faktore soos territoriale grootte, welvaart en mag nie. Die finale toets bly steeds 'n korelatiewe publiekregtelike maatskapsidee. Dit behels steeds koëksistensie, verdraagsaamheid en wederkerige insig en respek vir mekaar se lewensbelange.

## E. TRANSFORMASIEDENKE

### I. Inleiding

Die idee van 'n wêreldstaat as benadering van die internasionale politiek is reeds baie oud; 'n supranasionalisme, 'n groot internasionale impuls tot eenheid, die uitskakeling van die nasionale state ten bate van een almagtige Leviathan; die oorplasing van alle soewereiniteit van individuele state na 'n sentrale gesag, waarin die nasionale state degenereer tot munisipaliteite onder hierdie toring van Babel. Die resultaat moet dan wees een identiteitslose massa, deur breinspoeling gevrywaar van nasionalisme en volkereverskeidenheid, waarin ook godsdienstige verskille gereduseer moet word tot een holistiese gedagtegang. Dit is 'n miskenning van die pluriforme manifestasies van die Skeppers-wil.[135]

### II. Vereistes van die Wêreldstaat

Die „One-Worlders" soek na 'n eenheidstruktuur waarin die heterogeniteit van die wêreldbevolking, rasse, tale, kulture, godsdienste en regstelsels in 'n Utopiese universalisme kan opgaan. Die rykstigting by die antieke Griekse monargieë, die pax romana, pax islamica, is almal

---

135. Vgl. Stoker, H.G., Die Stryd om die Ordes, Pretoria, 1941, pp. 221-222. „God het in sy skepping verskeidenheid gelê. Die plante het hy volgens soorte geskape en so ook die diere.... Hy het selfs die verskil van volke, nasies en tale, elk met 'n eie roeping bestierend gewil."

voorbeelde van die heerskappy van een of ander supermag.[136]

Hiervoor is eerstens nodig 'n wêreldburgery wat los staan van enige nasionale aspirasies. Daarom pas die transformasiedenke uitnemend in die kraam van die gesekulariseerde heilsdrome van die kommunistiese Utopiese sosialisme, want die wêreldarbeider staan los van enige vaderland:

> „De arbeider heeft volgens Marx
> geen vaderland" [137].

verklaar Zuidema. Die proletariërs van alle lande moet hulle verenig in 'n militante internasionalisme van die wêreldstaat vir die arbeiders. In hierdie staat sal alle swaardmag oorbodig wees want daar bestaan slegs gelukkige arbeiders met een gemeenskaplike doel.

Die ideaal van 'n wêreldbroederskap vind ons reeds by Seneca in die filosofies-etiese inslag van die Stoïsynse lewensfilosofie - 'n intellektualisme wat sy heil in bepaalde metodes van dissipline vind, vry van enige staats- of gemeenskapsbande.[138] Broederskappe langs die hele linie van die tydelike werklikheid, godsdienstig, polities en

---

136. Vgl. Ferreira, L.J., Op.cit., p. 33. Vgl. ook Schumann, F.L., Op.cit., p. 49, oor die pax romana: „In the memory of days to come this Universal State was the most impressive and enduring ever reared by the hand of man. Races, nations, and cultures were mingled in a cosmopolitan imperium, infused with Helenic art and learning, and with Roman skills in governance."

137. Zuidema, S.U., Op.cit., p. 47. Dit is dan juis een van die grootste gevare van die wêreldstaatgedagte. Dit vind pragtige aansluiting by die kommunistiese oorheersing van die arbeidersproletariaat.

138. Vgl. Rist, J.M., Stoic Philosophy, Cambridge University Press, Cambridge, 1969, pp. 222-230; De Jong, K.H.E., De Stoa, H.J.W., Brechts, Amsterdam, Datum onvermeld, pp. 18-26.

sosiaal, was, in wisselende formaat van die Middeleeue af tot ons huidige tydsgewrig, telkens aan die orde. Voorbeeld hiervan is die Vrymesselary wat 'n geswore internasionale broederskap handhaaf.[139] Die sentrale idee van 'n wêreldgodsdiens waarin Christen, heiden, Hindoe, Mohammedaan, Boeddhis, ateïs en modernis almal ewe tuis sal wees.[140] Deurgevoer na vandag vind ons dit in organisasies soos die Rotariërs en „Lions International" wat steeds staan onder die geklank van bekoorlike internasionalisme.

Die idealisme aangaande wêreldbroederskap beweeg daarby op die vlak van die gewaande hoëre intellektualisme. Dit raak, ten spyte van die pogings om die weerstand van nasionalistiese vooroordele te breek, steeds slegs die intellektuele elite en dring nie deur tot die massas nie. Daarom moet hierdie eksistensialistiese elite hom steeds betuig aan die massas sodat 'n gekondisioneerde wêreldburgery los van die beheer van enige staatsowerheid kan ontstaan.

Die aanslag van internasionalisme het uiteraard verreikende kulturele implikasies.

---

139. Vergelyk Van Niekerk, F.N., Vrymesselary, sy Geheime en Gevare, Sacum Beperk, Bloemfontein, 1969.

140. Die Vrymesselary het 'n sterk houvas op die Anglikaanse Kerk wat weer die Wêreldraad van Kerke kennelik beïnvloed. Vgl. Van Niekerk, F.N., Die Wêreldraad van Kerke, Waarheen?, Morestêr Drukkery, Potgietersrus, Datum onvermeld, p. 49.

## III. 'n Wêreldstaat deur Kulturele Eenheid

'n Wêreldstaat deur opvoedkundige en kulturele interaksies het die stigting van UNESCO[141] en ander spesiale agentskappe van die VVO tot gevolg gehad. Die Unesco filosofie is daarop toegespits dat opvoedkundige kulturele interaksie, en skakeling op ander gebiede wat toenemende kontak en onderlinge begrip van alle nasies bevorder, faktore is vir die daarstelling van 'n internasionale gemeenskap en die behoud van vrede[142] die uitskakeling dus van alle nasionale grense op die vlak van die opvoeding en kultuur. Morgenthau se kritiek op hierdie stelling lui soos volg:

> „In our times, the intensity of nationalism, its transformation into the political religion of nationalistic universalism, the ubiquity of the modern mass media of communications, and their control by a small and relatively homogeneous group have multiplied and magnified the social pressures that in national societies tend to keep dissenting groups within the bounds of law and peace."[143]

In die doelstellings van Unesco tree die oormoed van die humanistiese wetenskap voorts glashelder na vore. Huxley, die eerste voorsitter van Unesco, het by geleentheid smalend opgemerk dat die tyd naby is dat die mens sal ophou om in sy nood na die vaderarms van 'n god wat hyself geskep het, te

---

141. UNESCO staan vir „United Nations Educational, Scientific and Cultural Organization."

142. Vgl. Morgenthau, H.J., <u>Op.cit.</u>, p. 488.

143. <u>Ibid.</u>, p. 488.

vlug [144]. ongebreidelde en koelbloedige ateïsme in ooreenstemming met die kommunistiese godloënary. Aangaande Marx se Godsbeskouing skrywe Zuidema:

> „Reeds voor de jonge Marx stond het vast dat het geloof in God een illusie is, die de mens in zijn diep-menselijke waardigheid aantast en schlechts bij een mens in zelfvervreemding wortel kan schieten."[145].

Die aanslag is eerstens gerig op rasseverskille. Daar is slegs een ras, die menseras, lui die deklarasie. Die bestaan van rasseverskille - die verskeidenheid kragtens die Goddelike Ordinansies - gaan op in 'n sieklike humanistiese vryheidskreet, in navolging van die gelykmakingsdekrete van Rousseau:

> „Man is born free and yet is everywhere in chains."[146].

In die verlengde hiervan is die sg. „Social Studies" gekonsipieer as die grondslag vir die onderrig van al die kinders van die wêreld.[147]. Daardeur moet die nuwe mens gevorm word. Dit is juis subtiel toegespits op die ontvanklike gegemoed van die kind wat dan later evolusionisties

---

144. Vgl. Wessels, F.J.H., Diktaat vir Staatsleer II, Op.cit., p. 3.

145. Zuideman, S.U., Op.cit., p. 16.

146. Rousseau, J.J., The Social Contract, P. 49. In dieselfde boek verklaar Rousseau op p. 53: „All power comes from God, I agree; but so does every disease, and no no one forbids us to summon a physician."

147. Ook in ons vaderland is hierdie verderflike opvoedkundige universalisme aanvanklik resloos oorgeneem, en ons vaderlandse geskiedenis het daardeur haas onberekenbaar skade gelei.

alle rassevooroordele oorboord moet gooi.

Maar die kulturele aanslag is ook toegespits op die popularisering van permissiewe lewenshoudings in die pers, die radio en die beeldradio.[148] Hierdie lamsakkige en normlose permissiwiteit is die ideale klimaat vir die uitwissing van alle grense langs die hele linie.

Die hoofaanslag vind egter plaas op die gebied van die religie en die godsdiens.

> „Organizationally these groups have banded together through the World Conference on Faith and Order, the International Missionary Council, the World Student Christian Federation, the World Alliance of YMCA's, and most recently trhough the World Council of Churches."[149]

Die uitbuiting van die ekumeniese gedagte vind dan ook vandag plaas om die ideaal van 'n wêreldstaat deur 'n wêreldkerk te bereik. Daarom dat die Wêreldraad van Kerke, volledig geïnfiltreer deur die kommunisme en gegalvaniseer deur die dekmantel van godsdiens, hom steeds met die staatkundige problematiek van die tussenstaatlike bemoei.[150] Onder die

---

148. Vgl. Wessels, F.J.H., Diktaat vir Staatsleer II, Op.cit., p. 31. Let in hierdie verband aan die verbreiding van die Hollywoodkultuur; die klem op vrye liefde, die afskuwelike en psigedeliese musiek waardeur beproefde en tradisionele waardes vermorsel word.

149. Haas, E.B., Whiting, A.S., Op.cit., p. 6. Vgl. ook Schrotenboer, P.G., Motives of Ecumenism, The Association for Reformed Scientific Studies, Toronto, 1967, p.20. Vorster, J.D., Wêreldraad of Wêreldse Raad, Die Kerkbode, 19 Mei, 1971, p. 191.

150. Vgl. Wessels, F.J.H., Op.cit., p. 32. Geen erkenning dus aan die beginsel van soewereiniteit in eie kring nie.

dekmantel van geestelike geregtigheid moet Christen, Hindoe en Mohammedaan saam die oorkoepelende vredesvaandel van die wit duif dra.

Een taal vir die ganse mensheid bestaan reeds lankal in die vorm van „Esperanto" - 'n „Lingua-Franca" wat in Suid-Afrika baie gepas as 'n „wêreld-fanagalo" beksrywe sal kan word.[151] So rig die „One Worlders" die aanslag op die normatiewe kulturele diversiteit en verskeidenheid van die kleurryke produkte van die menslike vormingsarbeid in die skepping.

## IV. Die Wêreldstaat deur Politieke Eenheid

Alhoewel belangebotsings, minderhede, opvolgregte, gebied-usurpasie, magsewewig, bipolarisme, blokvorming en nasionalisme die eenheidspatroon telkens wreed ontnugter, bly die wasige newels van 'n wêreldgemeenskap op politiese vlak steeds aktueel.[152] Die ideaal bly 'n universele en oorkoepelende staat, en daarom is alle nasionale state, groeperings en entitiete, slegs struikelblokke op die pad na een magtige Leviathan. Alle soewereine gesag van die nasionale staat word dan bloot munisipaliteite onder leiding van hierdie supranasionalisme:

---

151. Vgl. Ibid., p. 32.

152. Vgl. Wessels, F.J.H., Die Probleem van Tussenstaatlike Verhoudings - Humanisties en Christelik. Die Gereformeerde Vaandel, Junie 1958, p. 9. Ook die ideolgiese strydvrae van die afgelope dekades, nasionaal-sosialisme, fascisme, en dialektiese kommunistiese materialisme sou die impuls tot eenheid telkens aan skerwe laat spat.

„What is needed, then, is a radical transformation of the existing international society of sovereign nations into a supranational community of individuals."[153.]

Vrede op die forum van die tussenstaatlike is dan slegs moontlik onder een staatsbestel wat sterk genoeg is om alleen die swaard te dra. Een vormlose en identiteitslose massa individue dus, sonder politieke diversiteit.[154.]

Die daarstelling van 'n wêreldstaat deur politieke eenheid word benader uit die oogpunt van verskillende skole, staatsmanne en bewegings. Ons werp slegs 'n bondige blik op die drie sentrale gedagterigtings binne hierdie kader.

(a) Die Federale Struktuur

Die federale struktuur is besonder populêr. Die VSA en USSR is op hierdie basis gefundeer.[155.] Op 4 Maart 1801 sê President Thomas Jefferson in sy openingstoespraak as Amerikaanse President:

„Let us, then, with courage and confidence pursue our own Federal and Republican principles,..."[156.]

153. Morgenthau, H.J., Op.cit., p. 470.

154. Juis omdat die tussenstaatlike 'n publiekregtelike karakter dra, en dus die begrensing van die korrelatiewe verhouding tussen die deelgenote poneer, is die nasionale staat onaanvaarbaar vir die „one-worlders".

155. Vgl. Rossiter, C., Parties and Politics in America, The New American Library, New York, 1964, p. 3: „You say our divisions began with federalism and anti-federalism, Alas!, they have existed in America from the first plantation!"

156. Living Documents of American History, United States Information Service, 1970, p. 32. Vgl. ook Lawson, K., Political Parties and Democracy in the United States, Charles Scribner's Son's, New York, 1968, p.13.

In die kern kom federalisme dan neer op die afstaan van sekere regte aan die wêreldstaat terwyl die federale komponente sekere magte vir die eie jurisdiksie oorhou:

> „A federation is the result of an associative process: a number of independent states establish common links in order to benefit each other economically and to set up effective joint defenses."[157.]

sê Strausz-Hupé.

Die federaliste sien dus 'n wêreldstaat waarvan die swaard skerp genoeg is om die algemene beleid te handhaaf, gerugsteun deur ondergeskikte selfbestuur van die oorspronklike statery. Die fundering dus van dubbele soewereiniteit. Oor sekere sake besit die statery dan soewereiniteit of gekwalifiseerde mag wat egter deur die superieure mag van die federasie oorheers sal kan word.[158.] Die federasie bly egter steeds die sentrum van alle beslissings vanweë die swakheid van die samestellende komponente, teenoor die kolos wat geskep is. Voorts vereis die federale struktuur dat alle nasionale state hulle reg op swaardmag sal moet opgee, want dit is juis die oorsaak van alle oorloë.[159.]

Histories steun die wêreldfederalisme graag op die Amerikaanse patroon, maar veral sedert die dertigerjare van die

---

157. Strauss-Hupê, R., Possony, S.T., International Relations, P. 313.

158. Vgl. Wessels, F.J.H., Die Republikeinse Grondwet, Nasionale Boekhandel, Beperk, Kaapstad, 1962, p.28.

159. Vgl. Goodspeed, S.S., The Nature and Function of International Organizatin, Oxford University Press, London, 1959, p. 615.

twintigste eeu is daar letterlik honderde groepe wat op die benadering voortborduur. Hiervan is die „United World Federalists"[160.] en die „European Union of Federalists"[161.] van die vernaamste wat die ideaal nastreef. Dit skyn dus asof die wêreldfederaliste onomwonde 'n sentrale wêreldregering as die Utopiese doelwit beskou. Daarom moet die VVO, as die tyd ryp is, verander word om konstitusioneel die wêreldregering daar te stel:

> „.....making use of the amendment processes of the United Nations to transform it into such a world federal government."[162.]

aldus Wilcox.

### (b) Die Regionale Struktuur

Regionalisme as teoretiese benadering van die wêreldpolitiek bly in ons dag steeds aktueel. Veral na die Tweede Wêreldoorlog skiet die regionale strukture soos paddastoele op omdat die nasionale state gerieflikheidshalwe vir die chaos en bloedvergieting verwyt kon word.[163.] Een van

---

160. Ibid., p. 617.

161. Vgl. Schleicher, C.P., Introduction to International Relations, Prentice-Hall, New York, 1954, p. 857. Hierdie Organisasie glo onder andere ook dat die bipolêre magsverdeling moet verdwyn en dat magsewewig op die tussenstaatlike forum aan die orde moet wees.

162. Vgl. Wilcox, O., Proposals for Changes in the United Nations, The Bookings Institution, Washington, 1955. p. 70.

163. Vgl. Nye, J.S., International Regionalism, Little, Brown and Company, Boston, 1968, p. 1., Lerche, C.O., Said, A.A., Op.cit., p. 274; Hartmann, F.H., Op.cit., p. 295; Deutsch, K.W., The Analysis of International Relations, Prentice-Hall, New Jersey, 1968, p. 182.

die merkwaardigste ontwikkelings van internasionale verhoudings na 1945 was dus die ontstaan en stigting van streeksgroeperinge op al die kontinente.

Die tussenstaatlike moet hiervolgens rus op die fondament van regionalisme waardeur sekere gebiede ekonomies, geografies of polities territoriaal afgebaken word. Sodoende kan daar 'n groter mate van kontrole, vrede en veiligheid binne die territoriaal afgebakende gebiede heers. Prof. Etzioni, welbekende apologeet van regionalisme, verwerp sonder meer die bestaan van die nasionale staat:

> „......the rise of regional communities may provide a steppingstone on the way from a world of a hundred-odd states to a world of a stable and just peace. Such an achievement seems to reguire the establishment of a world political community."[164.]

Deutsch propageer weer die veiligheidsgemeenskap van state as stimulant vir die bevordering van regionalisme.[165.] Lojaliteite ten opsigte van streeksgroeperinge as die funderingsbasis van die tussenstaatlike is dus steeds besig om toe te neem.[166.]

---

164. Etzioni, A., Political Unification, Holt, Rinehart and Winston, New York, 1965, p. x.

165. Vgl. Deutsch, K.W., e.a., Political Community and the North Atlantic Area, Princeton, University Press, Princeton, 1967, p. 5.

166. Vgl. Haas, E.B., Whiting, A.S., Op.cit., p. 491; „Regional considerations and ties dominate in the life of the international society." Vgl. ook Luyt, N., 'n Studie van Regionalisme in die Wêreldpolitiek, met besondere aandag aan Suider-Afrika, Ongepubliseerde M.A. -Verhandeling, U.O.V.S., 1969, p. 11.

Oor die eie aard van die streeksgroepering as sodanig bestaan daar 'n Babelse verwarring van wisselende menings en definisies. Geografiese aangrensing word deur baie as die belangrikste beskou hoewel dit dikwels deur meer dinamiese faktore op die agtergrond gedruk word.[167.] Hierby moet nog gevoeg word kulturele, sosiale en politieke verbindingshomogeniteite en ook die bevordering van magsewewig. Die herstel van magsewewig sal ook baie dikwels regionalisme in die hand werk.[168.]

Ten slotte dan aandag aan faktore wat aanleiding gee tot die ontstaan van streeksgroeperinge. Daar is eerstens militêre gemotiveerdheid wat aanleiding gee tot bande van nouere samewerking tussen bedreigde state. In hierdie lig kan NAVO[169.]; SVO; SOAVO, en die Anzus-Pakt aan die kant van die Westerse kragmonstering gesien word. Hierteenoor hanteer die kommunistiese ideologie die Warschau-Verdrag en die Bandoeng-neutralisme.[170.] Supra-nasionale instellings wat in die klimaat van die Koue Oorlog die soewereine swaardmag van sy samestellende komponente opeis.

---

167. Vgl. hier Amerika se betrokkenheid by die SOAVO en Anzus-Pakt, waar kommunistiese bedreiging 'n sterk stimulant vir militêre regionalisme met 'n beskermende supermoondheid is, wat geografies baie ver verwyder is.

168. Vgl. Yalem, R.J., Regionalism and World Order, Washington, Datum Onvermeld, p. 7, p. 15, en p. 11.

169. Vgl. Deutsch, K.W., The Analysis of International Relations, Op.cit., pp. 182-184.

170. Vgl. Padelford, N.J., Lincoln, G.A., Op.cit., p. 474, en Green, F., Op.cit., p. 691.

Naas militêre faktore bly ekonomiese oorwegings in die tweede plek die belangrikste enkele moment. Ekonomiese integrasie moet dus bevorder word sodat die ekonomiese bronne van alle state ten volle geëksploiteer kan word. Veral in Europa sou ekonomies-gemotiveerde regionalisme gestalte vind in Benelux, die OEEC, EPU, Euratom, EPA en die Europese Staal- en Steenkool-Gemeenskap.[171.] Oor die algemeen beskou gee hierdie ekonomiese faktore dikwels aanleiding tot die politieke integrasieproses.

Winston Churchill is in die jare na die Tweede Wêreldoorlog 'n groot voorstander van 'n Europese Unie.[172.] Die politieke integrasie is dus die proses waar politieke akteurs van die verskillende lande hulle lojaliteite, verwagtings en politieke aktiwiteite na 'n nuwe sentrum verskuif, en hierdie instellings eis dan die jurisdiksie oor die bepaalde nasionale state op.[173.] Weer eens is Wes-Europa die sentrum waar politieke integrasie praktiese manifestasie vind. Die Raad van Europa, die Nordiske Rad en die Wes-Europese Unie is almal geprojekteer op nouer aaneen-

---

171. Vgl. Wessels, F.J.H., Diktaat vir Staatsleer II, Op.cit., pp. 40-43; Deutsch, K.W., The Analysis of International Relations, Op.cit., pp. 184-190 en Ferreira, Op.cit., pp. 96-98.

172. Vgl. Seaman, L.D.B., Post-Victorian Britain, Methuen and Company, London, 1966, p. 472. Veral Churchill se bekende „Iron Curtain" toespraak wat hy op 4 Maart 1946 by Fulton in die V.S.A. hou, is hier van belang: „From Stettin on the Baltic to Trieste on the Adriatic an iron curtain has descended across the continent." Hierdie kommunistiese bedreiging was die hoofmotivering wat Churchill vir die vorming van nouer politieke aaneengeslotenheid in Wes-Europa voorgehou het.

173. Vgl. Haas, E.B., The Uniting of Europe, Stevens and Sons, Ltd., London, 1958, p. 16.

skakeling op politieke gebied. Etzioni bevestig dat hierdie eenheidsimpuls op politieke gebied die superstelsel kan stimuleer[174.] die Unitêre Wêreldstaat onder 'n wêreldregering - ons volgende gedagteskof.

(c) Die Unitêre Wêreldstaat

Die transformasiedenke, op unitêre lees geskoei, sou veral vergestalt word in die Volkebond en die VVO. Die daarstelling van 'n internasionale organisasie om die vrede en veiligheid te bewaar, het vir baie eeue die gees van die mens besig gehou. Hoog was dus die verwagtings van die Volkebond om, uit die puinhope vandie Eerste Wêreldoorlog, die magshandhawer en draer van die swaard van 'n staatsoorkoepelende organisasie te wees.[175.] Die Volkebond word egter juis die karikatuur van sy eie doelstellings.[176.]

Die mislukking van die Volkebond was desnieteenstaande geen remmende faktor in die bewieroking en magtige toekomsperspektiewe wat daar oor die VVO gekoester is nie.

> „The peoples and politicians of the Western State System in 1945-46 revived the League of Nations under a new name and resumed the ancient game of power politics under the spell of new symbols

---

174. Vgl. Etzioni, A., Op.cit., p. 53.

175. Greene, F., Op.cit., p. 535; Schumann, F.L., Op.cit., p. 213; Morgenthau, H.J., Op.cit., p. 423; Padelford, N.J., Lincoln, G.A., Op. cit., p. 22 447.

176. Schumann, F.L., Op.cit., p. 226. Vgl. ook Barros, J., Betrayal from Within, Yale University Press, London, 1969. Let veral op die bedanking van die tweede Sekretaris-Generaal van die Volkebond, Joseph Arenol, in 1940; Larus, J., From Collective Security to Preventive Diplomacy, John Wiley and Sons, New York, 1968, p. 176.

despite the experiences of 1919-39."[177]

sê Schuman. Van die begin van die VVO se bestaanstydperk af merk ons dus reeds die transformering van nasionale swaardmag na internasionale swaardmag.[178] Tydens die Kongo-krisis het dit baie duidelik geblyk dat die soewereiniteit van die Kongo veronagsaam is en dat dit ook geskend is deur die totalitêre militêre optrede van die VVO.[179] In die naam van vrede mag die VVO dus die nasionale soewereiniteit resloos opdoek - 'n internasionale kollektiviteit wat die nasionale staat omwoel na die aanvaarding van 'n nuwe lojaliteit, die VVO. So erg het die strewe geword dat die VSA in 1961 bereid was om sy volle weermag aan die VVO oor te dra.[180]

Ons kan konkludeer dat, alhoewel die VVO in beginsel struktuurbehoudend gekonsipieer is, dit nogtans in sy strewe na 'n wêreldparlement struktuurverwoestend optree. Nasionale soewereiniteit word onmiskenbaar binne die VVO ondergrawe ten bate van 'n wêreldregering. 'n Magtige Leviathan waarvoor die VVO die drumpelposte vorm. Die gevaar hiervan is duidelik:

---

177. Schumann, F.L., Op.cit., p. 227. Vgl. ook Greene, F., Op.cit., pp. 530-532.

178. Vgl. Kelsen, H., The Law of the United Nations, Stevens and Sons, Ltd., London, 1950, p. 19, Waar 'n VVO-taakmag toegelaat word om tydens 'n burgeroorlog in te meng ten einde die wêreldvrede te bewaar.

179. Vgl. Griffen, G.E., The Fearful Master, Western Islands Publishers, Boston, 1964, p. 45 e.v. Weens kommunistiese infiltrasie en dubbele standaarde vind ons in 1956 geen herstel van die orde, vrede en vryheid van Hongarye deur die VVO as hierdie land se vryheidstrewe deur die swaard van die Kremlin vernietig word nie.

180. Vgl. Roberts, M.A., Victory Denied, Hallberg and Company, Chicago, 1966, p. 80.

> „Whatever else the United Nations may be and may become, it is not and cannot be a great power; the dream of confering great status upon it strikes me as a great delusion."[181].

Op politieke vlak volg die „One-Worlders" dus verskeie peilvakke tot die proklamering van hulle magtige superstruktuur. Ook hier is die gevare van grens- en struktuuroorskreiding wesenlik. Enige teoretiese benadering van die tussenstaatlike wat die nasionale staat as fundamentele basis verwerp, is byvoorbaat gedoem tot mislukking.

## V. Die Wêreldstaat deur Funksionele Eenheid

As 'n verlengstuk van die politieke pluralisme, wat die bestaan van staatsoewereiniteit ontken, word daar in die funksionele benadering volksoewereiniteit in wêreldformaat aan die orde gestel. Soewereiniteit van die staatsburgers word oor die grense van die nasionale staat uitgedra en die mensheid word soewerein op die ganse forum van die stategemeenskap van die wêreld. Hierdie begrip, wat inderdaad baie vaag is, hanteer dan alle gesag en deur die meerderheidswil word dit oorgedra op die wêreldstaat wat geskep moet word.[182]. Staatsoewereiniteit word gereduseer tot karikature onder 'n omvattende wêreldgemeenskap.

---

181. Claude, I.L., The Changing United Nations, Random House, New York, 1962, p. 121.

182. Vgl. Wessels, F.J.H., Diktaat vir Staatsleer II, Op.cit., p. 46.

Deurgevoer op alle terreine vind ons die mensdom saamgesnoer in wêreldorganisasies volgens groeps- of beroepsbelange, d.w.s. funksioneel.[183] Op haas elke lewensterrein - kerklik, kultureel, ekonomies, akademies, en ook boere en regsgeleerdes - word daar na wêreldaansluiting gestreef. Belangegroeperinge is dus universeel; gebaseer op 'n wêreldskaal. Derhalwe word die leerstuk van politieke pluralisme aangebied wat in wese op staatsnihilisme neerkom. Die eenheid van die staatsverband moet disintegreer in 'n federalisme van onderling onafhanklike sindikate wat elk 'n bepaalde vertakking van publieke dienste administreer en die besondere belange van hulle dienste behartig.[184]

Prof. Mitrany, wat tereg die vader van die funksionele benadering genoem kan word, sien in die pluralisme die moontlikheid van 'n wêreldomvattende staat op weg na ware wêreldvrede. Met die groei van internasionale funksionele organisasies volg daar 'n toenemende verswakking van die swaardmag in elke nasionale staat.[185] Die funksionele transformasiedenkers is dus in hulle soeke gerig op 'n bindende gesagstruktuur op 'n bepaalde lewensaktiwiteit, ten einde sodoende weg te breek van die tradisionele benadering van begrensde staatsterritoriums - die saambinding van groepsbe-

---

183. Vgl. Ferreira, L.J., Op.cit., p. 37.

184. Vgl. Dooyeweerd, H., De Crisis der Humanistische Staatsleer, N.V. Boekhandel, W. Ten Have, Amsterdam, 1931, p. 155. Vanuit die politieke pluralisme het die funksionalisme dan ontwikkel.

185. Vgl. Mitrany, D., A Working Peace System, Quadrangle Books, Chicago, 1966, p. 151.

lange van die verskillende volkshuishoudings.[186] Verhewe bo eie nasionale aspirasies.

Ons koester ernstige bedenkinge teen die utopiese kosmopolitisme waar die nasionale staat in beginsel verwerp word en beroeps- en belange-egoïsme die sluitsteen van internasionale verhoudings vorm. Die beroep word die versuikerde pil, die samesnoering van korporativistiese diktature in wêreldformaat. Daarom pas die stelreël van die kommunisme, „de arbeider heeft .... geen vaderland,"[187] uitnemend in die kader van die funksionalisme. Gefundeer in die dialektiese materialisme en die onvermydelike samesnoering van die arbeidermassas, werk die kommuniste ongetwyfeld funksionalisties in die bereiking van hulle ideale. Voorts moet daar ook op gewys word dat daar verskeie internasionale organisasies is wat 'n funksionele inslag vertoon.[188]

Ook die funksionele benadering van die wêreldstaat kom uit antinormatiewe huis, uit die vaarwater van die „One-Worlders", hierdie keer slegs in ander gewaad. Die grootste gevaar is egter daarin geleë dat dit groter stukrag aan die dogmas van Moskou en Peking verskaf.

---

186. Ibid., p. 27. Hierdie nuwe benadering sal dan aldus Mitrany vry wees van dogma: „... to offer a practical line of action that might overcome the deepest division between the needs of material unity and stubborn national loyalties." p. 28.

187. Zuidema, S.U., Op.cit., p. 47.

188. Let op die Wêreldarbeidsorganisasie; Die Wêreldfederasie van Vakbonde en die Internasionale Assosiasie van Juriste. Internasionalisme word ongetwyfeld uitgedra deur hierdie organisasies, almal is gerig op die funksionele wêreldstaat, party openlik, ander meesal bedek.

### VI. Evaluasie

Die eeue-oue visioene oor 'n wêreldstaat vind vandag steeds fantastiese aanhangers, eskatologiese vergesigte van humanisties-ontwortelde intelligentsia. Die wêreldstaat bly egter steeds 'n ontvlugting, 'n magtige Leviathan, gegrondves op die toring van Babel met die wêreld aan sy voete. 'n Felle teenspraak met die diepe religieuse verankerdheid in die Ewige Raadsplan van God vir die verhoudings tussen state. Die tussenstaatlike moes van meet af aan aanvaar dat dit fungeer op die basis van die nasionale staat en dit sal ook die basis tot aan die voleinding bly - die aanslae van internasionalisme ten spyt! Die bruikleen van ander vakwetenskappe was in teoretiese sin ook aanloklik, sodat ook die politieke wetenskap gekoppel is aan dissiplines uit natuurwetenskaplike huis, teneinde die sogenaamde wetmatigheid van tussenstaatlike gebeure bloot te stel. Voorbeeld hiervan sal ons vervolgens aan die orde stel in die Geo-Politika.

## F. DIE GEO-POLITIEKE BENADERING

### I. Inleiding

Die belangrikheid van die geografie vir die wêreldpoltiek het daartoe aanleiding gegee dat 'n bepaalde denkrigting, waar die aardrykskundige of fisiese wetmatige kode tot

norm verhef word, ontstaan het.[189.] Die ou Griekse en Romeinse wysgere het reeds met geopolitieke probleme geworstel.[190.] Op 1 Desember 1862 verklaar Abraham Lincoln voor die Amerikaanse Kongres:

> „A nation may be said to consist of its territory, its people, and its laws. The territory is the only part which is of certain durability. <u>One generation passeth away, and another generation cometh, but the earth abideth forever.</u> It is of the first importance to duly consider and estimate this ever enduring part."[191.]

Die belangrikheid van die geografie, as territoriale en konstante natuurwetmatige gegewe vir die tussenstaatlike, is veelseggend.[192.] Sonder geografiese grondgebied sou geen staat immers kon bestaan nie. Hierdie fisies-wetmatige lei

---

189. Naas vakwetenskaplikes uit internasionaal-politieke huis lewer baie geograwe ook 'n belangrike bydrae tot die ontwikkeling van die Geo-Politika. Vgl. Pearcy, G.E., (red). <u>World Political Geography</u>, Constable and Company, London, 1957, pp. 407-410; Carlson, L., <u>Geography and World Politics</u>, Prentice-Hall, New Jersey, 1958; pp. 14-22; Alexander, L.M., <u>World Political Patterns</u>, Rand Mcnally and Company, London, 1963, pp. 20-28, Bowman, I., <u>The New World</u>, George Harrap and Company, London, 1926, pp. 1-12; en Pahl, W., <u>Das Politische Antlitz der Erde</u>, Wilhelm Goldmann Verlag, Leipzig, 1938.

190. Vgl. Carlson, L., <u>Op.cit.</u>, p. iii

191. Weigert, H.W., Stefansson, V., Harrison, R.E., <u>New Compass of the World</u>, Macmillan Company, New York, 1953, p. VII.

192. Vgl. Olson, W.C., Sondermann, F.A., <u>Op.cit.</u>, p. 129; Haas, E.B., Whiting, A.S., <u>Op.cit.</u>, p. 84 en Sprout, H. en M., in Jackson, W.A.D., <u>Politics and Geographic Relationships</u>, Prentice-Hall, New Jersey, 1964, p. 36.

tot die teoretiese verabsolutering van die geografie, soos verteenwoordig by die geopolitici, en was verantwoordelik vir nog 'n anti-normatiewe benadering van die tussenstaatlike.

Veral sedert die begin van die 20ste eeu was daar dan verskeie persone wat die geo-politika as funderingsbasis van die wêreldpolitiek aanbied.[193] Baie het dit aangegryp om hulle imperialistiese uitbreidings- en grondinpalmingsdrange filosofies te verantwoord.[194]

## II Eksponente van Geo-politika

Die basis van die geopolitieke benadering word gelê deur Sir Halford Mackinder in 'n lesing: „The Geographical Pivot of History" wat hy in 1904 in London hou.[195] Die invloed van hierdie lesing was inderdaad fenomenaal.

> „Few papers presented to a learned society have been more significant than this one."[196]

beweer Pounds. Mackinder was daarvan oortuig dat sekere

---

193. In Suid-Afrika sou veral G.D., Scholtz, baie aandag aan hierdie benadering gee. Vgl. Scholtz, G.D., Op.cit., pp. 160-173.

194. Veral Hitler se „Third Reich" steun op hierdie regverdiging ten opsigte vansy territoriale diefstal voor die Tweede Wêreldoorlog. Vgl. Van Valkenburg, S., Stotz, C.L., Elements of Political Geography, Prentice-Hall, New York, 1955, p. 40.

195. Greene, F., Op.cit., p. 168; Morgenthau, H.J., Op.cit., p. 153. Olson, W.C., Sondermann, F.A., Op.cit., p.140, Alexander, L.M., Op.cit., pp. 23-24; Crone, G.R., Background to Political Geography, Museum Press Limited, London, 1967, p. 40, en Pounds, N.J.G., Op.cit., p. 396.

196. Pounds, N.J.G., Op.cit., p. 396. Tog was daar baie kritiek op die onakkuraatheid van historiese en geografiese data van die lesing. Vgl. Ibid., p.397: „It would be difficult to find an essay of comparable length and reputation that is more indefensible in terminology and ideas than Mackinder's...."

geografiese realiteite die toekoms van wêreldgebeure sou beïnvloed en aan die hand van hierdie gewaarwordings proklameer hy sy bekende hartlandteorie. Mackinder onderskei eerstens die wêreld-eiland bestaande uit Asië, Afrika en Europa. Binne hierdie wêreld-eiland val dan die hartland, oos van die ystergordyn. Voorts poneer hy die binne halwe maan bestaande uit die randgebiede van die hartland, naamlik Noorweë, Wes-Europa, die Midde-Ooste, Indië, Suidoos-Asië en Oos-Siberië. Laastens word die Amerikas en die oorblywende geografiese entiteite as die buite halwe maan bestempel.[197.] Uit hierdie teorie lei Mackinder voorts af dat wie die hartland beheer uiteindelik die ganse tussenstaatlike sal domineer:

> „Who rules east Europe commands the Heartland; who rules the Heartland commands the World-Island; who rules the World-Island commands the World."[198.]

Hierdie eksponent van geopolitiek dui voorts ook op die strategiese ligging van Duitsland ten opsigte van die hartland. Vir hom was Duitsland 'n potensiële gevaar om die hartland te oorheers.[199.] Tydens die Tweede Wêreldoorlog

---

197. Verskeie skrywers gee breedvoerig aandag aan hierdie teorie van Mackinder. Vgl. Padelford, N.J., Lincoln, G.A., Op.cit., pp. 107-108; Morgenthau, H.J., Op.cit., pp. 153-154; Pounds, N.J.G., p. 396; Schumann, F.L., Op.cit., pp. 300 en Pearcy, G.E., Op.cit., pp.20-22.

198. Mackinder, H.J., Democratic Ideals and Reality, Henry, Holt and Company, New York, 1919, p. 150.

199. Vgl. Schumann, F.L., Op.cit., p. 300; Pearcy, G.E., Op.cit., p. 22. Daarteenoor poneer Morgenthau dat Mackinder Rusland as die dominerende Wêreldmoondheid sien. Morgenthau, H.J., Op.cit., p. 154.

verklaar Mackinder dat sy teorie met verloop van tyd steeds meer aktueel en bruikbaar word.

Rudolf Kjellen, Sweedse hoogleraar in Geskiedenis en Staatsleer, is die eerste om die term „Geopolitiek" te gebruik en onderskei ook vir die eerste maal tussen geopolitiek en politieke geografie.[200] Vir hom is die staat 'n lewende organisme en sy voortgang berus tipies evolusionisties in die volk, kultuur, ekonomie en die regering.

Die Duitse geograaf, Karl Haushofer, kom sterk onder die invloed van Mackinder en ontleen die term geopolitiek van Kjellen, sodat hy mettertyd sinoniem met die begrip word.[201] Hy word later hoof van die Duitse instituut vir geopolitiek en word 'n belangrike intellektuele figuur in Hitler se Nazi-Duitsland.[202] Hy hanteer in navolging van Mackinder die stryd tussen maritieme volke en landelike volke en verklaar dat 'n land sy geografiese grondgebied moet uitbrei of ondergaan.[203] Haushofer se geopolitiek steun dus baie sterk op die attribuut van mag:

---

200. Vgl. Carlson, Op.cit., p. 16; Alexander, L.M., Op.cit., p. 19.

201. Carlson, L., Op.cit., p. 17. Haushofer promoveer „summa cum laude" aan die Universiteit van München. Vgl. Pearcy, G.E., Op.cit., p. 18.

202. Volgens Hess het Haushofer Hitler in die tronk besoek terwyl hy besig was om „Mein Kampf" te skryf. Hoofstuk XIV van „Mein Kampf" waarin Hitler sy ideë van „Lebensraum" ontleed is dan geinspireer deur Haushofer se teorië. Vgl. Carlson, L., Op.cit., p. 18.

203. Hierin vind Haushofer aansluiting by 'n ander geopolitikus, Friedrich Ratzel.

> „Geography, particularly war geography, became a national preoccupation which influenced postwar Germany from elementary school to university seminar, from street corner and bookstore to factory, club, beer-hall, and dinner table."[204.]

aldus Weigert.

Die leiersfiguur onder die Amerikaanse geopolitici is Nicholas Spykman, wat in navolging van Mackinder die geopolitiek definieer as:

> „....the planning of the security policy of a country in terms of its geographic factors."[205.]

Die geografiese ligging van 'n staat bepaal volgens Spyman sy buitelandse politiek. Vir hom is die randgebied van die hartland die belangrikste en die beheer daaroor impliseer wêrelddominasie.[206.] Vir Spykman moet daar steeds gesoek word na 'n brug tussen die geografie en die tussenstaatlike en die geografie bly vir hom steeds die mees fundamentele kondisioneringsfaktor: Hy verklaar dan ook:

> „The geographical determinism which explains by geography all things from the fourth symphony to the fourth dimension paints as distorted a picture

---

204. Weigert, H.W., Stefansson, V., Harrison, R.E., Op.cit., p. 24.

205. Spykman, N.J., The Geography of the Peace, Harcourt, Brace and Company, New York, 1944, pp. 5-6.

206. Vgl. Ibid., p. 43.

> as does an explanation of policy with no reference to geography."[207]

Alfred Mahan staan lynreg teenoor Spykman en is in die besonder eksponent van seemag. Hy hou vol dat seemag die belangrikste faktor in die tussenstaatlike bly:

> „Mahan advanced the doctrine that control of the sea was the prime prerequisite of world power."[208]

Die maritieme mag van elke staat word deur die volgende faktore bepaal: die geografiese ligging; struktuur van die kuslyn; lengte van die kuslyn; grootte van die bevolking; maritieme handelskapasiteit en regeringskarakter, aldus Mahan.[209] Voorts hou Mahan vol dat geen land gelyktydig 'n sterk land- en seemag kan wees nie, omdat sterk mededingende aangrensende lande nooit hulle volle aandag aan die eksploitasie van die see kan gee nie.[210] Daarom sal Amerika uiteindelik Engeland se rol as die leidende maritieme moondheid oorneem.

Naas hierdie uitstaande eksponente van die denkrigting, hanteer verskeie ander persone dit as hulle teoretiese

---

207. Spykman, N.J., Geography and Foreign Policy, The American Political Science Review, Vol. XXXII, 1938, p. 30.

208. Pearcy, G.E., Op.cit., p. 24. Mahan skrywe baie boeke waarvan die belangrikste „The Influence of Sea Power upon History" deur Keiser Wilhelm II van Duitsland verpligtend in alle biblioteke van Duitse oorlogskepe gemaak is. Ibid., p. 24.

209. Vgl. Pounds, N.J.G., Op.cit., pp. 394-395.

210. Vgl. Ibid., p. 395; Pearcy, G.E., Op.cit., p. 24.

tussenstaatlike beoordelingsmaatstaf.[211] Die strategiese belangrikheid van lugmag, ook gefundeer op die geografiese, tree in die jongste tyd al sterker op die voorgrond. Veral De Seversky hou vol dat in die huidige militêr-strategiese opset 'n sterk lugmag 'n onontbeerlike gegewe is vir die behoud van vrede op die forum van die tussenstaatlike.[212] Hierdie klem op die belangrikheid van die lugmag het egter 'n beslissende terugslag gekry met die koms van interkontinentale ballistiese projektiele wat veel groter deurdringingsvermoë as bomwerpers besit en terselfdertyd baie minder kwesbaar is.[213] Home beweer:

> „Secretary McNamara believes that toward the latter part of this decade .... we must anticipate that submarine-launched missiles or others, coming with very little, if any, warning will very probably destroy the majority of aircraft on the ground."[214]

Geopolitieke oriënterings is onlangs weer opgeraap deur Harold en Magaret Sprout wat die teorieë van Mahan en Mackinder as oudmodies verwerp. Die belangrikheid van die

---

211. Ander persone wat onder meer voortborduur op geoplitieke lyn is Friedrich Rätzel, Romer, Vidal de la Blanche, Jean Gottman, Isaiah Bowman, Samuel van Valkenburg en ook Richard Hartshorne.

212. Vgl. De Seversky, A.P., Air Power: Key to Survival, Simon and Schuster, New York, 1950, p. 11.

213. Vgl. Stone, J.J., The Strategic Role of United States Bombers, in Art, R.J., Waltz, K.N., The Use of Force International Politics and Foreign Policy, Little Brown and Company, Boston, 1971, pp. 339-346.

214. Ibid. p. 340.

geografie vir tussenstaatlike gedragskodes is vir hulle daarin geleë dat menslike optrede baie beslis deur die oneweredige verspreiding van menslike en natuurlike hulpbronne gerig word.[215] Die Sprouts dui dan ook aan dat die verhoudingsdinamiek tussen state, in historiese verband, sterk geografiese konnotasies gehad het. Verdere eksponente wat, in die kontemporêre milieu, klem op die geografiese belangrikheid van die tussenstaatlike laat val, is Richard Hartshorne[216] en Albert Wohlstetter.[217]

In die kritieke aanvangsjare van die Koue Oorlog bou Amerika onder leiding van John Forster Dulles voort op die denkbeelde van Mackinder en Spykman.[218] Hierdie sogenaamde „Containment Policy" is gebaseer op die idee van twee groot magsentrums in plaas van een.

Die afgelope twee dekades, maar veral sedert 1965 word gekenmerk deur 'n ongeëwenaarde uitbreiding van die

---

215. Vgl. Sprout, H., en M., The Ecological Perspective on Human Affairs with Special Reference to International Politics, Princeton University Press, Princeton, 1965, p. 9.

216. Vgl. Hartshorne, R., A Geographic Analysis: The Functional Approach in Political Geography, in Sondermann, F.A., Olson, W.C., Mclellan, D.S., The Theory and Practice of International Relations, pp. 104-107.

217. Vgl. Wohlstetter, A., A New Concept of Geography and International Politics, in Sondermann, F.A., Olson, W.C., Mclellan, D.S., Op.cit., pp. 94-101.

218. Vgl. Morgenthau, H.J., A New Foreign Policy for the United States, Pall Mall Press, London, 1969, pp. 17-18, Kennan, G.F., Memoirs 1925-1950, Little Brown and Company, Toronto, 1967, p. 495; en Cole, W.S., An interpretive Histroy of American Foreign Relations, p. 541. „Dulles generally set the tone for American foreign policies, a tone that was not in tune with the Peace Offensive." p. 542.

Sowjet-vloot. Waar die Middellandse See vroeër as 'n Amerikaanse „plaasdam" bestempel is het die Russiese vloot die agterstand daar grootliks uitgewis.[219] Die Kremlin is ook vinnig besig om die magsleemte wat daar in die Indiese Oseaan ontstaan het te benut. Hierdie geopolitieke oriëntering van Moskou oefen baie beslis 'n bepaalde invloed op die tussenstaatlike uit. Genl. R.C. Hiemstra is baie uitgesproke oor hierdie maritiem-geografiese magsversteuring.

> „Die feit egter dat die Sowjet oor sy walle begin vloei het en veral op Afrika en sy omringende oseane, die Middellandse See, en die Atlantiese en Indiese Oseane konsentreer, verg beslis 'n hersiening van die Atlantiese Alliansie om hulle doel te bereik. Uit so 'n herwaardering moet dit duidelik blyk dat S.A. 'n sleutelposissie beklee as slot vir die Westerse Seemagte."[220]

In Chinese Kommunistiese kringe het veral Lin Pao sterk na vore getree met sy landelike en stedelike teorie gebaseer op Mao se militêre strategie. Daarvolgens moet die aanslag gerig wees op die onderontwikkelde landelike gebiede Asië,

---

219. Vgl. Hiemstra, R.C., Suid-Afrika se Strategiese Betekenis, Referaat gelewer oor die S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns, 3 Julie, 1969, p. 7.

220. Ibid., p. 8. Vgl. G.D. Scholtz wat 'n sterk geopolitieke oriëntasie en inslag vertoon: „Vir eeue lank was die Afrikaner 'n landdier, immer noord, die wildernis in, was sy blik gerig. Maar dit het tyd geword dat ons sal stilstaan en besef, dat uit die opkoms van Rusland as maritieme moondheid, die belangrikheid van die Kaapse Roete byna onberekenbaar groot geword het." Uit Scholtz, G.D., Die Afrikaner en die See, Voortrekkerpers, Johannesburg, 1969, p. 13.

Afrika en Latysn-Amerika. Vandaar dan die finale aanslag op stedelike (ontwikkelde) V.S.A., Europa en natuurlik ook Rusland.

## III. Waardebepaling

Dat geografiese faktore wel 'n rol speel in internasionale verhoudinge wil ons nie ontken nie, maar om dit tot die norm te verhef waaraan die ganse tussenstaatlike gesubordineer moet word, is onaanvaarbaar. Die teorie gaan van die veronderstelling uit dat die toekoms van die mens natuurwetmatig in 'n fisiese ruimtelikheid vasgelê is, waaraan die volkere nie kan ontkom nie. Uitgaande van hierdie teorieë sal Rusland en Rooi Sjina, noodwendig in die toekoms die wêreldpolitiek domineer. So word die toekoms van die tussenstaatlike onverbiddelik vasgelê in die wetmatigheid van geografiese gegewens met slegs die vryheid dat wie die hartland beheer, uiteindelik die militante septer van gesag oor al die state sal swaai. In hierdie lig beskou, is Amerika en die ganse Weste reeds gedoem, want wie kan die hartland beheers anders as diè wat daar woon en werk?[221].

Die geografiese faktor kan egter nooit so allesbepalend wees nie. Dinamiese faktore, soos nasionalisme en ideologie, sal dikwels die geografiese oorheers. Kernwapens het vandag buitendien die bestaan van veilige geografiese vestings tot nul gereduseer. Die koms van interkontinentale

---

221. Vgl. Wessels, F.J.H., <u>Diktaat vir Staatsleer II</u>, <u>Op.cit.</u>, p. 11.

ballistiese projektiele en atoomwapens laat die verabsolutering van die geografiese degenereer tot 'n karikatuur in historiese perspektief.

Buitendien word daar nie rekening gehou met die religieuse antitese nie. Die fisies-ruimtelike word tot maatstaf verhef en die internasionale politiek gebind aan die natuursye van die tydelike werklikheid, sonder enige verrekening van die normatiewe en sonder die finale heenwysing na die pistiese op religieuse wortel.

## G. SLOT

Die mens het in sy soeke na teoretiese prinsipes vir die verhouding tussen state, elk van die tradisionele benaderings telkens verwerp en stel sy visier steeds op die braaklande van nuwe teoretiese horisonne. Dat religieuse versplinterdheid tot hierdie tradisionele diversiteit van benaderingswyses van die vakwetenskap kon aanleiding gee, is verstaanbaar. Wat egter verbyster, is dat 'n suksesvolle aanbieding van 'n konsekwente deurvoering van 'n bepaalde benadering tot 'n totaliteitsvisie van die ganse problematiek van die tussenstaatlike, uitgebly het. Dit kan ons eerstens toeskrywe aan die gebreke en anti-normatiewe karakter van elk van hierdie benaderings en tweedens aan die feit dat die mens self, met die humanistiese vergoddeliking van homself, die gang van die tussenstaatlike wil bepaal. Die diepere religieuse dimensies, ook vir die wêreldpolitiek, gaan op in die staatsburger se eiewetlikheid.

Daarom wend die tussenstaatlike teoretici die skrede vandag na die behavioralistiese benaderings. Met die mens self aan die spits, marsjeer hulle die vakdissipline van internasionale verhoudings binne en verwerp pragmatisties enige prinsipiële beoordelingsmaatstawwe. Van die genormeerde eindstryd van die volkere, tussen die Stad van God en die stad van die duisternis, kom daar in hierdie behavioralistiese denkbeelde niks tereg nie. Nogtans oorheers hierdie behavioralistiese benadering vandag die tussenstaatlike teorieë en bly 'n kennis daarvan onontbeerlik, maar steeds gesien teen die agtergrond van die tradisionele benaderings wat diep vore in die wêreldpolitieke braakland geploeg het.

# HOOFSTUK III

# DIE ONTWIKKELING VAN DIE BEHAVIORALISTIESE BENADERING VAN TUSSENSTAATLIKE VERHOUDINGS

## A. OORSPRONG EN ONTSTAAN

Oor die vroegste wortels en die ontstaan van die behavioralisme in die tussenstaatlike, bestaan daar geen eenstemmigheid nie. Inteendeel, die benadering word van die begin af gekenmerk deur weersprekende vertolkings en verklarings.[1.] Die twee lande wat hoofsaaklik hierdie rigting inisieer en stimuleer is die Verenigde State van Amerika en, in 'n geringer mate, Engeland.[2.]

Reeds van die Eerste Wêreldoorlog af, maar meer gepresiseerd in die tweede dekade van hierdie eeu, word die term politieke behavioralisme in Amerika gebruik. In 1923 verskyn „New Aspects of Politics" uit die pen van Charles E. Merriam[3.] - 'n persoon wat later 'n diepgaande invloed op die ontwikkeling van die rigting sou uitoefen. In 1928 verkry behavioralisme vir die eerste keer in die titel van 'n boek

---

1. Dahl, R.A., en Eulau, H., Behavioralism in Political Science, Atherton Press, New York, 1966, p. 69. Onderskeid moet ook hier gemaak word tussen behavioralisme betreffende internasionale verhoudings en die wat op ander vakdissiplines van toepassing is.

2. Vgl. Blondel, J., Hall, R., Conflict, Decisionmaking and the Perceptions of Local Councillors, Political Studies, Vol. XV., October, 1967, p. 322. Volgens Blondel en Hall val die klem in Amerika op beslissingsanalise terwyl die Engelse akademici hulle meer bepaald toespits op funksionele analise.

3. Vgl. Isaak, A.C., Scope and Methods of Political Science, The Dorsey Press, Illinois, 1969, p. 36.

gestalte.[4] Dit was egter eers die Sweed, Herbert Tingsten wat in 1937 behavioralisme in die politieke sfeer gebring het met sy werk „Political Behaviour: Studies in Election Statistics".[5]

Van die begin van die dertigerjare af ontstaan daar dan 'n kragtige behavioralistiese tendens in die VSA - aanvanklik slegs toegespits op huishoudelike en binnelandse politieke aangeleenthede.

Die Universiteit van Chicago met Charles E. Merriam aan die spits, word die basisvormende rigtinggewende dryfkrag in die hele beweging.[6] Harold Lasswell, V.O. Key, David Truman, Herbert Simon en Gabriel Almond wat later suksesvolle eksponente van hierdie beweging word, was in die jare voor die Tweede Wêreldoorlog almal studente van Merriam.[7]

---

4. Vgl. Eulau, H., Op.cit., p. 69. Die boek was Kent, F., Political Behaviour, The Heretofore Unwritten Laws, Customs and Principles of Politics as Practised in the United States.

5. Ibid., p. 69.

6. Vgl. Ibid., p. 70. Alhoewel G.E.G. Catlin van die Universiteit van Cornell dieselfde oortuigings verkondig bly die „Chicago-skool" die bakermat. „But the collective impact of „The Chicago School" as it was sometimes called, was greater than that of a single scholar." Vgl. ook Lerche, C.O., Said, A.A., Concepts of International Politics, p. 4 waar die Universiteite van Princeton en Yale ook as ondersteuners van die nuwe rigting genoem word.

7. Vgl. Ibid., p. 70.

Die ontnugtering van die Tweede Wêreldoorlog lei tot die finale kulminasie van politieke geloof in die behavioralisme:[8.] Eulau sê dan ook:

> „..... many American political scientists temporarily vacated their ivory towers and came to grips with day-to-day political and administrative realities ......"[9.]

Behavioralisme het nou finaal sy beslag in die kader van die tussenstaatlike as intellektuele dissipline gekry. Vir die voorstanders van hierdie nuwe teoretiese denkrigting was dit 'n noodsaaklike ontwikkelingstadium in die teoretiese vormingsbane van die internasionale politiek:

> „Every intellectual discipline seems to pass through a number of stages on the road from folklore to science",[10.]

verklaar Singer.

Alhoewel skrywers soos L.L. Thurston, Ross Stagner, Brown, Gundlach, White en Klineberg vroeg in die veertigerjare pionierswerk op die gebied lewer, sou eers Gabriel Almond die vernaamste denkbeelde tot op daardie stadium saamvat in sy boek „The American People and Foreign Policy" wat

---

8. Die jare net na die Tweede Wêreldoorlog is vir baie die beginpunt van behavioralisme in internasionale verhoudings. Vgl. Edwards, D.V., International Political Analysis, p. 16; Said, A.A., Theory of International Relations, The Crisis of Relevance, Prentice-Hall, New Jersey, 1968, p. 27; Kelman, H.C., International Behaviour, pp. 2-4; Farrell, J.C., Smith A.P., Theory and Reality in International Relations, Columbia University Press, New York, 1967, p. 24.

9. Eulau, H., Op.cit., p. 71.

10. Singer, J.D., Quantitative International Politics, The Free Press, New York, 1968, p. 1.

in 1950 gepubliseer word.[11]

Die pioniers- en baanbrekerswerk op die gebied was egter „The Political System" van David Easton wat, in 1953 gepubliseer is.[12] Hierna wen die behavioralisme geweldig baie veld in die verskillende vertakkings wat die nuwe benadering spoedig in die tussenstaatlike dissipline laat uitkristalliseer - denkrigtings en eksponente wat ons in die volgende hoofstukke volledig aan die orde gaan stel.

## B. AANLEIDENDE OORSAKE VIR DIE ONTWIKKELING VAN DIE BEHAVIORALISTIESE BENADERING

Verskeie faktore stimuleer die ontstaan en die ontwikkeling van hierdie nuwe teoretiese benadering van die wêreldpolitiek. Die oortuiging het by baie intellektuele begin posvat dat die tradisionele teoretiese benadering net nie in staat is om die toenemende spanning en konflikpotensiaal op die forum van die tussenstaatlike die hoof te bied nie. Daar moes radikaal gebreek word met die teoretiese denkbeelde van die verlede

> „One is inclined to reply with perhaps some exaggeration: The American political scientist is born free, but is everywhere in chains, tied to a hyper-

---

11. Vgl. Kelman, H.C., Op.cit., p. 4.

12. McCoy, C.A., Playford, J., Apolitical Politics: A Critique of Behavioralism, Thomas Y. Crowell Company, New York, 1967, p. 1. Vgl. ook Easton, S., A Framework for Political Analysis, Prentice-Hall, New Jersey, 1965, waar hy op p. 22 beweer: „Unlike the great traditional theories of past political thought, new theory tends to be analytic, not substansive, explanatory rather than ethical, more general and less particular".

> factual past,"[13]

sê Easton. Volgens Easton, het die tradisionele filosofiese benaderings slegs stagnasie en verstarring in die hand gewerk

> „.....It has become transparently clear that political theory is not, need not be and ought not to be, a monolithic subject confined exclusively to moral and philosophical inquiry."[14]

Hierdie radikale breuk met die fundamentele teorieë van die tussenstaatlike, gepaar aan die ontnugtering van twee wêreld-oorloë in die tydsbestek van een geslag, het dus groot stukrag aan die soeke na nuwe denkbeelde verleen. Die tussenstaatlike teorieë het te stadig ontwikkel in 'n wêreld waar 'n versnelde tempo reeds kenmerkend van die ander vakdissiplines geword het.

En juis hierin lê daar nog 'n faktor opgesluit; die begeerte om nie agter te raak by die rewolusionêre veranderings wat die ander vakwetenskappe besig was om te ondergaan nie.[15] Charlesworth poneer:

> „We must pause to see this development as a reaction to and reflection of the fact that all the social sciences are together advancing to a new stage -

---

13. Easton, D., <u>The Political System</u>, p. 47.
14. Easton, D., <u>A Systems Analysis of Political Life</u>, p. 5.
15. Die eerste vakrigting wat die skrede na die behavioralisme gewend het was die sielkunde, vroeg in die dekade van 20 van ons eeu. Vgl. Charlesworth, J.C., <u>Contemporary Political Analysis</u>, The Free Press, New York, 1967, p. 35.

> one of increased scientific maturity
> I am tempted to say"[16.]

Harold Lasswell, nog 'n groot apologeet verklaar:

> „No one imagines that political science alone among the arts and sciences will remain unaffected by the changes through which the world is moving".[17.]

Die rewolusionêre verandering moes ook deel word van die wêreldpolitiek - 'n reaksionêre tussenstaatlike benadering wat ook ideologiese verskille en grondslae op die agtergrond moet skuif.

Die afkeur aan ideologiese voorveronderstellings, filosofiese grondslae en volkeregtelike prinsipes, sou ook as aanleidende stimulant vir die hele beweging dien.[18.] Die ideologiese benadering van die tussenstaatlike hou nie langer tred met die werklikheid nie. Daarom breek baie behavioraliste met die ideologie omdat dit volgens hulle geen

---

16. Ibid., p. 18. „In broadest perspectives the present tasks confronting our dicipline remind us that science can never be allowed to become the dead hand of the past that constricts the present. Science must remain a living, growing set of ideas adaptable to changing needs by the way it orders its priorities" ... Vgl. Easton, D., The Political System, p. 17.

17. Lasswell, H., The Future of Political Science, Prentice-Hall, New Jersey, 1963, p. 1. Vgl. ook Singer, J.D., Op.cit., p. 1; Knorr, K., Rosenau, J.N., Contending Approaches to International Politics, Princeton University Press, Princeton, 1969, p. 113.

18. Vgl. Van Dyke, V., Political Science, A Philosophical Analysis, Stevens and Sons, London, 1960, p. 160.

blywende vrede kan bring nie.[19] Hierdie afkeur aan die ideologie gaan dan ook gepaard met die verheffing van die mens tot die spil waarom internasionale verhoudings wentel.

Die mens staan sentraal in die verhouding tussen state en daarom is sy optrede by uitstek rigtinggewend, en nie die voorveronderstellings van die tradisionele benaderings nie. Eulau Poneer:

> „The return to the behaviour of man as the root of politics is a new beginning."[20]

Let ook op die opmerkings van David Easton in sy werk „The Political System" wat ons reeds as die baanbrekerswerk op hierdie gebied aangedui het:

> „Policy is to be understood in the light of the kind of people who act in political life, not as a result of the kind of institutions or structures through which they act."[21]

---

19. Vgl. Partridge, P.H., Politics, Philosophy, Ideology, Political Studies, Vol. IX., Oktober, 1961, p. 224. Voorts is die ideologie volgens hulle net die voorloper van 'n totalitêre staatsbeslag.

20. Eulau, H., The Behavioral Persuasion in Politics, Random House, New York, 1967, p. 7. Vgl. ook op p.5: „It seems to me that behaviour comes first: ruling before government, obeying before authority, voting before decision, demanding before value, fearing before sanction, coercing before power, persuading before influence, fighting before conflict, believing before ideology."

21. Easton, D., Op.cit., p. 157. Op p. 203 beweer Easton „Behavioral research, has therefore sought to elevate the actual human being to the center of attention". Vgl. ook Lerche, C.O., Said, A.A., Op.cit., p. 10; Van Dyke, V., Op.cit., p. 160, Charlesworth, J.C., Op.cit., p. 3; Knorr, K., Rosenau, J.N., Op.cit., p. 117 en Isaak, A.C., Op.cit., p. 37.

Hierdie hartstogtelike terugkeer tot die bestudering van die handeling van die mens, was dus baie beslis ŉ stimulus in die ontwikkeling van die behavioralisme.

> „This then is a turning point in political science. The institutionalist studies structures, powers and responsibilities; the behavioralist; attitudes, personalities and physical activity. Behavioralism and individualism seem to go hand in hand."[22.]

So word dan die oorloë van die verlede gewyt aan die onstabiliteit van menslike individue,[23.] en word die vinger beskuldigend na die tradisionele benaderings van die verlede gewys omdat hulle nie na die krux van die wêreldpolitiek, die mens, kon deurdring nie.

Nog ŉ faktor wat hierdie beweging stimuleer, is die invloei van Europese akademici na die Verenigde State van Amerika in die jare dertig.

> „In the 1930's, there was once again an abrupt revival of European influences as the life of American universities was enriched by the great influx of refugee scholars."[24.]

sê Dahl. Hierdie intellektuele vlugtelinge, hoofsaaklik

---

22. Isaak, A.C., Op.cit., p. 38.

23. Vgl. Kelman, H.C., Op.cit., p. 5. Vgl. ook McCoy, C.A., Playford, J., Op.cit., p. 39.

24. Dahl. R.A., in Eulau, H., Behavioralism in Political Science, p. 71. Amerikaanse politieke instellings word inderdaad van die begin af kennelik beïnvloed deur die Europeane. Die eerste Amerikaanse leerstoel in Staatsleer wat in 1858 by die Universiteit van Columbia gestig is, is dan ook beman deur ŉ liberale Duitse vlugteling, Francis Lieber.

afkomstig uit Duitsland, het sterk gestaan onder die invloed van Max Weber se sosio-politieke denke en die algemene strominge van die Europese sosiologie.[25] Die sosiologiese oriëntering van manne soos Franz Neumann, Sigmund Neumann, Paul Lazarsfeld, Hans Speier, Hans Gerth en Reinhard Bendix het begryplikerwys aanleiding tot 'n bepaalde invloed in die Amerikaanse tussenstaatlike denkpatroon gegee. Politieke sosiologie het floreer en akademici in internasionale verhoudings moes ontdek dat hulle kollegas van die sosiologiese vakdissipline in toenemende mate die veld betree wat hulle lank as hulle eie prerogatief beskou het. Hierdie politieke sosioloë het die aandag steeds gevestig op die belangrikheid van Marx, Freud, Pareto, Mosca, Weber en andere.[26]

Die inspuiting van nuwe akademiese oortuigings en vooronderstellings laat die fokus op 'n ander faktor sentreer; die invloed wat toonaangewende persoonlikhede op die hele „Rennaissance" van tussenstaatlike denke gehad het. Die belangrikste figuur was waarskynlik Charles E. Merriam, van die „Chicago-Skool", wat ook groot invloed uitoefen by die ontstaan van die rigting. Reeds in 1925 verklaar hy voor die „American Political Science Association":

> „Some day we may take another angle
> of approach than the formal, as other

---

25. Vgl. Ibid., p. 70. Weber sien 'n politieke aksie as volg: „... if and in so far as the enforcement of its order is carried out continually in a given territorial area by the application and threat of physical force on the part of the administrative staff" soos aangehaal in Dahl, R.A., Modern Political Analysis, Prentice-Hall, New Jersey, 1970, p. 5.

26. Vgl. Dahl, R.A., Modern Political Analysis, p. 35.

> sciences do, and begin to look at political behaviour as one of the essential objects of inquiry."[27]

Na Merriam verskyn daar verskeie uitstaande akademiese persoonlikhede wat met oortuiging die nuwe behavioralistiese benadering verkondig.[28] Deur produktiewe publikasies, meelewing en oortuigende verkondiging van hulle teoretiese leerstellings, was hierdie persone 'n groot faktor in die ontstaan en verdere groei van hierdie hervorming op die forum van die wêreldpolitiek. Gesien teen die agtergrond dat al hierdie persone aan akademiese inrigtings verbonde was, kan dit maklik begryp word waarom die invloed van hierdie beweging so vinnig kon uitwaaier, soos Eulau opmerk:

> „Behavioral studies of politics have come a long way .... in a surprisingly short period of time."[29]

'n Onlangse opname in Amerika onder lede van die „American Political Science Association" oor die tien grootste politieke wetenskaplikes het die volgende behavioraliste ingesluit: V.O. Key, (eerste); D.B. Truman, (tweede); R.A. Dahl, (vierde) H.D. Lasswell, (vyfde); H.A. Simon, (sesde)

---

27. Dahl, R.A., in Eulau, H., Op.cit., p. 70.

28. Ons verwys slegs na die vernaamste denkers wat hierdie benadering propageer: C.A. McClelland, J.D. Singer, Stanley Hoffmann, Harold en Mageret Sprout, Bruce Russett, E.B. Haas, K.W. Deutsch, C.E. Lindblom, H.C. Kelman, O.R. Young, M.A. Kaplan, K.N. Walz, A. Etzioni, K.E. Boulding, S. Verba, R.C. Snyder, H.W. Bruck, B. Sapin, C.F. Alger, O.R. Holsti, R.A. Brody, G.D. Paige, David Easton en D.B. Truman.

29. Eulau, H., Political Behaviour in America, Random House, New York, 1966, p. 5.

en D. Easton en G.A. Almond, (saam sewende).[30]

Nog 'n aanleidende oorsaak vir die ontwikkeling van hierdie benadering was die invloed van die „Social Science Research Council" wat op sy beurt weer geaktiveer is deur die ontnugtering van die Tweede Wêreldoorlog.[31] Een van die leidende figure van hierdie Navorsingsraad, Pendleton Herring, was 'n oortuigde behavioralis, wat veel gedoen het om hierdie Raad 'n positiewe rol in die uitbouing van die nuwe benadering te laat speel. In die jaarverslag van 1944-45 verklaar die Raad: ....

> „decision to explore the feasibility of developing a new approach to the study of political behaviour, Founded upon the behaviour of individuals in political situations, this approach calls for examination of the political relationships of men - as citizens, administrators and legislators - by disciplines which can throw light on the problems involved, with the object of formulating and testing hypotheses, concerning uniformities of behaviour in different institutional settings."[32]

In 1945 is daar dan ook 'n komitee onder voorsitterskap van Herring gestig met die doel om politieke behavioralisme na

---

30. Vgl. McCoy, C.A., Playford, J., Op.cit., p. 2. Die enigste nie-behavioralis wat onder die eerste sewe voorkom is H.J. Morgenthau, wat volgens die opname in die derde plek lê.

31. Vgl. Dahl, R.A., in Eulau, H., Op.cit., p. 12.

32. Soos aangehaal in Dahl, R.A., in Eulau, H., Behavioralism in Political Science, p. 72.

te vors. In later jare was V.O. Key en David Truman, beide groot apologete van behavioralisme, voorsitters van hierdie komitee.[33] So het hierdie Raad, en die persoonlikhede wat daaraan gekoppel was, na die Tweede Wêreldoorlog daarin geslaag om die tussenstaatlike uit sy kinderskoene te verhef tot 'n volwaardige vakdissipline: in behavioralistiese trant gestel:

> „In the years since World War II the study of international politics and foreign policy experienced these inevitable growing pains and is beginning to show the signs of sophistication that mark the end of adolescence"[34]

aldus Rosenau.

Maar behalwe hierdie navorsingsraad was daar verskeie ander soortgelyke instellings wat almal op 'n kragtige manier die ontstaan en ontwikkeling van hierdie benadering gestimuleer het. Verskeie navorsingsprojekte is aangepak deur hierdie „Jong Turke" vir wie die tradisionele benaderings geen bevrediging meer gebied het nie.

> „There has been a steady growth of theory and empirical research on problems of international behaviour in

---

33. Vgl. Ibid., pp. 72-72. In 1950 het die komitee sy taak as volg gedefinieer. „The committee is concerned with the developement of theory and improvement in methods which are needed if social science research on the political process is to be more effective."

34. Rosenau, J.N., (red.), International Politics and Foreign Policy, The Free Press, New York, 1969, p. 1. Vgl. ook Singer, J.D., Op.cit., p. 3. „Our hope is that the data generated here and the resulting generalizations will carry our discipline a step further away from the folklore end of the spectrum, and a discernable degree closer to the scientific end".

> general, which has included the converted use of psychological - and particularly social-psychological concepts and methods."[35.]

Die oortuiging het posgevat dat internasionale verhoudings as studieveld nie langer deur individue ontrafel kan word nie, maar dat wetenskaplike samewerking aan die hand van die nuwe benadering nodig geword het. Om hierdie wydvertakte dissipline in die kern na te vors, is etlike navorsings- en ontledingsprojekte aan verskeie akademiese inrigtings in die lewe geroep.[36.] Hierdie navorsingsprojekte het 'n kragtige stimulant in die verdere groei en ontwikkeling van die nuwe benadering geword, veral waar daar ook baie aandag aan strategiese en militêre studie gegee is - teen die agtergrond van die atoomeeu waarin die tussenstaatlike tans beweeg.[37.] Platig beweer:

> „These developments have provided much raw material for the field of international relations which, more directly, is experiencing a mushrooming growth of new approaches to the study of the relations among nations."[38.]

---

35. Kelman, H.C., Op.cit., p. 3. Vgl. ook Knorr, K., Rosenau, J.N., Op.cit., pp. 113-115.

36. Vgl. Platig, E.R., in Rosenau, J.N., (red) Op.cit., p.7. „To those rapidly expanding research enterprise there have come persons from various disciplines which previously demonstrated little concern for the practical and intellectual problems of the field". Let ook op Lasswell, H.D., The Future of Political Science, pp.1-42.

37. Vgl. Ibid., p. 7.

38. Ibid., p. 8. As gevolg van die massas navorsing wat gedoen is het publikasies, oor die benadering geweldig baie toegeneem. Verskeie navorsers is dan ook teenswoordig huiwerig om nuwe projekte aan te pak omdat die gevaar van duplisering werklik wesenlik geword het.

Hiermee saam moet natuurlik die invloed van verskeie Amerikaanse stigtings soos Carnegie, Rockefeller en Ford gereken word. Hierdie stigtings met hulle fabelagtige rykdomme en finansiële steun aan akademiese navorsing, het veel gedoen om momentum aan die hele beweging te gee, veral omdat navorsing in die behavioralistiese rigting finansieël baie groter eise stel as die tradisionele benaderings.

> „If the foundations have been hostile to the behavioral approach, there can be no doubt that it would have had very rough sledding indeed,"[39]

verklaar Eulau. Buitendien het net die morele ondersteuning van sulke kapitaalkragtige instansies veel vir die jong benadering se erkenning beteken.

Nog 'n faktor was die hartstogtelike begeerte dat ook internasionale verhoudings „Wetenskaplik" benader en ontleed

---

39. Eulau, H., Behavioralisme in Political Science, Op.cit., p. 74. In hierdie verband kan daar byvoorbeeld gelet word op die enorme uitgawes wat aangegaan is om stempatrone tydens Amerikaanse Presidentsverkiesings na te speur. Die Rockefeller stigting het byvoorbeeld die geld verskaf vir die pionierswerk op hierdie gebied deur Lazarsfeld, Berelson en Gandet in 1940.

moes word.[40] Die tradisionele benaderings het die omvang van die tussenstaatlike studieveld te eng en nougeset afgekamp en het daarmee veel aan wetenskaplike diepgang verloor.

> „The point is that the orthodox view of science as highly objective and as possessing a regular, rigorous method was, in many respects, inaccurate."[41]

Hierdie brandende begeerte om meer wetenskaplik te wees, het spoedig aanklank by die nuwe benadering gevind. Die behavioralistiese tendense wat na die Tweede Wêreldoorlog in die ekonomie, sosiologie en sielkunde aan die orde gestel word, het die begeerte om die tussenstaatlike vakdissipline desgelyks wetenskaplik te benader, baie bevorder. Daar moet volgens die natuurwetenskaplike metode gegewens versamel en hipoteses opgestel word. Deur die versameling van statistiese gegewens langs die hele linie van tussenstaatlike verkeer, is daar gevoel dat internasionale verhoudings as vakdissipline nie sal agter raak by die vooruitgang en ontwikkeling wat reeds deel van die ander studierigtings was nie.

---

40. Vgl. Rappoport, A., Fights, Games and Debates, University of Michigan Press, Ann Arbor, 1960, p. vii. „Thus I thought, a link existed between science and ethics..."; Easton, D., A Systems Analysis of Political Life, p.13; Van Dyke, V., Op.cit., p. 159, Burns, A.L., Of Powers and Their Politics, p. 154; Edwards, D., Op.cit., pp. 25-21. Op pp. 19-20 poneer Edwards: „... the scientist in the study of international relations will hold that these approaches have been to underdeveloped and too limiting, ..." Dahl, R.A., Neubauer, D.E., Readings in Modern Political Analysis, Prentice-Hall, New Jersey, 1968, p. 1. „One particular concern of political analysts has been the application of scientific methods to the study of politics and political behaviour." Holsti, K.J., International Politics, A Framework for Analysis, Prentice-Hall, New Jersey, 1967, pp. 7-9 en Singer, J.D., Human Behaviour and International Politics, p. 2.

41. Edwards, D.V., Op.cit., p. 21.

Daarom is die nuwe benadering dikwels met onwaardige haas aangegryp en die tradisionele sonder meer as onwetenskaplik verwerp. Die begeerte om nie agter te raak by die vinnig ontwikkeldende natuurwetenskappe nie, was dus 'n sterk stimulant vir die ontwikkelende tussenstaatlike behavioralisme.[42.]

Verskeie ander mindere faktore het ook hulle bydrae tot die proggressiewe ontwikkeling van die nuwe benadering gelewer. Hieronder kan ons let op die verlies van die menslike individualiteit wat die tegnologiese rewolusie teweegbring; soos Boris Pasternak treffend in „Doctor Zhivago" skrywe:

> „The great misfortune, the root of all evil to come, was the loss of faith in personal opinions."[43.]

Nog 'n faktor was die verbetering van kommunikasiemiddele wat die tradisionele tussenstaatlike administrasie onvoldoende gemaak het.[44.] Die verdeling van die tussenstaatlike in twee ideologiese denkrigtings, waardeur die belange van die nasionale statery ingebind word tot magspolitieke konstellasies, gepaardgaande met die groeiende kloof tussen lande met 'n groeiende en kwynende ekonomiese vermoë en lande wat kernkrag besit teenoor dié wat nog nie daaroor beskik nie, het ook 'n hersiening van die bestaande orde

---

42. Vgl. Greaves, H.R.G., Political Theory Today, Political Science Quaterly, Vol. LXXVI, Maart, 1960. p. 4. „It lies in the misguided attempt to assimilate political studies to the natural sciences".

43. Soos aangehaal in Ibid., p. 12.

44. Vgl. Burns, A.L., Op.cit., p. 152. „American scholars have already noticed the paralyzing effect upon political decision of communications overload of too much information by too many channels, for a nation's chief executive to digest."

vereis.[45] Die behavioralistiese benadering is ook verder gestimuleer deur 'n ontwikkelende sosiale klassestruktuur wat ruim moontlikhede vir die hele ontwikkeling geskep het.

Verskeie faktore lê dus aan die wortel van die hele „reformasie" van tussenstaatlike denke. 'n „Renaissance" waarvan ons ook die diepste aard korrek moet ontleed en verstaan.

## C. DIE KERN VAN DIE BEHAVIORALISTIESE BENADERING

Om die kern van die behavioralistiese benadering te probeer aandui, is ongetwyfeld 'n ondankbare taak omdat die profete hiervan self nog soek na die „wese" van hulle profesieë.

> „The behavioral approach, in fact,
> is rather like the Loch Ness monster;
> One can say with considerable confidence
> what it is not, but it is difficult to
> say what it is."[46]

sê Claude. Ons het dus hier nog geensins te doen met 'n geykte, tradisioneel aanvaarbare, teoretiese tussenstaatlike <u>a priori</u> nie. Enkele kenmerke skyn tog onderskeibaar te wees in die ontwikkeling van die benadering. Dit skyn egter steeds die karakter van konkelwerk te dra omdat dit nog baie jare sal duur voordat daar met rype ervaring, eerder as

---

45. Vgl. <u>Ibid</u>., p. 153.

46. Vgl. Dahl, R.A., in Eulau, H., <u>Behavioralism in Political Science</u>, p. 68. Vgl. ook Claude, I.L., <u>Power and International Relations</u>, p. 8. „The Theory of international relations is as yet a thing of shreds and patches....."

met die noodsaak van die moment, daarop teruggekyk kan word.[47]

Robert A. Dahl, een van die vernaamste voorstanders van die opkomende behavioralisme vat die hele beweging soos volg saam:

> „Historically speaking, the behavioral approach was a protest movement within political science. Through usage by partisans, partly as a epithet, terms like political behaviour and the behavioral approach came to be associated with a number of political scientists, mainly Americans, who shared a strong sense of dissatisfaction with the achievements of conventional political science, particularly through historical, philosophical, and the descriptive-international approaches, and a belief that additional methods and approaches either existed or could be developed that would help to provide political science with empirical propositions and theories of a systematic sort, tested by close, more direct, and more rigorously controlled observations of political events."[48]

---

47. Vgl. Rosenau, J.N., (red.) Op.cit., pp. 1-3; McClelland, C.A., in Rosenau, J.N., (red.) Op.cit., pp. 3-5 en Singer, J.D., Ibid., p. 29.

48. Vgl. Dahl, R.A., in Eulau, H., Behavioralism in Political Science, p. 76. Hierdie ontleding van Dahl is so kerngesond dat baie van die ander jong Turke dit ook gebruik om die wese van die hele benadering te proklameer. Vgl. Caraley, D., The Political Behavior approach: Methodological Advance or New Formalism. Political Science Quarterly, Vol. LXXIX, p. 96.

Daar ontstaan dus 'n gemeenskaplike skeptisisme onder die aanhangers van die benadering oor die stand van hulle vakdissipline, sowel as 'n simpatieke ingesteldheid oor die ontwikkelende wetenskaplike atmosfeer van internasionale verhoudings. Aan die kredietkant moet verder verreken word die jonkheid en vitaliteit van die benadering en die lewenskragtigheid van sy aanhangers:

> „It is a young field; young in the freshness of it's approach and in the chronological age of it's students"[49].

Slegs 'n paar van die „ou meesters" word vandag nog as gesaghebbend en produktief in die studieveld beskou.[50] Die behavioraliste is stadig maar seker besig om hulle in te grawe en die versigtige huiwerigheid van die aanvangsjare maak teenswoordig plek vir oortuigde, openlike en dikwels aanvallende standpunte.

> „The now, not-so-young Turks who a decade ago were speaking in loud, strident and sometimes rude voices about the dire need for scientific method in political research, have begun to feel that they have

---

49. Vgl. Lerche, C.O., Said, A.A., Op.cit., p. 5. Vgl. verder op p. 5: „For most of its fauilures, as well as most of its successes the discipline of international relations has the youth of its students to credit."
50. Veral die magspolitieke konstellasies van Hans Morgenthau sny steeds diep in die tussenstaatlike denke en teorië.

> finally acquired the garments of legitamacy".[51]

en verder:

> „to join in one of the most intellectually exciting and humanly important enterprises of our time: building a science of world politics",[52]

beweer Singer.

Van besondere belang vir die behavioralisme is natuurlik ook die plek wat 'n teorie in hulle hele aksie inneem. Die geweldige probleem rondom die teoretisering van die tussenstaatlike is reeds beklemtoon - iets wat ook die behavioraliste kennelik ondervind.[53] Sommige ontken die bestaan van teorieë in tussenstaatlike betrekkinge en hou vol dat dit slegs histories en tradisioneel werklike waarde besit. Greaves beweer;

> „Admittedly, theory holds its place in the curriculum, but it is historical and tradisional with little meaning for our time."[54]

Maar dan moet ons tog dadelik daaraan herinner dat hy wat

---

51. Charlesworth, J.C., Op.cit., p. 41. Charlesworth sny myns insiens nog 'n wesenskenmerk van die behavioraliste aan wanneer hy op p. 3 verklaar: „They do not pretend to know the origin and destiny of man, but conclude that the only way to understand him is to observe him...."

52. Singer, J.D., Op.cit., p.13.

53. Vgl. Charlesworth, J.C., Op.cit., p. 33: „And, perhaps, as Albert Einstein once said „Politics is actually much more difficult than physics".

54. Greaves, H.R.G., Op.cit., p. 1.

verklaar dat hy geen teorie het nie, dikwels die gevaarlikste teoretikus van almal is.[55] Niemand kan tog wetenskaplik besig wees en ontleed sonder verrekening van teoretiese en meer as teoretiese voorveronderstellings, ook in internasionale verhoudings nie.

Aan die ander kant is baie van hierdie nuwe teoretici daarvan oortuig dat hulle vir die eerste keer op die spoor van die „wese" van die wêreldpolitiek is. David Edwards stel met oortuiging:

> „Which of the many possible routes to theorizing we decide to take, should sensibly depend on the relative importance to us of the various possible objectives of theorizing which are understanding the past, understanding the present, predicting the future, developing an ability to influence or control developments, or generating propositions, testing them as laws into more comprehensive theories of international politics."[56]

---

55. Vgl. Said, A.A., <u>Theory of International Relations</u>, p.1. There is no more vicious theorist than the man who says, I have no theory; I just let the facts speak for themselves". Volgens A.A. Said was hierdie 'n bekende stelling van Prof. C.O. Lerche.

56. Edwards, D.V., <u>Op.cit.</u>, p. 259. Vgl. ook Haas, E.B., <u>The Web of Interdependence</u>, Prentice-Hall, New Jersey, 1970, p. 4. „The point of departure for giving an answer must be the vision of the past, present and future international systems, long-range views rising above the maelstrom of immediate events and crisis, those that have already passed and the ones yet to come."

Die behavioraliste is inderdaad almal teoretici - skeppers of draers van teorieë. Die beweging floreer van hipotetiese voorveronderstellings, nuwe skemas, empiriese ontledings en intellektuele botsings tussen teoretiese standpuntinnames.[57] Hierdie koorsagtige bedrywigheid en kritiek, positief en negatief van alle medestaanders gee dan die benadering, 'n lewenskragtige impuls om na die kern van die tussenstaatlike deur te dring. Maar dwarsdeur die hele nuwe benadering se teoretiese spekulasies loop die onderworpenheid aan empiriese en statistiese gegewens onmiskenbaar. Hans Morgenthau stel dit treffend:

> „The new theories are in truth Utopias, differing from the utopias of the old only in that they replace the simple and obvious deductions from ethical postulates with a highly complex and sophisticated methodological and terminological apparatus, creating the illusion of empirical demonstration."[58]

Daar bestaan egter ook diegene wat nie in hulle teorieë totaal met die verlede breek nie, maar steeds na brûe soek om die tradisionele met die behavioralistiese te versoen.

> „Few professional political scientists would allow themselves to be

---

57. Vgl. Said, A.A., Op.cit., p. 18. „Its students are konoclasts, attacking each other's theories with abandon; the academic scene is littered with the debris of repudiated theoretical schemes".

58. Vgl. Morgenthau, H.J., in Farrell, J.C., Smith A.P., Theory and Reality in International Relations, p. 25. Vgl. ook Isaak, A.C., Op.cit., p. 39: „....no science will develop beyond a fairly primitive level unless it does employ quantitative techniques of various sorts."

> classified as out-and-out traditionalists or behavioralists."[59]

Hulle poog om 'n versoening tussen die tradisionele en die moderne te bewerkstellig en hou vol dat die een diensbaar moet wees aan die ander.[60]

Die onderskeid tussen interne en tussenstaatlike behavioralisme is vir die doel van ons studie 'n wesenskenmerk omdat die aandag hier veral op tussenstaatlike verhoudings toegespits gaan wees. Daar kan nie ontken word dat interne aangeleenthede van elke staat die tussenstaatlike milieu beïnvloed nie, en dat internasionale verhoudings weer op sy beurt die interne strominge van elke staat beïnvloed. Ten spyte daarvan laat ons die fokus val op die wêreldpolitiek want dit is die kern van die studie.

Samevattend kan ons dus sê dat die ontwikkeling van behavioralistiese tendense en studiebenaderings in die tussenstaatlike per slot van sake op 'n heroriëntering ten opsigte van teoretiese voorveronderstellings neerkom.

Ons gaan dus nou oor tot die volgende gedagteskof - die grondige behandeling van die vernaamste behavioralistiese benaderings.

---

59. Vgl. Isaak, A.C., Op.cit., p. 32.

60. Vgl. Knorr, K., Rosenau, J.N., Op.cit., p. 3. „Progress lies not in traditional or science, but in tradition and science; not in rejecting one approach and favoring the other, but in rendering each the servant of the other." Vgl. ook Dahl, R.A., in Eulau, H., Behavioralism in Political Science, p. 79. Ander skrywers soos Karl Deutsch en Morton Kaplan verwerp geheel en al die tradisionele metode. Vgl. Said, A.A., Op.cit., p. 21.

# HOOFSTUK IV

# STELSELANALISE

## A. INLEIDING

Van al die benaderingswyses ten opsigte van die tussenstaatlike vakdissipline wat in die behavioralistiese milieu ontwikkel het, is die proklamering van stelsels wat ontleed moet word, waarskynlik die mees vitale en geniet die grootste aanhang. Rosenau beweer:

> „Of all the advances that have occurred in the study of international phenomena, perhaps none is more important than the ever-growing tendency to regard the world as the international system."[1].

Die inperking en redusering van die wêreldpolitiek tot stelsels in abstrakte figuurlike sin, het sodoende aanleiding tot 'n bepaalde teoretiese denkpatroon gegee. Want die hartstogtelike soeke na 'n teoretiese a priori bly steeds een van die kenmerke van die behavioraliste.

Morton Kaplan, een van die grondlêers van die hele stelselgedagte, beklemtoon met nadruk die leemte en belangrikheid

---

1. Rosenau, J.N., (red.) Op.cit., p. 71. Vgl. ook Young, O.R., Systems of Political Science, Prentice-Hall, New Jersey, 1968, pp. 1-12; Rosenbaum, N., Readings on the International Political System, Prentice-Hall, New Jersey, 1970, p. 2; „.... is an attempt to describe the theoretical assumptions that seem to be shared by the contributors to this volume, and by most of the scholars' in the field today."; Said, A.A., Op.cit., p. 21. Edwards, D. V., Op.cit., p. 263 en McClelland, C.A., Theory and the International System, Macmillan Company, New York, 1967, p. 90. „It contributes a perspective."

van prinsipiële riglyne vir die verhoudings tussen state.[2] Stelselanalise is dus een van die teoretiese metodes wat aangewend is om die wêreldpolitiek meer vaartbelyn te maak. Aan die ander kant is die behavioraliste maar te bewus van die feit dat die sosiale wetenskappe, baie moeilik geteoretiseer kan word. Dit impliseer egter nie volgens Kaplan dat die soeke na metodologiese vooronderstellings laat vaar moet word nie:

> „The very difficulties of theory building and confirmation in international politics demand sincere dedication to scientific canons of procedure."[3]

Arthur Burns kom tot die volgende gevolgtrekking:

> „But piecemeal theoretical insights are possible; ......[4]

Sentraal in hierdie hele gedagtegang bly steeds die breinkrag van die mens, want daarsonder kan geen tussenstaatlike teorieë ontstaan nie.[5]

---

2. Vgl. Kaplan, M.A., Knorr, K., Verba, S., The International System, Princeton University Press, Princeton, 1961, p. 6. „There is a great demand for theories in international relations.", verder Kaplan, M.A., in Knorr, K., Rosenau, J.N., Contending Approaches to International Politics, p. 40, en veral Kaplan se eie baanbrekerswerk op hierdie gebied: System and Process in International Politics, John Wiley and Sons, New York, 1957.

3. Kaplan, M.A., in Knorr, K., Verba, S., Op.cit., p. 24.

4. Burns, A.L., Of Powers and Their Politics, p. 45.

5. Vgl. Kaplan, M.A., in Ibid., p. 42. „It would require a housing $10^8$ or $10^9$ as large as the brain casing (or roughly as large as the Empire State Building) to house an analogue to the brain."

Die soektog na 'n teorie is egter nie die enigste probleem van die voorstanders van stelselanalise nie. Die vraag ontstaan of al die state in die wêreldpolitiek as 'n eenheid of as verskillende stelsels tipeer moet word. Alle faktore in ag genome, wil dit voorkom asof die verskeidenheid stelsels onbeperk kan wees, en daarom sal 'n klassifikasie van stelsels later een van ons hoofprobleme uitmaak.

'n Ander probleem is die identifikasie van die „akteurs" of deelnemende eenhede aan 'n bepaalde stelsel. Individue, groepe, regerings, nasionale state en regionale strukture kan byvoorbeeld almal komponente van 'n stelsel of van verskillende stelsels uitmaak.[6.] Buitendien ontstaan die probleem hier dat die optrede van die individue dikwels geassosieer word met bepaalde state en streeksgroeperinge[7.] wat die identifikasieprobleem nog meer aktueel maak. In hierdie verband vind stelselanalise 'n raakpunt met die sosiologiese en sielkundige benaderings van die tussenstaatlike.

Dit bring ons by die realiteit van die nasionale staat, wat ook sentraal staan in die stelselbenadering, alhoewel die integrasiegedagtegang in die oorkoepelende internasionale stelsel ondubbelsinnig besig is om die wêreldstaatidee verdere stukrag te gee.[8.] Die verskyning van regionale strukture

---

6. Vgl. Rosenau, J.N., (red.) Op.cit., p. 73.

7. Vgl. in hierdie verband Sprout, H. en M., The Ecological Perspective on Human Affairs: With special Reference to International Politics, pp. 33-38.

8. Vgl. Rosenau, J.N., (red.) Op.cit., p. 73. „Nation-states continue to be the predominant scource of international action, and certainly many decades will elapse before they are overshadowed by some other form of political organization."

soos byvoorbeeld NAVO en die OAE bring mee dat nasionale state nie langer die enigste deelnemers aan 'n bepaalde stelsel is nie. Die afbakening en identifikasie van die deelnemende partye, aan watter stelsel ook al, bly in elk geval 'n kardinale probleem.

Dit is logies dat verskeie faktore 'n invloed op die stelsel sal uitoefen en dikwels veroorsaak dat dit 'n karakterverandering sal ondergaan. Bevolkingsaanwas, die ontwikkeling van nuwe wapentuig, kulturele norme, geografiese realiteite (soos klimaatsveranderings) is almal faktore wat 'n politieke stelsel kan verander.[9.] Veral die wêreldekonomie bly in geen politieke stelsel onbetuig nie.

'n Ander probleem is die grensvasstelling van elke stelsel ten opsigte van sy eie werksaamhede en bevoegdhede. Grensoorskrydings is hier ook aan die orde van die dag wat weer meebring dat bepaalde stelsels hulle bestaansreg verloor. Watter funksies moet 'n stelsel dus vervul as hy op bestaansreg wil aanspraak maak?

> „Indeed, the most interesting aspects of international systems are those involving the dymanics whereby they shift back and forth between diffirent degrees and forms of stability and instability."[10.]

9. Vgl. Ibid., p. 74.
10. Ibid., p. 75.

Soos al die behavioralistiese benaderings van die tussenstaatlike is ook die voorstanders van stelselanalise dus nog besig om te verken, en kan ook hier geen sprake wees van aanvaarde norme en vasgestelde reëls wat die hele benadering op 'n stewige grondslag plaas nie.

## B. DIE ONTWIKKELING VAN STELSELANALISE IN DIE INTERNASIONALE POLITIEK

'n Bondige oorsig van die groei van genoemde benadering sal meebring dat ons later die karaktereie en struktuur van die hele benadering beter sal begryp. Soos die meeste van die behavioralistiese benaderings was die herlewing van die natuurwetenskappe ook ten opsigte van die hele stelselbenadering die vonk wat as stimulant sou dien:

> „In short, general systems theory originated in a movement aimed at the unification of science and scientific analysis",[11]

verklaar Young. 'n Algemene oortuiging het ook onder akademici ontstaan dat daar meer wisselwerking tussen die verskillende vakdissiplines moet wees omdat die strenge proklamering van grense, ten opsigte van bepaalde vakdissiplines se bevoegdhede, stagnasie en duplisering in die hand werk.

Die aanvoorwerk van 'n algemene stelselteorie is in die tweede dekade van ons eeu deur die bioloog, Von Bertalanfty,

---

11. Young, O.R., Op.cit., p. 14.

begin.[12.] Weinig vordering is egter gemaak tot na die Twee-de Wêreldoorlog, toe verskeie kongresse en individue die idees rondom stelsels begin propageer het.[13.] In 1956 word hierdie hele gedagtegang stewig gefundeer deur die stigting van die „Society for the Advancement of General Systems Research." Sedertdien het hierdie vereniging en die jaarboek wat dit publiseer, kernmomente in die ontwikkeling van die hele stelsel-gedagtegang geword.

In die ontwikkeling het daar natuurlik onder die meer kontemporêre aanhangers van die benadering 'n totale klemverskuiwing plaasgevind. Vroeër was die hele gedagte van 'n internasionale stelsel toegespits op die opbou van 'n stabiele tussenstaatlike status quo.[14.] Die verheffing van sg. morele en etiese waardes moes die stelsel bou en saambind:

---

12. Vgl. Ibid., p. 14. Vgl ook Beer, S.A., Ulam, A.B., Patterns of Government: The Major Political Systems of Europe, p. 25: „The idea of a system has been taken over from biological theory and adapted by some social scientists to the study of their subject matter." Vgl. ook Parker, R.S., Group Analysis and Scientism in Political Studies, p. 57: „The onus is on the political scientists to show that it has even the remotest likeness, in theory or in application, to the models of the physicists."

13. Vgl. Ibid., p. 14. Die belangrikste van hierdie kongresse is vroeg in Oktober 1951 in Chicago in die VSA gehou. Hierdie kongresse gee dan onder meer aanleiding tot die volgende publikasie: Grinker, R.R., (red.) Toward a Unified Theory of Human Behaviour.

14. Vgl. Said, A.A., Op.cit., p. 20. Volgens Said beteken dit 'n herlewing van die gedagtegang van manne soos Sully, Saint-Pierre, Rousseau en Immanuel Kant.

> " ....... the blessings of a peaceful international order build upon morality expressed by public opinion."[15]

Hierby vind Hans Kelsen se juridiese internasionale stelsel, gebaseer op 'n universele „Grundnorm", aansluiting.[16]

Kontemporêre teoretici oor die stelselgedagtegang soos Morton Kaplan en Karl Deutsch, repudieer deurgaans in hulle denkbeelde die morele en juridiese oortuigings (en dikwels verabsoluterings) van die tradisionele voorgangers van hulle benadering.[17] Said beweer:

> „In short, what had been an ideological commitment of the traditional theorists became a devaluated hypothesis to analize causation in the real political world for recent theorists in international relations."[18]

Hierdie hele teoretiese benadering sentreer dus rondom die begrip stelsel wat die basis van die hele denkpatroon uitmaak. Daarom is 'n peiling van die begrip stelsel nodig.

---

15. Ibid., pp. 20-21.

16. Ibid., p. 21. Vgl. ook Kelsen, H., Principles of International Law, pp. 403-447 en Von Glahn, G., Law Among Nations, p. 47. „The latter tried to separate completely the world of actuality and a world of legal norms."

17. Vgl. Kaplan, M.A., System and Process in International Politics, en Deutsch, K.W., Nationalism and Social Communication, Massachusetts Institute of Technology Press, Cambridge, 1953, p. 161.

18. Said, A.A., Op.cit., p. 21.

## C. DIE GRONDSTRUKTUUR VAN STELSELANALISE

### I. Definisie

> In sy „Leviathan" verklaar Hobbes:
>
> „By systems I understand any number of men joined in one interest."[19.]

Sedertdien het daar soveel definisies oor die politieke stelsel ontstaan dat daar in meer as een opsig aan toringbou in Babelse sin deelgeneem is. Dit is immers een van die grootste besware teen die meeste van die behavioralistiese benaderings - die teenstrydige verklarings en Babelse verwarring wat daar by die medestranders self oor die wese van hulle dissipline bestaan.[20.] Buitendien is die term „stelsel" so 'n breë begrip dat daar klaarblyklik soveel definisies is, as wat daar persone is wat 'n poging aanwend om dit te omskrywe.

Die grondstruktuur en karakter van elke stelsel sal afhang van die voorveronderstelling waaruit dit benader word. Daar kan byvoorbeeld onderskei word tussen die internasionale stelsel; die internasionale substelsel; die nasionale statestelsel; en substelsels; en dan is ons nog maar by die beginpunt van die bykans ontelbare aantal variante.

> „There are thus a very large number of types of systems. The atom is a system, and so are molecules, crystals, viruses, clocks, engines, ocean fleets, animals (including humans), small

---

19. Charlesworth, J.C., Contemporary Political Analysis, p. 164.

20. Algemene breedvoerige kritiek oor al die verskillende benaderings sal ons ten slotte aan die orde stel.

> groups, societies (including political societies), planets, solar systems, galaxies, etc."[21].

Die hele stelselgedagtegang omvat dus 'n baie breë konteks, maar ons studie sal natuurlik slegs toegespits wees op die stelsels wat vir die tussenstaatlike van belang is.

Stelselanalise kan bestempel word as die kardinale benadering in hierdie hele beweging.[22.] Daarom stel ons graag die vernaamste eksponente van hierdie benadering aan die woord. Morton Kaplan beweer:

> „A system of action is a set of variables so related in contradistinction to its environment, that describable behavioral regularities characterize the internal relationships of the set of individual variables to combinations of external variables",[23.]

terwyl David Easton sê:

> „.... a political system can be designated as those interactions

---

21. Van Dyke, V., <u>Political Science: A Philosophical Analysis</u>, p. 160.

22. Vgl. Charlesworth, J.C., <u>Op.cit.</u>, p. 150; Van Dyke, V., <u>Op.cit.</u>, p. 160; Hoffmann, S., <u>Op.cit.</u>, p. 40. en Knorr, K., Verba, S., <u>Op.cit.</u>, p. 2.

23. Kaplan, M.A., <u>System and Process in International Politics</u>, p. 4. Vgl. verder Hoffmann, S., <u>Op.cit.</u>, p. 40. „Its advocate in international relations is primarily Mr. Morton Kaplan." en „In the case of international relations, I believe that 'systems theory' is a huge misstep in the right direction - the direction of systematic empirical analysis." Van Dyke, V., <u>Op.cit.</u>, verwys op p. 161 na bogenoemde kritiek van Hoffmann.

> through which values are authoritatively allocated for a society."[24]

Heinz Eulau wortel sy definisie in die aanduiding van die analiseerbare eenhede waarin die politikus eintlik belang stel.

> "A small group, an organization, a community, an elite, a mass movement, or a nation may be the focus of behavioral inquiry and events, structures, functions, processes, or relations may serve as categories of behavioral analysis."[25]

Oran Young poneer 'n drieledige definisie:

> "1. system = a set of elements of interaction
> 2. system = a set of objects together with relationships between the objects and between their attributes
> 3. system = a whole which is compounded of many parts - an ensemble of attributes."[26]

Hierdie definisies dui almal op 'n mate van kontinuiteit en huisves die idee van bepaalde objekte of elemente wat in bepaalde karakteristieke, strukturele verhoudings ten opsigte

---

24. Easton, D., A System Analysis of Political Life, p. 21.

25. Eulau, H., The Behavioral Persuasion in Politics, p. 14.

26. Vgl. Young, O.R., Op.cit., p. 15. Hierdie driedelige definisie van Young word in die gewone volgorde afgelei van Von Bertalanffy, L., General System Theory, p. 3; Hall, A., Fagen, R., Definition of a System, p. 18 en Cherry, C., On Human Communication, John Wiley and Sons, New York, p. 307.

van mekaar bestaan. Voorts dui dit ook op interaksie op die basis van sekere kenmerkende eienskappe.

Navorsers vir wie stelselanalise nie 'n spesialisasierigting is nie, is minder gedetailleerd in die aanbieding van hulle definisies.

> „A system or subsystem can be strictly defined, as a theoretical model with nonessential aspects of the real world eliminated for the purposes of simplicity."[27];

> „The international system is a special type of social system, an arrangement created in which a number of operating units - individuals or groups, to regularize and pattern their relationships with one another that system-centered behaviour becomes to a large extent predictable"[28].

en

> „.... the actions of a nation can be explained strictly in terms of the types of relations existing among nations and the place of that nation within that complex of nations and their relations."[29].

Die internasionale stelsel is dus nie te begryp los van sy basiese element - die nasionale staat nie. Rosenbaum beweer:

---

27. Padelford, N.J., Lincoln, G.A., Op.cit., p. 45.
28. Lerche, C.O., Said, A.A., Op.cit., p. 101.
29. Edwards, D.V., Op.cit., p. 263.

> „International systems can be defined only in relation to those political units - the nations."[30].

Dit ontken natuurlik nie die feit dat die politieke stelsel steeds in koëksistensie en vervlegting met ekonomiese, kulturele en sosiale stelsels sal wees nie. Beïnvloedings van ander stelsels en gedurige interaksie tussen die stelsels is immers een van die fundamentele kenmerke van die hele stelselidee. Voorts is dit duidelik dat ons in die kern hier met struktuurontleding te doen het en dat filosofiese strominge totaal buite rekening gelaat word. Die verabsolutering van 'n struktuur impliseer weer 'n strenge wetmatigheid wat dikwels die oorsaak is dat stelselanalise 'n natuurwetenskaplike karakter vertoon.[31].

Die politieke stelsel wat die hele kern van stelselanalise uitmaak, wil ons dan graag ten slotte soos volg omskrywing. 'n Struktuur, gebaseer op nasionale state as die primêre konstituerende faktor, alhoewel ander strukturele politieke entiteite soos regionale en supranasionale ordeninge, ook 'n regmatige funderingsfunksie besit. Saamgesnoer deur 'n bepaalde affiniteit van die samestellende komponente oor

---

30. Rosenbaum, N., Op.cit., p. 3. „And all atempts to influence international systems must operate through the nations." Vgl. ook Edwards, D.V., Op.cit., p. 264 en Lerche, C.O., Said, A.A., Op.cit., p. 103.

31. Let daarop dat die stelsel aan gedurige wisseling onderworpe is, en die faktore wat hierdie wisseling veroorsaak word empiries nagevors. Vgl. Young, O.R., Op.cit., p. 20. „In particular, .... useful for the exploitation of a wide range of technological advances in the realm of mathematical analysis."

die tussenstaatlike, en gebonde aan sekere dinamiese faktore[32]. vertoon dit 'n kwynende of groeiende kontinue karakter, omdat dit onderhewig is aan voortdurende veranderings as gevolg van interaksie met ander stelsels langs die hele linie,[33]. en met die vooropgesette doel om aanduidings oor die toekomstige ontwikkelings van die tussenstaatlike te gee.


## II. Die Struktuur van Stelselanalise

### (a) Inleidend

Die politieke stelsel vertoon fundamenteel 'n paar karakteristieke eienskappe wat aan die wortel van die hele gedagtegang lê.

> „I have been exploring the utility of the system as the major unit, focusing on political life as a system of behaviour operating within and responding to its social environment as it makes binding allocations of values"[34].

sê Easton. 'n Skematiese voorstelling van hierdie eienskappe vergemaklik 'n begrip van sy gedagtegang. Eerstens dan 'n vereenvoudigde skets.




32. Dinamiese faktore soos tyd, bevolking, geografie en baie ander oefen 'n bepaalde invloed op die tussenstaatlike stelsel uit.

33. Daar bestaan ook verskeie stelsels wat deur ekonomiese, ideologiese, kulturele of sosiale oortuigings, tot die vorming van dusdanige stelsels aanleiding kan gee.

34. Easton, D., A Framework for Political Analysis, p. 21.

Na 'n verduideliking van die drie faktore wat in die skets hierbo aan die orde is, sal Easton[35.] se volledige skets behandel word.

(b) Invloei (Input)

Onder invloei verstaan ons die totaliteit van invloede wat daar op die politieke stelsel uitgeoefen word. Die waarde hiervan is dat dit as 'n konsep gebruik kan word om die invloed van 'n groot aantal gebeure en omstandighede op die politieke stelsel na te spoor.

> „Inputs will serve as summary variables that concentrate and mirror everything in the environment that is relevant to political stress."[36.]

David Easton onderskei die volgende strome in die invloeideterminant. Eerstens die invloei ten opsigte van die aanvraag of behoeftes van die politieke stelsel.[37.] Dit kom dus neer op die eise wat daar aan die politieke stelsel gestel sal word om die breëre milieu wat hy verteenwoordig te bevredig. Dit is voorts ook bloot logies dat hierdie eise 'n sekere mate van spanning en onstabiliteit in die hele poli-

---

35. David Easton kan getipeer word as een van die hoofeksponente wat baie waardevolle baanbrekerswerk oor die politieke stelsel gedoen het. Vgl. Easton, D., A Systems Analysis of Political Life. Let ook op Young, O.R., Op.cit., se verwysing daarna op p. 37.

36. Easton, D., A Systems Analysis of Political Life, Op.cit., p. 26. Vgl. ook Isaak, A.C., Op.cit., p. 219.

37. Vgl. Easton, D., Op.cit., p. 37. „Since political life is to be conceived as an open system demands, I have suggested; offer us a key to understanding one of the ways in which the total environment will leave its impress upon the operations of the system."

tieke stelsel teweeg sal bring. Hierdie eise kan dan ook soveel spanning in die stelsel veroorsaak dat dit uiteindelik kan lei tot die ontbinding daarvan. Die ontbinding van die Volkebond is 'n sprekende bewys van 'n stelsel wat nie staande kon bly teen die eise wat daar aan hom gestel is nie.

> „We know that we were lacking in moral courage... We know that we were reluctant to show responsibility for great decisions where greatness was needed, and we know we cannot escape history,"[38].

verklaar President Carl Hambro by die ontbinding van die Volkebond. Die ontbinding van die Federasie van Noord- en Suid-Rhodesië en Niassaland in Desember 1963 toon baie duidelik hoe 'n stelsel geswig het voor opkomende swart nasionalisme.[39]. In Suid-Afrika word 'n partypolitieke stelsel beëindig met die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog as die weë van Genl. Hertzog en Genl. Smuts onherroeplik geskei

---

38. Vgl. Schuman, F.L., International Politics, p. 226. Die woorde van President Carl Hambro by die ontbinding van die Volkebond op 8 April 1946.

39. Vgl. Welensky, R., Welensky's 4,000 Days, Collins Company, London, 1964, pp. 330-366; Clements, F.C., Rhodesia: Course to Collision, Pall Mall Press, London, 1969, p. 120. „It was the British Government and not the white Rhodesians who abandoned the experiment of federation." en Young, K., Rhodesia and Independence, J.M. Deut and Sons, Ltd., London, 1969, pp. 87-107.

word.[40]

As die politieke stelsel dus wil voortbestaan, is dit nodig dat die aanslae wat sy voortbestaan bedreig, die hoof gebied moet word.

> „Every system, from the smallest bushman band to the most complex industrialized society must provide some method for regulating the number of demands if the system is to persist in any form at all"[41].

aldus Easton. Hierdie eise wat aan die politieke stelsel gestel word, kan in twee kategorieë verdeel word. Eerstens die wat herhaaldelik voorkom en tweedens die wat eenmalig gestel word. Die herhaalde oproepe om mediese hulp in die VVO is 'n ideale voorbeeld van eise wat dikwels in 'n politieke stelsel herhaal word.[42]

Dit is voorts belangrik om die instansie teen wie die aanslae gerig word, te identifiseer: „Directionality of

---

40. Vgl. Malan, D.F., Afrikaner-Volkseenheid en my Ervarings op die Pad Daarheen, Nasionale Boekhandel Beperk, Bloemfontein, 1959; Kruger, D.W., The Making of a Nation, Macmillan, Johannesburg, 1969, pp. 196-198. Muller, C.F.J., 500 Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis, Academica, Pretoria, 1968, p. 379, Van der Walt, A.J.H., e.a., Geskiedenis van Suid-Afrika, Nasionale Handelsdrukkery Beperk, Bloemfontein, Datum Onvermeld, pp. 544-545; Hancock, W.K., Smuts: Fields of Force, pp. 308-325; Vgl. ook Swart, M.J., By die Dood van Genl. Hertzog, Artikel in Die Huisgenoot, 16 September 1962, p. 7. „Dit was in September 1939 dat Smuts en Genl. Hertzog se weë onherroeplik geskei het. Hier het Genl. Hertzog opnuut getoon dat sy land in alles nog steeds die eerste plek beklee het, en dat die woorde wat hy in 1912 by De Wildt uitgespreek het, nie maar 'n hol kreet om persoonlike aanhang was nie."

41. Easton, D., Op.cit., p. 61.

42. Vgl. Ibid., p. 63.

demands are vital."[43] Hierdie aanslae mag somtyds gaan om die verryking van 'n bepaalde persoon of groep se belange, maar meermale is dit geregverdigde eise van die struktuur wat die stelsel tot diens moet wees. Easton merk op:

> "..... it may also be stimulated by the highest of public motives and require the most noble sacrifices."[44]

'n Ander faktor is die feit dat hierdie aanslae of eise, tydsgebonde kan wees,[45] terwyl die stelsel teenoor relatiewe rustige periodes, tydperke van groot aktiwiteite en vele aanslae kan ondervind. Daar moet steeds voor oë gehou word dat die hele invloei gedagte 'n band veronderstel tussen die sosiale lewe en die politiek.[46]

Easton onderskei nog verskeie ander faktore in die eerste determinant van invloei in die politieke stelsel. Ook bepaalde verwagtings, openbare menings, ideologieë, motiverings en groepsbelange, stel bepaalde eise aan die stelsel. Baie openbare behoeftes word ook op hierdie manier in eise omskep.

> "..... that have stimulated the desire for freedom, popular welfare, mass education, and racial and economic equality."[47]

---

43. <u>Ibid.</u>, p. 39.
44. <u>Ibid.</u>, p. 41.
45. Oorlogsultimatums wat gewoonlik elke keer die <u>status quo</u> van politieke stelsels verander, is altyd streng aan tyd gebonde.
46. Vgl. Easton, D., <u>Op.cit.</u>, p. 53. "Demands bridge the gap between political and non-political sectors of life."
47. <u>Ibid.</u>, p. 82.

Ook kulturele norme stel volgens Easton bepaalde eise. Melding word ook gemaak van die feit dat daar streng gewaak moet word oor watter eise toegelaat sal word om die politieke stelsel binne te vloei.[48] Deur middel van kommunikasiemedia en ander kanale is dit dikwels moontlik om die eise so te reguleer dat hulle aanvaarbaar word vir die politieke stelsel. Die toepassing van reduksie, om baie van hierdie eise te temper, maak dit later aanvaarbaar om die politieke stelsel binne te vloei.[49]

Die tweede stroom wat Easton dan onderskei is die invloei van hulp. Hierdie invloei determinant kom neer op die verhouding tussen die stelsel en sy omgewing of milieu.

> „Support becomes the major summary variable linking a system to its environment."[50]

Die ontwikkeling van die tegnologie, ekonomie, kultuur en godsdiens veroorsaak baie beslis veranderings in die politieke struktuur wat noodwendig 'n invloed op die politieke stelsel moet uitoefen.[51]

---

48. Let op die omverwerping van die Amerikaanse volk se eis na die Tweede Wêreldoorlog, dat alle Amerikaanse soldate wat nog oorsee was moes terugkeer huistoe.

49. Vgl. Easton, D., Op.cit., p. 129. Vgl. dr. Verwoerd se weiering om sekere toegewings te maak aan ekstremiste binne die Statebond, na Suid-Afrika se republiekwording, en die land se gevolglike onttrekking aan die Britse Gemenebes van Nasies.

50. Ibid., p. 156.

51. Die verbrokkeling van die staatsnegerende feodale instellings en die daaruitvoortvloeiende era van absolutisme; die totale omwenteling wat die industriële rewolusie, nie slegs in die tegnologie nie, maar langs die hele linie bring en ook die intellektuele rewolusie wat na die „Aufklärung" finaal die humanisme manifesteer, is almal faktore wat in hierdie lig beskou kan word. Vgl. Easton, D., Op.cit., p. 155.

Politieke stelsels wat onder meer aanslae of hulp van hierdie invloei determinant ondervind, is die regering, ander outoritêre gesagsliggame en die politieke samelewing. Oor die politieke samelewing self is daar nog geen geykte definisie of algemeen aanvaarde verklaring beskikbaar nie.[52.] Dat die politieke stelsel egter gedurig as gevolg van hierdie faktore verander, is nie te betwyfel nie. Na die Eerste Wêreldoorlog verander Duitsland konstitusioneel van 'n monargie na die Weimar-Republiek wat weer in 1933 deur die diktatoriale Nazi-regime vervang word. 'n Baie duidelike bewys van hoe die verandering van die publieke opinie[53.] 'n politieke stelsel konstitusioneel kan verander en beïnvloed. Ook hier gaan dit gepaard met spanning in die politieke stelsel sodat daaraan die nodige aandag gegee moet word.

Dit is dus baie duidelik dat daar bepaalde invloede op die politieke stelsel uitgaan - 'n invloed van faktore wat baie meer ingewikkeld raak as dit met ander politieke en ander stelsels in wisselwerking kom.

---

52. Vgl. die verskille wat daar tussen drie behavioraliste Karl Deutsch, David Easton en Robert Dahl oor die wese van die politieke samelewing bestaan. Vgl. Young, O.R., Op.cit., pp. 1-8.

53. Alhoewel Hitler op diktatoriale wyse oor die Duitse Volk heers, slaag hy tog deur subtiele propagandakampanjes om die steun van die grootste deel van die Duitse Volk te verower. Vgl. Shirer, W.L., The Rise and Fall of The Third Reich, A History of Nazi Germany, Pan Books Ltd., London, 1967, p. 286. „On August 19, some 95 per cent of those who had registered went to the polls, and 90 per cent, more than 38 million of them, voted approval of Hitler's usurpation of complete power."

(c) Uitstraal (Output)

Oran Young verklaar:

> „The outputs of a political system are the authoritative decisions and actions of the system's leaders that bear on the allocation of values for the system."[54].

Die uitstraling moet dus kernagtig gesien word as die invloede wat daar vanaf die politieke stelsel uitgaan. Hierdie invloede wat geproduseer word, kan natuurlik op verskillende strukture, die stelsel wat dit geproduseer het self, of beide geprojekteer word.[55]. Dit is logies dat die beslissings- en beïnvloedingsmomente wat daar van elke stelsel uitgaan, nie slegs ander stelsels langs die hele linie sal beïnvloed nie, maar ook 'n bepaalde invloed op die betrokke stelsel self sal uitoefen. Laasgenoemde kringloop tipeer ons graag as die boemerangkurwe.[56].

> „They are, rather, part of a continuous chain of activities, soon to be identified as a feedback loop, in which inputs and outputs each directly or indirectly affect each other and

---

54. Vgl. Young, O.R., Op.cit., p. 42.

55. Vgl. Ibid., p. 45: „Moreover, outputs may be oriented in either an intrasystem or an extrasystem direction. This distinction hinges on the objects affected by the consequences of outputs." Die Amerikaanse besluit om die atoombom teen Japan te gebruik het nie slegs sy eie stelsels nie, maar stelsels langs die hele linie kennelik beïnvloed. Vgl. Morton, L., The Decision to use the Atomic Bom, in Duchacek, I.D., Discord and Harmony, Readings in International Politics, Holt, Rinehart and Winston, New York, 1972, pp. 235-253.

56. Aan hierdie bepaalde aspek word daar in die volgende gedagteskof meer gepresiseerde aandag verleen.

together the rest of the political system and it's environment."[57]

Die beslissings van elke stelsel vloei egter dikwels baie verder as sy eie struktuur, omgewing of verband. Die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog en die gevolglike besluit van Suid-Afrika om aan die kant van Engeland tot die oorlog toe te tree, het tot 'n gewapende opstand in Suid-Afrika aanleiding gegee.[58] Oorlog op die tussenstaatlike toneel het dus deurgewerk tot rebellie in 'n nasionale staat. Dit sou weer 'n stimulus in die kulturele ontwikkeling van die Afrikaner wees.

Deur middel van die uitstraling van besluite kan die politieke stelsel egter ook die spanning en die druk wat daar ten opsigte van die stelsel mag bestaan, uit die weg ruim. Eksterne probleme kan opgelos word deur hierdie beslissings, maar dit kan aan die ander kant ook die druk op die politieke stelsel verhoog. Die uitstralings moet dus tot 'n baie groot mate gesien word as 'n ondersteuning aan die politieke stelsel deur die politieke stelsel self.

(d) Die Boemerangkurwe (Feedback)

Die boemerangkurwe vervul 'n tweeledige taak. In die eerste plek reflekteer dit beslissingsmomente op die stelsel wat die beslissings geneem het, en vervul dus 'n nimmerein-

---

57. Easton, D., Op.cit., p. 345.

58. Vgl. De Wet, J.M., Jopie Fourie, Voortrekkerpers, Pretoria, Datum onvermeld, pp. 79-115; Van der Walt, A.J.H., e.a. Op.cit., pp. 493-498; Muller C.P.J., Op.cit., pp. 352-354; Kruger, D.W., Op.cit., pp. 79-97.

digende taak in die beslissings en besluite wat daar in elke stelsel geneem word:

> „Feedback refers to the influence of outputs on inputs, and so ultimately on decisions."[59]

Dit kan dus gesien word as 'n aaneengeskakelde stroombaan wat aan die twee pole van die politieke stelsel verbind is. In die stelsel word die impulse en spanningskapasiteite dan gevorm wat onophoudelik van die uitstraal pool na die invloei pool reflekteer en so 'n konstante kringloop bewerkstellig.

Hierdie beïnvloedingsbaan wat aan die politieke stelsel geanker word, kan natuurlik 'n positiewe of 'n negatiewe karakter vertoon. Dit is negatief as dit ingespan moet word om foutiewe beslissings langs die baan terug te stuur vir korreksie en heroorweging in die politieke stelsel.[60] Dit vertoon 'n positiewe karakter as dit positiewe veranderings in die vooropgesette doelstelling van die stelsels veroorsaak.[61] Die boemerangkurwe reguleer dus die politieke stelsel alhoewel dit op sigself met vele probleme te kampe het. In hierdie verband dink ons aan akkuraatheid van die

---

59. Isaak, A.C., Op.cit., p. 220. Vgl. ook Easton, D., Op.cit., p. 368. „.... the property of being able to adjust future conduct by past performances" en Young, O.R., Op.cit., p. 43. „Feedback is essentially a dynamic process through which information about the performance of a system is communicated in such a way as to effect the subsequent behaviour of the system."

60. Vgl. Young, O.R., Op.cit., p. 43.

61. Vgl. Ibid., p. 43.

deurvloei, die tydsbestek en vele ander probleme.[62.] Die verskaffing van verkeerde inligting aan die terugvloeibaan kan die hele stelsel bedreig. Die ooroptimistiese inligting wat aan President Kennedy gegee is lei tot die katastrofale „Bay of Pigs"-inval in Kuba gedurende 1961 wat daarna die voortbestaan van die Amerikaanse politieke stelsel bedreig.[63.] In 'n boodskap aan Kennedy verklaar Kruschef:

> „...... aggressive bandig acts
> cannot save your system."[64.]

Die hele stelsel-idee is dus ook nie imuun teen foutiewe beslissings soos baie behavioraliste dikwels met trots beweer nie.[65.]

Die boemerangkurwe kan egter ook teruggekaats word op ander statestelsels, die internasionale en alle ander stelsels.

> „In an international crisis A's
> action is perceived to be provocative
> and causes a reaction in B which in

---

62. Vgl. Ibid., p. 43. Die feit dat hierdie hele boemerangkurwe via menslike persoonlikhede fungeer bring natuurlik die probleem van objektiwiteit en ook die sondeval van die mens in die gedrang.

63. Vgl. Schlesinger, A.M., Bay of Pigs: A Case Study, in Duchacek, I.D., Op.cit., p.140. „One reason Washington miscalculated Castro, of course, was a series of failures in our own intelligence." Ulam, A.B., Expansion and Coexistence, p. 651, Millar, T.B., On Writing About Foreign Policy, in Rosenau, J.D., (red.) Op.cit., p. 60. „Similarly one could site many foreign policies which have appeared to be based on an erroneous picture of the situation - Nehru's decision to throw the Chinese out of India, ..., Eden's action at Suez, Kennedy's at the Bay of Pigs, .. Kruschef's over the rockets to Cuba,.." en Sorenson,T.C., Kennedy, Harper and Row Publishers, New York, 1965, p. 304. „He did not fully know the strengths and weaknesses of his various advisors".

64. Soos aangehaal deur Ulam, A.B., Op.cit., p. 652.

65. Young, O.R., Op.cit., p. 43. „Central concepts refer to accuracy, distortion, and various types of delay in the communication of feedback responses."

> turn feeds back to A and causes
> some other action."[66].

Die boemerangkurwe kan dus, na gelang van die tussenstaatlike situasie, in verskeie bane reflekteer en soortgelyke aansluitingspole vir die vloei van beslissingsmomente by ander stelsels vind. So ontstaan daar 'n netwerk van ineengestrengelde boemerangkurwes, nie slegs op tussenstaatlike vlak nie, maar ook op die verbindingsvlak wat die politieke stelsel, in watter gewaad ook al, met bv. ekonomiese, kulturele, sosiale en godsdienstige stelsels verbind.


So gesien, verkry die boemerangkurwe dan 'n baie breër omlynde betekenis en reguleer dit, uit stelselanalitiese oogpunt, al die verhoudings tussen state. Dit word inderdaad 'n kernmoment in die struktuur van die stelsel wat ook aan hom sy bepaalde karakteristieke eienskappe gee.

Die hele struktuur van die politieke stelsel wat ons hier behandel het, is natuurlik die heel eenvoudigste vorm daarvan. Dit is die basiese grondbegrippe waarvan kennis gedra moet word voordat die verskillende politieke stelsels wat daar wel bestaan, ontleed kan word. Ons bied, 'n skematiese voorstelling aan van 'n meer gesofistikeerde stelsel wat

---

66. Nicholson, M.B., Reynolds, P.A., General Systems, The International System, and the Eastonian Analysis, Political Science, Vol. XV, Februarie, 1967., p. 14.

Easton onderskei.[67]




67. Hierdie skets is 'n vereenvoudigde en gewysigde voorstelling van die skets wat voorkom in Easton, D., Op.cit., p. 30.

Basies kom Easton se skematiese ontrafeling op presies dieselfde neer as die een wat ter aanvang aan die orde gestel is. Na die eksponering van hierdie basiese grondbegrippe van die stelselanalitiese benadering, stel ons vervolgens die verskeidenheid van politieke stelsels aan die orde.

## D. DIE VERSKEIDENHEID POLITIEKE STELSELS

### I. Inleiding

Van kardinale belang vir stelselanalise bly die feit dat daar verskillende stelsels bestaan.[68.] Hierdie stelsels, waarvan die internasionale stelsel 'n komponent uitmaak, vertoon 'n verweefde karakter en daarom is grensafbakening, ook van die politieke stelsel, 'n kardinale probleem. Dit is egter duidelik dat die politieke stelsel altyd op een of ander manier iets met die staat te doen sal hê. Dit bring ons by een van die probleme van die behavioraliste, naamlik die „wese" van die staat en sy bevoegdhede.[69.]

> „One author claims to have collected one hundred and forty-five separate definitions,[70.]

merk Easton op. Die warboel van definiesies oor die staat en

---

68. Vgl. Van Dyke, V., Op.cit., p. 162; Easton, D., The Political System, p. 97; Isaak, A.C., Op.cit., p. 219 en Charlesworth, J.C., Op.cit., p. 152.

69. Die Goddelike oorsprong van die staat, sy bevoegdhede en grense, sal ons by die behandeling van die normatief-strukturele metode gepresiseerd aandag aan gee.

70. Easton, D., Op.cit., p. 107. Let ook in hierdie verband op die verskil tussen tradisionele skrywers Rodee, C.C., Anderson, T.J., Christol, C.G., Introduction to Political Science, McGraw-Hill Book Company, New York, 1957, pp. 2-4 en baie van die meer moderne skrywers. Vgl. ook Young, O.R., Op.cit., p. 1. „There is little consensus among political scientists on the general scope and boandaries of their discipline."

die internasionale stelsel ten spyt, blyk dit baie duidelik dat die nasionale staat in stelselanalise, ten opsigte van tussenstaatlike verhoudings, nog 'n sentrale plek beklee al is daar reeds nuwe internasionalistiese tendense waarneembaar by die vernaamste eksponente.

## II. Die Rol van Nasionale State in Tussenstaatlike Stelselanalise

Die identifikasie van die deelnemende eenhede van die tussenstaatlike stelsel is van kardinale belang. Alhoewel baie kragte teen die bestaan van nasionale state in hierdie stelsel gewerk het, word dit vandag ook vir baie behavioraliste onmisbaar.[71] Die nasionale staat as sodanig, of in regionale of supranasionale konteks, verteenwoordig steeds die kern van die tussenstaatlike poltieke gedagtegang:

> „Boundaries are in fact the guides to identification of the international political system, for they mark the separate existence of nations. Within the political lines, we call national borders, each nation is made up of a group of people sharing habits, attitudes, and a sence of

---

71. Vgl. die verandering in die denkbeelde van Herz, J.H. van wat hy in „International Politics in the Atomic Age", verkondig het., Rosenau, J.N., Op.cit., p. 76. „In that excerpt Professor Herz forecast that modern technology would lead to the demise of the nationstate as an international actor. Impelled by international developments in the 1960's, Professor Herz reconsidered this thesis a decade later and, ...., backed away from it .... - an impressive illustration of how theory is developed and revised when a flexible and open minded sholar is at work."

being a community."[72]

Die Franse nasionale staat vorm byvoorbeeld deel van NAVO, 'n militêre stelsel; EEG, 'n ekonomiese stelsel, en die VVO - 'n wêreldomvattende politieke groepering, gebaseer op die werklikheid en die bestaan van nasionale state. Die nasionale staat is en bly dus die vernaamste dryfkrag in die wêreldpolitiek - ook ten opsigte van stelselanalise, en wie dit probeer verontagsaam, negeer die werklikheid.[73] Kenneth Boulding het 'n meer behavioralistiese siening oor die taak van die nasionale staat in die tussenstaatlike stelsel:

> „An international system consists of a group of interacting behaviour units called nations or countries, to which may sometimes be added certain supranational organizations, such as the United Nations".[74]

In watter gewaad die politieke stelsel dus ook al opereer, die basis bly steeds die nasionale staat.

In ons kerneeu was daar natuurlike verskeie persone wat die ondergang van die nasionale staat verkondig het. Hiervoor sou dan verantwoordelik wees die verwoestende mag van atoomwapens, wat die beginsel van territorialiteit sal

---

72. Rosenbaum, N., Op.cit., p. 4. Vgl. ook Herz, J.H., The Territorial State Revisited: Reflections on the Future of the Nation-State, in Rosenau, J.N., (red.) Op.cit. p. 76. „.... the states remain the primary actors in international relations."

73. Vgl. Snyder, L.L., The Dynamics of Nationalism, Van Nostrand Company, New Jersey, 1967, Kohn, H., The Idea of Nationalism, en Minogue, K.R., Nationalism, Batsford, London, 1967.

74. Boulding, K.E., National Images and International Systems, in Rosenau, J.N., (red.) Op.cit., p. 422.

ophef.[75] Daarom sou die wêreldpolitieke stelsel later die verskynsel van nasionale state kwyt wees. In baie gevalle het die mag van die kernmoondhede egter 'n verdere stimulus in die ontwikkeling van die nasionale staat geblyk te wees.[76] Hierdie neo-territorialiteit soos Herz dit klassifiseer, word dus van groot belang vir die tussenstaatlike stelselanalise. John Herz, wat eers 'n vurige voorstander van die opheffing van nasionale grense was, is nou net so vurig in die verdediging van die nasionale staat:

> „And this neo-territorial world of nations, in addition, might salvage one feature of humanity which seems ever more threatened by the ongoing rush of mankind into the technological conformity of a synthetic planetary environment: diversity of life and culture, of traditions and civilizations. If the nation can preserve these values, it would at long last have emerged at that which the philosophers of early nationalism had

---

75. Vgl. Knorr, K., <u>On the Uses of Military Power in the Nuclear Age</u>, Princeton University Press, Princeton, 1966, p. 174; Aron, R., <u>Peace and War: A Theory of International Relations</u>, pp. 395-396. die boek van Herz, J.H., <u>International Politics in the Atomic Age</u>, en Kahn, H., <u>The Arms Race in World Order</u>, in Rosenbaum, N., <u>Op.cit.</u>, pp. 229-249.

76. In hierdie verband kan daar veral gelet word op die bewuswording van John F. Kennedy as President van die VSA dat te veel mag eintlik magteloosheid bring. Vgl. Brown, S., <u>The Faces of Power, Constancy and Change in United States Foreign Policy from Truman to MacArthur</u>, Columbia University Press, London, 1968, p. 220. „There is a limitation ... upon the power of the United States to bring about solutions.... The problems are more difficult than I had imagined them to be." Vgl. ook Kissinger, H.A., <u>Nuclear Weapons and Foreign Policy</u>.

> expected it to be: the custodian of cultural diversity among groups mutually granting each other their peculiar worth."[77]

## III. Regionale Politieke Stelsels

Die verskillende regionale strukture; polities, militêr en ekonomies, vorm ook stelsels wat vir die tussenstaatlike politieke stelsel van belang is.[78] Een van die merkwaardigste ontwikkelings in die tussenstaatlike sedert die Tweede Wêreldoorlog is inderdaad die ontstaan en stigting van streekgroeperinge op die verskeie kontinente.[79] Elkeen van hierdie groeperinge, of dit polities, militêr of ekonomies gemotiveerd en geïnspireerd is, vorm 'n politieke stelsel in nuwe gewaad, waar ook die invloei, uitstraal en boemerangkurwe aan die orde is.

Die hele vraagstuk van Engeland se toetrede tot die Europese Ekonomiese Gemeenskapsmark bring nie slegs verwikkelinge in die EEG-stelsel teweeg nie, maar oefen ook 'n bepaalde invloed op die militêre struktuur, NAVO, uit en kan selfs as die voorloper van 'n Europese politieke stelsel

---

77. Herz, J.H., Op.cit., in Rosenau, J.N., (red.) Op.cit., p. 89.

78. Vgl. Deutsch, K.W., The Analysis of International Relations, pp. 181-190; Nye, J.W., International Regionalism, p. 1. Vgl. ook Ferreira, L.J., Transformasie as Teoretiese Benadering vir 'n Wêreldstaat, pp. 93-98.

79. Van die drie-en-twintig regionale groeperinge in 1966 het slegs een, die inter-Amerikaanse stelsel, voor die Tweede Wêreldoorlog bestaan. Vgl. ook Russett, B.M., International Regions and the International System, p. 111. Russett wys daarop dat regionale organisasies in die 10 jaar sedert 1951 met 50% toegeneem het.

beskou word. Maar ons het reeds opgemerk dat die betrokke stelsels baie nou verweegd is en dat die boemerangkurwe ook in ander stelsels veranderings kan veroorsaak. So bring die hele vraagstuk van Engelse toetrede tot die Euromark nie slegs 'n verandering in die Britse nasionale statestelsel nie, maar het dit ook daartoe aanleiding gegee dat sterk tweespalt in die geledere van die Arbeidersparty - 'n partypolitieke stelsel - ontbloot is.[80]

Nog 'n basiese begrip van die stelsel-gedagtegang bly dus die streeksgroeperinge, wat nog 'n analiseerbare deelnemende eenheid daarstel.[81] Deur die regionale struktuur met die ontleedmes van stelselanalise te ontleed kan daar nuwe lig op die internasionale politieke stelsel gewerp word.[82]

## IV. Die Internasionale Politieke Stelsel

### (a) Inleiding

Geskoei op die lees van die transformasiedenkers wil baie behavioraliste, uit stelselanalitiese huis, die internasionale stateveelheid sien as die stelsel wat ontleed moet word.

---

80. Die verskille tussen Mnr. Harold Wilson en Roy Jenkins oor Britse toetrede tot die EEG het tweespalt in 'n politieke party, oor nasionale toetrede tot 'n regionale struktuur, tot gevolg gehad.

81. Vgl. Riggs, F.W., The Nation-State and other Actors, in Rosenau, J.N., Op.cit., pp. 90-92.

82. Brecher, M., The Subordinate State Systems of Southern Asia, in Rosenau, J.N., (red.) Op.cit., pp. 160-161.

> „The international political system is the pattern created by international political behaviour. For even those modern scholars ...., the study of the network of political activity that extends across national boundaries."[83.]

Die internasionale struktuur word dus nou die voorwerp van die stelselanalitiese ontleedmes. Die proklamering van die wêreld as die struktuur bring natuurlik nie mee dat regionale en nasionale statestrukture negeer kan word nie. Gedurige wisselwerking tussen verskillende stelsels en kontinue vloeibaarheid van die stelsel self, as gevolg van die wisselwerking deur boemerangkurwes van ander stelsels, hef juis die bestaan van so 'n superstruktuur op.

Onderskeid moet dus hier gemaak word tussen die internasionale stelsel en internasionale substelsels.[84.] Maar ook die verhouding van die internasionale tussenstaatlike stelsel in sy verhouding tot die ganse werklikheid moet verreken word. Die internasionale politieke struktuur staan tog in 'n baie besliste verhouding tot ander internasionale strukture byvoorbeeld die ekonomiese, kulturele, of selfs iets soos die Wêreldgesondheidsorganisasie en die Internasio-

---

83. Rosenbaum, N., Op.cit., p. 2. Vgl. ook Rosenau, J.N., (red.) Op.cit., p. 71. „Of all the advances that have occurred in the study of international phenomena, perhaps none is more important than the ever-growing tendency to regard the world as the international system."

84. Vgl. Ibid., p. 72. „...., we shall henceforth distinguish between the international system and the many international subsystems."

nale Rooikruis, om slegs enkeles te noem. In hierdie milieu val baie beslis ook die Wêreldraad van Kerke, wat ten spyte van sy orakelspreuk dat dit geen superkerk wil wees nie, dinamies bou aan 'n supranasionale geestelike instelling.

> „..... the vision of one church proclaiming one Gospel to the whole world"

sê Schrotenboer,

> „becomes more vivid and the experience and expression of our given unity more real."[85]

Dit kan dus nie ontken word dat daar 'n groot mate van korrelasie of interafhanklikheid tussen die internasionale politieke struktuur en ander internasionale strukture bestaan nie:

> „The international political system, the international economy or the international cultural system would fall into the category of extra-societal systems,"[86]

aldus Easton. Rosenau gee 'n besliste afbakening van dusdanige strukture:

> „From this perspective, therefore, the environment of the international system

---

85. Vgl. Vorster, J.D., Die Kerkbode, 19 Mei 1971, p. 697; Schrotenboer, P.G., Motives for Ecumenism, p. 20; en Van Niekerk, F.N., Die Wêreldraad van Kerke Waarheen? p. 49. Van Niekerk wys baie duidelik dat die invloed van die Vrymesselary hier nie onderskat moet word nie. Die sentrale idee van die Vrymesselary is immers 'n wêreldgodsdiens en wêreldbroederskap. Let in hierdie verband ook op Van Niekerk, F.N., Vrymesselary - Sy Geheime en Gevare.

86. Easton, D., Op.cit., p. 22, Easton onderskei tussen „intra societal" en „extra-societal" waar laasgenoemde internasionaal gerig word. Vgl. ook Rosenau, J.N., (red.) Op.cit., p. 74.

consists of all those events and conditions, both human and non-human, which are nonpolitical in nature and which effect the behaviour of nation-states and the operation of the international system."[87]

Bevolkingsaanwas, die ontwikkeling van nuwe wapentuig, die prys van goud, klimaatsveranderings en geografiese realiteite is verwante stelsels wat die internasionale politieke stelsel kan beïnvloed.

Die grondgedagte bly hier egter die internasionale politieke stelsel. Daarom sal die fokus op politieke faktore gerig bly en die ander stelsels slegs ondersoek word waar hulle die nodige lig op politieke gedrag werp.[88] Daardie komponente wat dus vir die tussenstaatlike stelsel van waarde kan wees, moet wel uit die ander stelsels met 'n superstruktuur geabstraheer word. Die fundamentele probleem ontstaan dus hier om die grense van die internasionale stelsel af te baken en sy soewereiniteite vas te pen.[89] Kan die nasionale statestruktuur of statestelsel en die regionale stelsels

---

87. Rosenau, J.N., (red.) Op.cit., p. 74.

88. Vgl. Rosenau, J.N., (red.) Op.cit., p. 74. "However, it must be remembered that the student of international politics and foreign policy is primarily interested in political phenomena and that all other types of phenomena are investigated only in order to shed light on the political dimensions of behaviour."

89. Vgl. Ibid., p. 74. Vgl. ook Lerche, C.O.; Said, A.A., Op.cit., p. 102. Rosenbaum, N., Op.cit., p. 345, en McClelland, C.A., Theory and the International System, pp. 90-91: "Thus a description of the structure of the international system at a given time would include the consideration of the part played by the policy positions and the actions of individual nation states."

se soewereiniteit deur die internasionale stelsel opgehef word? Indien dit so gesteld is, beweeg die internasionale stelsel beslis op supra-nasionale lyn na internasionalisme - 'n fundamentele karaktereienskap wat later aan die orde gestel word.

Die internasionale stelsel se voortbestaan sal egter ook gedra moet word deur 'n bepaalde vooropgestelde taakvervulling. Die bestaansreg van enige stelsel vereis dat dit bepaalde funksies moet verrig. Duidelike onderskeid moet ook hier ten opsigte van die nasionale en internasionale struktuur gemaak word. As die internasionale stelsel dus in stelselanalitiese sin besig wil wees, moet die invloei-, uitstraal- en boemerangkurwegedagtegang ook hier van toepassing gemaak kan word. Om dit te bewerkstellig word hier dan dikwels van 'n segmentele stelsel gepraat wat 'n bepaalde vorm van disintegrasie in die internasionale stelsel impliseer. Sodoende kan dit stelselanalities ideaaltipies funksioneer. Dit verbreek egter die eenheid wat die stelsel juis voorstaan en moet daarom inderdaad tot die ontbinding van die internasionale politieke stelsel aanleiding gee.[90]

Dit is egter ook duidelik dat daar in die internasionale stelsel ander kragte nodig sal wees om samehorigheid en eenheid te bewerkstellig as dié faktore wat daarvoor in die nasionale statestelsel verantwoordelik is:


---

90. Vgl. Rosenbaum, N., Op.cit., p. 344.

> „The international system has neither common values nor any mutual goal other than survival within the system."[91]

verklaar Lerche. Hierdie stelsel word dan ook tipeer as „semi-organized anarchy."[92]

Afsluitend 'n skematiese voorstelling van die internasionale politieke stelsel van David Easton.[93]




---

91. Lerche, C.O., Said, A.A., Op.cit., p. 102.
92. Ibid., p. 102.
93. Easton, D., Op.cit., p. 23. Bogenoemde skets is 'n aansienlike vereenvoudiging van Easton se oorspronklike skets.

As gevolg van die feit dat die internasionale politieke stelsel 'n bepaalde struktuur voorstaan, is struktuurontleding van 'n veelheid van strukture of indelings veelal belangrik. Op hierdie gebied het veral Morton Kaplan belangrike baanbrekerswerk gelewer.[94]

## (b) Die Stelsels van Kaplan

Die gedagtegang van Kaplan is in sy werk „System and Process in International Politics" uiteengesit. Hierin onderskei hy ten aanvang ses verskillende strukturele stelsels in die tussenstaatlike. Later voeg Kaplan nog variante toe, maar hy erken geredelik dat dit nie die veelheid van strukturele stelsels uitput nie: „These models do not exhaust the possibilities."[95] Enkele teoretiese vooronderstellings lê, aldus Kaplan, aan die fondament. In die eerste plek die feit dat 'n bepaalde patroon van herhaalde karakteristieke gedragskodes in die internasionale stelsel voorkom. Tweedens val hierdie gedragskodes in 'n bepaalde

---

94. Verskeie skrywers verwys met waardering na die werk van Kaplan in hierdie verband. Vgl. Said, A.A., Op.cit., p. 21. „Morton Kaplan conceives of the international system as an „analytical entity" ... " Burns, A.L., Op.cit., pp. 112-117. Hoffman, S., Op.cit., p. 40. „Its advocate in international relations is primarily Mr. Morton Kaplan." Burns, A.L., Op.cit., p. 113. „One can only record the sense of gratitude and encouragement that Kaplan's eclectic, inventive, and enterprising book inspired." Let ook op die geweldige volume van Kaplan se bydraes in verskeie publikasies ten opsigte van hierdie stelsels wat hy onderskei en eksponeer. In die volgende publikasies het Kaplan almal bydraes gelewer, Knorr, K., Verba, S., Op.cit., pp.6-24. Hoffman, S., Op.cit., pp. 104-123; Rosenau, J.N., (red.) Op.cit., pp. 291-303, en Knorr, K., Rosenau, J.N., Op. cit., pp. 41-54.

95. Vgl. Kaplan, M.A., Variants on Six Models of the International System, in Rosenau, J.N., (red.), Op.cit., p.292.

stroom wat nasionaal en internasionaal opereer. Laastens staan hierdie gedragskodes in 'n besondere verhouding tot mekaar, veral ten opsigte van die funksies wat hulle verrig.[96] Vervolgens stel ons die stelsels van Kaplan aan die orde.

### (i) Die Stelsel van Magsbalans

Neweskikking ten opsigte van magskapasiteit is die fundamentele eienskap van die tussenstaatlike in die agtiende, negentiende en vroeg twintigste eeue.[97] Die volgende voorveronderstellings kan hier geponeer word: Die stelsel van magsbalans het geen substelsels nie; die deelnemende komponente is sonder uitsondering nasionale state en daar moet minstens vyf van hierdie entiteite teenwoordig wees om die stelsel te laat fungeer.[98]

Die stelsel van magsbalans word voorts volgens Kaplan deur die volgende karakteristieke eienskappe gekenmerk:

---

96. Vgl. Ibid., p. 292.

97. Vgl. Kaplan, M.A., System and Process in International Politics, p. 22.

98. Vgl. Ibid., p. 22. Vgl. ook Kaplan, M.A., Variants on Six Models of International System, Op.cit., in Rosenau, J.N., (red.) Op.cit., p. 293. In die plofbare jare voor die Eerste Wêreldoorlog was Engeland, Frankryk, Rusland, Duitsland, Italië, en Oostenryk-Hongarye in'n magsgebalanseerde konstellasie op die Europese vasteland. Vgl. ook Morgenthau, H.J., Politics Among Nations, pp. 185-186, en Kaplan, M.A., Some Problems of International Systems Research, in Rosenbaum, N., Op.cit., p.420. „Five national actors - as a minimum - must fall within the classification ‚essential national actor' to enable the system to work." Kaplan gebruik hier die term „essential actor" om die Groot Moondhede van die Kleiner Moondhede te onderskei.

Eerstens, optrede om die potensialiteite van die stelsel te vermeerder, maar om eerder onderhandelinge aan te knoop as om oorlog te voer; tweedens moet die stelsel liewer die stryd aanknoop as om 'n geleentheid verby te laat gaan om die potensialiteite uit te brei. Derdens moet die stryd beëindig word eerder as om 'n belangrike bondgenoot in die stelsel prys te gee. Vierdens moet elke staat of groep state, wat daarna streef om binne die stelsel 'n magsposisie te bereik, teengestaan word. Vyfdens moet daar opgetree word teen state wat binne die stelsel supranasionale organisatoriese beginsels onderskryf. Laastens moet essensiële state in 'n bepaalde stelsel, wat nie meer deel van die stelsel vorm nie, toegelaat word om weer tot die stelsel toe te tree. Hiermee hang ook saam die feit dat essensiële state vir die bepaalde stelsel so behandel moet word dat by hulle die idee moet ontstaan dat hulle in die bepaalde magspolitieke konstellasie verwelkom sal word.[99]

Die eerste twee eienskappe van die genoemde internasionale stelsel reflekteer die werklikheid dat hier geen substelsels bestaan nie. Daarom sal die nasionale state, wat komponente van die stelsel vorm, op hulleself of op die stelsel vir beskerming aangewys wees. As 'n bepaalde staat binne die stelsel egter relatief swak is, bestaan die moontlikheid dat sy bondgenote hom kan verlaat en sal hy

99. Vgl. die ponering van hierdie ses karakteristieke eienskappe in Kaplan, M.A., System and Process in International Politics, p. 24. Vgl. ook Burns, A.L., Op.cit., se verwysing hierna op p. 113.

inderdaad op homself aangewys wees om sy nasionale belange te beskerm.[100] Die derde eienskap illustreer die feit dat ander state baie waardevol as potensiële bondgenote kan wees, maar dat daar vir die uitbreiding van staatlike belange bepaalde grense bestaan:

> „Expansion beyond certain limits clearly would be inconsistent with nationality or exclusiveness,"[101].

sê Kaplan.

Die vierde en vyfde reëls illustreer die feit dat daar in die stelsel van magspolitiek, koalisies of state kan wees wat daarna strewe om die stelsel te oorheers. 'n Verdeling van die eenheid as gevolg van die soeke na mag, is dus ook eie aan gebalanseerde magstelsels. Die laaste reël dui slegs daarop dat die stabiliteit en funksionering van die stelsel vereis dat daar 'n geskikte aantal lede sal wees.[102]

Hierdie reëls is uiteraard interafhanklik en kan ook nie verander word nie. Voorts is dit ook belangrik dat al die reëls sal funksioneer, omdat die stagnasie van een reël ten minste 'n invloed op een van die ander reëls sal uitoefen.[103]

---

100. Vgl. Kaplan, M.A., Some Problems of International Systems Research, Op.cit., p. 420.

101. Vgl. Kaplan, M.A., System and Process in International Politics, p. 24.

102. Vgl. Kaplan, M.A., Some Problems of International Systems Research, Op.cit., p. 420. „This is best done by returning to full membership in the system defeated actors or reformed deviant actors."

103. Vgl. Ibid., p. 421.

Die stelsel van magsbalans vertoon egter ook 'n neweskikkende karakter, nie slegs ten opsigte van die verskillende reëls teenoor mekaar nie, maar ook die kontak tussen die stelsel en sy milieu, en die reëls in ander, steeds wisselende faktore, wat die internasionale stelsel ook nie onaangetas laat nie:

> „This kind of equilibrium is not mechanical like the equilibrium of the seesaw, which re-establishes itself mechanically after a disturbance. Instead, it is a ‚steady state' or homeostatic equilibrium which maintains the stability of selected variables as the consequence of changes in other variables."[104]

verklaar Kaplan. Dit is dus nodig dat die state in 'n bepaalde gebalanseerde magstelsel die reëls sal handhaaf om sodoende nie die neweskikking te versteur nie. Die reëls is dus onontbeerlik vir die voortsetting van die stelsel.

Historiese feitemateriaal ter illustrasie van die stelsel van magsbalans is volop. Die herstel van die absolutistiese Huis van Bourbon in Frankryk illustreer reël drie. Dit is dus logies dat die internasionale stelsel onstabiel sou raak as die herstel van Frankryk nie plaasgevind het nie. Die stigting van die Viervoudige Verbond in 1815 deur Engeland, Rusland, Pruise en Oostenryk, om die Verdrag van Wenen met

---

104. <u>Ibid.</u>, p. 421.

militêre krag te handhaaf, is 'n voorbeeld van die eerste reël,[105] terwyl die toelating van Frankryk tot die Viervoudige Verbond in die nuwe gedaante van die Vyfvoudige Verbond in 1818, 'n illustrasie is van die sesde reël.[106] Die geskiedenis van die agtiende en die neëntiende eeue dien as voorbeeld van reël twee terwyl Bismarck se fyn gepoleerde diplomatieke spel na die slag van Sadowa, 'n uitstekende voorbeeld van die derde is. Deur Oostenryk ooglopend baie lig van sy neerlaag in die Seweweekse Oorlog te laat afkom, kon die land later as 'n bondgenoot in die Pruisiese stryd teen Frankryk gebruik word.[107] Laastens is die „Entente Cordiale" 'n voorbeeld van die vierde reël, aldus Kaplan.[108]

Volgens Kaplan is daar egter ook verskeie faktore wat die stelsel van magsbalans in die internasionale politiek kan versteur, naamlik die optrede van 'n bepaalde essensiële staat in 'n stelsel wat nie strook met die algemene aanvaarde reëls vir daardie stelsel nie; pogings van 'n bepaalde lid om die leidende rol in die stelsel te speel; die

---

105. Vgl. Kaplan, M.A., System and Process in International Politics, p. 26, en Snyder, L.L., The Making of Modern Man, p. 356. Kaplan is besig om hier 'n vroeëre stelling van hom te weerspreek toe hy verklaar het dat 5 state die minimum is wat nodig is om 'n gebalanseerde magspolitieke konstellasie te vorm. Die Viervoudige Verbond het tog net uit vier state bestaan.

106. Vgl. Kaplan, M.A., System and Process in International Politics, p. 26.

107. Vgl. Carr, W., A History of Germany, pp. 115-118.

108. Kaplan, M.A., Variants on Six Models of the International System, Op.cit. in Rosenau, J.N., Op.cit., p. 294. Ook hier geld die kritiek dat die „Entente Cordiale" nie aan die vereiste aantal state vir die stelsel om te fungeer, voldoen nie. Vgl. Langner, W.L., European Alliances and Alignments, 1871-1890, pp. 245-247, en Andrew, C., Theopile Delcassê and the Making of the Entente Cordiales, Macmillan, New York, 1968. pp. 201-215.

gebrek aan inligting en wisselwerking wat 'n bepaalde lid verhoed om die nodige stappe te neem om sy eie internasionale posisie te beskerm; ontwikkelende potensialiteite van bepaalde ledestate wat progressief vermeerder en 'n groeiende kloof tussen onontbeerlike lede bewerkstellig;[109.] verskille binne die stelsel oor die toepassing van reëls en probleme wat ontstaan oor die handhawing van die gebalanseerde status quo, die getal onontbeerlike lede of ten slotte die onbuigbaarheid in die gebalanseerde meganisme.[110.]

Van fundamentele belang is natuurlik die getal deelnemende partye aan die gebalanseerde magskonstellasie. As daar slegs drie met 'n eweredige magskapasiteit deelneem, is die moontlikheid groot dat daar 'n bipolêre koalisie sal plaasvind om die derde te elimineer. Die oorwinnaars kan dan die verslane derde staat herabsorbeer of probeer vernietig deur swaar oorlogskuld. Die historiese stryd tussen Duitsland en Frankryk staan veral teen hierdie agtergrond. 'n Gebalanseerde stelsel wat egter uit baie ledestate bestaan, handhaaf makliker die magsbalans en vergemaklik 'n lae spanningsfrekwensie in die stelsel. Onder hierdie omstandighede sal die antinormatiewe optrede van een lid ook nie so maklik die stabiliteit van die stelsel kan laat wankel nie.[111.]

---

109. Duitsland se herbewapening en onttrekking aan die Volkebond op 14 Oktober 1933 was 'n fatale kraak in die borswering van die Volkebond. Vgl. Schuman, F.L., Op.cit., p. 475.

110. Vgl. Kaplan, M.A., System and Process in International Politics, Op.cit., p. 27; Kaplan, M.A., Some Problems of International Systems Research, Op.cit., p. 423, en Kaplan, M.A., Variants on Six Models of the International System, Op.cit., p. 294.

111. Vgl. Kaplan, M.A., Variants on Six Models of the International System, p. 295.

Die stelsel vertoon ten slotte nog 'n paar kardinale kenmerke en konsekwensies. Dit vertoon 'n 'n af gebakende struktuur, oorspan 'n kort tydsbestek en is meer kwesbaar vir pragmatiese winsbejag as ideologiese verskille.[112.] Voorts oefen die volkereg ook 'n bepaalde funksie ten opsigte van die duursaamheid van die stelsel uit.[113.] Tot die stabiliteit van die stelsel dra ook die feit by dat 'n staat in sy soeke na dominasie, wel deeglik besef dat sy tussenstaatlike handelinge 'n ander staat met dieselfde motiverings moet neutraliseer.[114.]

Kaplan verklaar in dié verband:

> „The rise of powerful deviant actors, inadequate counter-measures by non-deviant actors,[115.] new international ideologies, and the growth of supra-national organizations .... sounded the death knell for the balance of power international system."[116.]

(ii) Ongebonde Bipolêre Stelsel

Die mees logiese verandering van magsbalans vind plaas as twee nasionale deelnemers en die

---

112. Vgl. Ibid., p. 296.

113. Vgl. Kaplan, M.A., Katzenbach, N. de B., The Political Foundations of International Law, John Wiley and Sons, New York, 1961.

114. Kaplan, M.A., Some Problems of International Systems, Research, Op.cit., p. 425.

115. Vgl. die oortreding van Frankryk en Engeland in die dekade van dertig van ons eeu, van reëls een, twee, vier, vyf en ses. Aangehaal in Ibid., p. 455.

116. Ibid., p. 425.

state wat in hulle assosiatiewe invloedsfeer val, twee oorheersende magsblokke vorm.[117] Verskeie faktore is verantwoordelik vir die groei van die bipolêre stelsel van magsbalans. Die invloed van gebeure en omstandighede rondom die gespanne toestand van moontlike oorlogsvoering, en die in gebreke bly van state om die aanvaarde norme van hulle stelsel uit te voer en toe te pas, was van die vernaamste aanleidende faktore vir die ontstaan van die Volkebond en die VVO. Die uitvloei van die Kommunistiese Blok se buitelandse politiek was weer verantwoordelik vir die ontstaan van groeperinge soos NAVO.[118]

Die bipolêre stelsel verskil in baie kardinale aspekte van die stelsel van magsbalans. Supranasionale strukture fungeer hier in die tussenstaatlike stelsel, wat natuurlik nie die deelname van nasionale state uitskakel nie. Hierdie strukture kan 'n regionale karakter soos NAVO of 'n universele karakter soos die VVO vertoon. As gevolg van die bipolariteit van die stelsel volg dit logies dat daar twee

---

117. Vgl. Kaplan, M.A., System and Process in International Politics, Op.cit., p. 36. „.... especially if the organizational features of one of the blocs is of such a character that it cannot be loosened by offers or rewards."

118. Die Russiese inval in Tseggo-Slowakye gedurende 1948 kan as direkte oorsaak genoem word, vir die ontstaan van NAVO. Vgl. Padelford, N.J., Lincoln, G.A., Op.cit., pp. 465-466, Deutsch, K.W., The Analysis of International Relations, p. 182. „When it was founded in 1948, its main task was to coordinate the armed forces of its members in order to ward off any possible Soviet attack upon Western Europe, ...: Luyt, N., 'n Studie van Regionalisme in die Wêreldpolitiek met besondere aandag aan Suider-Afrika. pp. 49-52.

blokke - elk met 'n leidende staat - sal wees. Voorts word by hierdie stelsel ook nie algemeen geldende reëls aangetref nie, maar die reëls wissel van stelsel tot stelsel wat 'n groter kompleksiteit aan die hele struktuur verleen.[119.]

Die funksionering van die bipolêre stelsel berus op die organisatoriese karaktereienskappe van die supranasionale groeperings. As die twee blokvormings nie hiërargies georden is nie, vertoon die bipolêre stelsel dieselfde eienskappe as die stelsel van magsbalans, behalwe dat alle veranderings nou twee hoofpole sal raak. Aan die ander kant sou 'n semi-hiërargiese en hiërargiese struktuur 'n ander karakter aan die stelsel van bipolariteit verleen. Kaplan beweer:

> „Extensional definitions would identify NATO as relatively non-hierarchal and the Communist bloc as mixed hierarchial. If the Communist bloc were to be so integrated that national boundaries and organizational forms were eliminated, it would become fully hierarchical."[120.]

Die nie-hiërargiese struktuur het dus nie 'n stewige houvas op sy lede nie, maar samewerking met state wat nie 'n deel van die blok vorm nie, is spontaan en vryelik. Druk van 'n sterk hiërargiese ordening kan natuurlik hierdie losse grondslag

---

119. Vgl. Kaplan, M.A., <u>System and Process in International Politics</u>, <u>Op.cit.</u>, p. 37.

120. Kaplan, M.A., <u>Some Problems of International Systems Research</u>, <u>Op.cit.</u>, p. 425. Dit kom dus voor asof hierdie hele hiërargiese struktuur waarna Kaplan verwys 'n progressief groeiende impuls van internasionalisme impliseer. As nasionale state hulle soewereiniteit prysgegee het, aan watter struktuur ook al, is die verwoestende gevolge daarvan baie duidelik.

verplig om sterker integrerend te funksioneer. Die neiging bestaan ook hier dat state wat nie lede is nie, eerder 'n bepaalde groepering sal steun as om neutraal te bly.

Weens die feit dat die bipolêre stelsel uit twee hoofgroeperings bestaan, sal veranderings in militêre kapasiteite onstabiliteit aan die stelsel verleen:

> „For this reason, possession of second-strike nuclear systems by both major blocs is a factor for stability within the system,"[121.]

meen Kaplan.

Kaplan stel dan twaalf reëls vir die bipolêre stelsel, wat die hele hiërargiese struktuurordening uiteensit.[122.] Aandag word ook aan die optrede van state wat nie lede is nie, en universeel oorkoepelende strukture, gegee.

Die logiese konsekwensie van die stelsel is die volgende: Samewerking oorspan 'n lang tydsbestek, is

---

121. Ibid., p. 426. Met die sogenaamde „second-strike" tydens 'n kernbotsing word daar verwys na die slaankrag waaroor 'n kernmoondheid nog sal beskik na die eerste aanval. Vgl. Art, R.J., Waltz, K.N., The Use of Force, p. 15. „From about 1956 onward, both the United States and the Soviet Union have sought, apparently with considerable success, to maintain second-strike countercity capabilities at a minimum."

122. Ibid., pp. 426-427, Kaplan, M.A., System and Process in International Politics, Op.cit., pp. 38-39 en Kaplan, M.A., Variants on Six Models of the International System, Op.cit., p. 297. Volgens Kapaln verkeer die tussenstaatlike in sy huidige opset in 'n ongebonde bipolêre stelsel. Vgl. Burns, A.L., Op.cit., p. 113.

gefundeer op permanente belangegroeperings en vertoon 'n ideologiese verbondenheid. Die vrees vir 'n kernbotsing is so groot dat dit ook bekampend op die ontstaan van konvensionele oorloë inwerk. Die moontlikheid van oorlog is dus veel minder as by die gebalanseerde magskonstellasie. In die sfeer van die Volkereg vind ons ook hier minder beperkings op inmenging en soewereiniteitskending as by die stelsel van magsbalans.[123.]

(iii) Vaste Bipolêre Stelsel

Die vaste en die ongebonde bipolêre stelsel vertoon 'n hoë mate van ooreenstemming en baie karakteristieke raakpunte kan aangewys word. Die verskille bly nogtans deurslaggewend. Die vaste stelsel het ander reëls en minder deelnemende entiteite of state as die ongebonde stelsel. Die fundamentele verskil is egter daarin geleë dat state wat nie aan een van die groeperings behoort nie, geheel en al verdwyn, of die vermoë verloor om enige werklike invloed in die tussenstaatlike uit te oefen.[124.] Hieroor verklaar Kaplan:

> „The first thing to be noted about the tight bipolar system is the virtual disappearance of the category of the

---

123. Kaplan, M.A., Variants on Six Models of the International System, Op.cit., p. 298. „In the field of law, there are fewer restrictions on intervention than in the balance of power system and the limitations which do exist stem largely from the fear of escalation."

124. Vgl. Ibid., p. 298.

non-member national actor."[125]

Voorts bestaan daar nie 'n hoë integrasionistiese of versoeningskarakter in die bipolêre stelsel nie. Daarom is daar 'n hoë verwerings- en disintegrasiestroming in die stelsel aanwesig. Ten spyte van die naam wat hierdie stelsel van Kaplan dus dra vind ons hier geen vaste aaneengeskakelde koppeling in 'n bepaalde stelsel nie. Die vaste bipolêre stelsel vertoon dus nie 'n baie stabiele of geïntegreerde karakter nie.[126] 'n Gebrek aan doeltreffende skakeling in die stelsel moet onteenseglik sy koersvastheid en normgebondenheid beïnvloed.

### (iv) Die Universele Stelsel

Die moontlikheid is baie sterk dat die universele internasionale stelsel kan ontwikkel as 'n konsekwensie van die funksionering van 'n universele organisasie in 'n ongebonde bipolêre stelsel. In onderskeiding van die ander stelsels wat Kaplan tipeer, kan die universele stelsel 'n politieke stelsel as sub-stelsel van die internasionale sosiale stelsel hê. Hierdie politieke stelsel fungeer op konfedera-

---

125. Kaplan, M.A., System and Process in International Politics, Op.cit. p. 44. Van belang is die feit dat slegs die stelsel van magsbalans en die ongebonde bipolêre stelsel al gestalte gekry het in die geskiedenis van die wêreldpolitiek. Vgl. Kaplan, M.A., Variants on Six Models of the International System, Op.cit., p. 292. „Only two of the models - the balance of power system and the loose bipolar system - have historical counterparts."

126. Vgl. Kaplan, M.A., Variants on Six Models of International System, Op.cit., p. 298, en Kaplan, M.A., Some Problems of International Systems Research, Op.cit., p.428.

le basis aangesien dit opereer op die grondslag van territoriale regerings eerder as menslike individue.[127]

Die universele stelsel sal dan 'n geïntegreerde solidariteitskarakter dra. Interne groeperings en verskille kan wel in die stelsel voorkom, maar die oplossing daarvan vind plaas deur die algemene reëls van die stelsel. Buitendien bestaan 'n struktuur van administratiewe personeel en offisiële politici, wie se eerste lojaliteite by die internasionale stelsel is en nie by die sub-stelsels nie.[128] Die doeltreffende effektiwiteit en stabiliteit van die stelsel hang in 'n groot mate af van die stelsel se toegang tot hulpbronne en fasiliteite, en die „ratio" tussen die potensialiteite van die stelsel en sy samestellende komponente.[129] Tussenstaatlike krisisse kan lei tot die herstel van nasionale soewereiniteite in die universele stelsel en 'n afgly na 'n bipolêre stelsel of gebalanseerde magstelsel veroorsaak.[130]

(v) Die Hiërargiese Stelsel

Op die universele stelsel volg die hiërargiese stelsel, outokraties of demokraties van struktuur en waarskynlik geïnspireer deur die suksesse van die universele

---

127. Vgl. Ibid., p. 298.
128. Vgl. Ibid., p. 298.
129. Vgl. Ibid., p. 298.
130. Vgl. Kaplan, M.A., System and Process in International Politics, Op.cit., p. 48.

stelsel waaruit die behoefte aan toenemende integrasie en solidariteit ontstaan.[131] Nasionale state sal dus hulle nasionale territoriale struktuur laat opgaan in 'n universele struktuur oor die hele linie.

> „National actors will be territorial subdivisions of the international system rather than independent political systems."[132]

Integrasie sal teen 'n wyer agtergrond plaasvind.

Die outokratiese karakter van die stelsel ontstaan as 'n kragtige nasionale staat die eenheidsimpuls in navolging van wêrelddominasie op die statery afdruk. Nazi-Duitsland met die bloed en bodem, asook „Herrenvolk" dogma is tiperend van outokrasie in die hiërargiese stelsel.[133]

Die oorkoepelende en intensief geïntegreerde karakter van die stelsel waarborg 'n hoë mate van stabiliteit. Onttrekking aan die stelsel is dus vanweë die risiko feitlik onmoontlik al word dit konstitusioneel gewaarborg.[134]

### (vi) Gekonsolideerde Veto-stelsel

Die veto stelsel opereer in 'n tussenstaatlike werklikheid waar ongeveer 20 state, elk met 'n beperkte kern-

---

131. Vgl. Kaplan, M.A., Variants on Six Models of International System, Op.cit., p. 298.
132. Kaplan, M.A., System and Process in International Politics, Op.cit., p. 49.
133. Vgl. Ibid., p. 49.
134. Kaplan, M.A., Variants on Six Models of International System, Op.cit., p. 298, Kaplan, M.A., Some Problems of International Systems Research, Op.cit., p. 428.

kragkapasiteit, die struktuur uitmaak. Geen staat sal dus die swaardmagsanksie hê om oor al die ander state te heers nie. Alliansies skyn oorbodig te wees in hierdie stelsel, behalwe in die geval van gemeenskaplike optrede teen agressiewe ledestate.[135.] Die oorloë wat oor die algemeen in hierdie stelsel sal voorkom, sal baie beperk wees veral ten opsigte van die gebruik van kernwapens en geografiese verbreidheid.[136.]

Die stelsel behou egter 'n baie hoë spanningsfrekwensie en die moontlikheid van kernoorlog-katastrofes, veral in die geval van 'n anonieme aanval vanaf kernduikbote wat nie geïdentifiseer of gelokaliseer kan word nie.[137.] Juis hierdie probleem sal tot groter versigtigheid aanleiding gee en die stabiliteit van die stelsel verder versterk. Die beskikbaarheid van kernwapens dra baie beslis daartoe by dat state wat daaroor beskik, oorversigtig is vir die gebruik daarvan, gesien teen die agtergrond van die totale uitwissing van die mensdom. Die berugte Kubaanse projektielkrisis van 1962 het 'n baie hoë mate van versigtigheid in die optrede van

---

135. Vgl. Kaplan, M.A., Variants on Six Models of International System, Op.cit., p. 299.

136. Vgl. Ibid., p. 299. „Sub-limited wars will occur more often than actual wars." Die huidige terrorisme in die tussenstaatlike op baie fronte lyk na 'n praktiese manifestasie van hierdie beperkte agressie. Die skaking van vliegtuie, lokale oorloë en guerilla-oorlogvoering kom reeds in die tussenstaatlike orent as state slegs ontwikkel in die rigting van Kernmoondhede.

137. Vgl. Ibid., p. 299. Probleme rondom die identifikasie kan lei tot beskuldigings, 'n opbou van spanning en 'n moontlike reeks van botsings.

beide die Kremlin en Washington openbaar:

> „Both sides displayed a sober approach and took into account that unless such steps are taken as could help overcome the dangerous development of events, a World War III might break out."[138.]

aldus Kruschev.

Die beskikbaarheid van kernwapens en die relatiewe onbelangrikheid van alliansies het tot gevolg dat inmenging nie so ŉ groot bedreiging vir wêreldvrede is soos in die ander stelsels nie. Die buitelandse beleid van hierdie moondhede sal ook ŉ baie sterk geïsoleerdheid vertoon. Dit sal ook verwag kan word dat lande soos Rooi Sjina en Rusland minder rewolusionêr sal optree en dat Amerika aan die ander kant moeiliker veranderings in die tussenstaatlike status quo sal kan teweegbring.[139.]

Met die afhandeling van die ses formele stelsels wat Kaplan onderskei moet daar egter ook gewys word op ander variasies wat hy later sou eksponeer.[140.] Hierdie va-

---

138. Kruschev, N.S., IRBMS: Defensive not Offensive Weapons, in Duchacek, I.D., Discord and Harmony, p. 177. Vgl. ook Sorenson, T.C., Kennedy, pp. 667-718; Abel, E., The Missiles of October, Stoessinger, J.G., The Might of Nations, pp. 164-170. „The Cuban missile crisis suggests the possibility that mankind may be able to fight bloodless wars and build new institutions of order without having to pay the terrible price of nuclear conflict."

139. Vgl. Kaplan, M.A., Some Problems of International Systems Research, Op.cit., p.430. Die Kommunistiese ideologie van die rewolusionêre diktatuur van die arbeider-proletariaat sal in die gekonsolideerde veto stelsel dus progressief van sy momentum verloor.

140. Die ses stelsels wat Kaplan aanvanklik proklameer kom voor in sy baanbrekerswerk „System and Process in International Politics."

riante hoort tuis by die ongebonde bipolêre stelsel of die gekonsolideerde veto stelsel.

(vii) Ander stelsels wat Kaplan onderskei

Alhoewel hierdie stelsels dikwels net 'n kort, kritieke tydsbestek oorspan, verdien hulle tog ook aandag. Die eerste is die Algehele Ongebonde Bipolêre Stelsel.[141] Volgens Kaplan is die huidige tussenstaatlike stand van sake tiperend van hierdie stelsel. Die bipolêre struktuur het verswak, alhoewel dit nog bestaan, en gemeenskaplike belange bring raakpunte tussen die Kremlin en die Wit Huis aan die lig. Die stelsel word gekenmerk deur 'n soeke na kernontwapening of ten minste die beperking van kernwapens.[142] Die strenge handhawing van die bipolêre struktuur sal verwater en toonaangewende lede in elke groepering sal hulle teen die blokvorming begin uitspreek.[143] Inmenging in ledestate se huishoudelike aangeleenthede sal algemeen voorkom en ysere

---

141. Vgl. Kaplan, M.A., Some Problems of International Systems Research, Op.cit., p. 431.

142. Vgl. Edwards, D.V., Arms Control in International Politics, pp. 3-26; Noel-Barker, P., The Arms Race, Stevens and Sons, London, 1958, p. 3. „This presents the human race with the greatest challenge it has ever had: to co-operate in disarmament and so to banish the threat which now hangs over the whole world."; Roberts, C.M., The Nuclear Years, Praeger Publishing Company, New York, 1970, pp. 79-122, en Wainhouse, D., Arms Control Agreement, John Hopkins Press, Baltimore, 1968, pp. 107-117.

143. Vgl. Kaplan, M.A., Some Problems of International Systems Research, Op.cit., p. 432. Vgl. in hierdie verband die geloof van 'n Europa van vaderlande van President De Gaulle. Vgl. Fontaine, A., A Difficult Ally, in Charles de Gaulle, 1890-1970, France Information, No. 32. p.33. „To the end, however, he refused to consider any transfer of sovereignty to a supranational European Community."

tussenstaatlike selfdissipline sal nodig wees om stabiliteit te handhaaf.[144]

Die „Detente"-stelsel veronderstel gunstige veranderings in die interne staatsbestel van die bipolêre leierstate, Rusland en Amerika.[145] Die USSR sê baie van sy rewolusionêre aggressiewe doelstellings op en die VSA is nie langer die bewaker van die status quo in die wêreldpolitiek nie. Een van die vernaamste kenmerke van hierdie stelsel is dat die interne regionale organisatoriese saambinding verswak, en satellietstate van beide stelsels vryelik ooreenkomste met state uit die ander blok aangaan. Oorloë sal op beperkte lokale vlak gevoer word en die twee hoofkomponente sal ten minste nie direk daarby betrokke raak nie. Volkeregtelike prinsipes sal strenger gehandhaaf word:

> „Although some of the rules of international law are changed to accord with new values - on the subject of expropriation, for instance - in general the rules of international law are strengthened and enforced. They are extended to outer space and celestial bodies,"[146]

beweer Kaplan.

---

144. Vgl. Kaplan, M.A., Some Problems of International Systems Research, Op.cit., p. 432.

145. Ibid., p. 432. Vir die huidige, is genoemde state die oorheersende superstrukture. Die opkoms van Rooi Sjina en ander magtige Leviathans kan die struktuur natuurlik aansienlik wysig.

146. Ibid., p. 433. Kaplan self staan baie skepties teenoor die meriete van hierdie stelsel. Vgl. Ibid., p.432 „Although no responsible, reasonable, and cautious social scientist would predict these changes,....."

ŉ Radikale omgekeerde karakter as die van die „Detente"-stelsel is aan die orde by die Onstabiele Blokvormingstelsel.[147] ŉ Wêreldpolitieke stelsel waarin tussenstaatlike spanning op breekpuntfrekwensie fungeer in ŉ tweepolige plofbare verdeling tussen Amerika en Rusland.[148] Alliansies in hierdie bipolêre verdeling berus hoofsaaklik op militêre kapasiteite en vermoëns. Tegnologiese ontwikkelings verhoog die beskikbaarheid van kernwapens aan kleiner moondhede, maar die slaankrag van die leidende pole bly oorweldigend. Inmenging, bemoeiing en aggressie sal hoogty vier in dié stelsel, en beide Amerika en Rusland sal die spanningpotensiaal aanblaas om die grootste wins daaruit te probeer haal. Volkereg sal opgaan in die naarstigtelike soeke na magsuitbreiding wat die moontlikheid van ŉ volskaalse kernoorlog nie onwaarskynlik maak nie.[149]

Die laaste variant wat Kaplan onderskei, is die Onvoltooide, Ongebonde, Kernkragstelsel.[150] Hierdie stelsel, wat Kaplan as ŉ veranderlike van die „Onstabiele Blokvormingstelsel" beskou, bestaan uit die VSA, USSR en vyftien tot twintig ander lande wat ook oor militêre kernmagte beskik. Alhoewel nie een van die leiersmoondhede oor die vermoë beskik om die ander uit te wis nie, beskik die land

---

147. Vgl. Ibid., p. 433. „Unstable Bloc System", verteenwoordig die Engelse terminologie.

148. Vgl. Ibid., p. 434.

149. Vgl. Ibid., pp. 434-435. „Additional ‚Hungarys' might occur..." Die bestaan van kritieke onweersones, spruitend uit botsende ambisies tussen Groot Moondhede sal ook algemeen voorkom. Vgl. ook Kaplan, M.A., The Revolution in World Politics.

150. Kaplan, M.A., Variants on Six Models of International System, Op.cit., p. 303, gebruik die terminologie: „Incomplete Nuclear Diffusion System."

wat eerste aanval tog oor 'n betekenisvolle voorsprong. Die kleiner moondhede behoort in staat te wees om hulle territoriale soewereiniteit te waarborg, maar op die forum van die wêreldpolitiek beskik hulle slegs oor die vermoë om ooreenkomstig die Franse idee, bekend as „tearing an arm off", op te tree.[151] Alliansies tussen die mindere atoomkragnasies enersyds en andersyds tussen een van die reuse en van die kleiner state, kan wel voorkom, maar die algemene besitreg van kernkrag sal die karakter van die alliansie verander. Die leiermoondheid sal die aanspraak van die kleiner state op sy kernwapens in krisisomstandighede vrees.[152] Regstreekse botsings tussen Rusland en Amerika mag voorkom behalwe op die Europese vasteland en die Volkereg sal totaal verval onder die druk van hierdie kernkrag hantering van anti-normatiewe swaardmag.[153]

### (viii) Samevatting

Morton Kaplan erken dat hierdie stelselgedagtegang in vele opsigte problematies is. Daar is eerstens die verband tussen die stelsels en tussenstaatlike realiteite: tweedens probleme rondom die wese van mag in en die solidêre eenheidskarakter van die stelsels; en laastens die toetsing daarvan aan historiese feitemateriaal.[154] Ten spyte daarvan dat die behavioraliste, waaronder ook Kaplan

---

151. Vgl. Ibid., p. 303. „The smaller nuclear nations will possess what is ordinarily called minimum deterrence."

152. Vgl. Ibid., p. 303.

153. Vgl. Ibid., p. 303.

154. Kaplan, M.A., Some Problems of International Systems Research, Op. cit., p. 436.

ressorteer, so hartstogtelik suiwer teoreties wil dink en alle bande met die tradisionele wil breek, kan hulle ook in die stelselanalise nie ontkom aan historiese realiteite en werklikhede nie.

> „The third involves the historical testing of the model."[155]

sê Kaplan.

Voorts is tussenstaatlike sekuriteit en solidariteit in die internasionale stelsel relatief laag, terwyl spanning en konflik daarin veilige teelaarde vind. Voortbestaan en selfbeskerming word dus fundamentele begrippe wat slegs in organisatoriese integreringstrukture kan fundeer en die stelselgedagtegang laat afgly op die universele transformasiegedagtegang.

Al die probleme en kritiek op die teoretiese gedagterigting van Kaplan ten spyt, bly dit 'n lofwaardige poging. Burns verklaar tereg:

> „But even in their present qualitative form, the descriptions of inter-Power systems that political scientists have recently devised have enough logical character and distinctiveness to open up the problem of explaining systematic change."[156]

155. Ibid., p. 436. Kaplan self laat hom baie sterk uit oor die noodsaaklikheid van 'n teorie vir die tussenstaatlike. Vgl. Kaplan, M.A., Problems of Theory Building and Theory Confirmation in International Politics, in Verba, S., Knorr, K., The International System, p. 6. „There is a great demand for theories in international relations. On the whole this demand for theory is probably good."

156. Vgl. Burns, A.L., Op.cit., p. 12.

### (c) Die Internasionale stelsel as Voorloper van Internasionalisme

Die proklamering van 'n internasionale stelsel, in watter strukturele gedaante ook al, openbaar beslis kenmerke van die soeke na 'n oorkoepelende superstruktuur. Morton Kaplan self waarsku teen die ontwikkeling van so 'n tendens:

> „It would, in fact, transform the system into a universal or hiërarchical system."[157]

As voortrap tot hierdie superstruktuur speel regionalisme, soos Europese integrasie byvoorbeeld, 'n baie belangrike rol.[158] Alhoewel Deutsch tot die gevolgtrekking kom dat Europese integrasie, vir die huidige altans, 'n versadigingspunt bereik het.

> „Deutsch concludes that: There is unlikely to be much movement towards continental integration, and he sees pessimistic implications for integration of the international system as a whole."[159]

sê Rosenbaum. Inglehart, aan die ander kant, grondves sy voorspellings oor toenemende integrasie op die feit dat persone wat oor twee dekades die politieke leisels in Wes-Europa moet oorneem, grootgeword het in die verkondiging en milieu van nouer aaneenskakeling.[160]

---

157. Kaplan, M.A., System and Process in International Politics, Op.cit., p. 53.

158. Indringende navorsing in hierdie veld is gedoen deur Deutsch, K.W., Integration and Arms Control in the European Political Environment: A Summary Report, in Rosenbaum, N., Op.cit., pp. 372-392.

159. Ibid., p. 345.

160. Inglehart, R., An End to European Integration in Rosenbaum, N., Op.cit., p. 394.

Die soeke na 'n gewaande universele juridiese superstruktuur is 'n verdere stimilus in die afgly van die internasionale stelsel in die rigting van supranasionalisme. In so 'n a-soewereine universalisme, waar die territoriale staat veel van sy seggingskap verloor het, glo die behavioraliste sal die Volkereg in toenemende mate afdwingbare gesag verkry.[161] Die kernprobleem van die Volkereg, naamlik die gehoorsaamheid daaraan, sal dan verdwyn omdat daar geen soewereine nasionale state meer bestaan wat die uitvoering van juridiese norme in tussenstaatlike verband kan teenstaan nie. Dit bring natuurlik die probleem na vore dat die volkereg juis fungeer op die basis van die nasionale staat.[162] Die volkereg sou dus ook ingrypend verander moet word om aan te pas by die karakterverandering van die basis waarop hy fungeer. Die kernprobleem word dus die funderingskomponente van die volkereg.[163] En juis hier het die klemverskuiwing, weg van die nasionale staat, plaasgevind:

> „Many of the traditional prerogatives of the sovereign state, .... have been transferred in some respects to transnational units.[164]

sê Coplin. Aan die ander kant is daar egter ook baie

---

161. Vgl. Hoffmann, S., International Systems and International Law, in Knorr, K., Verba, S., Op.cit., pp. 205-237.

162. Verskeie van die vernaamste eksponente van die Volkereg bekragtig met nadruk die rol van die nasionale staat in die volkereg. Vgl. byvoorbeeld Lauterpacht, H., International Law, p. 407-408.

163. Vgl. Coplin, W.D., International Law and Assumptions about the State System in Rosenau, J.N., Op.cit., p. 147.

164. Ibid., p. 147.

akademici soos Morgenthau, Carr, Kennan en Volkeregsgeleerdes soos Julius Stone, Corbett en De Visscher wat verklaar:

„bring international law back to reality,"[165]

d.w.s. behoud van die tradisionele basis.

Die ontwikkeling van kernkrag en die soeke na ontwapening is nog 'n faktor wat neig om die territoriale soewereiniteite in die internasionale stelsel op te doek. Ontwapening is dan, volgens Kaplan, juis een van die kernmomente in vele van die stelsels wat hy onderskei.[166] As die swaardmag eers aan die erbarmlike passifistiese Utopia uitgelewer is, is daar buitendien geen waarborg meer vir die bestaan van 'n veelheid van nasionale state nie.

In die laaste instansie veroorsaak die bipolêre kragmonsterings in die verskillende internasionale stelsels bestaansvrees by die kleiner state, wat dan eerder bereid is om hulle identiteit aan die bepaalde alliansie of stelsel af te staan, as om die bestaansreg buite die stelsels bedreig te sien. Die internasionale spanning en konflik, wat die stelselgedagtegang dikwels bevorder, veroorsaak die soeke na

---

165. Ibid., p. 157. Vgl. die siening van Charles de Visscher: „International law cannot gather strength by isolating itself from the political realities with which international relations are everywhere impregnated." Coplin self verklaar dat dit nie nodig is om die volkereg te verander nie, omdat dit in wese een met die internasionale politieke stelsel is. „To conclude that international law must adjust to political reality, therefore, is to miss the point since international law is part of political reality....."

166. Vgl. Kaplan, M.A., Variants on Six Models of International System, Op.cit., pp. 298-302.

veiligheid en beskutting of blokvorming waar integrasie oor die hele linie soveel makliker kan plaasvind.

Ons konkludeer: Die internasionale politieke stelsel, in watter gewaad ook al, vertoon tog supranasionale tendense. Daarteen moet natuurlik die sterkste beswaar ingebring word. Die positiewe bruikbare momente stel ons later aan die orde. Dit is egter ook so dat die stelsels, die sentrum van hierdie gedagtegang, 'n hoë mate van onstabiliteit vertoon waaraan ons vervolgens aandag gee.

## E. DIE VERANDERLIKHEID OF DIE ONSTABILITEIT VAN DIE STELSELS

Die politieke stelsel wat staan in die brandpunt van stelselanalise, vertoon geen waarborg teen verval, verandering en onstabiliteit nie:

> „No political system is proof against decay and dissolution"[167].

sê Truman terwyl Charlesworth poneer:

> „There is no such thing as stability in and of itself"[168].

Veranderings vorm dus inherent 'n baie belangrike deel van elke politieke stelsel, want almal is uiteraard daaraan gebonde en onderworpe.

---

167. Truman, D.B., The Governmental Process, p. 524.
168. Charlesworth, J.C., Op.cit., p. 153.

Voorts moet dit goed begryp word dat daar 'n groot aantal stelsels bestaan, nie slegs in die politieke sfeer nie, maar inderdaad oor die hele front, en dat daar as gevolg van die gedurige wisselwerking en interaksie tussen die stelsels, ook op die nie-politieke stelsels invloed uitgeoefen word.[169.] Die politieke stelsel, ook in die kader van die tussenstaatlike, kan dus nie losgemaak word van die milieu waarin hy fungeer nie. 'n Krisis in die ekonomiese sfeer of stelsel kan wel deeglik 'n remskoen in die uitbouing van militêre slaankrag wees en dít op sy beurt kan weer beslis die aggressiwiteit uit 'n bepaalde stelsel se buitelandse beleid neem.[170.]

Aan die ander kant impliseer die verandering in 'n bepaalde stelsel nie noodwendig altyd 'n verandering wat dwarsdeur strek nie. As die Republikeinse Party in Amerika byvoorbeeld die Demokratiese Party na 'n Presidentsverkiesing uit die kussings lig, verwissel die partye in die amp, maar die Amerikaanse Konstitusionele stelsel bly voortbestaan.[171.]

---

169. Vgl. Ibid., p. 152. Charlesworth verwys hierna as die „impact of environmental disturbances". Vgl. ook Young, O.R., Systems of Political Science, Op.cit., p. 16. „The originators of general systems theory argued that a great variety of disciplines must deal at a basic level with systems of one kind or another and that there must be certain fundamental, though highly abstract orienting concepts, relevant to systems of all kinds."; Edwards, D.V., Op.cit., p. 263.

170. In hierdie verband kan daar veral gelet word op Pres. Nixon se blokkering van die hawens van Noord-Viëtnam om hom in 'n gunstige bedingingsposisie te plaas tydens sy spitsberaad met die Russiese leiers in Mei 1972.

171. In Suid-Afrika sou 'n vervanging van die Nasionale Party deur die Verenigde Party heel waarskynlik op konstitusionele terrein 'n verandering van 'n Republikeinse staatsbestel na die ou Monargale Regeringstelsel bewerkstellig.

Volgens Charlesworth verander die Duitse politieke stelsel as Hitler vir Von Hindenburg vervang, maar die sosiale stelsel bly voortbestaan.[172] Inderdaad het die sosiale stelsel ook daarna verander as die Nasionaal-Sosialistiese onderstroom in Duitsland seëvier.[173] Die politieke stelsel vertoon dus 'n hoë mate van interaksie en aanpasbaarheid - nie alleenlik ten opsigte van struktuurveranderings in ander stelsels nie, maar ook in die gedurige vloeibaarheid van sy eie struktuur. Easton is van mening:

> „Through these they may regulate their own behaviour, transform their internal structure, and even go so far as to remodel their fundamental goals."[174]

Die tussenstaatlike politieke stelsel se aanpasbaarheid hang dus baie nou saam met die behoeftes van die internasionale gemeenskap. Daarom is dit noodsaaklik dat die politieke stelsel wel oor die vermoëns om vloeibaar te wees, sal beskik sodat dit gedurig kan aanpas by die strominge in internasionale verhoudings.

'n Veelheid van faktore is die aanleidende oorsake van

---

172. Charlesworth, J.C., Op.cit., p. 152.

173. Vgl. Shirer, W.L., Op.cit., p. 288. „The overwhelming majority of Germans did not seem to mind that their personal freedom had been taken away, that so much of their culture had been destroyed and replaced with a mindless barbarism,....." Vgl. ook Rausching, H., Germany's Revolution of Destruction, Heinemann, London, 1939, pp. 26-28; Remak, J., The Nazi Years, Prentice-Hall, New Jersey, 1969; Zeller, E., The Flame of Freedom, The German Struggle Against Hitler, Oswald Wolff, London, 1967 en Graml, H., Mommsen, H., Reichardt, H., Wolf, E., The German Resistance to Hitler.

174. Easton, D., A Systems Analysis of Political Life, Op.cit., p. 19.

hierdie struktuurwysigings. Internasionale onweersones,[175.] en tussenstaatlike krisisse kan waarskynlik as die belangrikste gereken word. Die status quo van verskeie stelsels word gewoonlik as gevolg van hulle betrokkenheid by die bepaalde stelsel verander. Die krisis van 1956 in die Midde-Ooste het die vriendskapsbande tussen Engeland en Amerika aansienlik vertroebel:

> „During the Suez Crisis, both the United States and Great Britain greatly antagonized one another. First Britain failed to notify the United States of its intention to use arms; then the United States put pressure on the British to halt their invasion. A vicious circle seem to have begun and, for some time thereafter, trust and responsiveness were at a low ebb. But then the system returned to its earlier level, and tust and responsiveness was fully reconstituted,"[176.]

aldus Pruit.

Rosecrance onderskei nege stelselveranderende krisissituasies tussen die jare 1740 en 1960, waaronder die volgende

---

175. Onweersones word beskou as daardie gebiede wat weens verskeie redes 'n potensiële gevaar vir die behoud van vrede en veiligheid op die forum van die tussenstaatlike inhou. Vgl. ook Young, O.R., The Intermediaries: Third Parties in International Crisis, p. 10. „An international crisis, then, is a set of rapidly unfolding events which raises the impact of destabilizing forces in the general international system or any of its subsystems substantially above normal levels and increases the likelihood of violence occuring in the system."

176. Vgl. Pruit, D.G., Definition of the Situation as a Determinant of International Action, in Kelman, H.C., International Behaviour, Op.cit., p. 421.

voorkom: Die Franse Rewolusie, die rewolusies van 1848; die Frans-Pruisiese Oorlog; die ontslag van Bismarck en die twee Wêreldoorloë van die twintigste eeu.[177] Dit volg egter logies dat alle krisisse nie politieke stelsels verander nie net soos enige onstabiliteit wat in 'n stelsel voorkom nie noodwendig tot die ontstaan van 'n krisis aanleiding gee nie.[178] Die invloed van die krisis op die stelsel sal natuurlik afhang van sy bepaalde struktuur. As die stelsel 'n sterk gekonsolideerde struktuur vertoon, sal dit sterker weerstand teen krisisse kan bied as die losse en ongebonde strukture van ander stelsels. Voordat ons egter op die struktuurverandering van stelsels ingaan, is dit nodig om daarop te wys dat krisisse gewoonlik blitssnel ontwikkel:

> „Sudden basic changes seldom come without warning, but they move relatively fast at the appointed hour,[179]

is Pruitt se verdere mening. Veral as die krisis verby die sogenaamde „point of no return" ontwikkel het, volg die gebeurlikhede mekaar snel op. Die internasionale stelsel van 1914 was byvoorbeeld nie in staat om tot sy aanvanklike struktuur terug te keer nadat Rusland begin het om sy troepe op die Duitse grens te mobiliseer nie.[180]

---

177. Vgl. Rosecrance, R.N., Action and Reaction in World Politics.

178. Vgl. Hermann, C.F., International Crises as a Situational Variable, in Rosenau, J.N., (red.) Op.cit., p. 412. „Just as not all crises lead to important changes, not all significant changes are crisis."

179. Pruitt, D.G., Stability and Sudden Change in Interpersonal and International Affairs, in Rosenau, J.N., (red.) Op.cit., p. 393.

180. Vgl. Ibid., p. 394.

Die verkryging van kernwapens en verskeie ander faktore veroorsaak dikwels struktuurveranderings in politieke stelsels wat die intensiteit van onstabiliteit verhoog. Dit het byvoorbeeld daartoe aanleiding gegee dat die bipolêre stelselstruktuur van die tussenstaatlike in die huidige tydsgewrig uitkristalliseer in 'n veelpolige struktuur.

> „We have alteady considered several times the apparent trend in international politics away from a bipolar system in which all or most states are grouped around the United States and the Soviet Union, and toward a multipolar system in which some states continue to be so grouped but others form around other states, such as France, a United Europe, or Communist China."[181]

Die ontwikkeling van 'n eie militêre atoomslaankrag verhoog die vertroue van elke staat dat hy sy eie soewereiniteit teen imperialistiese struktuurverwoesters kan beskerm. Die vrees vir oorheersing deur ander moondhede het juis die ontstaan van strukturele alliansies tot gevolg gehad.[182]

Vir hierdie struktuurverandering was egter ook ander faktore verantwoordelik. Sedert die laaste Wêreldoorlog

---

181. Edwards, D.V., Op.cit., p. 267. Oor hierdie aspek is daar onder die behavioraliste self 'n akademiese debat aan die gang. „The answer is not yet clear, and the debate rages on among scholars." Die vernaamste eksponente wat hierby betrokke is, is Kenneth Waltz, Karl Deutsch en David Singer.

182. Vgl. Young, O.R., Political Discontinuities in the International System, in Rosenau, J.N., (red.) Op.cit., p. 341. en Burns, A.L., Op.cit., p. 123.

het verskeie jare verloop sonder 'n internasionale oorlog. Polarisasie het dus veel van sy bindkrag verloor in die groeiende ontevredenheid binne elke stelsel. Hiermee gepaard gaan ook die groeiende verdeling van magskapasiteite binne die stelsel. Die opstande teen kolonialisme en imperialisme, wat kulmineer in die snelle ontwikkeling van nasionale state in Afrika en Asië na 1945, het die magsbalans van die ou bipolêre stelsel in sy wese aangetas. Die supermoondhede het begin besef dat daar vele tekortkominge in hulle eie huishoudings bestaan en dat die aandag liewers daarop toegespits moes word, as om in die wankelende statestruktuur te belê.[183.]

In watter strukturele gedaante die internasionale politieke stelsel dus ook al opereer, vertoon dit steeds 'n hoë mate van verandering en onstabiliteit. Van koersvaste norme vir elke stelsel is daar geen sprake nie en die stelsel word dikwels willekeurig of onwillekeurig ontbind, of geratifiseer, om aan die eise van die tyd te voldoen. So 'n wisselende kodeks, volkome in onderworpenheid aan die giere van die humanistiese mens in die tussenstaatlike, en wat dus struktuurgebonde nie in staat is om enige stabiliteit te handhaaf nie, kan tog geen positiewe opheldering van internasionale verhoudings bring nie.[184.]

---

183. Vir 'n breedvoerige ontleding van die genoemde faktore vergelyk Young, O.R., Political Discontinuities in the International System, Op.cit.,p.341.

184. Algemene kritiek op die hele gedagte van stelselanalise sal ons later aan die orde stel.

## F. SLOTGEDAGTES

Daar is baie karakteristieke eienskappe van die stelselanalise wat dit vir die behavioraliste aanvaarbaar maak.

> „There are several features of input-output analysis that make it attractive for comparative analysis: not only does it present a nicely standardized set of concepts and categories that have the advantage of being logically inclusive, it is also pitched at a level that facilitates the piecing together of broad and comparative overviews of whole political systems. A characteristic that is highly desirable at present, since the dicipline is not yet very well prepared for detailed comparative work on many secondary and subsidiary questions."[185.]

poneer Young. Voorts het stelselanalise ook die voordeel, volgens die behavioraliste, dat dit nie gebonde is aan 'n bepaalde tussenstaatlike opset of sosio-kulturele konteks nie. Die aandrang dat alle tussenstaatlike teorieë los moet staan van enige teoretiese voorveronderstelling of filosofiese diepgang hou onteenseglik 'n baie groot bekoring vir die behavioraliste.[186.] Om hierdie rede kan die stelselanalise so maklik gemanipuleer word om by veranderde omstandighede aan te pas, soos Easton kenmerkend opmerk:

---

185. Vgl. Young, O.R., Systems of Political Science, Op.cit., p. 46.

186. Vgl. Ibid., p. 46 „.... but the importance of avoiding biases toward certain types of systems is crucial in comparative analysis."

> „New tasks require new criteria,
> new ways of looking at theory itself."[187]

Die verspreiders van hierdie „Aufkläring" behavioralisties-georienteerde gedagtegang verklaar dat die stelselanalise nie die finale antwoord op die tussenstaatlike teoretiese probleme is nie, maar dat dit tog as 'n stap in die regte rigting beskou moet word. Slegs deur die akkumulasie van sulke teoretiese voorveronderstellings kan die vaste fondament van die tussenstaatlike gelê word:

> „By an accumulation of such steps, we
> shall slowly build up the collective
> wisdom, courage and stamina, to take
> increasingly larger ones with less
> hesitation or faltering along the way."[188]

aldus Easton.

Buitendien is hierdie voorlopers van die modererne teorieë daarvan oortuig dat geen enkele individuele teorie in staat is om die tussenstaatlike teoreties te verklaar nie:

> „Even though some still nostalgically
> strive for it, the days of the single
> grand design for the interpretation
> of political life is past."[189]

sê Easton.

---

187. Easton, D., A Systems Analysis of Political Life, Op.cit., p. 473.

188. Ibid., p. 474.

189. Ibid., p. 489. Op p. 472 verklaar Easton: „.... it would be futile to expect that a single overarching is anything but a remote ideal."

Stelselanalise is dus ten besluite een van die behavioralistiese benaderings wat die meeste dinamiek en vitaliteit openbaar. Steeds egter in diens van die mens met sy humanistiese tussenstaatlike wetenskapsideaal. Uit 'n sukkelende embrionale fase, daargestel deur Kaplan en andere, verteenwoordig dit vandag een van die hoofstrominge in internasionale verhoudings.

# HOOFSTUK V

# BESLISSINGSANALISE

## A. INLEIDING

Binne die kader van die behavioralistiese tussenstaatlike gedagtestrominge vind ons vervolgens die beslissingsanalise. In die kern is hier die neem van besluite en beslissings op die forum van die wêreldpolitiek aan die orde, rakende buitelandse beleid en dipolomasie, as die struktuurbepalende gebeure in internasionale verhoudings. Volgens Kelman bestaan interstaatlike gedragspatrone reeds vanaf die Vrede van Wesfale, en in die drie eeue wat sedertdien verstryk het, is daar sekerlik al miljoene besluite rakende tussenstaatlike verhoudings geneem.[1.]

Die neem van bepaalde buitelandse beleidsbepalende besluite, die faktore, wat daarom verweef is, en die invloed wat dit uitgestraal het, het dan tot die bepaalde metode aanleiding gegee, naamlik dat hierdie besluite empiries ontleed moet word om sodoende die riglyne vir die toekoms uit te stippel.

> „One of the more useful contributions of the policy sciences has been the stress they have laid upon close examination of the foreign-policy

---

1. Vgl. Kelman, H.C., International Behaviour, p. 435. Verskeie belangrike eksponente dui daarop dat die moderne statestelsel met die Vrede van Wesfale betree word. Vgl. Morgenthau, H.J., Politics Among Nations, p. 264. „.... the Treaty of Westphalia .. made the territorial state the cornerstone of the modern state system."

> decisionmaking process and of the forces influencing the decision makers,"[2]

verklaar Padelford en Lincoln.

Beslissingsanalise opereer, volgens sy vernaamste eksponente, egter ook op die basis van stelselanalise. Hier is ook 'n nimmereindigende terugvoeraktivering aan die orde wat telkens die buitelandse beleid van elke staat bepaal:

> „Indeed, the inter-relationship of the various aspects of foreign policy is so intricate that the societal factors which underlie state action are affected, through feedback, by the action itself, and thus operate differently as sources of future action"[3]

Buitelandse beleid en diplomasie het dus 'n wesensverandering ondergaan. In die plek van die ou ideologiese en tradisionele benaderings, het die tussenstaatlike renaissance, in die kader van die buitelandse beleid, 'n nuwe analitiese en sogenaamde „wetenskaplike" veredos verkry. Hierdie karakteristieke koersverandering is uiteraard van die grootste belang vir die benadering.

---

2. Padelford, N.J., Lincoln, G.A., <u>The Dynamics of International Politics</u>, p. 46.
3. Rosenau, J.N., (red.) <u>International Politics and Foreign Policy</u>, p. 167. Rosenau poneer voorts dat hierdie hele proses glad nie afgebaken kan word nie. Vergelyk p. 167. „It does not have a beginning, an existence, and an end."

## B. KARDINALE STRUKTURELE VERANDERINGS IN DIE TUSSENSTAATLIKE KONTAK

Van wesensbelang is die kardinale struktuurwysigings en veranderings wat daar ten opsigte van die buitelandse kontak en diplomasie plaasgevind het. Die verjongingskuur laat die buitelandse betrekkinge ook nie onaangetas nie en bied vrugbare teelaarde vir die behavioralisme. Vooraf is dit egter noodsaaklik dat ons sal dui op die diepliggende strukturele verskille tussen diplomasie en buitelandse betrekkinge, omdat hulle dikwels in behavioralistiese denke as dieselfde begrip gestalte kry.

Diplomasie is inderdaad so oud soos tussenstaatlike verhoudinge waar die antieke monargieë in die stryd tussen Sparta en Athene die eerste beginsels van wedersydse respek en die onskendbaarheid van gesante eerbiedig.[4.] Hierna worstel die diplomasie, wat ons kan beskrywe as die kuns van onderlinge verkeer tussen state, met die ware struktuur van tussenstaatlike verhoudings. Dit vertoon geen reële stygende ontwikkelingslyn nie, maar word telkens deur 'n karikatuur met noodlottige gevolge oorwoeker.[5.]

Die grootste sukeses van die tradisionele diplomasie word waarskynlik vergestalt tydens die Kongres van Wenen in

---

4. Vgl. Dannhauser, J.A., 'n Teoreties-Prinsipiële Beoordeling van die Moderne Diplomasie, Ongepubliseerde M.A.-Verhandeling, U.O.V.S., 1969, p.19 en Wildner, H., Die Technik der Diplomatie, Springer - Verlag, Weenen, 1959. p. 10.

5. Let in hierdie verband veral op Nicolson, H., The Evolution of Diplomacy, Macmillan Company, New York, 1955, Vgl. ook Stoessinger, J.G., The Might of Nations, pp.220-221, en Olson, W.C., Sondermann, F.A., The Theory and Practice of International Relations, pp.260-266.

1815, waar Metternich met sy slagspreuk:

> „Diplomacy is the art of avoiding the appearance of victory"

die toon aangee. Castlereagh en Talleyrand is die ander hooffigure waarom die diplomatieke dramas tydens hierdie Kongres wentel.[6.] Die samesprekings vind agter geslote deure plaas:

> „Camouflaged by the glitter of nineteenth century Vienna and the pomp of the Hapsburg Court, the diplomatic interchanges proceed strictly behind closed doors."[7.]

Alhoewel die onderhandelaars daarin slaag om 'n lang tydperk van vrede daar te stel, is agterdog steeds teenwoordig. So merk Metternich die volgende op na die dood van die Russiese ambassadeur in Wenen tydens die Kongres:

> „Ah, is that true? What may have been his motive?"[8.]

Van besondere belang is die feit dat die samesprekings hier los van publieke opinies en die druk van die openbare mening plaasvind. Dit is juis die faktore wat die behavioraliste in die huidige opset as onmisbare struktuur bepalende kompo-

---

6. Vgl. Stoessinger, J.G., Op.cit., p. 221. „The greatest success of traditional diplomacy was, as we have mentioned, the Congress of Vienna of 1815." Vir 'n volledige uiteensetting van die Kongres vergelyk die briljante studie van Kissinger, H.A., A World Restored, Verder Nicolson, H., The Congress of Vienna, A Study in Allied Unity: 1812-1822, Harcourt, Brace, New York, 1946.

7. Stoessinger, J.G., Op.cit., p. 221. Die geheime diplomasie wat by Wenen aan die orde is, is veelal belangrik, omdat geheime diplomasie vandag as verwerplik gereken word

8. Ibid., p. 222.

nente wil verreken.

Aan die begin van die twintigste eeu degenereer die tradisionele diplomasie egter geleidelik om plek te maak vir die sogenaamde moderne diplomasie. Koloniale uitbreiding, verbeterde kommunikasie, ideologiese strominge, geografie en die verskuiwing van magskonstellasies op die vasteland van Wes-Europa kan as die mees bydraende faktore gereken word.[9] Op die golf van die optimistiese liberale humanisme, fundeer Woodrow Wilson in sy „Veertien Punte" die openlikheid en eerlikheid van alle diplomatieke betrekkinge:

> „But to liberal internationalists whose spokesman was Woodrow Wilson there was one great evil in earlier methods - the secrecy which attended negotiations and even the agreements resulting from such closed-door parleys."[10]

Die hele gedagtegang was dat die diplomasie te belangrik was om in die hande van die diplomate alleen gelaat te word, en dat die beginsels van die demokrasie vereis dat die hele volk ingelig en geraadpleeg moet word in alle stadia van tussen-

---

9. Vgl. Nicolson, H., The Evolution of Diplomacy, Op.cit., p. 100. e.v.; Schuman, F.L., International Politics, p. 100. Scholtz, G.D., Hoe die Wêreldpolitiek gevoer word, p. 363; en Olson, W.C., Sondermann, F.A., Op.cit., p.257.

10. Olson, W.C., Sondermann, F.A., Op.cit., p. 257. Vgl. ook Stoessinger, J.G., Op.cit., p. 222. Wilson se droom, naamlik die bestaan en die skepping van die latere Volkebond, het in die strengste geheimhouding plaasgevind en by sy terugkeer in Amerika het hy die Amerikaanse volk slegs met die fait accompli gekonfronteer.

staatlike onderhandelings. Die wil en die rede van die breë publiek het die rigsnoer en wet van alle diplomate geword.[11] Die mens staan in die sentrum van die diplomasie en die diplomaat word 'n briewebesteller wat boodskappe aflewer en oordra, sonder om enige wesenlike rigting aan die ontwikkeling van die betrekkinge te gee. Met die verkondiging van hierdie dogma glo Woodrow Wilson dat hy Christelike norme vir die diplomasie positiveer, soos duidelik blyk uit sy opmerking by die Vredesverdrag van Versailles:

> „Why has Jesus Christ so far not succeeded in inducing the world to follow his teachings in these matters? It is because he taught the idea without devising any practical means of attaining it. That is the reason why I am proposing a practical scheme to carry out His aims."[12]

In 'n tussenstaatlike bestel, wat tot in die murg toe moeg was vir oorlog en magstryd, was hierdie „Utopia" veel meer aanvaarbaar as die tradisionele struktuur waar die diplomate, volgens die populêre oortuiging, mense was wat selfs deur die gebruikmaking van leuens die meeste voordeel vir

---

11. Hierdie strominge vloei pragtig ineen met die hoofkomponente wat die behavioraliste in die kader van beslissingsanalise onderskei.

12. George, D.L., <u>The Truth About the Peace Treaties</u>, Victor Gollancz Ltd., Vol. I., London, 1938, p. 54. Vgl. ook Black, J.E., Thompson, K.W., <u>Foreign Policies in a World of Change</u>, Harper and Row, New York, 1963, p. 10. „.... he (Wilson) went not only as a statesman, but also as a missionary from the new world to help bring the truth to those who had strayed from the path."

hulle onderskeie lande put.[13] Die oortuiging ontstaan nou dat die diplomasie en buitelandse sake op dieselfde basis as die interne staatsbestel hanteer kan word. Hierdie transformasiedenke in die diplomasie, tipeer Sir Harold Nicolson as die „American Method", want dit is die VSA wat sy isolasiebeleid tydens die Eerste Wêreldoorlog verbreek en daarna met doktrinêre visie die platform-diplomasie van die Volkebond en die latere VVO propageer.[14] Schwarzenberger beweer dat hierdie universalistiese diplomasie in die lig van die wêreldomstandighede ten goede gebeur het.[15]

So staan die onderlinge verkeer tussen nasies dan tans in die milieu van konferensie-diplomasie, waaruit meer valsheid en agterbaksheid voortvloei as wat selfs Machiavelli sou kon goedpraat. Die metode dra die stempel van gallerytoejuiging, propaganda-toesprake, gerugte, blokvorming, uitjouery en uitstappery as die tussenstaatlike betrekkinge in verkapte vorm deur die liberale humanisme oorwoeker word - 'n

---

13. Dit is in ooreenstemming met die gevleuelde woorde van die Britse Ambassadeur, Sir Henry Wotton: „.... men who were sent abroad to lie for their country." uit Nicolson, H., Diplomacy, Oxford University Press, New York, 1955, p. 44. Vgl. daarteenoor die beroemde woorde van Cambon in Kelman, H.C., Op.cit., p. 444. „The best instrument of a Government wishing to persuade another Government will always remain the spoken words of a decent man."

14. Olson, W.C., Sondermann, F.A., Op.cit., p. 258. „Sir Harold Nicolson has placed much of the blame for misuses of diplomatic method since the First World War on the philosophies and practices of spokesman of the United States." Nicolson waarsku voorts die Amerikaners dat dollars nie altyd die oplossing sal bied nie. „Dollars are not always enough; ..." Vgl. Nicolson, H., Diplomacy, Then and Now, in Olson, W.C., Sondermann, F.A., Op. cit., p. 266.

15. Vgl. Schwarzenberger, G., Power Politics, pp. 152-156.

bespotlike karikatuur wat ewe goed pas in die kommunistiese raamwerk vir wêreldheerskappy en vir die behavioraliste, vir wie die mens in die kern van beslissingsanalise staan. Op suiwer diplomatieke vlak het daar dan in die twintigste eeu drie veranderings ingetree, naamlik groter publisiteit aan diplomatieke onderhandelinge, minder vryheid van optrede vir die beroepsdiplomaat en meer spitsberade tussen staatshoofde en ministers van buitelandse sake.

In diplomatieke betrekkinge tussen state het daar dan kardinale veranderings ingetree, maar die vraag bly welke rol die diplomasie in die groter geheel van buitelandse betrekkinge speel. Diplomasie vorm saam met magspolitiek, internasionale kommunikasie,[16.] ekonomiese pressie en die implementering van militêre mag, die instrumente vir die uitvoering van 'n bepaalde staat se buitelandse beleid.[17.] Baie selde word slegs een van hierdie faktore ingespan omdat almal gewoonlik saamtrek vir die verwesenliking van die buitelandse beleid. Diplomasie en buitelandse betrekkinge is dus nie 'n sinonieme begrip nie - eersgenoemde vorm slegs 'n belangrike komponent van die groter geheel.

Die buitelandse beleid en betrekkinge in die geheel ondergaan natuurlik ook wesenlike veranderings. Die ou tradisionele ideologiese benadering vertoon geen wetenskaplike dieptegang nie:

---

16. Hierby is geinkorporeer faktore soos propaganda en gebruikmaking van ideologie.

17. Dannhauser, J.A., <u>Op.cit.</u>, p. 44.

> „There is a fairy-like simplicity about this that makes it widely acceptable and easily understood.[18]

verklaar Thompson en Macridis. En juis dit word deur die behavioraliste voorgehou as een van die vernaamste redes waarom die tradisionele benadering van buitelandse betrekkinge nie aan die eise van die tyd kan voldoen nie;

> „Its renaissance is partly an outcome of the apparent shortcomings of the psychological or ideological approach, especially in accounting for present-day international developments."[19]

'n Veelheid faktore veroorsaak die „renaissance" in hierdie kader. Die tegnologiese revolusie, waaronder ressorteer die ontdekking van die atoombom en ander kernwapens, chemiese en biologiese oorlogvoering, en rewolusionere opstande dwarsoor die wêreld, het 'n hersiening van die bestaande struktuur noodsaaklik gemaak.

> „With man grasping for this noble dream, it is ironic that a great 'if' stands in the way; if the world is not first destroyed by other successes achieved as a result of the technological revolution."[20]

---

18. Thompson, K.W., Macridis, R.C., The Comparitive Study of Foreign Policy, in Macridis, R.C., Foreign Policy in World Politics, p. 1.

19. Ibid., p. 2. Vgl. ook Black, J.E., Thompson, K.W., Op. cit., p. 4. „The full range of these interests, and the policies being pursued to achieve them must be viewed in the perspective of the fundamental forces of a revolutionary era." Hancock, M.D., Rustow, D.A., American Foreign Policy in International Perspective, Prentice-Hall, New Jersey, 1971, pp. 10-20.

20. Black, J.E., Thompson, K.W., Op. cit., p. 5.

'n Nuwe benadering is dus nodig om in die lig van algehele uitwissing van die mensdom die beslissings in die verhoudings tussen state te bepaal.[21] Dit kan egter ook nie ontken word dat die ontdekking van kernwapens 'n bepaalde stabiele status quo in die verhouding tussen die Supermoondhede daargestel het nie. Claude beweer:

> „The dangerousness of war has reduced the danger of war."[22]

Die polarisasie van politieke mag tussen Oos en Wes is 'n ander faktor wat volgens die behavioraliste 'n nuwe benadering noodsaaklik gemaak het. In 1957 sê Kruschev ondermeer:

> „...... to be more precise about international tension, it is obvious that everything in the end revolves around the relationship between two countries - the USSR and the USA."[23]

Die onafhanklikwording van die koloniale wêreld, wanneer baie nuwe soewereine nasionale state in die tussenstaatlike na vore tree, en as deelgenote in die wêreldpolitiek nie

---

21. Edwards, D.V., Arms Control in International Politics, pp. 1-2; Saaty, T.L., Mathematical Models of Arms Control and Disarmament. Application of Mathematical Structures in Politics, John Wiley and Sons, New York, 1968, p. 5. en Thompson, K.W., Macridis, R.C., Op.cit. in Macridis, R.C., (red.) Op.cit., p. 10. „It is said that conventional weapons are fast being supplanted by new and more deadly weapons, and that therefore, traditional armaments fail to provide an adequate basis for foreign policy."

22. Vgl. Claude, I.L., The Changing United Nations, p. 9.

23. Black, J.E., Thompson, K.W., Op.cit., p. 5.

onbetuig bly nie, is nog 'n bydraende faktor. Die invloed van hierdie state in die moderne platform-diplomasie soos veral vergestalt by die VVO enersyds; en bondgenootskaplike simpatieë met die supermoondhede, wat deur 'n flirtasie om stemkrag deeglik om finansiële gewin deur die onderontwikkelde state uitgebuit word andersyds; kan as nuwe struktuurbepalende stroming nie onderskat word nie.

> „The new nations generally are badly underdeveloped, yet they have plans and ambitions to participate in the way of life of the most advanced nations."[24].

Ander faktore wat die behavioraliste verreken, is die bevolkingsontploffing en ook die krag van nuwe ideologieë wat tot die toneel van die tussenstaatlike toegetree het. Veral die kommunistiese ideologie met sy goddelose dialektiese materialisme het 'n bepaalde stempel op die buitelandse beslissings van baie state afgedruk.[25].

> „There is little doubt that Marxism-Leninism as reinterpreted through the years does play a significant role in giving decisionmakers in the Kremlin a general viewpoint of the international scene and some operational concepts."[26].

is die mening van Black en Thompson.

---

24. Ibid., p. 56. Die bekwame en gepoleerde manier waarop veral die Afrika-state finansiële wins put uit die afspeel van Amerika, Rusland en Rooi Sjina se hulpprogramme teenoor mekaar het baie beslis 'n nuwe verhoudingsdinamiek in die betrekkinge tussen state daargestel.

25. Vgl. Zuidema, S.U., Communisme in Ontbinding, p. 202.

26. Black, J.E., Thompson, K.W., Op.cit., p. 11. Vgl. ook Aspaturian, V.V., The Soviet Union and International Communism, in Macridis, R.C., Op.cit., p. 216-245.

Behavioralistiese benaderings in ander vertakkings van die tussenstaatlike het 'n „wetenskaplike" voorbeeld daargestel wat veroorsaak het dat die ontleders van buitelandse beslissings nie wou agterraak by die nuwe akademiese pas wat aangegee is nie:

> „He is also aware of the fact that the scientific method - developing hypothesis, investigation and data-gathering, classification of materials and then evaluation before coming to conclusions - is less likely to yield error than any other."[27.]

Baie van die voorlopers van hierdie renaissance besef egter dat die tradisionele struktuurbepalers nog steeds 'n wesensbelangrike rol in die neem van besluite speel. Geskiedenis, geografie,[28.] natuurlike hulpbronne, industriële ontwikkeling, militêre slaankrag, bevolkingsgetalle, betroubaarheid van die regering en leierskap sal altyd 'n kardinale rol bly speel.[29.]

Dat die hele struktuur van buitelandse beleidsbepaling tog ingrypend verander het, is 'n voldonge feit. Parlementêre

---

27. Black, J.E., Thompson, K.W., Op.cit., p. 14. Vgl. ook die egte behavioralistiese benadering oor die wese van die diplomasie op p. 20. „The test of diplomacy is not whether it is dramatic, whether it is open to the public view, or whether a particular ideology prevails. The test is whether or not there is an effective accommodation of harmonious as well as conflicting interests."

28. Ibid., p. 15. „Pacts may be broken, treaties unilaterally denounced but geography holds it's victim fast."

29. Ibid., pp. 15-20. Vgl. ook die skematiese ontleding van Thompson, K.W., Macridis, R.C., Op.cit., in Macridis, R.C., (red.) Op.cit., p. 5.

diplomasie het die lees geword waarop buitelandse betrekkinge in die geheel geskoei word. In die raadsale en wandelgange van supranasionale organisasies kan daar in die sosiale omgangsvorme tot die diepte van die probleme rondom buitelandse betrekkinge gedring word.[30] Die onderhandelinge en kontak in hierdie struktuur is minder styf en formeel, sodat baie van die tradisionele protokol aan die gemaklike en losse sosiale milieu opgeoffer word.[31] So kan daar buitendien makliker kontak gemaak word met lande wat in die ou bedeling vyandiggesind was. Die praktiese voordeel van kontak met 'n 'n groot verskeidenheid afgevaardigdes by een geografiese punt, verhoog verder die status van die hele bedeling.[32] Elke afgevaardigde in hierdie nuwe struktuur word ook meer kennelik bewus van die veelheid van probleme op die ganse kader van die wêreldpolitiek. Sodoende kan almal saam help bou aan die welsyn van alle state. Tydens 'n onderhoud het 'n Noorweegse parlementariër verklaar:

---

30. Vgl. Kelmann, H.C., Op.cit., p. 525. „But one problem with commentators such as Nicolson and Thayer is that they have not dug deeply enough into the social fabric of international organizations."

31. Ibid., p. 529.

32. Vgl. Ibid., p. 529. Selfs al is die Algemene Vergadering van die VVO nie in sitting nie besoek 51% van die lede van die permanente sendings die VVO hoofkwartiere meer as 2 maal per week, en 82% gaan 2 maal per week. Vgl. ook Deutsch, K.W., The Analysis of International Relations, p. 15; Alger, C.F., Interaction in a Commitee of the United Nations General Assembly, in Singer, J.D., (red.) Quantitative International Politics, pp. 57-84.

> „I will go back with a clearer view of the fact that my nation belongs to the whole world."[33]

Die parlementêre basis van buitelandse betrekkinge leen hom uitstekend vir die behavioralisme. Hierdie struktuurverandering met die aksent op sosiale interaksie, bied ruim geleentheid vir die behavioraliste om „wetenskaplike" ontledings te maak en sodoende die toekomstige patrone van die verhoudings tussen nasies te bepaal!

## C. DIE KERNGEDAGTEGANG VAN BESLISSINSGANALISE

Vir baie behavioraliste vind internasionale verhoudings sy funderingsfunksie in beslissingsanalise. Buitelandse betrekkings tussen die statery is die kern van die tussenstaatlike:

> „We believe that those who study international politics are mainly concerned with the actions, reactions, and interactions among political entities called national states."[34]

William Riker poneer die volgende stelreël:

> „the subject studied by political scientists is decision making,"[35]

---

33. Ibid., p. 543. So word daar dan rustig voortbeweeg in die rigting van 'n supranasionale Utopia waarin elke land die geleentheid kry om die soewereiniteit van 'n ander te skend en in hierdie proses van verbroedering internasionale verhoudings te vrywaar van al sy probleme.

34. Snyder, R.C., Bruck, H.W., Sapin, B., The Decision-Making Approach to the Study of International Politics, in Rosenau, J.N., (red.) Op.cit., p. 199.

35. Vgl. Riker, W., The Theory of Political Coalition, Yale University Press, New Haven, 1962, p. 10.

terwyl een van die vernaamste eksponente van hierdie denkrigting, Karl Deutsch, verklaar:

> „International Relations theory deals essentially with our political relations with foreigners, that is to say, with foreign populations or countries."[36].

Die ganse kader van die tussenstaatlike word dus verskraal tot die neem van tussenstaatlike beslissings, met die mens as Archimedes-punt in die sentrum van die beslissingsfunksie:

> „Decision-making theory focuses upon the decision maker as the fundamental unit of political analysis."[37].

Om hierdie rede sal ons later sien hoe die menslike persoonlikheid van watter sosiale stand ook al - wat die besluit moet neem, in die kader van sy handel en wandel nagevors moet word.

Beslissingsanalise wil ons dus definieer as 'n teoretiese tussenstaatlike benadering wat kulmineer in die studie en empiriese navorsing van 'n veelheid van faktore, (waarvan die sosiale waarskynlik die belangrikste is) wat die optrede van

---

36. Deutsch, K.W., The Impact of Communications upon International Relations Theory, in Said, A.A., Theory of International Relations, p. 74. Vgl. ook Deutsch, K.W., The Nerves of Government, The Free Press, New York, 1966, pp. 145-162 en Deutsch, K.W., The Analysis of International Relations, p. 87. Volgens Oran Young is Karl Deutsch die persoon wat die rigting aangee in hierdie benadering. Young, O.R., Systems of Political Science, p. 50. „Amongst political scientists, by far the most important and salient example of an approach to analysis using cybernetics and communications theory is to be found in the work of Karl Deutsch."

37. Isaak, A.C., Scope and Method of Political Science, p. 183. Vgl. ook Lerche, C.O., Said, A.A., Op.cit., p. 8; Lovell, J.P., Foreign Policy in Perspective, p. 207. „Foreign Policy is made by human beings..."

die mens wat staan in die amp van besluitnemer, bepaal, en daardeur die toekomstige gedragspatrone van die verhoudings tussen state en dus ook die internasionale politiek struktureer. Stanley Hoffmann gee die volgende definisie:

> „Decision-making is a process which results in the selection from a socially defined, limited number of problematical, alternative projects of one project intended to bring about the particular future state of affairs envisaged by the decision-makers."[38]

Vir baie behavioraliste is beslissingsanalise dus sinoniem met internasionale verhoudings - tog is daar ook andere wat dit nie as so allesomvatted beskou nie.

> „Thus, we hold that international decision-making, broad as it is as an object of study, is not equivalent to the whole of international relations."[39]

sê Kelman. Trouens weersprekende verklarings en radikaal botsende opinies is juis tekenend van die grootste gros van hierdie benaderings. Die gedurig wisselende teorieë bots ook dikwels in die verlenging wat meer „wetenskaplike chaos" veroorsaak as wat selfs die vurigste ondersteuners sou kon goedkeur.

---

38. Hoffmann, S., Contemporary Theory in International Relations, p. 155. Vgl. ook Wirt, F.M., Morey, R.D., Brakeman, L.F., Introductory Problems in Political Research, Prentice-Hall, New Jersey, 1970, p. 126.

39. Kelmann, H.C., Op.cit., p. 436. Vgl. ook die uiteensetting van Wallace, W., Foreign Policy and the Political Process, Macmillan Company, London, 1971, pp. 7-16.

## D. STRUKTUREEL-BEPALENDE KOMPONENTE VAN BESLISSINGS-ANALISE

### I. Inleiding

Beslissingsanalise berus tot 'n groot mate op die proses van onderhandelings en samesprekings. Binne die kader van die tradisionele of die parlementêre diplomasie bly die gesproke woord steeds die belangrikste middel om die doel te bereik. Die faktore wat die onderhandeling beïnvloed, sal dus steeds van deurslaggewende belang wees. Maar die onderhandelings kan ook plaasvind in 'n wye verskeidenheid van strukturele ordenings wat elk sy bepaalde stempel op die proses van onderhandelings sal afdruk:

> „Negotiation is a process through which two or more parties - be they individuals, groups, or larger social units - interact in potential agreements to provide guidance and regulation of future behaviour."[40].

aldus Kelmann. Kortom, beslissingsanalise is nie te begryp los van die struktureel-bepalende komponente wat dit beïnvloed nie.

### II. Faktore wat die Onderhandeling Kenmerk

Die Proses van onderhandeling word gekenmerk deur verskeie belangrike faktore. In die eerste plek let ons op

---

40. Kelmann, H.C., Op.cit., p. 466.

die doel van die onderhandelings.[41] Enige tussenstaatlike onderhandeling word met 'n bepaalde doel voor oë aangepak. Die bestendiging van die staat se sekuriteit in die tussenstaatlike is miskien die vernaamste doelstelling. Die soeke na vrede en veiligheid op die forum van die wêreldpolitiek, kulmineer vandag in onderhandelings tussen die kernmoondhede om 'n katastrofe waardeur die mensdom uitgewis sal word, te voorkom.

> „The most general and fundamental answer is this: the immense and sudden destructive power of nuclear-tipped missiles has shifted the emphasis of strategic planners from victory and defence to deterrence."[42]

beweer Art en Waltz.

Onderhandelings kan egter ook aangepak word om die strewe na mag te versadig. Onderhandelaars van die Verenigde State en Rusland probeer telkens om in Machiavelliaanse tradisie die voordeel uit die samesprekings te put:

---

41. Ibid., p. 468. Vgl. ook Macridis, R.C., Op.cit., p.14; Singer, J.D., Quantitative International Politics, p.17. „Just as hides are processed into leather before shoes can be made and trees in lumber before houses can be built, so must international phenomena be made ready for theory-building."

42. Art, R.J., Waltz, K.N., The Use of Force, p. 4: Macridis, R.C., Op.cit., p. 14; Hancock, M.D., Rustow, D.A., Op.cit., p. 199. „The central fact today in the confrontation between the United States and the Soviet Union is that the progress in technology has made it both necessary and possible to place restraints on the nuclear arms race. The technological stars and planets are now in a favorable conjunction, so to speak - and they will not stay that way for long."

> „Given the nature of power relations between the United States, and the Soviet Union, and given the states of mind these two superpowers brings to bear upon their mutual relations, diplomacy has little with which to operate and tends to become obsolete,"[43.]

verklaar Morgenthau. Tydens die samesprekings tussen Kennedy en Kruschev oor die toekoms van Berlyn in Junie 1961 te Wenen, het die Russiese diktator alles in sy vermoë gedoen om die jong en onervare Amerikaanse President die skrik op die lyf te jaag:

> „As it turned out, the Soviet Premier was very tough on Berlin during their meeting, using language close tot the tone of an ultimatum: ....."[44.]

vertel Brown.

Algemene tussenstaatlike vooruitgang en voorspoed, gepaar aan die nasionale belange van elke staat wat aan die onderhandelings deelneem, is ook 'n belangrike doelstelling soos treffend geïllustreer by die stigting van die VVO. Onderhandelings word egter dikwels ook gebruik vir propaganda-doeleindes, of om 'n vertraging te bewerkstellig waaruit daar later met vrug voordeel geput kan word.[45.] Dit is dus

---

43. Morgenthau, H.J., <u>Politics Among Nations</u>, p. 531.

44. Brown, S., <u>The Faces of Power</u>, p. 246. Vgl. ook die opmerking van John Foster Dulles in Macridis, R.C., <u>Op.cit.</u>, p. 15. The ability to get to the verge without getting into the war is the necessary art. If you cannot master it, you inevitably get into war. If you try to run away from it, if you are scared to go to the brink, you are lost." en Sorenson, T.C., <u>Kennedy</u>, pp. 583-587.

45. Vgl. Kelmann, H.C., <u>Op.cit.</u>, p. 468.

nie onmoontlik om 'n gemeenskaplike doelwit onder die onderhandelaars aan te tref nie. Veral waar samesprekings op die nie-politieke vlak toegespits is, soos wêreldgesondheid, -telekomunikasie, -vervoer en wêreldvoedselvoorsiening om enkele voorbeelde te noem. Volkome ooreenstemming tussen die doelstellings van die onderskeie onderhandelaars is egter uit die aard van die saak, selfs volgens die behavioraliste, nie moontlik nie.[46]

Tweedens moet daar ook aandag gegee word aan die proses van onderhandeling. Hieronder word veral verreken die prosedures vir die onderhandeling, die besluit om tot die onderhandeling toe te tree en die opstel van 'n agenda. Tussenstaatlike voorrang en protokol het beslis 'n bepaalde stempel op onderhandelings afgedruk.[47] Tydens die Kongres van Potsdam[48] (1945) kon daar nie ooreengekom word watter van die drie wêreldstaatsmanne, Winston Churchill, Harry Truman of Josef Stalin diplomatieke voorrang moes geniet nie. Uiteindelik is die probleem opgelos toe die drie wêreldleiers gelyktydig vanaf drie verskillende deure die konferensiesaal binnegestap het.[49] Dieselfde sinnelose prestige-debakel word in 1804 aanskou as Napoleon en die Pous tydens hulle

---

46. Vgl. Ibid., p. 471.

47. Vgl. Ibid., pp. 472-473.

48. Die Kongres by Potsdam vind plaas om die Yalta-samesprekings voort te sit. Vgl. Wiskemann, E., Europe of Dictators 1919-1945, pp. 240-241; Feis, H., From Trust to Terror, The Onset of the Cold War, 1945-1950, Anthony Blond, London, 1970, p. 57. en Ulam, A.B., Expansion and Coexistence, pp. 390-394.

49. Vgl. Morgenthau, H.J., Op.cit., p. 72. „At the Potsdam Conference of 1945, Churchill, Stalin, and Truman were unable to agree on who should enter the conference room first; finally they entered through three different doors at the same time."

historiese ontmoeting gelyktydig die koets bestyg.[50] Dieselfde stryd om die verwerwing van prestige vind ons by die keuse van die plek van die konferensie:

> „The policy of prestige as the policy of demonstrating the power a nation has or thinks it has, or wants other nations to believe it has find a particularly fruitful field in the choice of a locality for international meetings."[51]

Na 1947 weier President Truman om Stalin in enige plek behalwe Washington te ontmoet.[52] Diplomatieke protokol laat dus baie beslis tussenstaatlike onderhandelings nie onaangetas nie.

Van besondere belang in hierdie opset is ook die gebruik van alternatiewe voorstelle en wysigings van die vooropgesette doelstellings as daar tot 'n bepaalde besluit geraak word. Hier word veral van voortdurende kommunikasie gebruik gemaak om die ander party op die meriete van 'n bepaalde standpunt te wys en sodoende die nodige oorredingswerk te doen.[53] Dikwels word daar selfs van dreigemente en die reg van weerwraak gebruik gemaak om 'n bepaalde einddoel te

---

50. Ibid., p. 71.
51. Ibid., p. 73.
52. Ibid., p. 74. Dit hoofsaaklik in die lig van die aanmatigende houding wat Stalin na die Tweede Wêreldoorlog by Internasionale Konferensies inneem en die feit dat al hierdie samesprekings op Russiese grondgebied soos Yalta en Moskou, of Russies-geokkupeerde gebied, soos Potsdam, plaasgevind het. Reeds by die Antieke Griekse Monargië, Sparta en Athene, is daar van 'n neutrale stad, Lomia, vir die voer van onderhandelings gebruik gemaak. Vgl. Dannhauser, J.A., Op.cit., p. 21.
53. Vgl. Kelmann, H.C., Op.cit., p. 479.

verwesenlik. Ander perspektiewe en alternatiewe oplossings spruit gewoonlik hieruit. 'n Diepliggende onderskeid kan ook hier getref word tussen onderhandelings wat in 'n ontspanne atmosfeer plaasvind en samesprekings tydens krisistye.[54]

Derdens moet daar gelet word op die helderheid en die duidelikheid van die uitslag van die onderhandelings. Klinkklare formulerings is seldsaam. Aandag moet ook daaraan geskenk word om die waarde van die uitslag te evalueer.[55] Elke party wat belange het by die uitslag sal dit beslis aan sekere maatstawwe en kriteria wil onderwerp. Soos Callieres reeds aangedui het, is die visie op 'n langtermynoplossing hier die beste belegging en veel meer aanvaarbaar as die pragmatisme van 'n korttermynoplossing. Die geleentheid van kontinuïteit om die onderhandelings steeds te kan voortsit en nie die spreekwoordelike „deur" toe te maak nie, is ook van kardinale belang.[56]

Vierdens moet die aandag ook toegespits word op die omstandigheidsfaktore wat die proses van onderhandeling beïn-

---

54. Vgl. Ibid., p. 486. Krisistye gee daartoe aanleiding dat onderhandelaars en besluitnemers baie minder toegeeflik is as andersins. Vergelyk Singer, J.D., Op.cit., p.164. „The chief objection to assuming that crisis behaviour is different from non-crisis behaviour rests on the observation that crises are mainly psychological occurences."

55. Vgl. Kelmann, H.C., Op.cit.,p. 488.

56. Vgl. Ibid., p. 496. Veral die kontinue onderhandeling oor die beperking van kernwapens is in ons tyd van belang. Vergelyk ook Edwards, D.V., Arms Contol in International Politics, p. 133. „And this, termination and extension and the decisions underlying much behaviour can be viewed as themselves responses to violation and compliance and so are particularly important aspects, with administration, adjudication, information and control of the implementation of arms control agreements."

vloed. Die vlak waarop die onderhandelings plaasvind, naamlik ambassadeursvlak of op die vlak van gewone diplomate, word hier verreken.[57] Voorts word waarde daaraan geheg of die samesprekings plaasvind in die milieu van die ou tradisionele diplomasie en of dit plaasvind in die openbaar op die lees van die moderne platform - of VVO diplomasie. Kelman verwys na hierdie openbaarmaking van alle onderhandelings as „football stadium psychology."[58] 'n Ontleding van die uitwerking wat 'n bepaalde besluit op die ander party sal hê, is ook noodsaaklik, alhoewel dit bloot logies is dat dit bykans onmoontlik sal wees om die waardebepaling wat 'n party aan 'n bepaalde besluit heg, te verreken.[59] Daarom is die betroubaarheid van alle informasie steeds van kardinale belang. Veral ten opsigte van die behavioralistiese benadering wat elke jota en tittel van alle inligting empiries wil ontleed en dan „wetenskaplike" konklusies maak.

Ten slotte word agtergrondsfaktore wat die onderhandelings beïnvloed, aan die orde gestel. Die kulturele agtergrond en diversiteit van die onderhandelaars tree hier op die voorgrond. Amerikaanse afgevaardigdes spreek mekaar tydens onderhandelings op die voorname aan terwyl die Franse

---

57. Vgl. Kelman, H.C., Op.cit., p. 491.

58. Ibid., p. 492. Dit is in ooreenstemming met dit wat Woodrow Wilson reeds in sy beroemde Veertien Punte verklaar het. Vgl. Stoessinger, J.G., Op.cit., p. 222. „Open convenants of peace, openly arrived at, after which there will be no private understanding of any kind, but diplomacy shall proceed frankly and in the public view."

59. Vgl. Kelman, H.C., Op.cit., p. 497.

en Duitsers nog altyd van die geykte formele metode gebruik maak.[60] Die verhoudings op persoonlike vlak, nie net van die verskillende afvaardigings teenoor mekaar nie, maar ook van die individue onderling wat deel uitmaak van 'n bepaalde afvaardiging, sal ook die loop van die samesprekings beïnvloed. In elke groep is daar byvoorbeeld godsdienstige verskille en die begeerte om daardie oortuigings in die groep te bestendig.[61] Oor die hele linie van ons werklikheidsbeskouing is daar dus in elke groep self veel ruimte vir konflikpotensiaal. Die soeke na mag en prestige, morele en etiese waardes en die wil om as oorwinnaar uit die stryd te tree, word in fundamenteel-wisselende kapasiteite en intensiteite onder lede van dieselfde groep aangetref.[62]

Betreffende die onderhandelings in die kader van beslissingsanalise word daar dan 'n baie meer behavioralistiese benadering bepleit. Die menslike persoonlikheid wat

---

60. Tydens die oorhandiging van die Presidentskap aan Eisenhower verklaar Truman: „He'll sit here and he'll say, Do this! Do that! and nothing will happen. Poor Ike, - it won't be a bit like the army." Soos aangehaal in Hilsman, R., Policy Making is Politics, in Hancock, M. D., Rustow, D.A., Op.cit., pp. 83-84, uit Neustadt, R.E., Presidential Power, p. 9.

61. Vgl. Kelman, H.C., Op.cit., pp. 505-558, en Stagner, R., Psychological Aspects of International Conflict, p. 89. Die Griekse skrywer Nikos Kazantzakis haal in sy autobiografie 'n brief van sy vader aan terwyl hy besig was om teen die Turke te veg. „I'm doing my duty, fighting the Turks. You fight too; stand your ground and don't let those catholics put ideas into your head. You're from Crete don't forget. Your mind isn't your own, it belongs to Crete. Sharpen it as much as you can, so that one day you can use it to help liberate Crete... Do not disgrace me." Soos aangehaal in Stagner, R., Op.cit., p. 53. Uit Kazantzakis, N., Report to Creco, p. 98.

62. Die mens as religieuse persoonlikheid sal die norme altyd verskillend positiveer, maar dit impliseer nie dat hierdie verskille, spruitende uit die sondeval, ten koste van die norme verabsoluteer moet word nie.

die onderhandelings onderneem, word die speerpunt en die alfa en omega wat in die kleinste detail en besonderheid ontleed moet word:

> „Regardless, however, of the level at which negotiation is conducted, crucial variables may variously be psychological, social, economic, cultural, or political, and a satisfactory theory should incorporate each."[63.]

verklaar Kelman.

## III. Verhoudingstrukture in Beslissingsanalise

Besluite rakende buitelandse beleid word gewoonlik deur bepaalde groepe geneem, of baie sterk beïnvloed. Die strukturele samestelling en werking, die vloeibaarheid van bevele en beslissings, interpersoonlike verhoudings en die administratiewe samestelling van hierdie groepe, sal dus ook van wesenlike belang wees. Buitelandse beleid het so 'n wydvertakte en uiteenlopende karakter begin aanneem dat dit tans net nie meer sinvol en korrek deur een persoon gehanteer kan word nie. Ringkoppe in hiërargiese struktuur word steeds geken as die besluite geneem word. In hierdie lig moet die progressief groeiende rol wat akademici in beslissingsanalise speel, gesien word. Die verhoudingspolitiek in hierdie hele strukturele ordening sal dus die buitelandse beleid nie onaangetas laat nie.

---

63. Kelman, H.C., Op.cit., p. 514.

(a) Die Klein Groepie

Die Rivera poneer dat die klein groepie gewoonlik tussen 10 en 15 persone insluit en dat dit feitlik nooit 15 oorskry nie.[64] Hulle bestaan uit hoogs gespesialiseerde intellektueles, wat veral gedurende krisistye gevorm word om die staatshoof van eersterangse kennis te voorsien en gedurig byderhand te wees om nuwe verwikkelings te evalueer. Die groep is dus feitlik aaneenlopend besig om die krisis te ontleed. Gedurende die Kubaanse projektielkrisis het Kennedy die konstante teenwoordigheid van sy vernaamste raadgewers vereis:

> „Kennedy's second directive was to request that those present set aside all other tasks to make a prompt and intensive survey of the dangers and all possible courses of action..."[65]

deel Sorenson mee. Die feit dat die lede van hierdie groepie vir dae aaneen met dieselfde kritieke situasie gekonfronteer word, gee natuurlik daartoe aanleiding dat die spanning in die groep self oplaai. In so 'n gespanne atmosfeer is spitsvondigheid en koele beredenering goue gawes van die lede van die groep. Tydens die sestiende sitting van die VVO ervaar die Suid-Afrikaanse afvaardiging die een krisis na die ander. Dog Eric Louw kon in die midde van die stryd verklaar:

---

64. De Rivera, J., The Psychological Dimension of Foreign Policy, p. 213. Tydens die Kubaanse Projektielkrisis het die Amerikaanse groep uit 15 lede bestaan terwyl die Russiese Politburo ook wissel tussen 12 en 15 lede.

65. Sorensen, T.C., The First Nuclear Confrontation in History - The Cuban Missile Crisis of 1962: A Case Study, in Duchacek, I.D., Op.cit., p. 148. Vgl ook Lovell, J.P., Op.cit., p. 45.

„We are having a hell of a time"

en dan dadelik voortgaan:

„we're managing, we're managing."[66.]

Die aktiwiteite en die optrede van die groepe tydens die byeenkomste is ook van belang.

„Since a small group of men may hold
the fate of the entire nation in
their hands, one wonders how they
act in their meetings."[67.]

beweer De Rivera. Watter dryfvere kenmerk die bespreking, watter karakter neem dit aan en word daar 'n deurlopende kenmerkende eienskap by die byeenkomste aangetref? Botsings en konflik kom dikwels voor tussen persone wat aan dieselfde groep behoort, wat dikwels die werksaamhede verydel of in die wiele ry. Gedurende die Koreaanse krisis was daar 'n sterk meningsverskil tussen die staatsekretaris en die sekretaris van verdediging van die VSA oor hulle land se optrede teen Formosa wat deur kommunistiese oorrompeling bedreig is.[68.] Elkeen probeer in privaat gesprekke om ander lede van die groep tot sy standpunt oor te haal, wat daartoe kan aanleiding gee dat persoonlike vetes 'n tweespalt in die hele groep teweegbring.

---

66. Vgl. Van der Schyff, P.F., Eric Louw - Sy Grootste Uur, Artikel in die Huisgenoot van 2 Augustus 1968, p. 15.

67. De Rivera, J., Op.cit., p. 213.

68. Vgl. Ibid., p. 215. In die Amerikaanse Geskiedenis is daar verder die klassieke voorbeeld van die botsing tussen Jefferson en Hamilton in George Washington se kabinet. In die Suid-Afrikaanse Partypolitieke geskiedenis is daar die botsing tussen Genl. J.B.M. Hertzog en Louis Botha in die Eerste Unie-kabinet. Om die probleem te oorbrug moes die kabinet ontbind word en sonder Genl. Hertzog en Leuchars saamgestel word.

Teen die agtergrond van hierdie faktore is 'n sterk en dinamiese leier van groot waarde. Veral gedurende krisistye moet hy baie sterk standpunt inneem en verhoed dat verskille van opinie die werksaamhede van 'n bepaalde groep in die wiele ry.[69] Aan die ander kant moet hy nie so outoritêr optree dat die lede van die groep geen bydrae tot die samesprekings lewer en hy individueel al die besluite moet neem nie. Hy moet dikwels uit sy pad gaan om die lede aan te moedig om vryelik menings te wissel en die vloei van kommunikasie in stand te hou. Kennedy het tydens die Kubaanse projektielkrisis agtergekom dat die samesprekings meer spontaan plaasvind in sy afwesigheid, en het die groep toe aangemoedig om meer samesprekings in sy afwesigheid te hou.[70] Wat die raadgewende menings betref, is lede van die groep voorts huiwerig om alleen te staan op 'n bepaalde standpunt. Sorenson sê:

> „Even the most distinguished and forthright advisor is usually reluctant to stand alone. If he fears his persistence in a meeting will earn him the disapprobation of his colleaugues, a rebuff by the President, or the outrage of the Congress, press, or public, he may quickly seek the safety of greater numbers."[71]

---

69. Vgl. Ibid., p. 223. „A weak leadership might have permitted the development of disputes with resultant disunity and lack of action."

70. Vgl. Ibid., p. 223.

71. Sorenson, T.C., Decision-making in the White House, pp. 60-62.

Alhoewel die leier dus 'n bepaalde afstand tussen hom en sy groep moet handhaaf, is hulle samewerking vir die neem van beslissings onontbeerlik.

De Rivera onderskei dan drie maniere waarop die leier die samesprekings van die groep kan kontroleer en beheer.[72.] Eerstens kan die leier outoritêr optree. Hy bepaal vooraf wat die uitslag van die onderhandelings moet wees en rig dienooreenkomstig die pas en die gang van die onderhandeling om die vooropgesette doelstelling te bereik.[73.] Tweedens kan die leier 'n beleid van laissez-faire volg. Hier gaan die inisiatief volkome oor op die individuele lede van die groep. Die leier onttrek hom tot op groot hoogte aan alle aktiwiteite, maar deel tot die laaste greintjie alle inligting waaroor hy beskik met alle lede van die groep.[74.] Die verantwoordelikheid berus dus nou geheel en al by die groep. In die laaste instansie kan die leier ook 'n demokratiese beleid volg. Hy bepaal wel die gang van sake, maar dra sorg dat daar die nodige wisselwerking tussen hom en die groep plaasvind sodat hulle as 'n eenheid beslissings kan

---

72. Hierdie indeling kom van White, R., Lippitt, R., Leader behaviour and Member Reaction in three Social Climates, in Cartwright, D.C., Zander, A., Group Dynamics.

73. Vgl. De Rivera, J.H., Op.cit., pp. 228-229. "..... the leader remains aloof from the group; the leader praises and criticizes individuals personally rather than in terms of specific actions."

74. Vgl. Ibid., p. 229. "Leaders following this style give out much information but do not exercise any influence or apply any pressure."

vel.[75]

Nog 'n faktor van deurslaggewende belang vir die optrede van die klein groepie is die voorsiening van inligting. 'n Groepleier, byvoorbeeld 'n staatsleier, se keuse van raadgewers val gewoonlik op persone wat dieselfde lewens- en wêreldbeskouing as die leier self handhaaf. Dikwels verkrag raadgewers egter hulle persoonlike oortuigings om aan te toon dat hulle menings alleen deur die situasie bepaal word.

> „Still others may address themselves more to their image than to the issues. I have attended more than one meeting where a military solution was opposed by military minds and supported by those generally known as peace-lovers."[76]

Sommige staatsleiers gee ten opsigte van hulle raadgewers voorkeur aan politici, terwyl andere sakelui, akademici of militêre leiers in wisselende betrokkenheid verkies. De Rivera toon voorts aan dat Woodrow Wilson en Franklin Rooseveldt verkies het om belangrike besluite self te neem, terwyl Truman en Eisenhower verkies het om magte te delegeer.[77] Met die feit voor oë is dit ook duidelik

---

75. Vgl. <u>Ibid.</u>, p. 229. „When leaders are trained to use this <u>style</u>, they tend to use „guiding suggestions" rather than „orders". White en Lippitt kom tot hierdie gevolgtrekking nadat hulle die optrede van drie groepe seuns onder die prototipe van genoemde drie leiers nagegaan het. Kan die optrede van 'n groepie seuns egter gepaar word aan die van 'n hoogs intellektuele groepie raadgewers? Dit kan juis van die behavioraliste verwag word dat hulle hierin 'n wesensverskil sou bespeur.

76. Sorenson, T.C., <u>Decision-making in the White House</u>, <u>Op.cit.</u>, p. 62.

77. Vgl. De Rivera, J.H., <u>Op.cit.</u>,p. 235 en Fenno, R.F., <u>The President's Cabinet.</u>

dat die raadgewers van die genoemde persone dienooreenkomstig sal verskil.

Voorts is dit ook bloot logies dat elke raadgewer steeds sy eie ideale en doelstellings vooropgestel sal hou:

> „It is a rare advisor who has only the interests of the President at heart. He has his own values, responsibilities and desire for power."[78]

verklaar De Rivera. Hy sal dus alles in sy vermoë doen om sy bepaalde standpunt en motiverings aanvaarbaar te manipuleer. Om bepaalde standpunte aanvaarbaar te maak, is juis een van die belangrikste take van diplomasie. Die persoonlike ideale van elke raadgewer moet dus steeds verreken word.

Die klein groepie kan ten slotte egter ook 'n baie meer permanente karakter aanneem.

> „.... miniature societies which outlast their individual members and have their own dinamics."[79]

Dat 'n klein groepie elite, in watter strukturele hoedanigheid ook al, 'n kardinale en deurslaggewende rol in beslissingsanalise kan speel, staan nie te betwyfel nie en is in ooreenstemming met die feitlike historiese werklikheid.

---

78. De Rivera, J.H., <u>Op.cit.</u>, p. 238.
79. <u>Ibid.</u>, p. 239.

(b) Kommunikasie en Administrasie

Die vloei van verbindingskanale en administratiewe organisasie is belangrike komponente van die hele verhoudingstruktuur in beslissingsanalise. Die vermoë om beslissings in die praktyk te laat resulteer in dade, is juis die taak van kommunikasie en administrasie.[80] Dit word die kanale waardeur die beslissings gestalte kry en uitgevoer word. Die seepgladde vloei van besluite, veral in krisistye, is dus van die grootste belang.

Dit is egter ook so dat hierdie kanale beman word deur persone wat elk 'n eie siening van 'n bepaalde situasie opbou. In die praktyk bestaan daar dus 'n lang reeks tussengangers - tussen die struktuur waar die besluit geneem word en die uiteindelike implementering daarvan. Hierdie tussengangers het elk 'n bepaalde oortuiging wat die beste beslissing ten opsigte van 'n bepaalde probleem sou wees; De Rivera beweer:

> „The implementor may be torn between his loyalty to the organization - which requires him to obediently carry out the decision - and his own deep seated convictions that a different policy would

---

80. Vgl. Ibid., p. 245. „The ability of a complex organization to translate decisions into appropriate actions depends on a clear line of authority and responsibility leading to the execution of orders." Holsti, K.J., International Politics, pp. 181-187; Brzezinski, Z., Purpose and Planning in Foreign Policy, in Hancock, M.D., Rustow, D.A., Op.cit., pp. 95-98.

be wiser."[81]

'n Treffende voorbeeld van hierdie probleem vind ons in die klassieke botsing tussen President Truman en Generaal MacArthur.[82] Die ontleding van De Rivera is 'n tiperende voorbeeld van wat die behavioraliste in beslissingsanalise aan die orde stel. Douglas MacArthur was die seun van 'n beroemde generaal, 'n gebore leier met 'n moeder wat alles sou offer om haar seun beroemdheid te laat verwerf.[83] Van jongs af neem hy leiding in alles wat hy aanpak en bereik die hoogste sporte van die leer in die Amerikaanse Weermag. Juis op hierdie vlak bots hy baie met President Rooseveldt oor die militêre begroting.[84] Gedurende die Tweede Wêreldoorlog word hy die leidende figuur in die Verre Ooste tot sy botsing met President Truman.

---

81. De Rivera, J.H., Op.cit., p. 245. Elke tussenganger het dus die vermoë om as 'n besluitnemer in die kleine op te tree. „He knows that he has the possibility of revolting and establishing himself as a rival decision maker."

82. Die botsing speel af teen die agtergrond van Generaal MacArthur se voorgenome voortsetting van die Koreaanse Oorlog teen Kommunistiese Sjina. Oor hierdie voorneme om die oorlog uit te brei tot die vasteland van Asië het Generaal Bradley opgemerk „the wrong war, at the wrong place, at the wrong time, and with the wrong enemy." Vgl. Brown, S., Op.cit. p. 57.

83. De Rivera, J.H., Op.cit., pp. 248 - 249. MacArthur het baie krag geput uit die noue verbintenis wat hy met sy moeder gehad het. In 'n gedig wat aan hom opgedra word skrywe sy moeder: „Do you know that your soul is of my soul such a part that you seem to be fiber and core of my heart?" Vgl. MacArthur, D., Reminiscences, p. 25.

84. Vgl. De Rivera, J.H., Op.cit., p. 248. By een geleentheid het MacArthur na een van die botsings op die trappies van die Wit Huis gespoeg.

Douglas MacArthur was 'n natuurlike leier, onverbiddelik ingestel op die eindideaal, met min menslike swakhede en simpatieë. Daarom het hy onkreukbare navolgers en fanatiese vyande gehad:

> „The commander was a man of great charismatic appeal; he attracted loyal followers who practically worshipped him and severe detractors who thought he was an arrogant imbecile."[85]

aldus De Rivera. Dieselfde karaktertrekke word aangetref by Franklin Rooseveldt. -

> „Few reacted neutraly to that man in the White House, he was loved or hated."[86]

---

85. Ibid., p. 248.

86. Soos aangehaal in Bone, H.A., American Politics and the Party System, McGraw-Hill Book Company, New York, 1955, p. 86. Baie van die Eerste Ministers van Suid-Afrika openbaar dieselfde karakteristieke eienskappe as hulle getoets sou word aan die mening van die volk. Vgl. Pirow, O., Hertzog, Smuts en Tielman Roos, Artikel in Die Huisgenoot van 5 Desember 1952, p. 11. „Hierdie hartstogtelikheid van Genl. Hertzog in sy liefde, sy haat, of slegs in sy afkeur en voorkeur was een van sy belangrikste kenmerke. Hy kon soms onbewus natuurlik wreed onregverdig wees teenoor sy amptenare en grimmig ongeduldig met sy privaatsekretaris, maar as hulle by hom op die plaas tuis was dan het hy vir hulle persoonlik koffie in die slaapkamer gebring voor dagbreek." Ook dr. Verwoerd is deur sommige verafgood en deur andere meedoënloos afgetakel. Gedurende die Konstitusionele verkiesingstryd voor Republiekwording in Suid-Afrika verklaar 'n Oos-Londense koerant, die „Daily Dispatch", „Bullets did not kill Dr. Verwoerd, thank the Lord, but your votes can put an end to his dictatorship. Vote no in the Referendum" - Vgl. Van Jaarsveld, F.A., Scholtz, G.D., Die Republiek van Suid-Afrika, Agtergrond, Ontstaan en Toekoms. Voortrekkerspers, Johannesburg, 1966, p. 208. Op die dag van sy begrafnis was daar 'n naamlose artikel in 'n Engelse koerant: „Kap sy gelaat hoog in die Drakensberge uit 'n krans, groots en sterk, sodat mense dit myle, myle ver kan sien, want sy gelyke kry ons nimmermeer." Vgl. Grobbelaar, P.W., Man van die Volk, Human en Rousseau, Kaapstad, 1966, p. 174.

MacArthur, met sy dinamiese persoonlikheid, wat teenstand van vriend en vyang verwerp het, het terselfdertyd visie ten opsigte van die toekomstige tussenstaatlike ontwikkeling gehad, In sy neo-tradisionele denke tref ons ꞌn missionêre visie aan as hy sê:

> „Europe is a dying system. It is worn out and run down, and will become an economic and industrial hegemony of Soviet Russia....... The lands touching the Pacific with their billions of inhabitants will determine the course of history for the next two thousand years."[87.]

President Truman was die seun van ꞌn perdehandelaar, wat sy seun as ꞌn swakkeling beskou het:

> „Although his mother adored him, his father often found him irritating. He never laid a hand on Harry, though he could scold him unmercifully. On one occasion, he bought Harry a Shetland pony and the two went for a ride with John Truman astride a lead horse. When Harry fell off the pony his father would not permit him to climb back in the saddle but insisted that he walk the half mile home. John Truman was closer to his younger son, whose facial features and mannerisms resembled his own."[88.]

---

87. Soos aangehaal deur Spanier, J.W., The Truman-MacArthur Controversy, Harvard University Press, Cambridge, Massachusetts, 1959, p. 67.

88. De Rivera, J.H., Op.cit., p. 273. Soos aangehaal uit Steinberg, A., The Man from Missouri, G.P. Putnam's Sons, New York, 1962, p. 24.

Van jongs af het Truman dus te kampe gehad met teenstand en ook later met finansiële probleme.[89] Truman se gebrek aan selfvertroue veroorsaak dat hy presies die teenoorgestelde persoonlikheid as MacArthur het. Aan die ander kant was hy meer tuis in die tipiese politieke milieu waar teenstand en politieke magstryd aan die orde van die dag is. Douglas MacArthur aan die ander kant wou geen teenstand hoegenaamd teen sy gesag aanvaar nie.[90]

> „If the Commander was a modern Don Quixote, the President personified Sancho Panza."[91]

Van huis uit was daar dus radikale verskille tussen hierdie twee leiers wat kulmineer in hulle stryd oor die Amerikaanse beleid in die Verre Ooste. MacArthur, as Truman se ondergeskikte, het radikaal gebots met die Wit Huis se beslissings oor optrede in die Verre Ooste.[92] Vir hom was dit die laaste geleentheid wat die Weste gehad het om sy invloed te bestendig en die opkomende Rooi Sjinese Kommunisme die nekslag toe te dien. As daar nie daadwerklik met die swaardmag opgetree word nie, sal toekomstige oorloë op die

---

89. Totdat Truman in die politiek begin aktief raak het, was hy in 'n voortdurende stryd om finansieël kop bo water te hou. Vgl. De Rivera, J.H., Op.cit., p. 253.

90. Ibid., p. 249. „His lack of security prevented him from being able to enter the worlds of other men and to understand disagreement."

91. Ibid., p. 253.

92. Ibid., p. 261. „Left to himself, for example, the far Eastern Commander would certainly have bombed mainland China - something the administration had to specifically prohibit."

Amerikaanse kontinent self beslis word.[93] ŉ Onoorbrugbare kloof het dus gestalte gekry in ŉ tussenstaatlike atmosfeer waar ŉ breuk of tweedrag tussen toonaangewende beleidsbepalers fataal kon wees. ŉ Tussenganger in die uitvoering van buitelandse beslissings was so oortuig van ŉ radikaal-weersprekende beslissing, dat hy die gesagsmeganisme uitgedaag het.[94]

Nou is daar, tipies van die behavioralistiese gedagtegang, verskeie resultate as twee sulke radikaal-weersprekende „stelsels" kommunikeer. Die een kan die ander dermate domineer dat hy verplig is om sy standpunt en posisie prys te gee. Andersyds kan een van die twee partye kapituleer en dus vrywillig sy standpunt prysgee. En dan kan die twee partye ook nog ŉ kompromie aangaan wat impliseer dat verklaarde standpunte opgesê word in die lig van ŉ nuwe oplossing wat beide kante bevredig. Vierdens kan nuwe, maar steeds weersprekende standpunte, ingeneem word wat in die nuwe gedaante vir beide aanvaarbaar is.[95] Laastens kan daar ooreengekom word om te verskil, maar dat daar so ver as moontlik saamgewerk sal word.[96]

---

93. Vgl. Whitney, C., MacArthur, Alfred A. Knopf, New York, 1956, pp. 377-380, soos aangehaal in De Rivera, J.H., Op.cit., p. 270. „It would shift any future battle area 5,000 miles westward to the coasts of the American continent, our own home coast."

94. Vgl. Truman se aanhaling in sy biografie, Truman, H.S., Vol.II, Years of Trial and Hope, p. 443. „I tried to place myself in his position, however, and tried to figure out why he was challenging the traditional civilian supremacy in our government."

95. Hierdie vierde onderhandelingsmetode word veral aangetref in die denkbeelde van Anatol Rappoport. Vgl. Rappoport, A., Fights, Games and Debates.

96. Vir ŉ dieptestudie van hierdie faktore vergelyk De Rivera, J.H., Op.cit., pp. 279-283.

In hierdie gedetailleerde ontleding van die botsing tussen MacArthur en Truman sien ons duidelik hoe die behavioralisme ook in beslissingsanalise opereer. Die verbindingskanale tussen beslisser en uitvoerder daarvan het van kardinale belang geword. Dit kan egter ook die stroom word waarin die oorspronklike besluite gemanipuleer word ooreenkomstig die lewens- en wêreldbeskouing van diegene wat die besluit ten uitvoer moet bring.[97.] Dat die diepere religieuse dryfvere die beslissings van persone langs die hele kommunikasielinie sal bepaal, onderskryf ons graag, maar waar afwykings van die oorspronklike gegewe tot norm verhef moet word, het ons met 'n tipiese behavioralistiese metode te doen. Elke empiries-ontleedbare aspek moet tot in die fynste besonderhede ontrafel word voordat 'n beslissing gevel kan word.

Die ganse administrasie wat by die uitvoer van buitelandse beleidsbepalende besluite betrokke is, moet dus goed geolie wees en gedurig hersien word sodat die lojaliteit van die administratiewe korps bo verdenking staan. Steeds moet daar in gedagte gehou word dat verskeie staatsdepartemente deur elke besluit geraak word.[98.] Alvorens besluite dus geneem kan word, moet elkeen van hierdie depar-

---

97. Vgl. veral die optrede van 'n klein groepie Duitse diplomate en militariste om Oostenryk-Hongarye oorlog te laat verklaar teen Serwië en die Duitse Keiser te onthou van inligting dat Britse diplomate besig was om die spanning te probeer verlig en vrede te bestendig in Holsti, K.J., Op.cit., p. 181.

98. Vgl. Thompson, K.W., Political Realism and the Crisis of World Politics, p. 124. In die VSA is daar meer as 160 interdepartementele komitees in die kader van buitelandse betrekkinge.

temente geraadpleeg word om vas te stel of hy daarmee akkoord gaan, en of dit die belange van die bepaalde departement bevorder of benadeel. Agterdog tussen die verskillende departemente staan ook dikwels in die weg van die praktiese manifestasie van besluite.[99]

Die rol van die administrasie neem egter toe in belangrikheid as dit staan in die diens van swak en onstabiele leierskap. Dan word die administrasie dikwels verplig om ooreenkomstig sy eie oordeel en tradisie die koers in die beleid aan te dui.[100] Baie van die alledaagse en roetinevraagstukke in die verhoudings tussen state, word deur persone in die laer geledinge van die administrasie van beslissings voorsien. Ook belangrike administratiewe amptenare neem trouens hulle besluite op grond van inligting wat daagliks van diplomate dwarsoor die wêreld ontvang word. Holsti beweer:

> „They become captives of advisors, oversimplifications, and all the prejudices, established attitudes, and procedures of large bureaucratic organizations."[101]

Dit is dus inderdaad geen verrassing dat die diplomatieke geskiedenis vele voorbeelde openbaar van beleidsbepalers wat

---

99. Vgl. Holsti, K.J., Op.cit., p. 182.

100. Vgl. Ibid., p. 182.

101. Holsti, K.J., Op.cit., p. 183.. Vgl. ook Frankel, J., The Making of Foreign Policy, Oxford University Press, London, 1967, p. 96; Braybooke, D., Lindblom, C.E., Types of Decision-Making, in Rosenau, J.N., (red.) Op. cit., pp. 210-211.

noodlottige besluite moes neem, omdat hulle nie op hoogte met die werklike feite en die stand van sake was nie.[102.] Die feit dat beslissings korrek van bo af deur die kanale moet vloei impliseer met dieselfde drakrag egter ook dat die inligting wat deur die verskillende hiërargiese trappe na die besluitnemers vloei, getrou en onbekook moet wees. 'n Wisselwerking van besluite en inligting is dus die basiese gegewe van die administratiewe struktuur wat staan in die diens van buitelandse beleid. Korrekte, verhewe en eerlike optrede aan die kant van die administrasie verkry kardinale belang in beslissingsanalise.

Tydens krisistye word die hele administratiewe struktuur grootliks uitgesuiwer en die beslissings gaan oor in die hande van die leiersgeledinge, omdat spoed 'n deurslaggewende faktor word.[103.] Flinke administratiewe diens verloor onder die omstandighede geensins sy waarde nie, maar

---

102. Vgl. Holsti, K.J., Op.cit., p. 183. „It is little wonder that diplomatic history is replete with cases of top policy-makers choosing disastrous courses of action because their images of reality and expectations were at odds with real conditions in the environment." Hitler se hardkoppige weiering om die Duitse Sesde Leër aan Stalingrad te onttrek, was fataal in die Duitse stryd teen Rusland, maar veel later ook in die feit dat die Kremlin sy kloue op tradisioneel Westerse bodem kon inslaan. Let op Hitler se antwoord op die Sesde Leër: „Surrender is forbidden. Sixth Army will hold their positions to the last man and the last round and by their heroic endurance will make an unforgettable contribution toward the establishment of a defensive front and the salvation of the Western World." Soos aangehaal in Shirer, W.L., Op.cit., p. 1110.

103. Oor die bydrae van krisisse tot beslissingsanalise gaan ons later in meer besonderhede in. Vergelyk egter Robinson, J.A., The Concept of Crisis in Decision-making, in Rosenbaum, N., Op.cit., pp. 81-87.

neem eerder toe in aktualiteitsfrekwensie. Juis in krisistye vervul diplomatieke en administratiewe kanale basiese take van fundamentele belang. Verbindingskanale moet veral tydens krisistye gladweg funksioneer.

Betreffende verhoudingstrukture in die kader van beslissingsanalise, vervul kommunikasie en administrasie funksies van deurslaggewende belang. Hierdie onderhandelings vind egter ook plaas in diens van 'n wye verskeidenheid verteenwoordigende strukture wat die onderhandelingsproses dienooreenkomstig karakteriseer.

## IV. Strukture Betrokke by Beslissingsanalise

Die bepaling van buitelandse besluite vind plaas teen 'n wye agtergrond van strukturele ordenings. Beslissings kan byvoorbeeld geneem word in die verhouding van nasionale state onderling, regionale strukture of universele ordenings soos die Volkebond en die VVO. Elkeen van hierdie strukture impliseer gewysigde optrede van die onderhandelaars ten einde aan te pas by die status quo.

### (a) Die Nasionale Statestruktuur

Binne die kader van die behavioralisme val ook die aanvaarding van die nasionale staat as realiteit ten opsigte van die verhouding tussen state en dus die eenhede in wie se belange die besluite en beslissings geneem moet word. Snyder, Bruck en Sapin skrywe:

> „We are also assuming that the nation-state is going to be the significant

> unit of political action for many years to come. Strategies of action and commitment of resources will continue to be decided at the national level."[104]

Hierdie mening van leidende eksponente op die gebied van besslissingsanalise is ongetwyfeld van fundamentele belang. Dit impliseer dat ten spyte van die magtige teoretiese vloedgolf - weg van die geykte tradisionele bane na die parlementêre diplomasie gepaar aan die universele impuls - die belangrikheid van die nasionale staat nie ontken kan word nie. In watter strukturele hoedanigheid die onderhandelings dus ook al plaasvind, die nasionale staat bly die vernaamste verteenwoordigingsmedium. Ook onderhandelings in regionale en universele strukture staan steeds in die teken van die nasionale staat.

Die term „state as actor in a situation" aanvaar die staat se onlosmaaklike verbondenheid aan enige beslissingsmoment.[105] Die besluitnemer is weer direk verteenwoordigend van die staat, sodat alles steeds wentel om die diversiteit van die statery.[106]

> „Despite strong contemporary trends toward integration, so far nearly all

---

104. Vgl. Snyder, R.C., Bruck, H.W., Sapin, B., Op.cit., in Rosenau, J.N., (red.) Op.cit., p. 201. Vgl. ook p. 199; Young, O.R., Systems of Political Science, p. 62. „... Snyder and his associates have laid out a rather formal and extensive framework for the analysis of decisionmaking." Die basiese bron in hierdie verband is Snyder, R.C., Bruck, H.W., Sapin, B., Foreign Policy Decision Making.

105. Snyder, R.C., Bruck, H.W., Sapin, B., Op.cit., p. 202.

106. Vgl. Frankel, J., National Interest, pp. 97-99.

> international business is concluded between pairs of states, or multilaterally, among large numbers of single states - through diplomatic negotiations and international conferences through the conclusion of treaties and agreements,"[107].

is die mening van Frankel.

(b) Regionale Strukture

Beslissings kan ook in belang van regionale strukture geneem word. State behorende aan dieselfde geografiese entiteit, of wat as gevolg van ander faktore 'n gemeenskaplike belangehorison vertoon, neem ook beslissings in ooreenstemming met hierdie groepsgebondenheid. In die kader van parlementêre diplomasie vind behavioralisme in die linie van regionale beslissingsanalise vrugbare teelaarde; veral as die optrede in regionale verband op tiperende behavioralistiese manier ontleed word. Chadwick Alger, lewer as eksponent van behavioralisme, kenmerkende werk op hierdie vlak.[108].

Hy onderskei agt regionale ordenings, te wete: NAVO, die Statebond; die Sowjet en sy geassosieerde bondgenote; Wes-Europa; Latyns-Amerika; Asië; Arabies-gebonde

---

107. Vgl. Frankel, J., The Making of Foreign Policy, An Analysis of Decision-Making, p. 54; Holsti, K.J., Op.cit., pp. 172-173 en Rummel, R.J., The Relatonship Between National Attributes and Foreign Conflict Behaviour, in Singer, J.D., Quantitative International Politics, pp. 187-214.

108. Vgl. Alger, C.F., Interaction in a Committee of the United Nations General Assembly, in Singer, J.D., Quantitative International Politics, pp. 70-79.

moondhede en Afrika suid van die Sahara wat by die VVO onderhandel.[109] Onderhandelings tussen verteenwoordigers van die strukture word almal aangeteken; of dit in die wandelgange, teekamers, kroeë of in die vergadersale self plaasvind.

Die ondersoek bring aan die lig dat die lande van Afrika, Asië en die Arabiese Wêreld die onaktiefste in die proses van interaksie is. Slegs een land van hierdie drie streeksgroeperinge, Irak, het meer as honderd keer samesprekings gevoer.[110] Terwyl NAVO, die Statebond, die Sowjet en Wes-Europa die aktiefste is.[111] Behalwe die Sowjet het laasgenoemde drie groepe 'n gemiddelde van meer as honderd samesprekings per land. Die getal lande wat aan elke groepering behoort, moet ook in die hele opset verreken word. So byvoorbeeld het Latyns-Amerika 842 keer samesprekings gevoer teenoor die Sowjet se totaal van 746. In die Latyns-Amerikaanse groepering is daar egter 18 lande en dus 'n gemiddeld van 47 onderhandelings per land, terwyl die Sow-

---

109. Ibid., p. 70. Die data wat Alger hier ontleed is van die Administratiewe Finansiële Komitee van die Algemene Vergadering van die VVO teen die laaste helfte van 1962.

110. Vgl. Ibid., p. 70.

111. Vgl. Ibid., p. 71. Een probleem wat Alger volgens ons mening nie oplos nie, is die oorvleueling van lande wat aan meer as een van die regionale strukture wat hy onderskei, behoort. Engeland is byvoorbeeld stigterslid van NAVO en die Statebond en val ook onteenseglik in Wes-Europa. Die vraag ontstaan dus watter groepering se belange gaan Engeland vooropstel, en waar gaan daar raakpunte in gemeenskaplike regionele belange ontstaan? Die eie aard van elke staat bly dus steeds 'n realiteit selfs te midde van „wetenskaplike" analitiese ontleding in regionale verband.

jet groep 10 ledestate het wat die streeksgroepering se gemiddelde aantal onderhandelings per land op 75 te staan bring.[112]

Aandag word ook geskenk aan onderhandelings met ander lande wat aan die eie groep behoort. Latyns-Amerika vertoon die hoogste totaal inter-regionale onderhandelings naamlik 64% wat 3% hoër is as die van die Sowjet. NAVO vertoon 'n interne kontakkapasiteit van 44%; Asië 28%; Wes-Europa 25%; die Statebond 24%; Afrika suid van die Sahara 18% en die Arabiese nasies 16%. Rusland is die aktiefste van die groep waarin hy die dominante land is en het 196 samesprekings met ander lande, wat val onder die regstreekse invloedsfeer van die Kremlin, gehad.

In die NAVO-streeksgroepering vind daar aansienlike interne wisselwerking plaas: die Verenigde State - 621; Nederland - 443; Kanada - 344; Engeland - 309; Noorweë - 157 en Denemarke 97 keer. Frankryk het opvallend min samesprekings gevoer, slegs 25 keer.[113] Nege van die state suid van die Sahara het geen samesprekings gevoer nie, terwyl van die 16 wat wel kontak gemaak het, Liberië die hoogste totaal van 53 keer vertoon. In die Statebond is dit veral die jonger lede wat die meeste op inter-regionale basis geskakel het. Die analise bring voorts aan die lig

---

112. Vgl. Ibid, p. 71.
113. Vgl. Ibid., pp. 71-73.

dat dit moeilik is om Joego-Slawië in enige van die groepe te klassifiseer.[114] Die land se onverbondenheid word voorts duidelik geïllustreer deur die feit dat hy met 37 lande geskakel het, die derde hoogste van die lande wat by die ondersoek betrokke is. Voorts skakel Joego-Slawië ook die meeste met die onderontwikkelde lande, veral uit die Afro-Asiatiese groep.[115]

Hierdie ondersoek van Alger na die optrede van regionale strukture in die milieu van die VVO, met sy kenmerkende parlementêre diplomasie, is tiperend van die behavioralistiese ontleding en benadering van beslissingsanalise. Die geklank van universalisme beier egter ook uit oor die hele proses van beslissings in die tussenstaatlike as die behavioraliste dieselfde metode van songenaamde „wetenskaplike" analise oor die algemeen in internasionale organisasies aan die orde stel.

---

114. Ibid., p. 73. Na die persoonlike breuk tussen Tito van Joego-Slawië en Stalin het Tito gesorg dat sy land nie langer aan die leiband van die Kremlin rondgelei word nie. Vgl. Feis, H., From Trust to Terror, The Onset of The Cold War 1945-1950. pp. 313-315; Ulam, A.B., Titoism and the Cominform; Ulam, A.B., Expansion and Coexistence, p. 564. „Tito could enjoy the satisfaction of having triumphed over the most powerful dictator of modern times and of having been instrumental in starting one of the most monumental developments of postwar history: the evolution of international communism, once a monolithic Soviet-controlled movement, in the direction of polycentrism."; Palmer, A., The Lands Between, A History of East-Central Europe since the Congress of Vienna, pp. 313-314.

115. Vgl. Alger, C.F., Op.cit., p. 73.

(c) Internasionale Organisasies

Die analise word gemaak na aanleiding van die optrede van die sewe vernaamste komitees van die Algemene Vergadering van die VVO wat elk uit 110 lande as lede bestaan,[116.] op die datum van ondersoek. Dit bied die geleentheid vir regstreekse observasie en kontak met die onderhandelaars - onontbeerlike gegewe vir die behavioralisme. Die versameling van feitemateriaal tot in die fynste besonderhede, en die ontleding daarvan, pas juis in die kraam van die behavioraliste.

Hierdie komitees is die fondament waarop die Algemene Vergadering rus en hulle besluite en aanbevelings word gewoonlik goedgekeur en aangeneem. Lede van die komitees sit in alfabetiese volgorde om twee hoefystervormige banke, die een geplaas in die ander. Aan die begin van die eerste sitting van elke week beweeg elke afvaardiging vyf sitplekke na regs. Een persoon van elke afvaardiging sit by die bank, wat voorsien is van 'n luidspreker, met die ander lede van sy afvaardiging reg agter hom.[117.]

'n Analise van die optrede in hierdie komitees bring aan die lig dat daar gedurig twee tipes kontakaktiwiteite plaasvind. Daar vind 'n kontinue vloei van openbare

116. Vgl. Ibid., p. 51. Alger wys ten aanvang op die feit dat die tradisionele denkers veel wetenskaplike diepte ingeboet het. „They have not, however, taken much account of the dramatic way in which „public diplomacy" provides them with greater access to the phenomena they are studying than is the case with more traditional diplomacy."

117. Vgl. Ibid., p. 52.

redevoering plaas terwyl privaatgesprekke tussen twee of meer lede sporadies voorkom. Alger merk op:

> „Only occasionally do all the members of a committee focus their attention on the public speaker. As in other parliamentary bodies, members daydream, read, nap and engage in chitchat with their neighbours."[118]

Privaatgesprekke help dikwels om tanende openbare redevoering, wat op diepliggende verskille stuit, oor die lugleegte na konstruktiewe onderhandelings te lei. Die invloed van hierdie privaatonderhandelings moet dus nie onderskat word nie, veral waar dit verdere manifestasie verleen aan die proses van parlementêre diplomasie. Die ondersoek wat volg, is gemaak van die Administratiewe en Finansiële Komitee van die VVO aan die einde van 1962.

Hierdie komitee het sewentig sittings gehad tussen 1 Oktober en 20 Desember. Met die uitsondering van twee aandsittings het die aktiwiteite 10.30 vm. en 3.00 nm. begin, en in lengte gevarieer tussen 'n halfuur en drie en 'n halfuur.[119] Ten einde die feitemateriaal te versamel, het die waarnemer in die eerste ry van die persbanke stelling ingeneem, ongeveer tien voet van die buitenste hoefystervor-

---

118. Ibid., p. 52. Vergelyk ook Lindblom, C.E., The Policy-Making Process, Prentice-Hall, New Jersey, 1968, pp.29-30.

119. Vgl. Alger, C.F., Op.cit., p. 53.

mige bank.[120] Die volgende aktiwiteite is aangeteken; lengte van openbare redevoerings; deelnemers aan privaatgesprekke, lengte van elke gesprek en die inisieerder daarvan; en getal afgevaardigdes van elke land teenwoordig. Voorts het die waarnemer honderd sewe en sestig samesprekings met verteenwoordigers van sewe en twintig lande in die komiteekamer gevoer. Onderhandelings tussen die waarnemer en afgevaardigdes het egter ook buite die komiteekamer in die wandelgange, sitkamer, kroeg en die eetsaal plaasgevind.[121] In laasgenoemde kader is daar samesprekings met sewe en veertig lede gevoer waarvan twee en twintig twee of meer kere gekontak is. Alhoewel die fokus van hierdie ondersoek kulmineer in observasie in die komiteekamer, het die onderhandelings daarbuite tog 'n beter begrip van die strominge in die komiteekamer in die hand gewerk.

Gedurende die bepaalde sitting was daar hoofsaaklik roetinesake onder bespreking.[122] Alhoewel die kontensieuse vraagstukke rondom die finansiering van die VVO vredestaakmagte in die Kongo en die Midde-Ooste ook baie aandag geniet het.

---

120. In hierdie ontleding van Alger wat ons aan die orde stel, moet daar voortdurend gelet word op die tipiese behavioralistiese manier waarop feitlike gegewe versamel word, sodat selfs die kleinste detail aangeteken word vir latere ontleding.

121. Vgl. Alger, C.F., Op.cit., p. 53.

122. Onder die roetine sake is daar byvoorbeeld aandag gegee aan die volgende probleme. Is daar werklik 'n nuwe telefoon-sentrale in die Geneva-hoofkwartiere nodig? of, waarom reis alle lede van die Sekretariaat nie in die ekonomiese klas nie?

Dwarsdeur die sitting was in die komiteekamer tussen sewentig en honderd agt en veertig afgevaardigdes teenwoordig. As gevolg egter van die feit dat sommige lande deur meer as een afgevaardigde verteenwoordig word, het die aantal lande teenwoordig gewissel tussen vyf en veertig en honderd en vyf. Slegs ongeveer een derde van die tyd was daar meer as honderd afgevaardigdes in die komiteekamer. Teenwoordigheid het 'n stygende en dalende frekwensie vertoon ooreenkomstig die sake wat bespreek is.

Die meeste lande is daagliks deur een of twee afgevaardigdes verteenwoordig, terwyl die Groot Moondhede somtyds deur tot vyf afgevaardigdes verteenwoordig is. Dit bring positiewe en negatiewe gevolge mee. Aan die kredietkant kan 'n groot afvaardiging meer kontak maak en sodoende ander afvaardigings beïnvloed, en ook op hoogte bly met die lojaliteite, denkbeelde en strominge in die komitee self. Aan die ander kant openbaar die parlementêre diplomasie juis 'n snelbewegende karakter wat daagliks klemverskuiwings ondergaan en telkens heraanpassings noodsaak. Koördinasie en onderlinge verstandhouding verminder egter juis ooreenkomstig die toename in die getal persone in dieselfde afvaardiging. Dit kan weer aanleiding gee tot misverstand in eie geledere waaruit dikwels 'n gebrek aan selfvertroue voortvloei.

Agtien van die sewentig sittings is bygewoon met die uitsluitlike doel om die lede van die komitee te identifiseer. Die waarnemer was in staat om na agtien sittings honder vyf en twintig afgevaardigdes te identifiseer.

Alger stel dit duidelik dat die waarnemer baie privaat gesprekke nie raakgesien het nie. Veral diê wat plaasgevind het tussen komiteelede wat direk langs mekaar sit op 'n standplaas ver van die waarnemer af. Hierdie onopgemerkte onderhandelings is waarskynlik eweredig onder die afgevaardigdes versprei weens die roterende basis waarop die sitplekke ingeneem word. Sporadiese gesprekke tussen die waarnemer en afgevaardigdes het ook tot gevolg gehad dat verskeie privaatgesprekke in die komiteekamer nie waargeneem is nie.

In totaal was daar 3,321 samesprekings wat resulteer uit 2,840 gespreksituasies waaraan tussen twee en nege lede deelgeneem het. Die getal deelnemers aan elke gespreksituasie is soos volg aangeteken:

| | | | |
|---|---|---|---|
| 2 | deelnemers | 2,662 | gespreksituasies |
| 3 | " | 158 | " |
| 4 | " | 16 | " |
| 5 | " | 1 | gespreksituasie |
| 6 | " | 1 | " |
| 8 | " | 1 | " |
| 9 | " | 1 | " |

Onderskeid is ook gemaak tussen samesprekings wat plaasvind tussen lede wat direk langs mekaar sit, by die sitplek van 'n ander afgevaardigde, of by 'n plek in die komiteekamer weg van die sitplekke. In die gewone volgorde was dit 3,995; 1,611 en 1,028 keer onderskeidelik met 'n totaal van 6,634. Individuele kontak in parlementêre diplomatieke kader word dus die sluitsteen waarop die onderhandelings rus:

> „Frequently formal meetings are used chiefly as a place where individual delegates can be reached at a certain time so as to arrange informal meetings."[123]

deel Alger mee.

Gedurende die debat oor die raadgewende mening van die Wêreldhof het die afgevaardigde van Ceylon byvoorbeeld soos volg opgetree:

11.25 vm. Ceylon kontak Tseggo-Slowakye
11.29 vm. Ceylon kontak VSA no. 2
11.31 vm. Ceylon kontak VSA no. 1
11.42 vm. Ceylon kontak Tseggo-Slowakye
11.44 vm. Ceylon kontak Tseggo-Slowakye
11.45 vm. Ceylon kontak VSA no. 3
11.45 vm. Ceylon kontak Tseggo-Slowakye;

en beide gaan na 'n klein konferensiekamer langs die komiteekamer waar die derde afgevaardigde van die VSA by hulle aansluit.

12.29 nm. Tseggo-Slowakye en VSA no. 3 keer terug na die komiteekamer.

Hierdie kontakpatroon illustreer duidelik volgens Alger dat die afgevaardigde van Ceylon besig is om verskille tussen Amerika en die kommunistiese blok uit die weg te probeer ruim. Gewapen met hierdie kennis kan die waarnemer sy hipotese uitbrei deur van enige afgevaardigde te verneem watter kompromis Ceylon besig is om te tref tussen die Sowjetgroep en die Weste. Die vraag onstaan ook waarom Ceylon vir Tseggo-Slowakye aan die kommunistiese kant gekies

---

123. Vgl. Alger, C.F., <u>Op.cit.</u>, p. 56.

het in plaas van Rusland self? Waarskynlik as gevolg van die vriendskapsverhouding wat die afgevaardigdes van Ceylon en Tseggo-Slowakye opgebou het, omdat hulle direk langs mekaar sit.

Nadat die afgevaardigde van Tseggo-Slowakye om 12.29 nm. na die konferensiesaal teruggekeer het, was sy optrede soos volg:[124.]

12.31 nm. Tseggo-Slowakye kontak USSR
12.33 nm. Tseggo-Slowakye kontak Ukraine
12.34 nm. Tseggo-Slowakye kontak Roemenië
12.34 nm. Tseggo-Slowakye kontak Pole
12.35 nm. Tseggo-Slowakye kontak Bulgarye
12.38 nm. Tseggo-Slowakye kontak Mongolië

Hierdie optrede impliseer dat die poging aan die kant van Ceylon genoeg drakrag gehad het om die ander lede van die kommunistiese blok daarvan te verwittig. Voorts kom daardeur ook baie duidelik aan die lig watter lande lede is van die Sowjet konsultasiegroep. Met Albanië en Kuba, wat gewoonlik hulle stemkrag by hierdie groep ingooi, is byvoorbeeld nie geskakel nie.

Die ondersoek bring ook aan die lig dat sommige lande in die praktyk baie meer aktief is as andere. Slegs die VSA het meer as 600 keer kontak gemaak; Nederland en Ierland tussen 400-500 keer; Kanada, Engeland en Israel tussen 300 - 400 keer; Irak, Nieu-Seeland en die Personeel van die Sekretariaat tussen 200 - 300 keer; Rusland, Austra-

---

124. Let op die interessante feit dat daar eers met Rusland onderhandel word. Sy dominerende groepsinvloed word dus ook in die privaatgesprekke vergestalt.

lië, Brazilië, Noorweë, Joegoeslawië, Tseggo-Slowakye, Pole en Argentinië tussen 100 - 200 keer; terwyl die oorblywende vier en negentig lande almal minder as 100 keer samesprekings gevoer het. Slegs 10 afvaardigings is dus verantwoordelik vir meer as die helfte van die kontak wat daar wel plaasvind. Die dominerende rol van die Westerse parlementêre demokrasieë in hierdie proses is opmerklik, asook die afwesigheid van afvaardigings uit Afrika-lande onder die lys van diegene wat gereeld kontak maak. Voorts is dit opmerklik dat vyf van die 10 lande wat die hoogste kontakkapasiteit vertoon, nl. Ierland, Nederland, Irak, Israel en Nieu-Seeland, slegs by wyse van uitsondering meer as een afgevaardigde in die komiteekamer gehad het.


Onderhandelings tussen diegene wat direk langs mekaar sit, is verantwoordelik vir 1,240 van die 3,475 samesprekings. Die eerste ses pare wat die meeste onderhandel het, was ook sitplekmaats.

| | |
|---|---|
| Amerika en Engeland | 158 keer |
| Ierland en Israel | 150 keer |
| Nederland en Nieu-Seeland | 148 keer |
| Irak en Ierland | 108 keer |
| USSR en Ukraine | 66 keer |
| Israel en Italië | 56 keer |

Alger erken dat baie van hierdie gesprekke kan gaan oor sake wat nie vir politieke betrekkinge van belang is nie, maar die vriendskapsverhoudinge wat so opgebou word, sal die politiek baie beslis nie onaangetas laat nie. Individuele per-

soonlikhede en kulturele diversiteite sal in die verband ook 'n rol speel.[125] Israel en Ierland se hoë kontakpersentasie is waarskynlik te danke aan die feit dat beide 'n hoë mate van individualiteit in die tussenstaatlike vertoon. Selfs al was hulle nie sitplekmaats nie, sou die kontaksyfer volgens Alger nog baie hoog gewees het.


Waarde word ook geheg aan die land wat die inisiatief in die privaat gesprekke neem. In hierdie kader speel Kanada 'n leidende rol, slegs drie en twintig keer minder as wat vir die VSA geregistreer is. Amerika wat 201 keer die inisiatief geneem het, is ook die leier in hierdie veld. Alger erken egter dat dit dikwels nie moontlik is om aan te toon wie die inisiatief geneem het nie, en dat Kanada wat meestal moes rondbeweeg vir sy kontak, sodoende makliker die oog gevang het. Die volgende diagrammatiese voorstelling dui op die lande wat die meeste kontak gehad het met lande wat nie direk langs hulle sitting geneem het nie.[126]




125. Vgl. Alger, C.F., Op.cit., p. 61.
126. Vgl. Ibid., p. 62.

Die skets is 'n goeie aanduiding van die vloei van kommunikasie in die komiteekamer. Die aktiefste netwerk verbind die lande van Noord-Amerika, Europa, die Statebond en Israel. Dit is logies dat laasgenoemde tipe onderhandelinge meer rigtinggewende en struktuurbepalende drakrag en beïnvloedingsenergie sal hê, as samesprekings met bankmaats.[127] Bloot die feit dat hier rondbeweeg word om sekere sake te bespreek, is al genoeg bewys hiervan.

Die ondersoek word ook toegespits op die verhouding tussen openbare redevoering en die privaatgesprekkapasiteit van elke land. Vergelyk die volgende skets van Alger:[128]




Hieruit blyk baie duidelik dat alhoewel daar 'n korrelasie bestaan tussen die openbare optrede en privaat

---

127. Vgl. Ibid., p. 62. „Interaction between nonseatmates is used .... because it is felt that the noseatmates relationships more adequately reflect purposeful legislative activity than seatmate conversations."

128. Vgl. Ibid., p. 66. Die skets is heelwat vereenvoudig.

gesprekke, daar ook na beide kante toe uitsonderings voorkom. Kanada, Ierland, Israel, Nederland en Nieu-Seeland is tussen die eerste sewe lande wat wisselwerking betref, maar lê tussen die sewentiende en vyf en dertigste plekke wat openbare toesprake betref. Die optrede van elke land is ook getoets aan die hand van sy bevolkingsgetalle, finansiële bydrae tot die VVO en bruto nasionale volksproduk, wat bepaalde ooreenkomste met die private gesprekke aangetoon het.

Hierdie tipiese empiriese ontleding van besluitnemers se optrede by die VVO, dui dan baie duidelik aan in watter rigting die behavioraliste besig is om beslissingsanalise te swaai. Daar bly steeds verskillende strukture betrokke by die proses, maar hulle gaan daarin op om 'n fyn gedetailleerde en allesdekkende ontrafeling daar te stel, wat dikwels verbyster. So word ook die parlementêre diplomasie geprojekteer op die forum van die tussenstaatlike. Met die ontleedmes van die empirisme word daar rustig versnipper aan alle bestaande strukture, en word die brokstukke dikwels saamgeflans om aan te pas by die parlementêre transformasiedenke.

> „In conclusion, this study of interaction in a General Assembly committee has tended to indicate that in some respects the parliamentary process in an international organization is similar to that found in the parliamentary bodies of nations and their subdivisions."[129]

beweer Alger.

---

129. Ibid., p. 83. Vgl. ook Wallace, W., Op.cit., pp.53-58; en McClelland, C.A., Theory and the International System, pp. 109-110.

Maar belangrik vir ons is die feit dat bloot op optelsom-gegewens nou verreikende konsekwensies getrek word. Die inhoud van 'n gesprek is tog sekerlik belangriker as die toevallige wisseling van gemeenplase - nietemin, hier het ons 'n duidelike voorbeeld van behaviorale tegnieke.

## V. Klassifikasie van Besluite in Beslissingsanalise

Die proses van buitelandse beleidsbepalende besluite fungeer teen die agtergrond van 'n wye proses van situasies, wat die horison van die invloed daarvan, in 'n groot verskeidenheid laat kulmineer.[130.] Die drakrag van elke beslissing moet gesien word teen die agtergrond van die invloed wat dit op die verskeie betrokke strukture kan uitoefen. Die nasionale staat en sy huishoudelike struktuur na binne,[131.] sowel as sy streeks- en regionale verbondenheid in ekonomiese, militêre of politieke verband na buite, kom hier onder die soeklig. Elke besluit sal, as ons voorts die boemerangkurwe van stelselanalise aan die orde stel, herhalend beïnvloedend reageer en steeds wyer oor die hele linie uitwaaier.[132.] Karl

---

130. Vgl. Braybrooke, A., Lindblom, C.E., Types of Decision-Making, in Rosenau, J.N., (red.) Op.cit., p. 207. „The patterns of decision-making that circumstances allow, vary from situation to situation,...."

131. Die verwerping van Genl. Hertzog se neutraliteitsmosie op 4 September 1939, aan die vooraand van die Tweede Wêreldoorlog, het nie slegs weerklank gevind in Suid-Afrika se buitelandse beleid nie, maar ook bepaalde lojaliteite in die interne strominge van Suid-Afrika se politiek bestendig, wat 'n belangrike rede vir regeringsverandering in later jare was. Vgl. Van der Walt, A.J.H., Wiid, J.A., Geyer, A.L., Op.cit., p. 545 en Hertzog, J.B.M., Die Unie by die Uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog - Mosies van Genl. Hertzog en Genl. Smuts, 4 September 1939. Hertzog-Anale No. 19, p. 29.

132. Vgl. McClelland, C.A., Op.cit., pp. 107-110.

Deutsch poneer:

> „The making of foreign policy thus resembles a pinball machine game. Each interest group, each agency, each important official, legislator, or national opinion leader, is in the position of a pin, while the emerging decision resembles the end-point of the path of a steel ball bouncing down the board from pin to pin. Clearly, some pins will be placed more strategically than others, and on the average they will thus have a somewhat greater influence on the outcome of the game. But no one pin will determine the outcome."[133.]

Charles McClelland dui ook op die wisselwerking wat beslissings tussen die nasionale en internasionale stelsel teweegbring:

> „a perfect state of knowledge should permit the researcher to take note of all inputs received in the national system from the international system and to trace them along the routes through the national system until they emerge as outputs, feeding back into the international system.[134.]

---

133. Deutsch, K.W., The Analysis of International Relations, p.78.

134. McClelland, C.A., Op.cit., p. 107. Vgl. ook Snyder, R. C., Bruck, H.W., Sapin, B., Decision-Making as an Approach to the Study of International Politics, in Hoffmann, S., Contemporary Theory in International Relations, pp. 155-157.

Braybrooke en Lindblom onderskei voorts ook tussen beslissings wat relatief klein veranderings in die tussenstaatlike status quo teweegbring, en andere wat die stelsel in sy kern aantas.[135] 'n Onderskeiding wat baie moeilik aangetoon kan word, weens die feit dat dit baie na aan mekaar lê. Buitendien kom die persoonlike lewens- en wêreldbeskoulike hier ook in gedrang. Vir sommige is die gedwonge integrasie in Amerikaanse skole 'n klein verandering, terwyl dit vir andere baie belangrike nagevolge oor die hele linie kan hê. 'n Afname in kerkbywoning word in sommige kringe geringgeskat, maar in andere as 'n kardinale verandering aangevoel.[136]

'n Onderskeiding op grond van teoretiese of ideologiese veranderings is ook vir die behavioraliste onaanvaarbaar,[137] want hulle bly steeds hartstogtelik aan hulle basiese grondbegrip van strukture gebonde. Dit is die fundering van elke tussenstaatlike gegewe, aldus die behavioraliste, en daarom sal die verskil ook daar ten beste aangetoon kan word.

> „We come very close here to suggesting
> that our distinction between small and
> large change is the difference, as it

---


135. Vgl. Braybrooke, D., Lindblom, C.E., Op.cit., pp.207-208.

136. Vir 'n uiteensetting van dusdanige gebeurlikhede en hulle belangrikheid al dan nie vergelyk Ibid., p. 208.

137. Vgl. Ibid., p. 208. „Theoretical may be too elegant a word; ideological on the other hand, is too abusive." Vgl. ook Thompson, K.W., Macridis, R.C., The Comparative Study of Foreign Policy, Op.cit., p. 27. „The analytical approach to foreign policy, as distinct from the ideological approach, is no miracle - working device for understanding the complex problems of international affairs."

> is sometimes put, between structural changes and changes within a given structure."[138]

aldus Braybrooke en Lindblom, wat verder poneer dat daardeur objektiwiteit in die hand gewerk word. Voorts onderskei hulle ook besluite wat op grond van beplanning, voorbereiding en genoegsame informasie geneem word, teenoor daardie beslissings wat spoedeisend afgehandel moet word. Laasgenoemde klassifikasie kan op belangrike of onbelangrike besluite van toepassing gemaak word.[139] Die volgende skematiese voorstelling vloei hieruit voort.[140]




Aan die hand van hierdie grafiese skets word <u>alle</u> beslissingsmomente dan ingedeel. Interessant is die opmerking – veral vanweë die feit dat dit kom uit die huis van die behavioralisme – dat die menslike brein in die eerste kwadrant nie in staat is om ingrypende veranderings, gepaar

---

138. Vgl. Braybrooke, D., Lindblom, C.E., *Op.cit.*, p. 208.

139. *Ibid.*, p. 209-216. Let veral op die skematiese voorstelling op p. 216 waar al die tipes beslissings netjies in 'n grafiese skematiese skets ingepas word.

140. Vgl. *Ibid.*, p. 210.

met 'n hoë begripskapasiteit, te weeg te bring nie:

> „Such decisions require prodigious feats of synoptic analysis, beyond human capacities."[141]

aldus Braybrooke.

In die vierde kwadrant word oorloë, revolusies en ander tussenstaatlike krisisse verreken wat blitssnel ingrypende veranderings teweegbring. Die aanval op „Pearl Harbour" het binne 'n paar uur 'n diep bres geslaan in die gang van die tussenstaatlike betrekkinge.[142] Op die agste Desember 1941 verklaar President Rooseveldt voor die Amerikaanse Kongres:

> „Always will our whole nation remember the character of the onslaught against us ... an unprovoked and dastardly attack which will live in infamy."[143]

In die tweede en derde kwadrant word die normale administratiewe en tegniese beslissingsmomente aangetref - beslissings wat nie diepgaande beplanning vereis nie en van dag tot dag in die logiese vloei van politieke gebeure voorkom.

---

141. Vgl. *Ibid.*, p. 210. „...... the first quadrant is the realm of superhuman decision-makers." Dit gaan juis teen die grein van die behavioralistiese funderingsmoment dat die menslike persoonlikheid steeds sentraal en fundamenteel staan.

142. *Ibid.*, p. 210. Vgl. ook Pratt, J.W., *A History of United States Foreign Policy*, pp. 406-410.

143. Soos aangehaal in Barker, A.J., *Pearl Harbor*, Macdonald and Company, London, 1969, p. 149.

Kenmerkend word die beslissingsmomente in strukturele komponente geklassifiseer en ingedeel. So gesien, pas dit uitnemend in die raamwerk van hulle tiperende ontledings en empiriese navorsing.

## VI. Gevallestudie rakende die Amerikaanse besluit oor die Koreaanse Oorlog.

'n Praktiese voorbeeld van hoe beslissingsanalise in die praktyk fungeer, word deur Snyder, Bruck en Sapin in hulle baanbrekerwerk op hierdie gebied verduidelik.[144] Dit is naamlik die besluit van die VSA om die agressie in Korea teen te staan. Hierdie besluit van Amerika word deur President Harry Truman as die belangrikste besluit van sy presidentiële loopbaan beskryf.[145]

Die krisis ontbrand op Saterdag 24 Junie 1950 wanneer Amerikaanse amptenare van die aanval in kennis gestel word, en duur vir die doel van die ontleding tot 30 Junie toe die besluit in al sy konsekwensies geneem is.

Enige ontleder sal uit die standpunt van die beslissingsanalise te make hê met 'n wye verskeidenheid empi-

---

144. Vgl. Snyder, R.C., Bruck, H.W., Sapin, B., Foreign Policy Decision-Making, pp. 209-244.

145. Vgl. Ibid., p. 208. Vergelyk ook Truman, H.S., Memoirs, Vol.II, Years of Trial and Hope, Doubleday and Company, New York, 1956., p. 333. „Communism was acting in Korea just as Hitler, Mussolini, and the Japanese had acted ten, fifteen, and twenty hears earlier." Neustadt, R.E., Presidential Power: The Politics of Leadership, p. 126, en Halperin, M.H., The Korean War, in Art, R.J., Waltz, K.N., The Use of Force, International Politics and Foreign Policy, p. 216.

ries-ontleedbare feitemateriaal, te wete dokumente, memoirs, nuusblaaie, onderhoude en besprekings met toonaangewende besluitnemers.[146] Daar moet steeds in gedagte gehou word dat die besluite rakende Korea nie op 'n bepaalde tydstip geneem is nie. Om die besluite te ontleed, word daar dan soos volg te werk gegaan. Eerstens moet daar onderskei word tussen ineenskakelende, maar analities skeibare opeenvolgende gebeure, wat in die volgende klassifikasie ingedeel word: Die opeenvolging van beslissingsmomente; 'n opeenvolging in die invloei van informasie en 'n opeenvolgende vloei van definisies van die bepaalde situasie. Ten opsigte van die beslissing oor die Koreaanse Oorlog val bovermelde klassifikasie in agt stadia uiteen, waarin vervat is nege aparte besluite en nege beslissingseenhede.[147]

<u>Stadium I</u>. <u>Saterdag</u>. Besluit 1(a) Dat Amerika positief op die inval moet reageer en dat daar van die hulp van die VVO gebruik gemaak moet word.

<u>Stadium II</u>. <u>Sondag</u>. Besluit 2(a). Daar moet verhoed word dat die inval voortgaan; (b) Amerikaanse burgers moet van die Suid-Koreaanse grondgebied verwyder word; (c) Suid-Korea moet voorsien word van bykomende wapentuig en ammunisie; en (d) om die Amerikaanse Sewende Vloot noordwaarts vanaf die Filippynse Eilande te laat beweeg.

<u>Stadium III</u>. <u>Maandag</u>. Besluit 3(a) Om die Amerikaanse lugmag asook vlooteenhede toe te laat om regstreekse gevegshulp aan die Suid-Koreaanse magte, suid van die agt en dertigste

---

146. Vgl. Snyder, R.C., Bruck, H.W., Sapin, B., <u>Foreign Policy Decision-Making</u>, <u>Op.cit</u>., p. 209.

147. Vgl. <u>Ibid</u>., p. 237.

breedtegraad, te gee; (b) Om die neutraliteit van Formosa deur die strategiese plasing van die Amerikaanse Sewende Vloot te waarborg,[148] (c) Om die militêre hulp van Amerika aan die Filippynse Eilande te vergroot; (d) Om militêre hulp aan Frans-Agterindië te versnel; en (e) om nie die Amerikaanse grondmagte op hierdie stadium aan 'n regstreekse konfrontasie te laat deel nie.

Stadium IV. Dinsdag. Besluit 4. Om 'n boodskap aan die Sowjet-Unie te stuur, waarin die Kremlin gevra word om hom te distansieer van enige betrokkenheid by, en verantwoordelikheid vir die aanval. Voorts word die USSR gevra om sy invloed te gebruik sodat die Noord-Koreaanse magte weer sal terugtrek uit die gebied suid van die agt en dertigste breedtegraad, wat hulle beset het.

Stadium IV (Vervolg) Besluit 5. Om 'n tweede VVO-mosie uit te vaardig waarin alle ledelande gevra word om militêre hulp aan Suid-Korea te voorsien.

Stadium V. Woensdag. Besluit 6. Om die militêre bedrywighede van die Amerikaanse vloot en lugmag, noord van die agt en der-

---

148. Die hele vraagstuk van die handhawing van die neutraliteit van Formosa het tydens die Koreaanse Oorlog sterk op die voorgrond getree. Die Regime van Chaing Kai-Shek op Formosa moes ten alle koste teen Chinese kommunistiese oorrompeling beskerm word. In hierdie sin het Amerika dit dus beskou as 'n blote handhawing van 'n kleinere moondheid se neutraliteit, en nie as 'n inmenging in die burgeroorlog met Mao nie. Vgl. Truman, H.S., Memoirs, Vol. II, Op.cit., pp. 349-354, De Rivera, H.J., Op.cit., pp. 262-264; Halperin, M.H., Op.cit., p. 217 en Whiting, A.S., China Crosses the Yalu: The Decision to Enter the Korean War, p. 37. „Military victories in Taiwan and Korea could be heralded as ushering in the Communist era in Asia, and as demonstrating the impotence of America's puppets, Chaing Kai-shek and Sungman Rhee; Mozingo, D.P., Containment in Asia Reconsidered, in Hancock, M.D., Rustow, D.A., Op.cit., p. 358, en Morgenthau, H.J., A new Foreign Policy for the United States, pp. 130-131.

tigste breedtegraad uit te brei.

Stadium VI. Donderdag. Besluit 7(a) Dat die gebruik van grondtroepe beperk sal word tot die beskerming van voorrade, en toevoerlinies, en die ontruiming van burgerlikes uit die stede; (b) Dat die Amerikaanse vloot- en lugmagaanvalle noord van die reeds genoemde breedtegraad, tot militêre doelwitte beperk moet bly;[149.] en (c) om lugmag en vlooteenhede te gebied om weg te bly van die grense van Rooi Sjina en Sowjet-Rusland.

Stadium VII. Vrydag. Vroeg in die Oggend. Besluit 8. Dat Genl. Douglas MacArthur toegelaat sal word om een regiment soldate teen die invallers te gebruik.

Stadium VIII. Vrydag. Laat in die Oggend. Besluit 9. Om Genl. MacArthur opdrag te gee om al die gevegseenhede wat onder sy bevel staan na die beste van sy oordeel en vermoë in die oorlog te gebruik.[150.]

Verskeie aangeleenthede uit die struktuur wat so pas geskets is, verdien egter aandag. Dit is logies dat

149. Die Amerikaanse Lugmaggeneraal, Vandenburg, het 'n voorstel verwerp dat die Amerikaanse Lugmag 'n leidende rol in die oorlog moet neem: "......without endangering that one potential that we have, which has kept the peace so far, which the United States Air Force, which, if utilized in a manner to do what you are suggesting, would, because of attrition and because the size of the Air Force industry is such, that we could not still be that deterrent to war, which we are today." Soos aangehaal in Halperin, M.H., Op.cit., p. 220.

150. Generaal MacArthur was die opperbevelvoerder van alle Amerikaanse magte in die Verre Ooste. Vgl. De Rivera, J.H., Op.cit., p. 247 en Janowiz, M., The Professional Soldier, The Free Press, New York, 1960, Voorts wys ons net daarop dat hierdie verskillende stadia voorkom in Snyder, R.C., Bruck, H.W., Sapin, B., Op.cit., pp. 237-238.

die riglyne 'n verskraling en baie vereenvoudigde opset van die duisende bespiegelinge en besluite wat rondom die werklike beslissings verweef was, daarstel. Dit kan ook nie as vanselfsprekend aanvaar word dat alle besluitnemers betrokke by die beslissings, die ontwikkelingstadia op dieselfde manier onderskei het nie. Wat egter van belang is, is dat sekere besluite voor andere geneem is, en dat een beslissingsmoment, naamlik die Amerikaanse betrokkenheid by die konflik, 'n reële stygende en progressief groeiende karakter dra.[151]

Volgens Snyder, Bruck en Sapin is die derde besluit die kernbeslissing, omdat dit die fundamentele karakter van al die besluite omlyn.[152] So byvoorbeeld is dit hoogs onwaarskynlik dat die negende besluit, sonder die derde beslissing gevel sou kon word. Aan die ander kant skyn die tweede besluit ook onontbeerlik vir die derde te wees.[153]

Die volgende algemene beslissingselemente kom ook duidelik by die Amerikaanse besluitnemers na vore. Eerstens is daar die besef van die dringende noodsaaklikheid om positief-handelend op te tree. Tweedens die feit dat Amerika voor 'n tussenstaatlike politieke uitdaging gestel is, dat sy internasionale aansien en prestige ooreenkomstig sy optrede kan daal of styg, en dat die moontlikheid van nog 'n Wê-

151. Vgl. Ibid., p. 238.

152. Vgl. Ibid., p. 238.

153. Vgl. Ibid., p. 239. 'n Stygende ineengeskakeldheid en onderlinge vervlegtheid van die verskillende stadia, is dus ook vir die behavioraliste in beslissingsanalise onontbeerlik.

reldoorlog[154] nie uit die oog verloor moet word nie. Daarom word derdens besluit op 'n begrensde konflik, waarvan die koste onbekend is. Vierdens is die moontlikheid van 'n volskaalse oorlog, as die VSA hom inmeng, ook bespreek. Vervolgens is die moontlikheid aanvaar dat Rusland en Rooi Sjina nie regstreeks in die geskil sal inmeng as die VSA dit wil doen nie.[155] Laastens was daar oor die algemeen 'n oorskatting van die Suid-Koreaanse militêre mag en, daarmee gepaardgaande, 'n onderskatting van die militêre mag van Noord-Korea.[156]

Behavioraliste onderskei ook ander kenmerkende karaktereienskappe in die besluit rakende die Koreaanse konflik. Dit was 'n kritieke besluit[157] in die lig van die lewens wat op die spel was, die finansiële uitgawes daaraan verbonde, en die invloed wat dit op die bestaande status quo van internasionale verhoudings sou hê. Die tydsbestek wat

154. Vgl. Ibid., p. 239. Die moontlikheid dat die Koreaanse konflik tot 'n derde Wêreldoorlog kon ontbrand het 'n diepgaande rol gespeel in die neem van Amerikaanse besluite. Vgl. Halperin, M.H., Limited War in the Nuclear Age, p. 39. waar die volgende woorde van Generaal Omar Bradley aangehaal word. "...... a preventive limited war aimed at avoiding World War III."; Brown, S., Op.cit., pp. 56-59; Truman, H.S., Op.cit., pp. 380-388; Hoffmann, S., Roulette in the Cellar: Notes on Risk in International Relations, in Hancock, M.D., Rustow, D.A., Op.cit., p. 68; Stoessinger, J.C., Op.cit., p. 355; Edwards, D.V., Arms Control in International Politics, p. 61; Morgenthau, H.J., A new Foreign Policy for the United States, pp. 217-218 en Knorr, K., Read, T., Limited Strategic War.

155. Vgl. Whiting, A.S., Op.cit., p. 159. "Contrary to some belief, the Chinese Communist leadership did not enter the Korean War either full of self-assertive confidence or for primarily expansionist goals."

156. Vgl. Snyder, R.C., Bruck, H.W., Sapin, B., Op.cit., p. 239.

157. Oor die bydrae van krisisse tot beslissingsanalise sal ons in die volgende gedagteskof in diepte aandag gee.

vir die besluit toegelaat is, was buitengewoon kort. Die beslissings het nie spontaan uit die gebeure voortgevloei nie, maar die noodsaak van beslissings is op die besluitnemers afgedwing. Die besluit het fisiese, kragdadige militêre aksie tot gevolg gehad, en was nie die uitvloeisel van 'n diplomatiek-politiese besluit nie. Voorts word die krisis gekenmerk deur ongeprogrammeerde en ongekoördineerde optrede, want daar was geen doelgerigte optrede toe die beslissings geneem moes word nie. Slegs 'n baie klein groepie persone, almal van 'n baie hoë sosiale status, was by die beslissings betrokke. Die besluit word ook as ongekompliseerd getipeer omdat dit na die finale beslissingsmoment baie moeilik verander sou kon word, nie 'n vooropgestelde doel verwesenlik het nie, maar eerder 'n reaksie op 'n nuwe situasie was en 'n intens geïntegreerde stempel gedra het.[158.] Ten slotte word die Koreaanse besluit as 'n belangebeslissing getipeer.

> "..... the Korean decision is pre-eminently a value-decision."[159.]

So het ons aan die hand van die praktiese toepassing van Snyder, Bruck en Sapin[160.] aangetoon op watter

---

158. Vgl. Snyder, R.C., Bruck, H.W., Sapin, B., Op.cit., pp. 234-235.

159. Ibid., p. 244. Daar word ook onderskei tussen sogenaamde organisatoriese en intellektuele besluite.

160. Die werk van genoemde drie skrywers in die verband word allerweë, veral in behavioralistiese kringe, as pionierswerk beskou, terwyl die rigtinggewende invloed daarvan ook nie onderskat word nie. Vgl. Young, O.R., Systems of Political Science, p. 62, Frankel, J., The Making of of Foreign Policy, p. 4; Rosenau, J.N., Op.cit., p.199. en Wallace, W., Op.cit., p. 29."Snyder, Bruck and Sapin's ambitious and comprehensive conceptualisation of foreign policy-making, as decision-making in an organizational context, originally published in 1954, has been widely cited and frequently reprinted."

kenmerkende metode die voorstanders van beslissingsanalise die ontleedmes in tussenstaatlike besluite gebruik. Getrou aan hulle aard, is hulle suiwer analities (ontledend) besig, vorsend na empiriese feitemateriaal, wat haaks pas in vooropgestelde strukture. En geen faktiese gegewe, hoe gering ook al word skynbaar te lig geag in die weegskaal wat hulle aanlê om ter sake feitemateriaal te versamel nie.

## E. FAKTORE WAT BESLISSINGS BEÏNVLOED

### I. Inleiding

Rigtinggewende besluite in die tussenstaatlike kader word deur 'n veelheid van faktore beïnvloed en sal altyd daardeur beïnvloed word. Sentraal in die hele gedagterigting staan die menslike persoonlikheid, wat nie natuurwetmatig en robotagtig fungeer nie, maar die prooi van 'n grootse wisselwerking van beïnvloedingsfaktore is. Lerche en Said beweer:

> „Foreign policy is not made by electronic computers; it is formulated by men who lack mathematical precision but who do possess judgement."[161]

Die behavioraliste vind dit dus noodsaaklik om die menslike persoonlikheid tot in die fynste detail te ontleed. Maar daar is ook ander, meer eksterne faktore wat die proses beïnvloed. Kortom, 'n voorraadopname oor beïnvloedende strominge, kan van beslissingsanalise nie ontkoppel word nie.

---

161. Lerche, C.O., Said A.A., Op.cit., p. 50. Vergelyk ook Padelford, N.J., Lincoln, G.A., Op.cit., p. 64. „Emphasis is placed upon the interaction of organization, procedures, and personalities involved in decision-making."

## II. Persoonlikheid

Menslike persoonlikhede, maar meer gepresiseerd staatshoofde, staan in die branding van tussenstaatlike beslissingsmomente, afhangende van die konstitusionele ordening van die bepaalde staat se grondwet. Die republikeinse stelsel verskil in die opsig byvoorbeeld ingrypend van monargale stelsels.[162.] In die VSA veral, is die President invloedryk in hierdie verband. By geleentheid het President Truman dan ook opgemerk:

„.... the President makes foreign policy."[163.]

Om hierdie rede word die staatshoof dikwels met die land wat hy dien, geassosieer. Dikwels word daar verwys na „Hitler's Germany or Mussolini's Italy" of „What will happen to India after Nehru, or France after De Gaulle?"[164.] Ongeag egter wie die besluit neem, sal 'n ontleding van sy persoonlikheid, en die invloede wat op hom inwerk, van deurslaggewende belang beskou word.

Faktore soos intelligensievermoë, onsekerheid, selfdenke, dominering, skeppende vermoë, die begeerte na mag, opvatting oor tussenstaatlike waagstukke en die vermoë om ook positiewe leiding te aanvaar, word hier verreken.[165.] So

---

162. Die Britse Eerste Minister het veel minder vryheid om die gang van Engeland se buitelandse beslissings te bepaal as die Amerikaanse President.

163. Vgl. Frankel, J., The Making of Foreign Policy, p. 21.

164. Vgl. Black, J.E., Thompson, K.W., Foreign Policies in a World of Change, p. 20, en Stagner, R., Psychological Aspects of International Conflict, pp. 1-4.

165. Vgl. Kelman, H.C., Op.cit., p.444.

het Woodrow Wilson 'n verterende soeke na mag openbaar:

> ,,..... in terms of his childhood deprivation of affection and esteem for which he compensated through a craving for power and dominance over others."[166].

Dieselfde magsbeluste hartstogte het hulle ook van Stalin en Hitler meester gemaak. Trouens, die soeke na absolute mag is die bepalende faktor in enige diktator se persoonlikheid. In sy biografie oor Stalin skrywe Leon Trotsky:

> ,,Stalin took posession of power, not with the aid of personal qualities, but with the aid of an impersonal machine. And it was not he who created the machine, but the machine that created him."[167].

Adolf Hitler het by geleentheid opgemerk:

> ,,Surely every man will have advisors by his side, but the decision will be made by one man."[168].

---

166. Ibid., p. 444. Vgl. ook George, A. en J., Woodrow Wilson and Colonel House, a Personality Study, The John Day Company, New York, 1956, De Rivera, J.H., Op.cit., p. 187, ,,.... President Wilson derived his strength from his relationship with an attentive but autocratic father. His competition with his father created a drive for power that had to be masked in the service of some idealistic cause."; Feis, H., Op.cit., p. 7. ,,He was a fighting Scotch-Irish nature."

167. Vgl. Trotsky, L., Stalin, An Appraisal of the Man and his influence, Stein and Day, Publishers, New York, p.xv, en verder Kennan, G.F., Russia and the West under Lenin and Stalin, p. 258. ,,Stalin was able to see the world only through the prism of his own ambitions and his own fears."

168. Soos aangehaal in Shirer, W.L., Op.cit., p. 119.

Selfvertroue is 'n verdere persoonlikheidseienskap wat in die proses van tussenstaatlike onderhandelinge veel dividende kan afwerp. Weifelende en onoortuigde optrede bied juis daardie gaping waarna diplomaties-geskoolde onderhandelaars soek. Franklin Delano Rooseveldt se ganse optrede is gedra deur dinamiese selfvertroue. By geleentheid het hy soos volg opgemerk:

> „At night, when I lay my head on my pillow... and I think of the things that have come before me during the day, and the decisions I have made, I say to myself - well, I have done the best I could - and I turn over and go to sleep."[169]

Aan die ander kant het President Warren Harding teenoor 'n vriend opgemerk:

> „I listen to one side and they seem right, and then ... I talk to the other side and they seem just as right, and there I am where I started ... God, what a job."[170]

Dieselfde stroming vind ons terug in die persoonlike konflik tussen President Truman en Generaal MacArthur. Die president se gebrek aan selfvertroue was absoluut onaanvaarbaar vir die vurige, dinamiese en selfversekerde generaal.[171]

---

169. Sorenson, T.C., Decision-Making in the White House, p. 42; De Rivera, J.H., Op.cit., p. 187. „He had a tremendous confidence in himself; he did not fill the office, he was the office, and he enjoyed power for its own sake."

170. Sorenson, T.C., Op.cit., p. 42.

171. Vgl. die opmerking van MacArthur soos aangehaal in De Rivera, J.H., Op.cit., p. 276. „..... he reacted instinctively, like the gutter fighter he is - and you've got to admire him."

Die sosiale agtergrond van elke persoonlikheid moet ook verreken word. Sal hy byvoorbeeld daarmee genoeë neem om hom aan 'n ander leiersfiguur se leiding en gesag te onderwerp? Dean Acheson het aanbeveel dat hierdie eienskap baie beslis by die aanstelling van die Amerikaanse Staatsekretaris verreken moet word.[172.] In tussenstaatlike historiese perspektief is daar vele voorbeelde van staatsleiers en hulle sekretarisse wat geen gesonde verstandhouding gehad het nie. In hierdie kader val byvooorbeeld die verhouding tussen Disraeli en Derby; Chamberlain en Eden; asook Franklin Rooseveldt en verskeie van sy sekretarisse.[173.] Onder die sosiale agtergrondsfaktore word ook verreken godsdienstige oortuigings; kulturele en etniese afkoms; opvoeding in 'n stads- of plattelandse atmosfeer; persentasie meerderheid van stemme by die verkiesing, partyverband en politieke ondervinding.[174.] Die besluit van kommandeur Lloyd Bucher om in Januarie 1968 sy Amerikaanse vlootvaartuig die „Pueblo" aan die kommuniste oor te gee, moet waarskynlik in hierdie lig gesien word:

> „Was there something about commander Bucher's boyhood training that led him to respond as he did - experience

---

172. Vgl. Kelman, H.C., Op.cit., p. 446; Acheson, D., Present at the Creation: My Years in the State Department, p. 719, en McClellan, D.S., The Role of Political Style: A Study of Dean Acheson, in Rosenbaum, N., Op.cit., pp. 152-153.

173. Vgl. Frankel, J., The Making of Foreign Policy, p. 22. „He may even go so far as to undermine the policy officially pursued by his minister."

174. Vgl. Kelman, H.C., Op.cit., p. 446.

> as an orphan in Boys Town, Nebraska, perhaps?"[175].

Ook die opvoedkundige agtergrond moet dus verreken word. So openbaar die jeugjare van Fidel Castro stormagtige rewolusionêre strominge en momente:

> „When Fidel was 13 years old he organized a strike of sugar workers against his father, and later when he was 18, his mother reports in a biography written with one of Castro's sisters, that she permitted him to call his father an exploiter and a landlord, one of those who abuse the powers they wrench from the people with deceitful promises."[176].

Dieselfde versteurde jeugjare vind ons ook terug by Stalin, Hitler, Kruschev en ook Woodrow Wilson, wat later met groeiende effekte in die tussenstaatlike neerslag vind.[177].

Die besluitnemende persoonlikheid se ideologiese agtergrond laat ook 'n stempel op beslissingsanalise, Ideologie verkry veral in hierdie kader 'n baie wydvertakte konteks.[178]. Stagner dui baie duidelik op die religieus-saam-

---

175. Vgl. Lovell, J.P., Op.cit., p. 233 en Lindblom, C.E., The Policy-Making Process, pp. 105-106.

176. Vgl. Wohlstetter, A. en R., Controlling the Risks in Cuba, in Art, R.J., Waltz, K.N., Op.cit., p. 243.

177. Vgl. De Rivera, J.H., Op.cit., p. 195, „One does not feel confident that either Stalin or Hitler would have hesitated to begin a nuclear war if it were the only way to save their power", en rakende Woodrow Wilson: p. 197. „He could not tolerate another power challenging his authority; he had to win, for a defeat meant the annihilation of his will."

178. Vgl. Macridis, R.C., Op.cit.,pp.12-13; Black, J.E., Thompson, K.W., Op.cit., p. 9.

bindende diepgang van die kommunisme, wat voortgolf met fanatiese idealisme na 'n vooropgestelde einddoel; terwyl die Westerse demokrasie besig is om 'n Utopiese disintegrerende mite, sonder eindideale te word:

> „Communism is a religion, a faith, with the same tremendous power to release and activate human energies that such movements have possessed in the past. Unless the democratic West can find some comparable source of human dedication, it may be that communism will prove to be indeed, the wave of the future."[179].

Ten slotte kan wanopvattings oor 'n bepaalde gegewe situasie, eiewaan en ekonomiese bymotiewe ook faktore wees wat persoonlikhede beïnvloed by die neem van hulle beslissings. Stagner beweer:

> „It is important to inquire, for example, whether decisions on foreign policy are affected by a man's economic background."[180].

## III. Tussenstaatlike Krisisse

Krisisse, in die verhouding tussen state, versteur ongetwyfeld hulle verhouding en sal dienooreenkomstig die karakter van beslissingsanalise aantas. In die jare van die

---

179. Stagner, R., Op.cit., pp.96-97.

180. Vgl. Ibid., p. 99. „Emotional states such as hostility, fear, a desire for power, or other strong motives may distort human thinking."

Koue Oorlog na die Tweede Wêreldoorlog verteenwoordig dit die spanningspieke in tussenstaatlike beslissingsmomente - onweersones wat telkens langs die hele linie beslissings beïnvloed en heraanpassings noodsaak. Vergelyk in diê verband Iran, Griekeland, Berlyn, Korea, Suidoos-Asië, die Midde-Ooste, Quemoy, die Kongo en Kuba wat vandag in historiese perspektief uitstaan.

> „When a crisis appears, the news is suddenly dominated by its events, officials and commentators call it by name and talk about its significance, and, after it has lapsed, it achieves a definite shape in books and articles about it. Each crisis takes its place in the tentative history of the times."[181.]

Veral is dit voorts belangrik as daar gekonstateer word dat die Kremlin juis krisisse en onweersones probeer skep, want in die gespanne atmosfeer wat daaruit voortvloei, is hulle absoluut tuis en glo hulle sal die beste dividende afgewerp word.

Daar bestaan egter 'n algemene gemis, ook in die kring van die behavioralisme, aan 'n duidelike termomskrywing van 'n tussenstaatlike krisis.[182.] McClelland onderskei die volgende karakteristieke eienskappe teenwoordig by 'n krisis: eerstens beslaan dit 'n kort tydsbestek en word gekenmerk

---

181. McClelland, C.A., Access to Berlin: The Quantity and Variety of Events 1948-1963, in Singer, J.D., Quantitative International Politics, Op.cit., p. 159. „Acute international crises have been among the most prominent recurring phenomena of post-World War II international relations."

182. Vgl. Robinson, J.A., Op.cit., p. 82. „The concept crisis presently lacks a technical meaning." en Young, O.R., The Politics of Force, p. 6.

deur 'n ongewone volume gebeure; die optrede van die besluitnemers moet vervolgens aangepas word om by die waagstukke, gevare en probleme te pas; persone betrokke by die krisis sal onwillig wees om die spanningfrekwensie hoër te laat styg as by die aanvang van die krisis.[183]

Oran Young beweer dat krisisse in die betrekkinge tussen state eensklaps kan opduik - soos die geval was met die bombardering van die Quemoy Eiland op 23 Augustus 1958;[184] of aan die ander kant 'n lang spanningsopbouende ontwikkelingstroom kan hê soos die geval was met die verdeelde stad Berlyn.[185] Voorts kan hierdie spanningsituasies verskeie oorsake hê, aldus Young. Eerstens kan die een staat ontdek dat 'n ander op 'n onopsigtelike wyse probeer om die magsbalans te versteur; die installering van Russiese projektiele op Kuba is 'n klassieke voorbeeld. Tweedens kan een staat, of groep state, reageer op ekonomiese of politieke armdraaiery van 'n ander staat om sy optrede te verander - die konflik oor Berlyn val in hierdie kader. In die derde plek kan een staat reageer op die provokasie van 'n ander, waarmee daar ook soms gematigde of beperkte militêre optrede gepaard gaan, soos geïllustreer deur die botsing tussen Indië en Rooi Sjina, in Oktober 1962. Vierdens militêre optrede van een

---

183. Vgl. McClelland, C.A., The Acute International Crisis, in World Politics, xiv, Oktober 1961, pp. 197-200.

184. Young, O.R., The Politics of Force, p. 13. Die Rooi Sjinese bombardering van hierdie eilande, besittings van Nasionalistiese Sjina, het byna daartoe aanleiding gegee dat Washington en Peking in 'n openlike konfrontasie betrokke geraak het. Vgl. Hermann, C.F., International Crisis as a Situational Variable, in Rosenau, J.N., (red.) Op.cit., p. 419; Brown, S., Op.cit., pp. 147-149.

185. Vgl. Young, O.R., Op.cit., p. 13.

staat om 'n vooropgesette doelstelling te bereik soos die Rooi Sjinese aanval in die Straat van Taiwan. Vyfdens die skending van 'n staat se territoriale integriteit; die Anglo-Franse inval in Egipte tydens die krisis van 1956 is 'n voorbeeld hiervan. In die laaste instansie kan twee state deur 'n lang reeks gebeurtenisse betrokke raak by 'n onweersone soos Russiese en Amerikaanse betrokkenheid by die stryd tussen Jood en Arabier in die Midde-Ooste.[186]

Tydens tussenstaatlike spanningsituasies probeer elke staat die meeste voordeel uit die onsekere situasie haal en pas ook hulle beslissings hierby aan. Deur die Kubaanse Projektielkrisis en die botsing in die Straat van Taiwan as voorbeelde te gebruik, ontwerp Young 'n struktuur, getrou aan die eie-aard van die behavioraliste, aan die hand waarvan elke krisis ontleed moet word, sodat die strominge wat daaruit uitkristalliseer as riglyne vir die toekoms kan dien.

Eerstens onderskei Young dan kontekstuele of opvolgingsfaktore wat 'n radikale verandering in die daaglikse normale vloei van tussenstaatlike gebeurlikhede veronderstel. Alhoewel krisisse dikwels 'n kort tydsbestek oorspan, bring dit dikwels belangrike *de facto* veranderings teweeg. Die Kubaanse krisis het belangrike drakrag aan die ontwapenings-

---

186. Vir 'n uiteensetting van hierdie faktore vergelyk Ibid., pp. 13-23. Vgl. voorts Hurewitz, J.C., *Soviet-American Rivalry in the Middle East*, Praeger Publishing Company, London, 1969, p. 1. „The United States and the Soviet Union in the late 1960's seemed to be moving on a collision course in the heart of the Middle East."

dogma verskaf.[187] Voorts het beide Rusland en Amerika interne struktuurveranderings ondergaan. In die kommunistiese sfeer kulmineer dit in groeiende vyandigheid tussen Moskou en Peking, omdat laasgenoemde die kapitulasie van Rusland as ontrouheid aan die ware ideologie bestempel het:

> „In general, the obvious demonstration of Soviet fallibility in the Cuban crisis, stimulated the growing trend of recent years in the Communist world away from the unquestioning acceptance of the leadership position of the Soviet Union.[188]

Aan die ander kant het dit die jong Kennedy-administrasie meer vertroue in hulle hantering van tussenstaatlike vraagstukke gegee.[189]

---

187. Vgl. Edwards, D.V., Arms Control in International Politics, p. 22. „The Soviet turnabout is often explained in terms of the post-Cuban missile crisis quest for détente and as an effort to embarrass China." in Schlessinger, A.M., A Thousand Days: John F. Kennedy in the White House, p. 895. Op 19 Desember 1962 het Kruschev, die volgende boodskap aan Kennedy gestuur: „The time has now come to put an end, once and for all, to nuclear tests."

188. Young, O.R., The Politics of Force, p. 92. Vgl. ook Ulam, A.B., Op.cit. p. 678. „The missile crises marked the collapse of the last attempt by the USSR to control in any meaningful way the foreign policy of the other communist giant." en 'n berig in die „Peking Review" van 4 Januarie 1963 soos aangehaal deur Duchacek, I.D., Op.cit., p. 178. „What we did strongly oppose, still strongly oppose, and will strongly oppose in the future, is the sacrifice of another country's sovereignity in the Kennedy-Kruschev deal over Cuba, without consulting Castro as a means of reaching a compromise with imperialism. A compromise of this sort can only be regarded as one hundred percent appeasement, a „Munich" pure and simple."

189. Vgl. Sorenson, T.C., The First Nuclear Confrontation in History - The Cuban Missile Crisis of 1962: A Case Study, in Duchacek, I.D., Op.cit., p. 172. „John F. Kennedy entered and we all stood up. He had, as Harold Macmillan would later say, earned his place in history by this one act alone."

Voorts verklaar Young dat die gevoel van tussenstaatlike interafhanklikheid gewoonlik toeneem tydens krisisse. Die betrokke state voel dat hulle nie in staat is om die onderhawige situasie alleen te hanteer nie, en verwelkom steun van geassosieerde bondgenote.[190.] Betrokke state voel dikwels dat hulle vermoë om internasionale verhoudings te reguleer, wankel terwyl die spanning op breekpunt-frekwensie fladder - figuurlik op die dun punt van die lem. Kennedy het die toestand vergelyk met die atmosfeer in die somer van 1914; terwyl Kruschev verklaar het:

> „.... the fuses of war had already been lighted."[191.]

Die botsings tussen Stevenson en Zorin in die Veiligheidsraad van die VVO het die skaal gevaarlik laat oorhel na oorlog. Op Donderdag 25 Oktober 1962 het die volgende woordewisseling tussen Stevenson en Zorin in die Veiligheidsraad plaasgevind:

<u>Stevenson:</u>

> „All right, Sir, let me ask you one question: Do you, Ambassador Zorin, deny that the USSR has placed and is placing medium - and - intermediate-range missiles and sites in Cuba? Yes or no. Don't wait for the translation. Yes or no.

---

190. Terwyl Rooi Sjina - Rusland se vernaamste bondgenoot - sy optrede gekritiseer het, het die meeste lede van NAVO Amerika moreel ondersteun. Vergelyk Ducahcek, I. D., <u>Op.cit.</u>, p. 163.

191. Vgl. Young, O.R., <u>Op.cit.</u>, p. 112.

Zorin:

„I am not in an American courtroom, sir,...

Stevenson:

„You are in the court of World opinion right now!

Zorin:

„.... and therefore I do not wish to answer a question that is put to me in the fashion that a prosecutor does. In due course, Sir, you will have your reply.

Stevenson:

„I am prepared to wait for my answer until Hell freezes over, if that's your decision."[192.]

Formele kommunikasiekanale verswak gewoonlik tydens 'n krisis. In plaas daarvan dat hulle met verhoogde intensiteit optree om die toenemende spanning die hoof te kan bied, verval dit in onwillige, verpligtend - taakgebonde en stuurse handeling.[193.] Tradisionele diplomatieke kanale is dikwels ook te stadig om die spoedeisende karakter van 'n krisis te hanteer. Tydens die Kubaanse Krisis het Kennedy en Kruschev tien briewe, vyf elkeen, gewissel tussen 22 en 28 Oktober.[194.] Kommunikasie op nie-amptelike vlak word dan ook dikwels ontleed. Op 23 Oktober is die Amerikaanse opera sanger, Jerome Hines, na 'n vertoning in Moskou vir 'n onderhoud deur die Russiese Premier ingeroep. Amerikaanse waarnemers het dit be-

192. Vgl. Sorenson, T.C., The First Nuclear Confrontation in History, Op.cit., p. 164.

193. Vgl. Young, O.R., The Politics of Force, Op.cit., p.142.

194. Vgl. Ibid., p. 138.

stempel as 'n teken dat Kruschev openlike vyandigheid oor Kuba wou vermy."[195]

Tweedens poneer Young dat state betrokke by tussenstaatlike krisisse op strategiese winsbejag ingestel is. Muntslanery uit die spanningsituasies word net nou baie meer delikaat en vertoon 'n hoër kompleksiteit as in die gewone vloei van internasionale verhoudings.[196] Steeds moet voor oë gehou word dat 'n krisis:

> ".... tend to catalize greater than normal changes in attitudes, evaluations, expectations, and moods on the part of all participants."[197]

Op 26 Oktober 1962 het Washington byvoorbeeld met voorbedagte rade nuus laat uitlek dat hulle besig was om vir 'n inval in Kuba te organiseer. Dit was inderdaad so, maar deur die nuus te laat uitlek, is die druk op die Kremlin aansienlik verhoog.[198]

Besluite en optrede tydens krisistye moet ook so geneem word dat die ander party, of partye, keusevryheid besit om steeds sulke besluite te neem wat die uitbreek van 'n oor-

---

195. Vgl. Ibid., p. 139.

196. Ibid., p. 177.

197. Vgl. Ibid., p. 178. en Edwards, D.V., International Political Analysis, p. 165.

198. Vgl. Kruschev, N. IRBM's: Defensive, not offensive, Weapons, in Duchacek, I.D., Op.cit., p. 176. "United States militarist forces were pushing developments towards an attack on Cuba. On the morning of October 17, we received information from the Cuban comrades and from other sources, which bluntly said that the invasion would be effected within the next two or three days. We assessed the messages received as a signal of utmost alarm. And this was a well founded alarm."

log sal verhoed. Beide Washington en die Kremlin het in die krisis van Oktober 1962 geweier om in bepaalde optrede-rigtings of beslissingstrominge ingedwing te word:

> „At every truning point ...., both powers always made sure that on the brink of the abyss, the opponent still had room left to move,"[199].

sê Young. Amerikaanse begrip en optrede in die verband word geopenbaar deur die feit dat die Russiese olietenker „Buchа-rest" en die Oos-Duitse pasassierskip „Volkerfreund" om 8 uur en 8.35 vm. onderskeidelik toegelaat is, om sonder 'n onder-soek aan boord, deur die Amerikaanse vlootblokkade te gaan.[200].

Verskeie faktore verhinder egter ook dat daar te veel munt uit 'n krisis gehaal kan word. Kruschev self het die beeldspraak van 'n tou met 'n knoop in die middel gebruik. Hy en Kennedy het elkeen aan 'n punt getrek sodat die knoop in die middel al stywer geword het, en die kanse op onder-handelings dienooreenkomstig verminder het.[201]. Verwering teen beskuldigings, erkennings en dienooreenkomstige eise neem ook toe. In 'n brief wat Washington op 27 Oktober 1962 bereik het, skrywe Kruschev:

---

199. Young, O.R., The Politics of Force, Op.cit., p. 238.

200. Vgl. Abel, E., The Missiles of October. The Cuban Missile Crisis 1962. pp. 148-149; Sorensen, T.C., The First Nuclear Confrontation in History, Op.cit., pp. 165-166.

201. Vgl. Young, O.R., The Politics of Force, Op.cit., p. 259.

> „I therefore make this proposal: We agree to remove from Cuba those means which you regard as offensive means; we agree to carry this out and make a pledge in the United Nations. Your representatives will make a declaration to the effect that the United States, on it's part, considering the uneasiness and anxiety of the Soviet State, will remove it's similar means from Turkey."[202.]

In so 'n langdurige stryd egter, word daar dikwels winste behaal waarvan die waarde eers veel later besef word. Die eis dat die Russiese IL-28 bomwerpers ook van Kuba af verwyder moes word, het later van groot waarde geblyk te wees.[203.]

Laastens onderskei Young die gebruikmaking van mag, samewerking en geweldpleging tydens krisisse. In die huidige tussenstaatlike milieu het die gebruik van geweld om probleme op te los aansienlik verminder, veral in die lig van 'n vernietigende kernoorlog. Gebruikmaking van geweld word dikwels ingeboet ten einde politieke winste te behaal. Beide Amerika en Rusland het die vlootblokkade met die grootste versigtigheid bejeen tydens die Kubaanse Krisis.[204.] Toe daar in die hitte van die krisis 'n Amerikaanse U-2 vliegtuig bokant

---

202. Vgl. Packer, H., Collision Course, p. 219. Die verwydering van Amerikaanse kernwapens vanaf Turkse grondgebied het weer die spanning in die Midde-Ooste verhoog. Vgl. Warburg, J.P., Crosscurrents in the Middle East, p. 197, en Horelick, A.L., The Cuban Missile Crisis, in Hancock, M.D., Rustow, D.A., Op.cit., p. 153.

203. Vgl. Sorenson, T.C., Kennedy, pp. 720-721.

204. Vgl. Pachter, H., Op.cit., p. 43.

die Chukotsk skiereiland, in Russiese lugruim afgeskied word, het die Russe die voorval met delikate versigtigheid hanteer. In 'n brief aan die Amerikaanse President skrywe Kruschev op die 28ste Oktober 1962.

> „What is this, a provocation? One of your planes violates our frontier during this anxious time we are both experiencing, when everything has been put into combat readiness. Is it not a fact that an intruding American plane could be easily taken for a nuclear bomber, which might push us to a fateful step?"[205].

Baie hang ook af van watter land die inisiatief in beslissings tydens die krisis neem. Die Kremlin het gereken dat die projektiele opgerig sou kon word sonder Amerikaanse bewustheid daarvan, en dat die Wit Huis dan met 'n _fait accompli_ te doen sou hê, waaraan daar niks verander sou kon word nie. Toe die krisis egter eers werklik begin gestalte kry, het die inisiatief in die hande van Washington gebly, en het Kennedy deurentyd so opgetree dat Kruschev die blaam in die geval van 'n kernoorlog sou moes dra.[206]. By die afhandeling van hierdie struktuur-betreffende tussenstaatlike onweersones - soos deur Oran Young onderskei word, blyk die fundamentele belangrikheid van krisisontleding vir beslissingsanalise baie duidelik. Dit bring 'n diepgaande verandering in die normale

---

205. Soos aangehaal in Abel, E., _Op.cit._, p. 179. Vergelyk ook Aspaturian, V.V., _Soviet Foreign Policy_ in Macridis, R.C., _Op.cit._, p. 184.

206. Vgl. Young, O.R., _The Politics of Force_, p. 356.

vloei van tussenstaatlike betrekkinge wat die beslissingsmomente in die kern aansny en dikwels radikaal verander.

IV. Ander Bydraende Faktore

Verskeie ander faktore wat ook tussenstaatlike beslissingsmomente beïnvloed, is vir die behavioraliste onontbeerlik. Alle besluite is gebonde aan 'n bepaalde tydsbestek wat daarvoor toegelaat word. As daar relatief voldoende tyd beskikbaar is, kan daar baie meer raadgewende menings ingewin en navorsing gedoen word, as wanneer besluite blitssnel gevel moet word.[207.] 'n Krisis is klaarblyklik hier die onderskeidende faktor -

> „Unlike a crisis decision, the greater time allows the government to undertake considerable search - a process motivated by the threat."[208.]

Ook van belang is die geografiese plek waar die besluit geneem word. Die geografiese lokaliteit van die onweersone beïnvloed dikwels die beslissings van alle betrokke partye. Die 6,800 myl wat Moskou van Havana, die hoofstad van Kuba, af geleë is, in vergelyking met die 1,140 myl na Washington, het baie beslis sy stempel gelaat op beslissings

---

207. Vgl. Kelman, H.C., Op.cit., p. 441. „.....the United States nuclear defenses were alerted within minutes after the assassination of President Kennedy."

208. Vgl. Hermann, C.F., Op.cit., p. 417 en p. 416; „The time limitations together with the ability of these high-ranking decisionmakers to commit the government, allow them to ignore usual bureaucratic conditions."

tydens die Kubaanse Projektielkrisis.[209] Aan die ander kant het die geografiese ligging van Berlyn, 100 myl in kommunisties beheerde grondgebied, die Weste dikwels in die versoeking geplaas om die voorpos aldaar prys te gee.[210] Aangesien alle geallieerde spitsberade aan die einde van die Tweede Wêreldoorlog op Russiese of Russies-besette grondgebied plaasgevind het, kon die Weste met die styging van spanning onmiddellik na die oorlog daarop aanspraak maak dat hulle slegs op Amerikaanse grondgebied sou onderhandel. In die woorde van Morgenthau:

> "..... President Truman could declare with considerable emphasis that he would meet Mr. Stalin nowhere but in Washington."[211]

Die geografiese plek waar onderhandelings en spitsberade moet plaasvind, het al dikwels ernstige meningsverskil en konfrontasie uitgelok.[212]

Voorts is dit ook noodsaaklik dat besluitnemers 'n baie goeie kennis van 'n bepaalde onweersone moet hê. Dikwels is hulle so ver van die gebied verwyder dat hulle geen begrip hoegenaamd van die bepaalde gebied se interne probleme, stro-

---

209. Vgl. Edwards, D.V., International Political Analysis, pp. 136-137.

210. Vgl. McClelland, C.A., Access to Berlin: Op.cit., in Singer, J.D., Op.cit., p. 166 en Jones, S.B., Global Strategic Views, in Olson, W.C., Sondermann, F.A., Op. cit. pp. 140-147.

211. Vgl. Morgenthau, H.J., Politics Among Nations, p. 74.

212. Vgl. in hierdie verband die klassieke voorbeeld van die onderhandelings tussen Mnr. Ian Smith van Rhodesië en Harold Wilson van Engeland, wat ter see op 'n skip plaasgevind het.

minge en lojaliteite het nie - 'n probleem wat dikwels gestalte kry in die wêreld se veroordeling van Suid-Afrika se interne volkereverhoudingsvraagstukke.[213] 'n Klassieke voorbeeld van hierdie wanbegrip het voorgekom tydens die Duitse besetting van Suidwes-Afrika. Nadat dit bekend geword het dat 'n lid van die Duitse Ryksdag in Berlyn ontevrede was met die optrede teenoor nie-blankes in Duits-Suidwes, het die lid van Swakopmund van die „Landsrat" in Windhoek die volgende gesê:

> „Ek glo dat ons gewillig sal wees om by te dra tot 'n fonds wat Herr Erzberger in staat sal stel om die gebied kosteloos te besoek. Daar moet dan 'n plaas in die Kaokoveld aan hom gegee word, asook die nodige arbeiders naamlik 1 Boesman, 1 Herero, 1 Ovambo, 1 Nama en 1 Klipkaffer. As hy na vier weke nog nie 'n moordenaar is nie, sal ek voorstel dat hy heilig verklaar word."[214]

Nog 'n faktor wat in berekening gebring word, is die openbare mening van die volk in wie se diens die besluitnemer staan. Richard Hartshorne, bekende geograaf, beweer dat hierdie determinant meer gewig dra as byvoorbeeld die klimaat

---

213. Vgl. De Villiers, D.P., The Case for South Africa, Tom Stacey Ltd., London, 1970, pp. 17-21; Die voorwoord van Minister Frank Waring in Biermann, H.H., The Case for South Africa, pp. 9-18, en Lejeune, A., The Case for South West Africa, p. 11. „It occurred to me that the Nuremberg Court was fairer to Goering than the Hague Court has been to South Africa."

214. Vgl. Olivier, M.J., Inboorlingarbeid en Administrasie in die Mandaatgebied van Suidwes-Afrika, Ongepubliseerde D. Phil.-Proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1961, p. 251.

en geografie.[215] Van belang is hier die konstitusionele vorm van die regering. Binne 'n demokratiese regeringstelsel sal die openbare mening byvoorbeeld baie meer gewig dra as in die boesem van 'n diktatorskap.[216] Voorts moet ook in gedagte gehou word dat slegs die opperlaag intellektuele elite in buitelandse beslissings belang sal stel -

> „Finally the rest of a society, in some cases comprising 70 per cent and more of the population, can be characterized on most issues as apathetic uninformed, and non-expressive, although in certain circumstances these people can display considerable interest in some issue areas and, if properly mobilized, can express great hostility or loyalty to foreign nations or their political leaders."[217]

Die invloed van die openbare mening op beslissings van besluitnemers moet dus nie onderskat word nie. Dit was die rede vir President Rooseveldt se versigtigheid om tê sterk Britse lojaliteit na die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog te openbaar. 'n Groot deel van die Amerikaanse volk was oor-

---

215. Vgl. Hartshorne, R., Political Geography in the Modern World, soos aangehaal in De Rivera, J.H., Op.cit., p. 344.

216. Vgl. Holsti, K.J., Op.cit., pp. 176-187.

217. Ibid., p. 177. Vgl. ook Frankel, J., The Making of Foreign Policy, pp. 73-78 en veral die inleidende stelling op p. 70. „Decisionmakers in foreign policy are much more intimately connected with their domestic than with their foreign environment." Let ook op die werke van Almond, G., The American People and Foreign Policy; Lane, E.E., Sears, D.O., Public Opinion, en Hilsman, R., Problems of Command in Making Foreign Policy, in Wolfinger, R.E., Readings in American Political Behaviour, pp. 89-102.

tuig dat hulle niks met die sake van die Europese vasteland te make het nie.[218] Na die vrylating van Jomo Kenyatta het die Britse Regering baie kritiek ervaar van konserwatiewe elemente in Engeland, sowel as van blanke setlaars in Kenia.[219] Rosenberg poneer egter dat die invloed van die openbare mening nie oorskat moet word nie.

> „Thus the ruling elites of the contesting major powers are probably not as deeply interested in public opinion in the uncommited areas of the world, as they are sometimes thought to be."[220]

Ten slotte is daar nog verskeie ander faktore wat onderskei word. Geslagsverskille is ook belangrik, omdat mans uiteraard meer begerig is om beslissings af te dwing deur die gebruik van geweld, as vroue.

> „Similarly, it has been found that they (men) are more prone to accept the strategic use of the threat of war and are more ready to credit the idea that under extreme circumstances actual recourse to war is acceptable or even desirable."[221]

---

218. Vgl. Holsti, K.J., Op.cit., p. 179. Die feit dat die Franse volk moeg was om die militêre operasies in Indochina te ondersteun, het die onttrekking van Franse magte uit Viëtnam in 1954 baie aangehelp. Die groeiende teenstand van die Amerikaanse bevolking teen die oorlog in Viëtnam, en die gevolglike onttrekking van Amerikaanse magte, moet waarskynlik ook in hierdie lig beskou word. Vgl. Lipset, S.M., The President, the Polls, and Viëtnam, in Rosenbaum, N., Op.cit., pp. 65-76.

219. Vgl. Frankel, J., The Making of Foreign Policy, p. 71.

220. Rosenberg, M.J., Images in relation to the Policy Process: American Public Opinion on Cold-War Issues, in Kelman, H.C., Op.cit., p. 279.

221. Ibid., p. 306.

Pasifisme en steun aan ontwapening kom dus algemeen onder vroulike besluitnemers voor. Die landelike en plattelandse afkoms van besluitnemers openbaar dikwels 'n konserwatiewe uitkyk op sake, terwyl laasgenoemde persone ook baie ten gunste van die gebruik van mag, om tussenstaatlike vraagstukke op te los, is.[222] Godsdienstige verskille word ook verreken, want volgens Rosenberg kom dit voor asof die Jode byvoorbeeld oor die algemeen meer gekant is teen nasionale diensplig as Protestante en Rooms-katolieke.[223] Daar bestaan dus 'n haas onuitputbare bron van faktore wat beslissings en besluitnemers kan beïnvloed. Veral as die behavioraliste op kenmerkende manier struktureel-analities aan die werk spring. Dan het geen feitelike gegewe te gering geword om empiries in dieptedimensie na te vors nie.

## F. DIE WATERVAL-MODEL VAN KARL DEUTSCH

Een van die mees bruikbare gedagterigtings van beslissingsanalise word deur Karl Deutsch met sy sogenaamde waterval-model aangewend.[224] Hy onderskei vyf lae in die samelewing of die maatskappy wat elk in wisselende intensiteit die beslissingsmomente beïnvloed. 'n Indeling van die ganse burgery se betrokkenheid by die tussenstaatlike, wat sterk aansluiting vind by die vierdeling wat Robert Dahl onderskei,

---

222. Vgl. Ibid., p. 309.

223. Vgl. Ibid., p. 311.

224. Vgl. Deutsch, K.W., The Analysis of International Relations, p. 101. Deutsch self verwys na hierdie struktuur as „a simple cascade model."

naamlik:

> „the powerful, the power-seekers, the political stratum, the apolitical stratum."[225]

Die eerste groep wat Deutsch onderskei is die sosiale en die ekonomiese elite wat gewoonlik tussen twee en drie persent van die totale bevolking uitmaak.[226] Hierdie groep se sosio-ekonomiese status veroorsaak 'n netwerk van kommunikasiemedia, verbindings en toegangsweë wat nie alleen aan die groep 'n solidêre eenheidskarakter verleen nie, maar ook tot 'n groot hoogte invloed en betrokkenheid by tussenstaatlike beslissingsmomente impliseer.

'n Tweede groep wat veral eie is aan die Westerse demokrasieë is die leiersgeledinge van die regering en politici[227] - 'n groep wat in hoofsaak sentreer rondom die partypolitieke pasaangeërs. Alhoewel die groep 'n heterogene samestelling het - dit sluit selfs regters en toonaangewende militêre figure in - oefen dit wel 'n kenmerkende invloed op beslissingsanalise uit.

---

225. Vgl. Dahl, R.A., Modern Political Analysis, pp. 77-99 en die derde hoofstuk van Lasswell, H.D., Power and Personality.

226. Vgl. Deutsch, K.W., Op.cit.,p.102, en Campbell, D.T., Common Fate, Similarity, and other Indices of the Status of Persons as Social Entities, in Singer, J.D., Human Behaviour and International Politics, pp. 85-94.

227. Vgl. Deutsch, K.W., Op.cit., p. 102.

Die derde stroomversnelling in hierdie waterval-model is die groep wat sentreer rondom die media van massakommunikasie. Die invloed van die radio, beeldradio, filmbedryf, tydskrifte, nuusblaaie, en die oneindige stroom van publikasies in die vorm van boeke en artikels in wetenskaplike tydskrifte is welbekend. Deutsch beweer:

> „This network of mass media can be treated again as a system with its own intake, output, and memory and decision aspects,....."[228]

Die vierde groep, wat ongeveer vyf tot tien persent van die bevolking uitmaak, is die plaaslike leiersgeledinge dwarsdeur alle bevolkingslae.[229] Die dikwels onsuksesvolle strewerselement het, behalwe goeie kontak met die kiesers, ook bogemiddelde belangstelling in sy land se betrokkenheid by internasionale aangeleenthede. 'n Groep wat as gevolg van sy tweekantige invloedsfeer wel deeglik beslissingsmomente kan beïnvloed.[230]

Die laaste groep, wat in die meeste Westerse lande tussen sestig en negentig persent van die totale bevolking uitmaak, is die onbelangstellende, polities-onbevange volksmassas.[231] 'n Groep wie se belange, veral in ekonomies-materiële sin, en militêre voorbereidheid op voortbestaan wel

---

228. Ibid., p. 102.

229. Vgl. Ibid., p. 103.

230. Vgl. Ibid., p. 103, en Lindblom, C.E., The Policy-Making Process, pp. 62-69; Lowi, T., Groups and the Problem of Governing, in Morgan, R.E., Connor, J.E., The American Political System, pp. 139-148.

231. Vgl. Deutsch, K.W., Op.cit., p. 103.

deeglik deur tussenstaatlike besluitnemers verreken moet word. Indien dit nie so gesteld is nie kan hierdie belangelose massa, veral in die lande waar die humanistiese liberalisme ongetemd botvier, 'n meelewende massahisterie ontwikkel wat baie regerings soos Hendrik VIII by Canossa op die knieë gebring het.

Elkeen van hierdie groepe wat Deutsch onderskei, verkry dan voorts in stelsel-analitiese sin, invloei, uitstraal en boemerangkurwes,[232] nie slegs ten opsigte van elke groep nie, maar ook in die doolhof van boemerangkurwes wat kruis en dwars tussen die verskillende groepe verweef is. Elkeen van die groepe behou egter 'n hoë mate van outonomie, ten spyte van die feit dat hulle wel deeglik as 'n eenheid, tussenstaatlike beslissingsmomente beïnvloed.

Deutsch se strukturele model toon dus baie duidelik dat die behavioralistiese teorieë wel gemeenskaplike raakpunte besit en dat die oes van hierdie teorieë, sonder normverheffing, tog interessante praktiese hulpmiddels by die bepaling van elke staat se buitelandse beslissings kan wees.

## G. OORSIGGEDAGTES

'n Oorsig van beslissingsanalise bring twee baie duidelike karakteristieke eienskappe na vore. Eerstens word ook hier met 'n fanatiese gebondenheid gebou aan strukture waarin

---

232. Vgl. Ibid., pp. 104-110, asook Infra, Hoofstuk IV.

die hele benadering ingepas moet word. Hierdie hooggewaande strukturele ordenings word baie dikwels tot die maatstaf en norm verhef, en die beslissingsmomente dikwels kunsmatig aangepas om by hierdie struktuur in te pas. Die raamwerk van die huis word opgetrek en dan gebruik die bouers keusevryheid om slegs stene wat hulle goed te pas kom, in die raamwerk in te messel.

En dit bring ons juis by die tweede karakteristieke eienskap - 'n versameling van statistiese gegewens en feitemateriaal wat 'n mens dikwels verbysterd laat. Geen feitelike gegewe skyn te gering te wees om die optrede van die besluitnemer te beïnvloed en - so konsekwent deurgetrek - ook die internasionale verhoudings nie. Om hierdie rede word besluitsingsanalise deur baie van sy vurigste propageerders, voorstanders en medestanders, uitgedra, verkondig en geproklameer as 'n selfstandige teoretiese benadering van tussenstaatlike betrekkinge.

# HOOFSTUK VI

# SPELTEORIE EN WISKUNDIGE BENADERINGS

## A. INLEIDING

Van die ingewikkeldste behavioralistiese benaderings in die veld van tussenstaatlike teorieë is ongetwyfeld die wiskundige benaderings. Die vernaamste verdienste van hierdie benadering is, volgens die geesdriftigste aanhangers, daarin geleë dat dit 'n universele funderingsbasis verskaf. Dit spreek in 'n taal wat internasionaal erken en verstaan word:

> „Mathematics is a tool that forces precision on the imagination, and focuses attention on central issues without the undue embelishment of extraneous ideas. Politics need a unifying language to cope with its fantastically complex problems."[1].

Buitendien is die benadering volgens Rappoport immuun teen kritiek en gevrywaar van feilbaarheid:

> „All purely mathematical theories are of this sort and as such, are practically immune to criticism. The theorems are logical consequences of the postulates. They can be wrong only if errors have crept into the deductions.

---

1. Vgl. Saaty, T.L., Mathematical Models of Arms Control and Disarmament. Application of Mathematical Structures in Politics, John Wiley and Sons, New York, 1968. p. VII. „What is needed is a coherent universal logic aided by sensitive techniques to assess the impact of politics on the fulfillment of objectives."

> Therefore, when the validity of the theorems solutions etc., has been checked, nothing remains to be said in criticism, exept possibly about the intrinsic depth or elegance of the theory."[2]

Die ontwikkelingsgang van hierdie wiskundige benaderings begin ongeveer in die middel van die vyftigerjare momentum kry. Verskeie eksponente van die natuur- en sosiale wetenskappe, waaronder Lewis Richardson, Nicholas Rashevsky, Anatol Rappoport, Kenneth Boulding en Thomas Schelling, lewer waardevolle bydraes tot die ontwikkeling van matematiese modelle.[3] Die voorlopers van die meeste van hierdie teorieë was skaak, verskillende kaartspele en ander dobbelspeletjies, wat die teoretiese gedagtegang op die spoor van wiskundige modelle geplaas het.[4] So merk Rappoport op dat daar in skaak twintig moontlike eerste skuiwe is, terwyl daar in „poker" een honderd miljoen, triljoen, triljoen, triljoen, triljoen, triljoen moontlike beginpunte is.[5]

Spoedig het die voorstanders van hierdie revolusionêre matematiese gedagtegang in twee kampe verdeel; aan die een

---

2. Rappoport, A., <u>Fights, Games and Debates</u>, p. 226. Die interdissiplinêre karakter van die behavioralisme word hier baie treffend vergestalt as gekonstateer word dat Anatol Rappoport „a mathematical biologist very much interested in international relations" is. Vgl. Edwards, D.V., <u>International Political Analysis</u>, p. 279.

3. Vgl. Deutsch, K.W., <u>The Analysis of International Relations</u>, p. 113; Boulding, K.E., <u>Conflict and Defence</u>, p. 41.

4. Vgl. Rappoport, A., <u>Op.cit.</u>, p. 110; Kaplan, M.A., <u>Op. cit.</u>, pp. 172-173.

5. Vgl. Rappoport, A., <u>Op.cit.</u>, p. 110.

kant was daar pasifiste en aan die ander kant stratege:[6.]

> „Those who belong to the psychosociological pacifist camp have risen to do battle against war, armed this time with equations and experimental games."[7.]

Verteenwoordigend van hierdie teoretiese standpunt is die studies van Boulding en Rappoport, onderskeidelik „Conflict and Defence" en „Fights, Games and Debates" - werke wat ryk geskakeerde teoretiese beredeneringe en wiskundige modelle openbaar waarin aangedui word dat die tussenstaatlike in sy huidige opset natuurwetmatig op karastrofiese botsings afstuur, en dat daar deur middel van kontak en dialoog binne die kader van hulle wiskundige modelle, weggestuur moet word van plofbare situasies.

Die ander kamp, onder leiding van Thomas Schelling[8], verkondig ook matematiese teorieë, maar dan met die doel om daardeur die druk en spanning van die kontemporêre Koue Oorlog op die vyand te verhoog - teoretiese aanbevelings en strategiese meganismes, ingestel op winsbejag in onweersones met 'n hoë spanningsfrewkensie.[9.] Alhoewel hy die verdienste

---

6. Vgl. die mening van die Franse politieke geleerde, Pierre Hassner, in McClelland, C.A., <u>Theory and the International System</u>, pp. 110-111.

7. <u>Ibid.</u>, p. 110.

8. Aangaande die denkbeelde van Schelling merk Karl Deutsch op: „...Professor Schelling's book offer fascinating intellectual experiments in a half-finished and half understood new field of knowledge." Vgl. Deutsch, K.W., <u>The Nerves of Government; Models of Political Communication and Research</u>, p. 69.

9. Vgl. McClelland, C.A., <u>Op.cit.</u>, p.111.

van Schelling se strategiese magspolitieke dreigemente insien, poneer Deutsch:

> „The uncritical application of Professor Schelling's imaginary experiments ..... to the future conduct of the foreign policy of the United States might well be wholly disastrous, and one is left to hope that this book will not be translated too quickly into Russian."[10]

Sentraal in hierdie gedagtegang is dus onweersones en konflikte in die verhoudings tussen state – 'n analise van die toepassing van magspolitiek en die gebruik van tussenstaatlike strategie.[11] Dit is juis die botsings tussen state wat matematies ontleedbaar is en sodoende riglyne vir toekomstige optrede kan verskaf. Die huidige wapenwedloop in al sy konsekwensies kan ook so teoreties deurtrap en beperk word.[12] Ook die gebruik van wiskundige modelle en teorieë in die verhoudings tussen state skyn dus haas onbeperk te wees. En daar word deur verskeie teoretici vanuit hierdie kader gebou aan 'n algemene teorie van tussenstaatlike betrekkinge. Die opmerking:

> „not for another thousand years will mathematics be of any use to history,"[13]

10. Deutsch, K.W., The Nerves of Government, Op.cit., p. 69.

11. Vgl. Kaplan, M.A., Op.cit., p. 169.

12. Vgl. Saaty, T.L., Op.cit., pp. 35-45; McClelland, C.A., Op.cit., p. 112; Burns, A.L., From Balance to Deterrence; A Theoretical Analysis, in Quester, G.H., Power. Action and Interaction, pp. 181-216. en Smoker, P., Fear in the Arms Race: A mathematical Study, in Rosenau, J.N., (red.) International Politicis and Foreign Policy, pp. 573-580.

13. Vgl. Saaty, T.L., Op.cit., p. vii

word met oortuiging as tradisionalisme verwerp; en daar word met verligte entoesiasme gevoed aan die nuwe teoretiese vondeling,

> ".... the range of logical disciplines now called mathematics has enormously increased, both in techniques and in the variety of conceptualizations, so that any inadequacy of classical mathematics for dealing with problems of social science can by no means be taken as an indication of the inapplicability of mathematics in principle."[14.]

By die aanbieding van hierdie wiskundige teorieë moet daar egter steeds in gedagte gehou word dat dit sterk oorhel na die vakdissipline self, en dat die wiskundige teorieë nie elke keer grondig ontleed kan word nie. Daar kan nie van elke student van internasionale verhoudings verwag word om dieselfde wiskundige vakkennis te openbaar as die wiskundige professore wat die grootste eksponente van hierdie teorie is nie.

## B. SPELTEORIE

### I. Inleiding

Die bekendste en mees algemeen gebruikte vorm van wiskundige teorieë is die sogenaamde spelteorie[15.] – 'n benade-

---

14. Vgl. Rappoport, A., Various Meanings of Theory, in American Political Science Review, Vol Lii, p. 977.

15. Vgl. Padelford, N.J., Lincoln, G.A., The Dynamis of International Politics, p. 45. "Game theory is one of the more recently developed techniques in the study of international politics."

ring wat rasionele optrede aan die een kant veronderstel, in die lig van 'n ooreenstemmend rasioneel beredeneerde optrede van die opponent. Want juis in die naam spelteorie word daar implisiet bedoel dat ons hier gekonfronteer staan met spelers, opponente, skuiwe, strategieë en ook uitslae. Elke party wat dus deelneem aan een van hierdie botsings strewe bepaalde doelstellings na.

> „In technical terms this means that each player has a well-defined utility function, expressing the value of 'utility' he attaches to various policy objectives, and that his actual behaviour will be fully consistent with this utility function."[16.]

Ten spyte van die feit dat hierdie teorie rasioneel ingebed en volgens Rappoport bo enige kritiek verhewe is, is dit nogtans aan menslike swakhede onderworpe, omdat dit in die praktyk deur menslike persoonlikhede ontplooi en toegepas moet word.[17.] 'n Speler is die fundamentele akteur in enige gegewe spelteoretiese situasie, en hiermee word nie bedoel dat daar slegs 'n enkele persoon of staat by betrokke is nie, maar dat alliansies en selfs regionale strukture tot 'n bepaalde spel kan toetree.[18.] Daardeur word die struktuur van spelteorie baie wyer gestel. Een lid kan byvoorbeeld 'n

---

16. Vgl. Harsanyi, J.C., Game Theory and the Analysis of International Conflict, in Rosenau, J.N., (red.) Op.cit., p. 370. Professor Harsanyi is hoogleraar in ekonomie aan die Universiteit van Kalifornië.

17. Ibid., p. 370. „Policy makers are human and therefore occasionally do make mistakes."

18. Vgl. Saaty, T.L., Op.cit., p. 63.

bepaalde alliansie verlaat terwyl hulle in 'n spel betrokke is en sodoende die hele strategie van 'n bepaalde spel ingrypend verander. Aan die ander kant kan blokvorming kragtige speel- en onderhandelingsposisies aan 'n bepaalde kant verskaf. Saaty merk op:

> „By forming alliances, power blocks can improve their bargaining positions and invite greater cooperation."[19]

In elke spel of botsing is daar bepaalde aspekte wat onder die beheer van die spelers is en andere wat nie deur die spelers beheer kan word nie. Die aspekte wat nie onder die beheer van die spelers val nie, is die reëls van die spel. In skaak is dit byvoorbeeld 'n vasgestelde reël dat 'n pion slegs een of twee blokkies op 'n keer kan beweeg, terwyl die persoon wat die meeste stemme op hom verenig President van Amerika word - dus ook 'n vasstaande reël van die Amerikaanse politieke en konstitusionele struktuur.[20]

Van diepliggende betekenis vir spelteorie is informasie oor die motiewe van die teenstander. In ooreenstemming hiermee kan die ander kant sy strategie en skuiwe beplan. Die Demokratiese Party van Amerika kan byvoorbeeld sy strategieë soos volg bepaal. As die Republikeinse Party Eisenhower as kandidaat vir die presidentsverkiesing nomineer sal

---

19. Vgl. <u>Ibid.</u>, p. 63.

20. Vgl. Kaplan, M.A., <u>Op.cit.</u>, pp. 170-174. Selgs 'n Amerikaansgebore burger, vyf-en-dertig jaar of ouer, is verkiesbaar as Amerikaanse President.

ons Stevenson teen hom stel, maar as hulle Nixon nomineer, stel ons vir Harriman. As daar oorlog uitbreek, val ons die regerende party oor hulle buitelandse beleid aan, maar as die vrede voortduur val ons hoofaanklag op landbouaangeleenthede.[21.]

Behalwe voldoende informasie vóór die tyd is dit ook nodig om tydens die spel die skuiwe en strategieë van die opponente vooruit te voorspel. Dit veroorsaak dat elke speler vertroud moet wees met die uiteindelike doelstellings van die opponent, van die prioriteite wat hy aan bepaalde sake sal gee en van die keuses wat hy in sekere omstandighede sal maak. Rakende internasionale verhoudings is dit maklik om in breë algemene trekke, ooreenkomstig die teenstander se ideologiese oortuigings, bepaalde voorspellings te maak. Dit is byvoorbeeld relatief maklik om die Kremlin se doelstellings met sy buitelandse beleid op 'n gegewe tydstip te peil, maar in hoeverre een vertakking byvoorbeeld voorkeur bo die ander sal geniet, is moeiliker bepaalbaar.[22.]

---

21. Vgl. Ibid., p. 173. Vgl. ook Stokes, D.E., Some Dynamic Elements of Contests for the Presidency, in Wolfinger, R.E., Op.cit., pp. 313-329; Lipset, S.M., The President, The Polls, and Viëtnam, in Rosenbaum, N., Op.cit., pp. 65-75.

22. Een sodanige tragiese mistasting van die motiverings van die Kremlin se buitelandse beleid is deur Rooseveldt in sy beoordeling van Stalin gemaak: „We always call you Uncle Joe" het Rooseveldt teenoor die Russiese leier opgemerk, en teenoor die Sultan van Marokko dat daar geheel en al misgetas word na die persoonlikheid van Stalin in die Weste. Vgl. Lombard, J.A., The United States and Regionalism in Europe, in United States Foreign Policy in a Regional Context, Lesings gehou by 'n Simposium te Jan Smuts Huis, Johannesburg, Oktober 1969; Feiss, H., Churchill, Rooseveldt, Stalin, The War They Waged and the Peace they sought, Stettinius, E., Rooseveldt and the Russians, p. 309 e.v. en Ulam, A.B., Expansion and Coexistence, pp. 379-382.

> „We also have to know how much weight or priority a given country will give to its various objectives when it has to choose between them: and this is much harder to tell in advance."[23]

In breë algemene trekke is strategie dus vooruitbepaalbaar - die meeste lande is tog op soek na militêre sekuriteit en nasionale mag ooreenkomstig ideologiese oortuigings, maar tot op watter hoogte bepaalde doelstellings nagestreef sal word onder die bedreiging van oorlog en die prysgawe van ander doelwitte, berus grootliks op bespiegelings.

Die spelteorie is veral bruikbaar by spanningsituasies op die tussenstaatlike front:

> „.....We shall approach game theory as a significant analytical tool without a comparable rival as a theory for conflict problems with the hope that it will in time provide the necessary models for the analysis of problems of escalation, negotiations, arms races, and arms control and reduction."[24]

In die ontwikkeling van hierdie benadering word dit duidelik dat spelteorie hoofsaaklik in drie kategorieë ingedeel kan word, naamlik botsings met identiese belange, teenoorgestelde

---

23. Harsanyi, J.C., Op.cit., p. 371.
24. Vgl. Saaty, T.L., Op.cit., p. 61; Isaak, A.C., Scope and Methods of Political Science, p.193. „A decision maker might use game theory to help formulate the best strategy in a particular situation."

belange en gemengde belange.[25] Die eenvoudigste model van die spelteorie staan bekend as die Zerototaal spel („Zero-Sum Game").

## II. Die Zerototaal Spele

Hierdie model vorm die basis van die spelteorie:

> „The whole remaining theory was originally formulated on the basis of this analysis",[26]

aldus Rappoport, en word gekenmerk deur die feit dat A se wins B se verlies is.[27] Vandaar dan ook die naam van die model. Hier het ons te doen met twee spelers wie se belange totaal botsend van aard is, en die een speler is onbewus van die motiewe en voorgenome keuses van die ander.[28]

Die twee spelers, getipeer A en B, sal dan die volgende beredeneringswyse toepas. A sal soos volg redeneer: As ek so optree en B doen dat sal die resultaat sô lyk, maar as ek hierdie keuse maak en B dáárdie dan sal dít die resultaat wees. Spelers A en B oorweeg dus al die moontlike keuses en resultate wat die besondere spel bied. Dit is

---

25. Vgl. Harsanyi, J.C., Op.cit., p. 372.

26. Rappoport, A., Op.cit., p. 131. Vgl. ook Beer, S., An Operational Approach to the Nature of Conflict, in Political Studies, Vol. XIV Junie 1966, p. 121. „The simplest kind of game by now well understood, is the two-person, zero-sum."

27. Vgl. Kaplan, M.A., Op.cit., p. 174. en Rappoport, A., Op.cit., p. 133.

28. Vgl. Rappoport, A., Op.cit., p. 132.

egter duidelik dat nie een van die spelers 'n bepaalde resultaat kan afdruk nie; alhoewel elkeen sy eie keuses kan beheer, kan hy nie dieselfde met die keuses van sy opponent doen nie.[29] Steeds moet daar in die ontleding van die Zerototaal spelteorie in gedagte gehou word, dat alle denke volgens hierdie teorie rasioneel eenvormig is, en dat daar nie gewaag of gedobbel moet word nie. A moet dus aanvaar dat B op dieselfde manier as hy sal redeneer.

Die vraag ontstaan dus nou hoe die probleem opgelos sal word. Die oplossing is daarin geleë dat 'n bepaalde denkrigting deurgeforseer word wat daarop neerkom dat elke speler poog om die beste vir homself te doen in die lig van die posisie van die ander speler. 'n Redelik gebalanseerde resultaat is dus te wagte. Vergelyk die volgende grafiese voorstelling waarin A die volgende moontlike keuses het, naamlik $a_1$ en $a_2$; terwyl B se keuses $b_1$ en $b_2$ is.[30]

B

| | | $b_1$ | $b_2$ |
|---|---|---|---|
| A | $a_1$ | 4 | 2 |
| | $a_2$ | 5 | -3 |

In hierdie bepaalde model is daar dus vier moontlike resultate, naamlik $(a_1, b_1)$; $(a_2, b_1)$; $(a_1, b_2)$ en $(a_2, b_2)$. Steeds moet in gedagte gehou word dat die Zerototaal

29. Tensy anders vermeld vergelyk vir die bepaalde model <u>Ibid.</u>, pp. 130-134.

30. Vgl. die grafiese voorstellings op <u>Ibid.</u>, p. 133.

spel, A se wins B se verlies is en vice versa. Daarom is dit slegs nodig om A se winste, positief of negatief, in die grafiese voorstelling te plaas, omdat ons weet dat B se winste dieselfde sal wees met die teenoorgestelde teken.

Dit impliseer die volgende: As A $a_1$ kies en B $b_2$ wen A en B verloor 2. As A $a_2$ kies en B $b_1$ wen A en B verloor 5. As A ten slotte $a_2$ kies en B $b_2$ verloor A 3 en B wen 3. Hieruit blyk dat die beste resultaat vir A 'n wins van 5, en vir B 'n wins van 3 is. Voots is A in staat om ten minste 'n wins van 2 te waarborg. As A $a_1$ kies kan hy ten minste 2 en moontlik 4 wen. A sal natuurlik baie graag 'n wins van 5 wil toon deur $a_2$ te speel, maar besef baie goed dat dit vergesog is om te verwag dat B so kortsigtig sal wees dat hy $b_1$ sal kies as A $a_2$ kies. A is dus seker dat B $b_2$ sal kies; omdat B beter af is met $b_2$ ongeag A se keuse. In die lig van dieselfde beredenering kies A $a_1$ omdat hy in daardie geval die beste af is.

Daarom kan dit veronderstel word dat $a_1$ en $b_1$ onderskeidelik die keuses sal wees. A se wins is dus 2, 'n wins waarvan hy immers verseker is, omdat B niks daaraan kan afdoen nie. B se beste strategie is daarin geleë dat hy kan verhoed dat A 'n groter wins as twee behaal. Hierdie wins van 2 aan die kant van A word dan die waarde van die bepaalde spel genoem. Die spesifieke model wat sopas ontleed is, is eenvoudig omdat die keusevryheid van B baie beperk was. Die enigste keuse-uitdaging is diè waarmee A gekonfronteer is, naamlik $a_2$ wat 'n moontlike wins van 5 of 'n verlies van 3 kon

beteken.[31]

Vervolgens gee ons aandag aan 'n spel waarin altwee spelers uitgedaag word om keusevryheid toe te pas.[32], Die grafiese voorstelling lyk sô:[33]

| | | B | | |
|---|---|---|---|---|
| | | $b_1$ | $b_2$ | $b_3$ |
| | $a_1$ | 8 | -5 | -10 |
| A | $a_2$ | 0 | -2 | 6 |
| | $a_3$ | 4 | -1 | 3 |

In hierdie geval word A uitgelok om $a_1$ met 'n wins van 8 en B $b_3$, met 'n wins van 10 te kies. As altwee spelers voor hierdie versoeking swig en dienooreenkomstig hulle keuses maak, sal B vanselfsprekend as oorwinnaar uit die stryd tree. As B egter rasioneel dink, en dieselfde van A veronderstel, sal hy nie $b_3$ kies nie omdat die risiko te groot sal wees. A sal probeer om tot sy eie voordeel die beste keuses te maak in die lig van B se posisie. Ten einde dit te bereik, sal hy eers die swakste resultaat van elke ry ondersoek. In hierdie geval kom dit onderskeidelik op -10, -2 en -1 te staan. Dan sal A die resultaat kies was die minste bedreiging inhou naamlik die -1 van $a_3$. Hierdie beslissing bly

---

31. Ibid., p. 134.

32. Vgl. Ibid., pp. 134-138. 'n Soortgelyke model word aangetref in Harsanyi, J.C., Op.cit., pp. 372-373.

33. Vgl. Rappoport, A., Op.cit., p. 134.

egter bloot tentatief terwyl A besig is om op rasionele wyse sy keuses te oorweeg.

A redeneer dan soos volg -

„Veronderstel B dra kennis van die feit dat ek besig is om die risiko's te ondersoek om die voordeligste in die lig van die gegewe situasie te handel. B sal dan ook veronderstel dat ek $a_3$ sal kies, en wat sý beste keuse in die gegewe situasie sal wees. Dit is baie duidelik $b_2$ met 'n wins van 1, terwyl die moontlikheid bestaan dat hy 4 en 5 in b en $b_3$ respektiewelik kan verloor. As aanvaar word dat dit B se optrede aan die hand van sy verwagtings oor my optrede is, ontstaan die vraag wat mý optrede moet wees. Glashelder bly my keuse $a_3$, omdat dit die keuse is waarin ek die minste sal verloor as B $b_2$ kies. Op hierdie stadium is $a_3$ egter reeds my tentatiewe keuse en in die lig daarvan gepaar aan die veronderstelde beredenering wat ek aan die deur van B gaan lê, word $a_3$ my permanente keuse."[34]

'n Ontleding van B se denkpatrone openbaar dieselfde riglyne as A en B sal dan ook tot die konklusie raak dat hy $b_2$ moet kies. In die lig hiervan is ($a_3$, $b_2$) die beste resultaat van die bepaalde model en waarborg dit ook 'n sekere mate van stabiliteit. In hierdie tweede model het ons met

34. Vgl. Ibid., p. 135.

'n maksimale oplossing te doen, waar die eerste model 'n minimum oplossing aangebied het.

Voorts is dit baie duidelik dat die tweede model baie meer ingewikkeld is as die eerste, omdat beide hier rasioneel moet dink oor die redenering van die opponent. In albei hierdie modelle is daar 'n resultaat bereik, wat uiteraard baie gewig dra, omdat daar by verskeie modelle tevergeefs na 'n oplossing gesoek word.

'n Ander belangrike uitvloeisel van die twee grafiese modelle wat behandel is, is die feit dat beide ewekantigheid (saddle points) vertoon.[35] Ewekantigheid is 'n punt in die grafiese voorstelling wat die kleinste in die ry is en die grootste in die kolom. In die eerste model was dit ($a_1$, $b_2$) en in die tweede model ($a_3$, $b_2$). Hierdie „saalknop"-posisie kom saaklik daarop neer dat dit die mees strategiese posisie van 'n bepaalde speler ten opsigte van sy teenstanders is. Geen speler kan dus deur verandering sy winste opstoot, as die ander partye nie ook veranderings in hul strategie aanbring nie. As daar dus 'n saalknop in 'n bepaalde model bestaan, kan die volgende feite wiskundig bewys word. Eerstens dat die saalknop-posisie presies dieselfde betekenis vir A en B het. Tweedens, as daar verskeie saalknoppe in een grafiese model of spel voorkom, is die posisie van almal dieselfde. Laastens: as daar twee saalknop-posi-

---

35. Hierdie benaming „saddle point" is afgelei van 'n perdesaal wat terselfdertyd die laagste punt van die saal is as 'n ruiter in beweging op die saal sit en ook die hoogste punt as die ruiter oor die saal beweeg. Vgl. Ibid., p. 136; Saaty, T.L., Op.cit., p. 77. „An entry that yields equality is known as a saddle point...."

sies is, byvoorbeeld ($a_1$, $b_3$) en ($a_3$, $b_4$), en die ry en kolomverwysings van die twee posisies word omgeruil, is die resultaat ook saalpunte met dieselfde winste. Daarom as ($a_1$, $b_2$) en ($a_3$, $b_4$) saalknoppe veronderstel, sal ($a_1$, $b_4$) en ($a_3$, $b_2$) ook saalknoppe met dieselfde verdienste wees. As daar dus meer as een saalknop in 'n bepaalde model voorkom, sal dit nogtans geen verandering in die winste wat tydens die spel behaal word, teweegbring nie.[36]

Nie alle Zerototaal spele het egter saalknoppe nie. Kaplan poneer die volgende grafiese voorstelling.[37]

| | | SWART 1 | SWART 2 | RY MIN. |
|---|---|---|---|---|
| | 1 | 15 | 5 | 5 |
| WIT | 2 | -4 | 7 | -4 |
| KOL MAKS. | | 15 | 7 | |

In hierdie voorstelling is die grootste ry-minimum 5, terwyl die kleinste kolom-maksimum 7 is. Wit is dus in staat om homself te verseker teen 'n oorwinning groter as 5, terwyl swart homself kan verseker teen verliese groter as 7. As swart keuse no. 2 verkies, kan wit 'n verlies van 7 afdwing deur ook sy tweede keuse te speel. Aangesien die tweede keuse 'n wyse besluit van wit is, moet swart dienooreenkomstig 'n wyse skuif maak deur strategie no. 1 te speel waardeur 'n

36. Vgl. Rappoport, A., Op.cit., p. 137.
37. Vgl. Kaplan, M.A., Op.cit., p. 178.

verlies van 4 in plaas van 'n wins van 7 op wit afgedwing word. Op hierdie stadium is dit egter gewens vir wit om sy eerste strategie te gebruik en daardeur 'n wins van 15 te toon.[38]

Albei spelers is egter huiwerig om òf die een òf die ander strategie te gebruik. Hieruit vloei dan die gebruik van die sogenaamde gemengde strategie voort; 'n strategie wat sonder die gebruik van saalpunte die grootste minimum wins vir elke speler waarborg. In hierdie geval kan die opponerende speler slegs wins maak as hy die strategie van sy teenstander ken.[39]

Zerototaal spele is dus kompeterend van aard, of dit nou 'n saalpunt het, al dan nie.[40] Omdat die een se dood, figuurlikerwys gesproke, die ander se brood beteken, is daar geen voordeel uit samewerking te put nie. Met die afhandeling van die Zerototaal spele, gaan ons oor tot 'n ander veld, naamlik dië van die nie-Zerototaal spele wat van die interessantste probleme in spelteoretiese kader op die voorgrond stoot.

## III. Ander Spelteoretiese Modelle

Die nie-Zerototaal spele kom daarop neer dat beide spelers 'n wins kan vertoon, terwyl samewerking tussen die

---

38. Vgl. Ibid., pp. 177-178.
39. Ibid., p. 178.
40. Ibid., p. 180. Vergelyk ook Harsanyi, J.C., Op.cit., p. 372. „In such games one player always wins exactly the amount the other player loses and *vice versa*."

spelers ook moontlik is. Op die tussenstaatlike kader kan NAVO en die Warschou-Verdragslande byvoorbeeld saamwerk om 'n grootskaalse oorlog in Wes-Europa te verhoed. Dit is dus juis hierdie modelle wat met die grootste vrug in die kader van internasionale verhoudings gebruik kan word. Kaplan beweer:

> „Nevertheless, it is precisely in this area that game theory has most relevance for social and political science."[41]

In hierdie verband kan daar gelet word op die optrede van Washington en die Kremlin teenoor 'n land wat nie in een van hulle geassosieerde blokgroeperinge val nie, maar wat op finansiële hulp aandring.

| | | ONVERBONDE LAND | |
|---|---|---|---|
| | | LEEN VAN | NIE LEEN VAN NIE |
| VSA I | LEEN AAN | -1,5 | 0,0 |
| | NIE LEEN AAN | 0,0 | 0,0 |

Die beroep om finansiële hulp van die onverbonde land aan Amerika kan dus soos hierbo grafies aangedui word.[42] Samewerking het 'n baie positiewe wins vir die onverbonde land en 'n lae negatiewe waarde vir die VSA. Amerika kan dus aandring op 'n meer positiewe ooreenkoms.

---

41. Vgl. Kaplan, M.A., Op.cit., p. 183.
42. Vgl. Ibid., p. 186.

As Amerika egter die konsekwensies van sy optrede vergelyk in die lig van sy verhouding met die Sowjet, kan die grafiese voorstelling soos volg daar uitsien.[43]

| | | ONVERBONDE LAND | |
|---|---|---|---|
| | | LEEN VAN | NIE LEEN VAN |
| | LEEN | 5,5 | -3,-2 |
| VSA | NIE LEEN | -3,-2 | -3,-2 |

As die lening in hierdie geval deur Washington gemaak word, kan die onverbonde land by die Amerikaansgedomineerde blok inskakel, of ten minste sy vyandigheid daarteenoor staak. As die lening egter geweier word, kan die onverbonde land met die Sowjet begin saamwerk.

In hulle strewe om die goedgunstigheid van die onverbonde land deur finansiële hulp te verkry, kan die kompeterende model van Rusland en Amerika soos volg daar uitsien.[44]

| | | USSR | | |
|---|---|---|---|---|
| | | LEEN | NIE LEEN | RV.MIN. |
| | LEEN | 0 | 1 | 0 |
| VSA | NIE LEEN | -1 | 0 | - 1 |
| VOL. MAKS. | | 0 | 1 | |

In hierdie geval het ons dus weer met 'n kompeterende spel te doen waar die optrede van die opponente die wins

43. Vgl. Ibid., p. 186.

44. Ibid., p. 186.

sal bepaal. Veronderstel dat beide moondhede die reg het om te besluit of hulle wel die hulp wil verskaf. In hierdie geval word 1 as 'n gunstige, 0 as neutrale en -1 as ongunstige resultaat aangetoon. Beide spelers geen 'n lening aan sodat die spel 'n waarde van 0 vir albei het.

Dit bring ons by die sogenaamde „N-Persone-modelle" waar drie of meer deelnemers by die spel betrokke is. Soos verwag kan word, is hierdie variasie minder bekend en gebruiklik as die twee-persoon modelle, weens die eenvoudige feit dat strategieë van aksie en wisselwerking progressief toeneem soos wat die deelnemende partye vermeerder.[45] Dougherty en Pfalzgraff verklaar dan ook

> „Hence it is not surprising that no single theory has yet been developed for N-Person games."[46]

Koalisies tussen die deelnemende partye skyn egter algemeen voor te kom terwyl die spel aan die gang is. As die deelnemende partye tot twee kompeterende blokke gereduseer word, neem dit die aard van 'n zerototaal-spel aan, omdat daar in beginsel dan net twee strydende partye onderskeibaar is.[47] Drie, of selfs meer koalisies, deelnemend aan een dispuut, kom egter algemeen voor. Die kernprobleem waarmee spelteoretici dan worstel is die persentasie wins waarop elke lid

---

45. Vgl. Saaty, L., <u>Op.cit.</u>, p. 75; Dougherty, J.E., Pfaltzgraff, R.L., <u>Contending Theories of International Relations</u>, p. 357.

46. Dougherty, J.E., Pfaltzgraff, R.L., <u>Op.cit.</u>, p. 357.

47. Vgl. Rapoport, A., Orwant, C., <u>Experimental Games</u>, soos aangehaal in <u>Ibid.</u>, p. 357.

van die koalisie wat die oorwinning behaal, kan aanspraak maak. Die stigtersland of hoofkomponent van die koalisie, die een wat die meeste vitaliteit of dryfkrag openbaar het, of die stadium waarop 'n land tot die koalisie toegetree het, is almal faktore wat hier verreken moet word. 'n Ontleding van die struktuur en fundering van koalisies moet dus hier met fynere presisering aangepak word.[48]

Verskeie ander meer ingewikkelde modelle word ook deur die spelteoretici aangebied waarvolgens tussenstaatlike krisisse ontleed en geanaliseer kan word. En dwarsdeur word daar konsekwent geredeneer dat hulle hier besig is met suiwer rasionele denke. Dieselfde foute wat in die ander teoretiese benaderings begaan kan word, ontbreek dus hier geheel en al, aldus die behavioraliste.

## IV. Spelteorie en Internasionale Verhoudings

Die vraag ontstaan, en kan tereg gestel word, watter drakrag spelteorie in sy ryk-gevarieerde vergestaltings vir die verhoudings tussen state het. Dit is logies dat tussenstaatlike verhoudings in sy geheel nie die karakter van die „spel" kan aanneem nie, maar slegs sekere momente en stro-

---

48. Vgl. Liska, G.F., Nations in Alliance: The limits of Interdependence; John Hopkins Press, Baltimore, 1962, Friedman, J.R., Bladen, C., Rosen, S., Alliance in International Studies, Allyn and Bacon, Boston, 1970, en Riker, R., The Theory of Political Coalitions, soos aangehaal in Ibid., p. 258.

minge van internasionale verhoudings nader kan toelig. Aangaande die bruikbaarheid van die spelteorie is daar dus diegene wat dit as kettery verwerp,[49.] en andere wat dit aanhang as die genesende oplossing vir die tergende probleme, benewens ook die tradisionele aanhangers van die goue middeweg:

> „The application of analytical techniques derived from game theory, therefore, can aid in improving our understanding of the subject, provided that this approach is employed with the balanced intellectual perspective of those who regard it as one among several useful tools."[50.]

Spelteoretici stem egter saam dat hulle modelle, veral by die ekonomiese verkeer tussen state, aansluiting vind. Oskar Morgenstern,[51.] Thomas Schelling,[52.] Martin

---

49. Vgl. Wohlstetter, A., Sin and Games in America, in Shubik, M., (red.), Game Theory and Related Approaches to Social Behaviour, pp. 209-225. „In order to construct models and manipulate them mathematiccaly, we need masses of data on repeated events. This necessitates the discarding of data on individual events that do not fit into the mass. Such unique events lie principally in the field of decisions that have occurred only once in history - e.g. the Japanese decision to attack Pearl Harbor, the United States decision to defend South Korea, the Soviet decision to put missiles into Communist Cuba. These individual acts cannot be handled by scientific methodology."

50. Dougherty, J.E., Pfaltzgraff, R.L., Op.cit., p. 369. „A simulation experiment is a game which has been designed not merely for the sake of playing the game but rather for the purpose of demonstrating a valid truth about actual social processes through the unfolding of an artificially constructed yet dynamic model" en Guetzkow, H., e.a., Simulation in International Relations: Developments for Research and Teaching, pp.2-5.

51. Die pionierswerk op hierdie gebied waarop Schelling, Shubik en andere later voortgebou het was Von Neumann, J., Morgenstern, O., Theory of Games and Economic Behaviour.

52. Vgl. Schelling, T.C., The Strategy of Conflict. Oxford University Press, London, 1968.

Shubik en John Harsanyi - baanbrekers op die gebied van spelteorie - het almal op een of ander manier 'n verbintenis met die ekonomie gehad. Baie van die eksponente van die behavioralisme is dan ook oortuig daarvan dat die ekonomie en die politiek in die verhoudings tussen state nie skeibaar is nie.

Verskille ten spyt, is dit baie duidelik dat diegene wat die spelteorie as hulle vertrekpunt aanvaar, groter wetenskaplike presisering ten opsigte van hulle modelle en taalgebruik sal moet aanlê. Terminologiese chaos en onsekerheid oor die toepaslike model wat aangewend moet word, doen baie afbreek aan die algemene aanvaarbaarheid en bruikbaarheid van die teorie:

> „It is not enough to say merely that we are dealing with a non-zero-sum-game. We must carefully define the structure of the game we are discussing; the players, the rules, and objectives of the game the pay-offs, and the values which the players attach to them, the whole context in which the game is played, and the interaction of the various strategies pursued."[53.]

## IV. Evaluasie

Die spelteorie is ongetwyfeld een van die ingewikkeldste tussenstaatlike teoretiese benaderings wat kom uit

---

53. Dougherty, J.E., Pfalzgraff, R.L., Op.cit., p. 361.

die huis van die behavioralisme. Dit vertoon 'n uiters gesofistikeerde struktuur wat moeilik begryp en slegs deur weiniges gebruik kan word.[54.] Boulding merk dan ook op:

> „The reader may wonder about the relevance of the game theory, especially in its more recondite branches, the flesh and blood conflicts that we find in the world of man.[55.]

Ten spyte van die feit dat daar 'n erkenning is - soos tewens by die meeste van die teorieë, dat daar nog gebou moet word aan hierdie teorie,[56.] is die voorstanders baie selfvoldaan oor die staanplek wat hulle teorie reeds verower het. Edwards merk op:

> „We must be willing to venture educated guesses as well as to make continuing efforts to test and improve those guesses if we are to be able to move from suspicion toward knowledge, as individual scholars, and as a discipline."[57.]

So word die spelteorie as nog 'n dapper en avontuurlustige verkenningstog beskou - 'n benadering wat nie daarvan beskuldig sal kan word dat dit vasgeklou het aan die stro-

---

54. Vgl. Isaak, A.C., Op.cit., p. 197.

55. Vgl. Boulding, K.E., Op.cit., p. 56. Let ook op p. 57. „The real world, however, is much more complicated than the Hobbesian universe of the game theorists. For a true understanding of conflict, we also have to examine love, affection, apathy and community of feeling."

56. Vgl. Edwards, D.V., Op.cit., pp. 280-283.

57. Ibid., p. 281.

minge van die verlede nie:

> „In an age which only yesterday was being accused of living on the intellectual capital of the seventeenth century."

skrywe Rappoport

> „these impacts are a hopeful sign."[58]

## C. SIMULASIETEORIE

### I. Inleiding

Die simulasieteorie kan beskrywe word as die gebruikmaking van wiskundige formules, vergelykings en rekenaars in die teoretiese bestel van internasionale verhoudings.[59] Geselekteerde formules word uit die een krisis of struktuur afgelei en op 'n ander krisis of struktuur toegepas. As gevolg van sy aanpasbaarheid, vloeibaarheid en viskositeit kan die simulasieteorie egter in 'n wye raamwerk van politieke aktiwiteite ingepas word. Navorsing, riglyne

---

58. Rappoport, A., Op.cit., p. 242. Vgl. ook Burns, A.L. Of Powers and their Politics, p. 224. „It has established itself amidst great variations between human stupidity and human ingenuity. On behalf of the balances of power and of terror; it has been argued that they are maintained both by fools who cannot understand their working and by brilliant knaves who labor to circumvent them."

59. Vgl. Coplin, W.D., The Impact of Simulation on Theory of International Relations, in Said, A.A., Theory of International Relations, p. 58.; Hermann, C.F., en M.G., An Attempt to Simulate the Outbreak of World War I, in Rosenau, J.N., (red.) Op.cit., pp. 622-623; Dougherty, J.E., Pfalzgraff, R.L., Op.cit., p. 369. „A simulation experiment is a game which has been designed not merely for the sake of playing the game but rather for the purpose of demonstrating a valid truth about actual social processes through the unfolding of an artificially constructed yet dynamic model."en Guetzkow, H., (red.) Simulation in International Relations: Developments for Teaching, Prentice-Hall, New Jersey, 1962, pp. 2-5.

en informasie rakende optrede val almal binne die bestek van die simulasieteorie – 'n teorie waavan die moontlikhede volgens die behavioraliste nog in 'n baie geringe mate ontgin is.[60]

Onder die voorstanders van die simulasieteorie heers daar ernstige akademiese meningsverskil oor die dra-krag en betekenis daarvan. Aan die een kant is daar die so-genaamde „Puriteine" wat beweer dat simulasie los staan van enige spelteoretiese inslag, sodat slegs die feitekompleks verreken moet word.[61] Aan die ander kant is daar diegene wat hierdie laboratoriumontwerpte formules ook aan die hand van praktiese ontwikkeling in die wêreldpolitiek wil toets.[62] Uiteindelik bly dit dus 'n poging om deur te dring na die diepste kern van internasionale verhoudings deur die verwerking daarvan in die milieu van 'n laboratorium.

> „This technique differs from all others"

verklaar Rosenau,

> „in that it attempts to probe the phenomena of world politics by simulating them under controlled conditions in a laboratory."[63]

---

60. Vgl. Hermann, C.F., en M.G., Op.cit., p. 623. „Although the application of these techniques has been increasing, systematic evaluation of their performance is only now beginning."

61. Vgl. Shubik, M., Game Theory and Related Approaches to Social Behaviour, pp. 70-74.

62. Vgl. Dawson, R.E., Simulation in Social Science, in Guetzkow, H., Simulation in Social Sciences. Die geskil gaan dus in werklikheid oor die gebruik van menslike persoonlikhede in die modelle al dan nie. Vgl. Hermann, C.F., en M.G., Op.cit., pp. 623-624. „A number of experimenters, however, have associated games with operating models that invlove human participants and simulations with models which do not."

63. Rosenau, J.N., (red.) Op.cit., p. 622.

## II. Gebruike en Fungering van die Simulasieteorie

Die voorstanders van die simulasieteorie is dit oor die algemeen eens dat die benadering vars moontlikhede bied by die bestudering van buitelandse betrekkinge:

> „it can teach students of international relations and politics more about the process of making and executing foreign policy than they can learn from books or lectures.[64]

Maar dit is ook waar dat baie min effketiewe skare al deur hierdie ontginbare braakland geploeg het. Die geloof oor die ontginbare moontlikhede bestaan dus wel, maar word terselfdertyd gepaar aan die besef dat die skouer nog aan die wiel gesit sal moet word om daaraan gestalte te gee.

Aan die wortel lê hier die geloof dat ondervinding die beste leermeester is. Deur middel van simulasie word die student byvoorbeeld geplaas in die plek van die besluitnemer en word hy, weg van akademiese verstoktheid, in die harde praktiese wêreld geplaas.[65]

> „Given the poorly developed conditions of the theoretical study of international relations, the role of simulation in graduate and undergraduate education

---

64. Soos aangehaal in Said, A.A., Op.cit., p. 61. Uit Bloomfield, L.P., Whaley, B., The Political-Military Exercise; A Progress Report, in Orbis, Vol. VIII No. 4, pp.865-866.

65. Vgl. Alger, C.F., Use of the Inter-nation Simulation in Undergraduate Teaching, in Guetzkow, H., Op.cit., pp. 152-156.

should not be minimized."[66].

Die potensiële waarde van simulasie is juis daarin geleë dat dit deur ondervinding en fungering moet bou aan tussenstaatlike teorieë. Alger sê dan ook:

> „Modelbuilding in general and simulation-building in particular share an important middle-ground between armchair theorizing and empirical hypothesis, testing a middle-ground that is crucial in the field of international relations where the acquisition of relevant data is so difficult."[67]

Simulasieteoretici wil bou aan die formulering van hipotetiese voorveronderstellings, operasionele modelle ontwikkel en in hierdie proses soek na ooreenkomste en geprojekteerde raakpunte.

Die probleem ontstaan dan hoe die strukture van die feitekompleks aan die tussenstaatlike gekoppel kan word. Die antwoord is geleë in die gebruik daarvan om bepaalde hipotetiese voorveronderstellings te bewys.[68]. Deur te bou en te werk aan modelle kan sekere voorlopig aanvaarde strominge as teoreties en prakties korrek bewys word. Hierdie

---

66. Vgl. Said, A.A., Op.cit., p. 63. „The technique can be instrumental in showing him how important theory is, and how difficult it is to develop, without assuming the representation of a fully developed theory."

67. Ibid., p. 63.

68. Ibid., p. 66.

strukture is egter ook bruikbaar by die bepaling van buitelandse beleid. So kan die voornemens en kapasiteite van ander state ontleed en aan die man gebring word. Simulasieteoretici; maak egter ook tot op groot hoogte van rekenaars gebruik.

## III. Die Gebruik van Rekenaars

Een van die vernaamste instrumente waarvan simulasieteoretici gebruik maak, is rekenaars:

> „Because the computer is an excellent instrument for storing, comparing, and and analysing information, it seems that computer models of various aspects of inernational relations might serve the policy maker by providing estimates of what might happen under given circumstances."[69.]

Tydsbesparing en nie die mite dat dit die mens kan vervang nie, is die grootste verdienste van rekenaars.[70.]

Volgens De Sola Pool en Kessler het die gebruik van rekenaars 'n veeldoelige verdienste in die vorming van

---

69. Vgl. Ibid., p. 71, en De Sola Pool, I., Kessler, A., The Kaiser, The Tsar, and the Computer-Information Processing in a Crisis, in Rosenau, N.J., (red.) Op.cit., p. 664.

70. Vgl. Rosenau, J.N., Op.cit., p. 664. „The result demonstrates that computers can be of considerable value to researchers, enabling them to explore the implications and consequences of a wide range of problems of international politics that might otherwise require thousands of man-hours to complete. At the same time the Article clearly illustrates that there is nothing magical about computers, that they are useful as aids to, not as substitutes for, research."

buitelandse beleid in krisistye. Dit verbeter eerstens kennis van die bepaalde spanningsituasie deur 'n ontleding van die optrede van die besluitnemers wat aan hom gevoer word. Dit integreer bestaande kennis in 'n formele struktuur sodat dit makliker bereikbaar is.[71]

In 'n onlangse studie van die sewe krisisdae, 25 Julie tot 31 Julie 1914, voor die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog, is daar 'n totaal van 1,400 feitlike gegewens aan die rekenaar gevoer, d.w.s teen 200 per dag.[72] Hierby was ingesluit verskeie gebeure wat nie direk vir die krisis ter sake was nie o.a.: gebeure in die sportwêreld; vooruitgang in die ontwikkeling van vliegtuie; 'n vulkaanuitbarsting in die VSA; Engeland se aankoop van 'n Rembrandt skildery; opstande in Rusland; stakings in Amerika en 'n muitery in Meksiko.[73] Vir die tradisionele historiese benadering van die tussenstaatlike is hierdie almal irrelevante feite wat hy in sy evaluasie van die krisis buite rekening laat. Maar vir die gebruik van 'n rekenaar skyn niks te onbelangrik te wees om wel van toepassing op die krisis te wees nie. Deur middel van sy spoed en geheue is die rekenaar in staat om skynbare onbelangrike gebeure wat tog

---

71. Vgl. De Sola Pool, I., Kessler, A., Op.cit., p. 665.
72. Vgl. Ibid., p. 673.
73. Ibid., p. 673.

vir die krisis relevant kan wees te verwerk.[74]

Die gebruike van die rekenaar is dus veral waardevol by krisissituasies. Ook oor die gebruik hiervan verklaar die voorstanders dat hulle nog in die kinderskoene staan en dat hulle graag sal wil sien dat dit verder ontwikkel en geëksploiteer sal word.

> „We would like to see it further developed, futher tested, and further used."[75]

## D. ANDER WISKUNDIGE BENADERINGS

Die gebruike van wiskundige teorieë, modelle en strukture vir die tussenstaatlike uit die huis van die behavioralisme skyn haas onuitputbaar te wees. Juis as gevolg van die feit dat hier aktief rasioneel denkend geëksploiteer word, vind die behavioraliste wat so graag in hulle idioom „wetenskaplik" besig wil wees, dit baie aantreklik. Voorts vertoon dit steeds 'n interdissiplinêre karakter, getrou aan die behavioralistiese gedagtegang:

> „An important reason for the association of mathematical method in political science with the recent behavioralism focus is that the behavioralists, concerned as they are with the actual world of people, repeatedly find them-

74. Vgl. *Ibid.*, p. 673. „This is a unique advantage the full significance of which we did not realize until we actually became involved in this sample simulation." Vgl. ook Saaty, T.L., *Op.cit.*, pp. 174-175.

75. De Sola Pool, I., Kessler, A., *Op.cit.*, p. 674. Vgl. ook Knorr, K., Rosenau, J.N., *Contending Approaches to International Politics*, p. 128. „No scholar I have looked to is convinced he has the final word on this subject; all appear to me to have a healthy respect for the limitations of their theories and techniques."

> selves involved in interdisciplinary research, particularly with the other social scientists."[76]

verklaar Charlesworth. Hierdie sogenaamde inter-dissiplinêre idee is as't ware 'n integrasie en nivellering van vakwetenskappe.

Nog 'n benadering in hierdie kader is diè van statistiese ontleding. Arthur Burns poneer:

> „The scientific study of politics must be explanatory, and the explanation of political action can in the end be nothing but qualitative historical explanation."[77]

Thomas Schelling is weer ingestel op 'n teorie van winsbejag,- rustende op wiskundige funderings.[78] Hy maak gebruik van spelteorie, kommunikasieteorie, beslissingsanalise en verskeie ander van die moderne benaderings om sy teorie gestalte te gee wat hy self soos volg tipeer.

> „...... takes conflict for granted, but also assumes common interest between the adversaries; it assumes a rational value - maximizing mode of behaviour; and it focusses on the fact that each

---

76. Vgl. Charlesworth, J.C., <u>Contemporary Political Analysis</u>, p. 109.

77. Vgl. Burns, A.L., <u>Op.cit.</u>, p. 172.

78. Vgl. Dougherty, J.E., Pfalzgraff, R.L., <u>Op.cit.</u>, p.364. „In Schelling's work we find a combination of the social-psychological and the logical-strategic approaches to the subject of human conflict - conflict viewed not exclusively as the opposition of hostile forces but rather as a more complex and delicate phenomenon in which antagonism and cooperation subtly interact in the adversary relationship."

> participant's best choice of action depends on what he expects the other to do, and that strategic behaviour is concerned with influencing another's choice by working on his expectation of how one's own behaviour is related to his."[79]

Schelling is dus ingestel op die behoud van 'n terreurbalans, beloftes, dreigemente, oëverblindery, waagstukke en onweersones - almal rustende op matematiese modelle.

Die gebruikmaking van matematiese en natuurwetmatige gegewens kan dus aanleiding gee tot 'n groot verskeidenheid tussenstaatlike teorieë. Dit kom na ons in 'n veelheid van modelle wat baie beslis nog nie uitgeput is nie. Daaruit sal in die toekoms steeds oplossings vir die verhoudings tussen state aangebied word.

## E. SLOT

Die behavioraliste is dus daarvan oortuig dat hulle die spelteorie, die simulasieteorie, en ander wiskundige modelle baie sinvol en vrugbaar in die verhoudings tussen state kan aanwend, en dan veral in die kader van dieptestudie van toepassing op bepaalde krisismomente.

Die voorstanders van hierdie teorieë herinner ook hulle kritici daaraan dat aan hulle die vryheid gelaat moet word om wetenskaplike verkenning te doen en dat samewerking in hierdie verband die beste vrugte sal afwerp. Coplin merk op:

---

79. Schelling, T.C., Op.cit., p. 15.

> "In short, the potential contribution of simulation and gaming to international relations theory can only be realized if the entire community of theoretically oriented international relations scholars cooperates."[80]

Die verdienste van enige teorie is daarin geleë dat dit bruikbaar en verstaanbaar moet wees en dit is juis een van die grootste probleme van hierdie wiskundige modelle. Slegs persone wat onderleg is in die wiskundige vakwetenskap kan hierdie teorieë sinvol aanwend en eksploiteer. Tog bly hierdie benadering aktueel vir die behavioraliste wat die verhoudings tussen state as 'n speletjie tipeer. Die bekende Hollandse filosoof en historikus, Johan Huizinga, het in hierdie trant beweer dat die mens van nature 'n lighartige en spelende wese is, 'n homo ludens -

> "...... human culture cannot be fully comprehended unless we realize that man is a player, ... and that human beings play games from childhood through old age in all dimensions of life, from making love to making war."[81]

---

80. Coplin, W.D., The Impact of Simulation on Theory of International Relations, in Said, A.A., Theory of International Relations, p. 73.

81. Dougherty, J.E., Pfalzgraff, R.L., Op.cit., p. 345. Die absurditeit van hierdie stelling sal ons in die hoofstuk oor kritiese evaluering wel deeglik onder die soeklig plaas.

# HOOFSTUK VII

## DIE NORMATIEF-STRUKTURELE BENADERING VAN INTERNASIONALE VERHOUDINGE

### A. INLEIDING

Internasionale verhoudings, as selfstandige dissipline, is bepaald besig om die insig-belemmerende stof van die kinderskoene af te skud en met vasberade tred vakwetenskaplik stelling in te neem. Dit is 'n logiese en baie belangrike uitvloeisel van die soeke na wêreldvrede wat steeds van dringender belang word.[1] Wêreldvrede en die verhoudings tussen state is immers die fundamentele taak van internasionale verhoudings as vakwetenskap. Dit is die sentrale gedagtegang waarvan geen tussenstaatlike denker homself kan losmaak nie.

Die Verhoudingsdinamiek tussen state stel - as gevolg van die ontwikkeling van kommunikasie, tegnologie, en die toetrede van nuwe entiteite tot die domein van die tussenstaatlike - steeds dringender eise aan 'n teoretiese benaderingswyse van die internasionale verhoudings wat in die huidige dinamiese situasie progressief in drakrag en belangrikheid toeneem. Steeds moet in

---

1. Vergelyk Schuman, F.L., The Commonwealth of Man, p. ix. „I have also sought to reappraise the major World-states of our moral adventure ... , and the various paths by which people have striven so ling, and so often in vain, to find brotherhood en surcease from the killing of men by men."

gedagte gehou word dat die voortbestaan van staatsburgers en die statery self op die spel is en voldoende rede is om met intellektuele vaardigheid en indringendheid na die diepte te vors.[2]

Die wisselende teoretiese standpuntinnames wat ons tot dusver behandel het, stam weliswaar uit 'n heterogene religieuse klimaat, maar is almal op die wêreldorde en die verhoudings tussen state toegespits.[3] Bowendien het alle denkers die staat in wisselende konteks en gedaante as die sentrale vertrekpunt van hulle teorie aanvaar.[4] Wessels sluit hierby aan as hy beweer:

> „Die wisselende standpunte word egter eers duidelik in die lig van sorgvuldige vergelyking van die resultate van die werklikheidsienings in die verskillende kultuurgebiede van die wêreld, dit wil sê deur 'n blootlegging van die innerlike, religieusbepaalde normatiewe dryfkragte en 'n waardering van die gevolglike differensiëring en individualisering van lewensvorme binne 'n proses van beskawingsontwikkeling".[5]

---

2. Die wêreldpolitiek raak die voortbestaan en alledaagse lewe van elke individu - 'n status quo wat die belangrikheid van die tussenstaatlike ondubbelsinnig manifesteer. Vergelyk <u>Ibid</u>., pp. 480 - 494.
3. Vergelyk Wessels, F.J.H., <u>Internasionale Verhoudinge - 'n Normatief-Strukturele Benadering</u>. <u>C.R. Swart-Lesing No. 1, U.O.V.S., 16 Oktober 1968</u>, p. 3.
4. Vergelyk Scholtz, G.D., <u>Hoe die Wêreldpolitiek gevoer word</u>, p. 109; Ferreira, L.J., <u>Transformasie as Teoretiese Benadering vir 'n Wêreldstaat</u>, pp. 1- 9.
5. Wessels, F.J.H., <u>Internasionale Verhoudinge - 'n Normatief-Strukturele Benadering</u>, p. 3. Vergelyk ook Scott, A.M., <u>The Functioning of the International System</u>, p. 3.

Die onderskeie religieuse invloedsfere was trouens die oorsaak dat daar deur die eeue geen gemeenskaplike wêreldkultuur daargestel is nie. So het Hindoe Indië, Confuciaanse Sjina, Islam Ooste en Christelike Weste, elk sy eie uitsig op die tydelike werklikheid aangebied.

Die verwarring en ontnugtering van die internasionale praktyk het in die afgelope dekades die behoefte aan 'n verrekening van 'n normatiewe dryfkrag in die gang van die wêreldpolitiek helder vergestalt.[6] Dit is egter ook logies dat wanneer hierdie tussenstaatlike norme ontdek is, hulle in 'n bepaalde struktuur gepositiveer moet word. 'n Strukturele bouplan van die tussenstaatlike, waarin internasionale verhoudingsnorme werklikheid kan word, is dus 'n onontbeerlike voorwaarde. Daar moet dus gebou word aan 'n struktuur van tussenstaatlike kontak waarin alle skakeling sinvol ooreenkomstig die norme hanteer kan word.

Aangesien alle tussenstaatlike denkers die staat as die sentrale knooppunt of vertrekpunt van die internasionale verhoudingsdinamiek aanvaar, volg dit logies dat ook die struktuur van die staat sinvol ontleed moet word. Trouens, dit bly

---

6. Vergelyk Diepenhorst, I.A., Christelike Politiek, p. 283. „Het Avondland heeft zich vanouds daarin onderscheiden dat het een door de prediking van het evangelie gescherpte consciëntie bevat, die zich verontruste toonde over wat tegen de goddelijke wet indruiste".

die basiese gegewe waarom internasionale verhoudings onlosmaaklik wentel.[7]

Voordat die struktuur van tussenstaatlike verhoudinge egter ontleed word, moet die normatiewe dryfkragte wat die verhoudings tussen state rig eers blootgelê word.

## B. VERREKENING VAN DIE NORMATIEWE IN DIE VERHOUDINGS TUSSEN STATE

Die soeke na wêreldvrede is volgens ons mening juis 'n normatiewe aangeleentheid sodat die essensie van die tussenstaatlike inderdaad nie losgemaak kan word van normatiewe dryfkragte nie. In die hele proses is ook elke individuele denker deelnemend-observerend en transendentaal krities besig.[8] Dit is so dat elke teorie van internasionale verhoudinge gekoppel is aan, en gedra word deur, 'n bepaalde lewens- en wêreldbeskouing. Geen teoretikus - hoe hartstogtelik hy ook al daarna strewe - sal ooit in staat wees om hom van sy religieuse ingesteldheid en lewens- en wêreldbeskoulike voorveronderstellings los te maak nie. Ons het reeds gewys op die mening van Charles Lerche:

---

7. Vergelyk Dooyeweerd, H., The Christian Idea of the State, p. vii. „First of all, it is necessary to recognize that throughout most of history, the state has been the religious order of man and the central vehicle of his religious life, and this is no less true today, than in ancient Greece".

8. Elke teoretikus staan nie los van die normatiewe nie, maar is onlosmaaklik deelnemend daaraan gekoppel.

„There is no more vicious theorist than the man who says, 'I have no theory, I just let the facts speak for themselves'".[9]

In tussenstaatlike verhoudings, soos trouens in elke vakwetenskap,[10] spreek egter geen feitekompleks vanself as 'n soewereine, neutrale en onaantasbare gegewe nie. Bloot die seleksie van feitemateriaal impliseer reeds 'n religieuse stellingkeuse.

Ook by internasionale verhoudings is die verrekening van die normatiewe dus onontkombaar; 'n gegewe waarmee veral die humanisme ten bloede toe worstel. Apter en Andrain beweer:

„One of the most perverse and cloudy subjects in the social sciences, and one of the most important, is the study of what was once called ideas".[11]

Weens die feit dat die tussenstaatlike relatief 'n jong selfstandige studierigting is, word daar 'n dinamiese worsteling tussen die teorieë aangetref. Verwarring en doodlooppaaie word vry algemeen op die ontwikkelingspoor aangetref.[12]

---

9. Said, A.A., Theory of International Relations, p. 1.
10. Vergelyk Strauss, D.F.M., Wysbegeerte en Vakwetenskap, Sacum Beperk, Bloemfontein, Datum Onvermeld, pp. 1 - 10; Strauss, H.J., Christelike Lewens- en Wêreldbeskouing.
11. Apter, D.E., Andrain, C.F., Contemporary Analytical Theory, p. 155.
12. Vergelyk Said, A.A., Op. cit., p. 1. „Theories of international relations resemble such a chartdrawn with false starts, poorly marked paths, and detours".

Tot 'n deeglike insig in hierdie deurslaggewende stand van sake baan die geniale Nederlandse geleerde, Herman Dooyeweerd, vir ons op uitnemende wyse die weg. Vir Dooyeweerd word nie slegs die ontwikkelingsgang van die teoretiese denke deur die religie beheers nie, maar lê dit as religieuse dryfkragte aan die hele kultuurontwikkeling van Wes-Europa ten grondslag, wat in sentrale sin, rigting gee aan die hele lewenshouding.[13] Dooyeweerd verklaar:

> „De Westerse politieke en sociale structuur, de wetenschap, de kunst, enz. tonen in haar ontwikkelingsgang haar historische afhankelijkheid van de leidende cultuurmachten, die door haar historische machtspositie haar diepste religieuze grondmotieven aan alle maatgevende publieke uitingen der sameleving opdringen. Vier religieuze grondmotieven beheersen in hoofdzaak deze ontwikkelingsgang".[14]

Hierdie vier religieuse grondmotiewe wat die gang van

---

13. Vergelyk Van der Watt, L., Die Staatsfilosofiese Grondslae van die Suid-Afrikaanse Staatkunde sedert 1910, Ongepubliseerde D.Phil.-Proefskrif, U.O.V.S., 1970, pp. 1- 2. Aangaande die religie verklaar Van der Watt op p. 2. „Dit is die volstrekte sentrale dryfveer omdat dit vanuit die religieuse lewensentrum (die hart) alle tydelike lewensuitinge beheers en op die ware of vermeende oorsprong van die mens se bestaan rig. Die religie bepaal in diepste sin ons hele lewens- en wêreldbeskouing en plaas sy onuitwisbare stempel op die kultuur, die wetenskap, en sosiale struktuur van elke periode".

14. Dooyeweerd, H., Vernieuwing en Bezinning om het Reformatorisch Grondmotief, J.B. van den Brink en Co., Zutphen, 1959, p. 10.

die Westerse beskawingsontwikkeling en dus ook die verhoudings tussen state, gedurende die afgelope ses en twintig eeue beheers het, is: Die antiek-heidense religieuse grondmotief van vorm en materie, soos veral weerspieël in die Griekse Wysbegeerte; Die Christelike religieuse grondmotief van skepping, sondeval, en verlossing deur Christus Jesus in die gemeenskap van die Heilige Gees; Die Rooms-Katolieke religieuse grondmotief van natuur en genade, wat 'n sintese tussen eersgenoemde twee probeer bewerkstellig; en die Humanistiese religieuse grondmotief, waarin getrag word om al die voorafgaande motiewe tot 'n religieuse sintese te bring op grondslag van die waardigheid van die menslike persoonlikheid.[15] Ofskoon ons later, as die interne staatstruktuur aan die orde gestel word, weer aandag sal gee aan die religieuse grondmotiewe, is 'n bondige blik op hulle drakrag op hierdie stadium onontbeerlik.

Die denke van Plato (427 - 347 v.C.), Aristoteles (384 - 322 v.C.) Cicero en ander Antiek-Heidense filosowe, word onmiskenbaar beheers deur die vorm-materie motief.[16]

---

15. Vergelyk Dooyeweerd, H., A New Critique of Theoretical Thought, H.J. Paris, Amsterdam, 1953, vol. I, p. 61. Dooyeweerd, H., Inleiding tot de Encyclopaedie der Rechtswetenschap, H.J. Paris, Amsterdam, Datum onvermeld, p. 21 e.v.; Dooyeweerd, H., Reformatie en Scholastiek in de Wijsbegeerte, T. Wever, Franeker, Datum onvermeld, p. 20 e.v., Van der Watt, L., Op. cit., pp. 2 - 3.

16. Vergelyk die uiteensetting van Van der Watt, L., Op. cit., pp. 3 - 5.

Kragtens hierdie beskouing word die menslike natuur deur die materieprinsipe van die nimmereindigende lewenstroom, deur die ongebondenheid van sinlike begeertes en drifte bedreig[17] - 'n gedagtegang wat van meet af totalitarisme by die Grieke en, veel later, die magspolitiek van die Romeinse heerserswil tot gevolg sou hê.

Die Rooms-Katolieke religieuse grondmotief van natuur en genade vind wysgerige neerslag by Thomas Aquinas (1225 - 1247) - 'n fondament waarop tot vandag toe deur Rooms-Katolieke filosowe voortgebou word.[18] Volgens hierdie opvatting kan die skepping werklikheid slegs in die kader van natuur en genade benader word. Die staat word 'n totaalgemeenskap wat die hele tydelike lewe oorkoepel. Hierdie organiese opvatting van die staat sou ook later in die Suid-Afrikaanse staatkunde inslag vind, en dan veral in die strydpunt oor vrouestemreg.[19]

Die Humanistiese religie begin reeds in die dertiende

---

17. Vergelyk Dooyeweerd, H., Vernieuwing en Bezinning om het Reformatorisch Grondmotief, pp. 20 - 21.

18. Vergelyk Venter, E.A., Die Rooms-Katalisisme, p. 8., Cilliers, J., Die Grondbeginsels van die Rooms-Katolieke Staatsfilosofie, p. 1, e.v.; Cilliers, J., Die Rooms-Katolieke Kerk as Staatkundige Mag, p. 3., Rossouw, P., Die Vitaliteit van die Gesagsbegrip van Thomas Aquinas, Ongepubliseerde D.Phil.-Proefskrif, U.O.V.S., 1960, p. 7.

19. In hierdie verband kan daar gelet word op die volledige en insiggewende verhandeling van Wessels, F.J.H., Vrouestemreg, 'n Staatsfilosofiese Studie. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, U.O.V.S., 1953.

eeu wortelskiet in die teelaarde van die Griekse en Romeinse heidendom, maar het veral sedert die Renaissance die leiding begin neem om tot vandag toe die dominerende rol in die Westerse denke te speel.[20] H.J. Strauss merk dan ook tereg op:

> „Die humanistiese religie is histories in die bevoorregte posisie dat dit kan teer op die antiek-heidense, die Christelike en die Roomse religieuse grondmotiewe, en daarom is die humanistiese religieuse grondmotief (natuur en vryheid) ook nooit heeltemal los te maak van die grondmotiewe van sy historiese voorgangers in die Westerse beskawingsgeskiedenis nie."[21]

Ooreenkomstig die religieuse grondmotief van die humanisme met sy komponente van natuur en vryheid, tref ons hier die onversoenbare polêre spanning tussen die persoonlikheidsideaal en die wetenskapsideaal aan. Òf die menslike persoonlikheid òf die wetenskap word onaantasbaar gestel. En hierdie onversoenbare antitese sien ons treffend vergestalt in die denkbeelde van verskeie verheerlikte humaniste - Machiavelli, Hobbes, Locke, Rousseau, Marx, Comte, Kant, Kierkegaard, Lenin, Kelsen, Mao-Tse-Toeng en andere worstel om òf die wetenskap òf die per-

---

20. Vergelyk Van der Watt, L., Op. cit., p. 16.
21. Strauss, H.J., Partypolitieke Beginselrigtings, Die Gereformeerde Vaandel, Junie, 1959, Deel XXVIII, p. 15.

soonlikheid te verabsoluteer. Op staatsfilosofiese vlak kulmineer hierdie stryd in die worsteling tussen regstaat en magstaat.[22] Die Behavioralistiese teorieë wat ons in die vorige hoofstukke aan die orde gestel het, stu ook voort uit die humanisme. In hulle tussenstaatlike teorieë word òf die mens òf die wetenskap verabsoluteer.

Onder invloed van die humanistiese natuurwetenskaplike denkwyse lewer die behavioralistiese tussenstaatlike teorieë, met hul klem op die humanistiese individualisme, 'n verwronge blik op die menslike samelewing. Georiënteer aan die getalskring (kwantitatief) word alles tot die getalsfunksie herlei sodat die verhoudings tussen state bloot as die optelsom van matematiese gegewens aangedui word. Spelteorie, simulasieteorie en die wiskundige benaderings is uitstekende voorbeelde van die oorspanning en die vernouing in 'n diskrete kwantiteitsbeskouing van die individu in die samelewing. Taylor kritiseer hierdie wanpraktyk soos volg:

„The error of individualism is that it con-

---

22. Vergelyk Van der Watt, L., Op. cit., p. 19. „Chronologies het die beïnvloeding van die twee pole so verloop: eers die wetenskapsideaal - magstate, met Machiavelli en Hobbes as voorbeelde, daarna die persoonlikheidsideaal - regstate, met Locke, Rousseau en De Montesquieu as eksponente. Uiteindelik weer die wetenskapsideaal - magstate met die kommunisme en nasionaal-sosialisme as neerslag".

structs the communities and associations of human society out of elemental atomistic relations between individuals conceived as sovereign agents with the result that it does not recognize that these communities also have their own peculiar structural principles".[23]

Hierteenoor word die humanistiese universalisme treffend vergestalt in die behavioralistiese tussenstaatlike benaderings van stelselanalise en beslissingsanalise.[24] Telkens word 'n gewaande lewensvorm of staatspraktyk tot die hoogste geheel verhef en word dit as die eenheidswortel van die menslike samelewing verabsoluteer. Hierdeur word ook die teoretiese tussenstaatlike denke mateloos verskraal.

Teenoor die verkalkte normatiewe dryfkragte wat in die gang van die Westerse beskawingsgeskiedenis aan die orde was, bied ons die Christelike struktuurnorme aan soos wat dit opkom uit die religieuse grondmotief van skepping, sondeval en verlossing.[25] Die aandag word uitsluitlik toegespits op Christelike norme vir die tussenstaatlike soos wat dit ook uitgebeeld is in ons Reformatoriese erfenis.

---

23. Taylor, E.L.H., The Christian Philosophy of Law, Politics and the State, p. 423.

24. Aangaande die humanistiese universalisme vergelyk Dooyeweerd, H., Vernieuwing en Bezinning, Op. cit., p. 170.

25. Vergelyk Venter, E.A., Die Ontwikkeling van die Westerse Denke, p. 50; Van der Watt, L., Op. cit., pp. 6 - 10.

Van ons Calvinistiese denkers in Suid-Afrika was dit F.J.H. Wessels wat na ons mening die eerste deurgedring het tot 'n suiwere Christelik-verantwoorde koers in die kader van tussenstaatlike teorieë en wel in besonder met sy aanbieding van 'n normatief-strukturele benadering van die tussenstaatlike.[26] In hierdie benadering van Wessels word, soos ons later sal sien, gepoog om in die geheel gedra te word deur Christelike norme.[27]

Die normatief-strukturele benadering impliseer dat die tussenstaatlike struktuur deur bepaalde norme gedra word. Die grondslagnaam van hierdie benadering beklemtoon die feit dat die struktuur nie bloot 'n neutrale losloper is nie, maar kwalifiserend deur bepaalde normverankerdheid gedra word. Die tussenstaatlike struktuur word aldus nie as 'n ontkoppelde selfgenoegsame en outonome organisasie of stelsel gesien nie, maar is onlosmaaklik verbind aan 'n bepaalde lewens- en wêreldbeskoulike voorveronderstelling. Die een kan nie sinvol sonder die ander opereer nie. Erkenning dus van die feit dat geen tussenstaatlike teorie los van religieuse oriëntering kan bestaan nie.

---

26. Vergelyk in die besonder Wessels se intreerede as Hoogleraar in Staatsleer. Wessels, F.J.H., Internasionale Verhoudinge - 'n Normatief-Strukturele Benadering. C.R. Swart-Lesing No. I in Internasionale Verhoudinge, Bloemfontein, 16 Oktober 1968.

27. Veral ten opsigte van die maatskapsfiguur openbaar Wessels hom as 'n medestaander van Herman Dooyeweerd.

Die norm wat Wessels vir die normatief-strukturele benadering aanlê, is die Skepperswil van God Drie-enig, en Sy Ewige Raadsplan, waarin die stryd in die statery onherroeplik verreken is. In hierdie verband merk Wessels op:

> „Enige ontleding van die internasionale verhoudinge en bepaling van die Leitmotiv, van die verhoudingsdinamiek, wat die afwikkeling van die Raadsplan van God nie verreken nie, verval in 'n uitsigloosheid van toevallige gebeure wat as remedie ingrype deur die mens vereis en deur menslike perfeksie en organisasie uitgeskakel moet word. In die ruimste perspektief vervlieg die skyn dat die geskiedenis ordeloos verloop of na menslike willekeur gerig word. Soos Augustinus sy Civitas Dei en Civitas Terrena skei, heers in die diepste wortel die onversoenlike antitese ook in die tussenstaatlike betrekkinge. Ook die owerhede van state sal in 'n stellingname betrek word, 'n stellingname waardeur elke staat 'n eie perspektief erlang".[28]

God Drie-enig, as Skepper, Formeerder en Onderhouer van die geskape werklikheid, het die eindbestemming sowel as die

---

28. Wessels, F.J.H., Internasionale Verhoudinge - 'n Normatief-Strukturele Benadering, p. 21.

wordings- en bestaansgeskiedenis van elke staat in sy skeppingsordinansies verreken. Die mens is nie in staat om een enkele jota of titel hiervan te verander of om iets daaraan af te doen nie. Dooyeweerd verklaar:

> „He has already judged the world, but up to the last judgment the Civitas Dei and the Civitas Terrena will remain in conflict".[29]

Die finale eindstryd sal dus moet uitwoed tussen hierdie twee onversoenbare strydmagte.

Teen die agtergrond van hierdie normgegewe eindstryd moet die oorloë en gerugte van oorloë van ons dag nie vir ons werklikheidsvreemd wees nie. Dit dui op die finale antitese soos wat Daniël dit reeds by die droom van Nebukadnesar onderskei het:- Die opkoms van die wêreldryke en hulle tuimeling en verwoesting voor die rollende steen van God se vergelding. Daniël verklaar Nebukadnesar se droom soos volg

> „ ... net soos u gesien het dat sonder toedoen van mensehande 'n klip van die berg af losgeraak

---

29. Dooyeweerd, H., A new Critique of Theoretical Thought, Vol. III, p. 507. Vergelyk ook Wessels, F.J.H., Die probleem van Tussenstaatlike Verhoudinge - Humanisties en Christelik, Die Gereformeerde Vaandel, Vol. XXVI, Junie 1958, p. 16 „ ... is die waarheid dat in die religieuse wortel van die kosmos en derhalwe ook in die wortel van die gehele historiese ontwikkeling, daar 'n onversoenbare antitese bestaan tussen die Ryk van God en die Ryk van die Duisternis".

> het, wat die yster, die koper, die klei, die silwer en die goud verbrysel het".[30]

Staatsowerhede wat die grondslae van die Christelike genormeerdheid vir die tussenstaatlike ontken, is onafwendbaar aangewys op die vesting van die Duisternis en 'n nimmereindigende worsteling in die ryk van Satan. Dit impliseer nie dat staatsowerhede wat die skeppingsordinansies aanvaar, volmaakte tussenstaatlike verhoudings sal handhaaf nie, want ook ten opsigte van internasionale verhoudings kan die mens die sondeval nie vryspring nie.

> „No Christian organization is based on the selfrighteous principle of separating the sheep from the goats, but on the biblical principle of faith in God's restoring grace in the lives both of individuals and of society"

beweer Taylor.[31] Voorts het die Christen 'n taak om hierdie norme getuigend uit te dra na diè wat in die duisternis wandel.

Die normatief-strukturele benadering aanvaar dus die

---

30. Die Bybel in Afrikaans. Samuel 2 vers 45. Vergelyk ook Zuidema, S.U., Asia's Awakening and our Christian Responsibility: Retrospect and Prospect, in Zuidema, S.U., Communication and Confrontation, pp. 3 - 21, waar daar gedui word op die taak van die Christen ten opsigte van die kersteningsmissie in die civitas terrena.

31. Taylor, E.L.H., Op. cit., p. 616.

ewige Raadsplan van God as die verborge dryfkrag in die verhoudings tussen state - 'n skeppersgewilde Armageddon waarin die keuse van elke staat onherroeplik verreken is. Elke menslike individue staan midde in hierdie finale eindoordeel waaraan geen volk kan ontkom nie. Dooyeweerd stel dit baie duidelik:

> „True humanity is rooted in Christ, and in Him the whole temporal world in its true meaning-structure is saved. That which remains alien to Him is doomed to eternal death and will find Him to be the judge, who will come to pass judgment on the kingdom of darkness".[32]

Met hierdie Christelik-verantwoorde normatiewe dryfkrag van internasionale verhoudings - 'n bydrae van Wessels en ander medestanders waarvan die belangrikheid moeilik oorskat kan word - voor oë, kan die aandag nou toegespits word op die struktuur wat geldig is vir die verhoudings tussen state. Aangesien die staat egter die basiese fondament van die tussenstaatlike vorm is, is 'n sinvolle opheldering daarvan onontbeerlik - die tema van ons volgende gedagteskof.

---

32. Dooyeweerd, H., A New Critique of Theoretical Thought, Vol. III, p. 507. Vergelyk ook Wessels, F.J.H., Internasionale Verhoudinge - 'n Normatief-Strukturele Benadering pp. 21 - 22.

## C. GRONDSLAE VAN DIE CHRISTELIKE STRUKTUURLEER

### 1. INLEIDING

Kragtens ons siening wentel die Christelike struktuurleer van die staat rondom die een deurwrogte Calvinistiese belydenis; SOLI DEO, GLORIA - aan God alleen die eer! Getrou aan hierdie religieuse verankerdheid, ten opsigte van die ganse tydelike werklikheid, wat in afhanklike onderworpenheid in sy totaliteit deur die Skepper beslag gegee is, is ook die eie aard en struktuur van die staat ingebed. Kalsbeek beweer:

> „Want hij is juist dan eerst getrouw dienskecht van zijn Heer, op staatsgebied, wanneer hij ook daar ... denkt, spreekt, handelt, zo als overeenkomstig is met die van zij Heer alzo gewilde en verordende aard van de sfeer waarin hij zich beweegt".[33]

Aangaande die struktuur van die staat bestaan daar reeds sedert die dae van die antieke monargieë tallose teorieë wat Dooyeweerd as 'n „chaotiese meningsverscheidenheid" aandui[34] - teoretiese benaderings wat saamhang met die vier religieuse

---

33. Kalsbeek, L., De Wijsbegeerte der Wetsidee, Buijten en Schipperheijn, Amsterdam, 1970, p. 236. Dooyeweerd, H., The Christian Idea of the State, The Craig Press, Nutley, New Jersey, 1968, pp. xii - xiii; Dooyeweerd, H., A New Critique of Theoretical Thought, Vol. III, Hoofstuk III. Taylor, E.L.H., The Christian Philosophy of Law, Politics and the State, Hoofstuk IX, Spier, J.M., Inleiding in de Wijsbegeerte der Wetsidee, J.H. Kok, Kampen, 1950, pp. 189 - 206.

34. Vergelyk Dooyeweerd, H., De Wijsbegeerte der Wetsidee, Vol. III, p. 322.

grondmotiewe wat ons alreeds aangedui het en wat ophelderend vereis dat ons in die verbygaan enkele snitte daaruit maak.

Die antiek-heidense denkers, Plato en Aristoteles, proklameer onder leiding van die heidense kultuurreligie die staat as die omvattende geheel van alle samelewingsvorme.[35] Die Griekse staatsidee is van meet af totalitêr. Dit is 'n interstedelike konstruksie waarin mag steeds die fondament is, maar waar volkereg, moraliteit en tussenstaatlike organisasie reeds begin gedy in die klimaat van 'n bipolarisme tussen twee magsentrums, Sparta en Athene.[36] Die staat word die hoogste doel - 'n onaantasbare kolos.

> „De staat is de grote moloch, die alles voor zich eist",

aldus Spier.[37]

Thomas van Aquino gee aan die staat, in navolging van Aristoteles 'n universalistiese struktuur. Dooyeweerd verklaar:

> „The state was counted with the so-called natural

---

35. Vergelyk Spier, J.M., Op. cit., p. 189; Strauss, H.J., Staatsleer I, Diktaat, p. 16; Dooyeweerd, H., Vernieuwing en Bezinning, Op. cit., p. 21.

36. Vergelyk Wessels, F.J.H., Internasionale Verhoudings - 'n Normatief-Strukturele Benadering, p. 4; Schwarzenberger, G., Power Politics, p. 15; Schuman, F.L., International Politics, pp. 38 - 44.

37. Spier, J.M., Op. cit., p. 190.

> realm and the pagan, Aristotelian view was taken over".[38]

Die hele sekulêre of nie-kerklike lewe kom sodoende onder leiding van die staat, en vorm slegs 'n voortrap tot die geluksalige universalistiese hiërargie met die kerk as die spits van alles. Deur die toedoen van Thomas verkry die staat dus 'n totalitêre en absolutistiese inslag en word daar aan die kerklike magstaat beslag gegee.[39] Kerkuniversalisme domineer staatsuniversalisme - die kerk swaai sy verkerklikingsepter oor die staat en hef daardeur enige verdienste van 'n universalistiese staatsbegrip op. In werklikheid is dit dan ook die Rooms-Katolieke Kerk wat die grense van die bevoegdheid van die staat bepaal.

Die humanistiese wêreldbeskouing het ook sy eie staatsteorieë voorgedra. Dooyeweerd stel dit soos volg:

> „The humanistic world and life view was concentrated in two ground motives: the humanistic ideal of personality and the new science ideal. The first meant to teach absolute autonomy self-sufficient ethical determination. The second

---

38. Dooyeweerd, H., The Christian Idea of the State, p. 8. Vergelyk ook Van der Watt, L., Op. cit., p. 11. „Thomas se opvatting van die natuurlike orde is geheel en al aan die Griekse vorm-materie motief van Aristoteles ontleen".

39. Vergelyk Spier, J.M., Op. cit., p. 190. „Op dit standpunt verzette men zich ook tegen de overheersing van de staat door de kerk, niet om de staat aan het Woord van God te binden, maar om hem te saeculariseeren, te verwereldlijken, hem over te geven aan eigen willekeur".

> was intent upon a construction of the temporal world-coherence, based on the autonomy of scientific thought".[40]

Die religieuse grondmotief van die humanisme, naamlik die van natuur en vryheid, is religieus dialekties en onversoenbaar. Die spanning tussen die wetenskapsideaal en die persoonlikheidsideaal in die huis van die humanisme, het ons egter reeds aangedui.[41] Die individuele mens is in hierdie benadering die onaantasbare soewerein sodat selfs die owerheidsgesag aan die volk ontleen word. Die staatstruktuur word in hierdie bedeling 'n karikatuur. Die funksie daarvan is duidelik - dit moet dien as waarborg vir individuele ongebondenheid en die beskerming van die idilliese vryheid van die mens.

Op Christelike wortel is daar egter ook vir baie eeue geworstel met die problematiek van die staatstruktuur.

## II. ENKELE VOORLOPERS EN GRONDLEGGERS VAN DIE CHRISTELIKE STAATSLEER

Die kerkvader, Augustinus (354 - 430 n.C.), leef in 'n tydvak toe die Christendom deur 'n krisis gaan en hy met sy

---

40. Dooyeweerd, H., The Christian Idea of the State, p. 22 Vergelyk Dooyeweerd, H., De Crisis in de Humanistische Staatsleer in het Licht Eener Calvinistische Kosmologie en Kennistheorie, pp. 7 - 9; Conradie, A.L., The Neo-Calvinistic Concept of Philosophy, pp. 58 - 59. University Press, Pietermaritzburg, 1960.

41. Vergelyk ook Strauss, D.F.M., Wysbegeerte en Vakwetenskap, p. 269.

magtige denkkrag - stuwend uit die wêreldoorwinnende ware religie - die riglyne uitstippel waarvan die Christendom vir baie eeue nie sou afwyk nie.[42] Die onversoenbare antitese tussen geloof en ongeloof wat Augustinus in sy „De Civitate Dei" aandui, het ongetwyfeld baie verdienste.[43] Die goddelike oorsprong van die staat bely hy slegs by implikasie, terwyl die reste van die Griekse universalisme nog sy denkbeelde oordonder. Tog handhaaf Augustinus die Bybelse leer van die radikale sondeval, maar sy grootste verdienste vir die Christelike staatsleer bly die leerstuk van die antitese.[44]

Ruim elf eeue na Augustinus kom daar uit Pikardië in Frankryk 'n dinamiese eksponent van die Christendom - Johannes Calvyn (1509 - 1564) - wat met krag die soewereiniteit van God proklameer.[45] Net soos by Augustinus, het die Skriftuurlike grondmotief 'n magtige greep op sy denke gehad. Hiermee is die hegte fondamente gelê waaraan Groen van Prinsterer (1801 - 1876); Abraham Kuyper (1837 - 1920) en in die besonder Herman Dooyeweerd later beslag sou gee.

---

42. Vergelyk Loots, Z.B., Augustinus as Christendenker, p. 260 e.v.
43. Vergelyk Venter, E.A., Die Ontwikkeling van die Westerse Denke, pp. 41 - 48.
44. Vergelyk Van der Watt, L., Op. cit., p. 6
45. Vergelyk Taylor, E.L.H., Op. cit., pp. 482 - 496; Wessels, F.J.H., Die Owerheidstaak. Ongepubliseerde D.Phil.-Proefskrif, U.O.V.S., 1957, pp. 323 - 335.

Guillame Groen van Prinsterer het 'n besondere rol gespeel in die ontplooiing van die Christelike staatsfilosofie. Van hom sê Taylor:

> „He was the first Christian statesman to bring out into the open the fundamental issue in modern politics: Will men and nations accept God's authority and sovereignity in the state or will they make their own reason sovereign. Is God or man sovereign in the body politic?"[46]

Abraham Kuyper, teoloog, akademikus, regsgeleerde en staatsman van formaat se bydrae is veral geleë in sy opheldering van die skeppingsbeginsel van soewereiniteit-in-eie-kring.[47] Hy beklemtoon met nadruk die grens tussen God en die kosmos, en slaag daarin om hierdie beginsel te laat deurwerk na die menslike samelewing:

> „Kuyper's conception of the sovereignity of God in all spheres of life, his doctrine of the heart as the central unity of human existence, his doctrine of sphere sovereignity of the antithesis between regenerate and unregenerate science, and of common grace, have played a fundamental role in Dooyeweerd's attempt to con-

---

46. Taylor, E.L.H., Op. cit., p. 32
47. Ibid. pp. 42 - 61; Vergelyk ook Kuyper, A., Souvereiniteit in eigen kring. Voordrag gelewer by die Vrye Universiteit van Amsterdam op 20 Oktober 1880; Veenhof, C., Souvereiniteit in Eigen Kring, Dengerink, J.S., Critisch-Historische Onderzoek naar de Sociologiese ontwikkeling van het Beginsel der Souvereiniteit in Eigen Kring; Scheepers, D.J.J., Die Beginsel van Soewereiniteit in eie Kring as waarborg vir Burgervryheid in die Christelike staat, p. 1 e.v.

> struct a truly biblically-based christian map of the modern world. They have provided him with the foundations upon which he has been able to erect his impressive superstructure of the Christian philosophy of the Cosmonic Law Idea"[48]

beweer Taylor.

By geleentheid van die vyf en twintigste jaarlikse herdenking van Kuyper se redakteurskap van „De Standaard" besig hy die volgende woorde volgens 'n Engelse vertaling van Taylor:

> „One desire has been the ruling passion of my life. One high motive has acted like a spur upon my mind and soul. And sooner than I should seek escape from the sacred necessity that is laid upon me, let the breath of life fail me. It is this: That in spite of all wordly opposition, God's holy ordinances shall be established again in home, in the school and in the state for the good of the people; to carve as it were into the conscience of the nation the ordinances of the Lord, to which the Bible and Creation bear witness until the nation pays homage to God again."[49]

Herman Dooyeweerd sou die ganse Christelike erfenis saamvat in sy geniale eksponering van die Christelike wysbegeerte, met sy eie wysgerige grondidee, naamlik diè van die wets-

---

48. Taylor, E.L.H., Op. cit., p. 61.
49. Soos aangehaal in Ibid., p. 43.

kringe.[50] Hy het dan op die grondslae van genoemde Christelike staatsfilosowe voortgebou en 'n heldere uiteensetting van die radikale, integrale en totale werking van die Christelike religieuse grondmotief gegee. By uitnemendheid vestig hy die aandag daarop dat elke staatsfilosofie in 'n besondere religieuse grondmotief gefundeer is en aldus deur daardie wysgerige grondidee uitgebou word. So gee die Christelike religieuse grondmotief aan ons die wetsidee as sy wysgerige grondidee - en dit helder die normatiewe individualiteitstruktuur van die staatsverband sinvol op[51] - onmisbare akademiese materiaal en gereedskap om die veelheid van nasionale state en hulle onderlinge verkeer korrek te fundeer en te begryp.

## III. DIE CHRISTELIKE SIENING VAN DIE STAAT

'n Bondige en kernagtige uiteensetting van die Christelike struktuurleer aangaande die struktuur van die staat is onontbeerlike gereedskap vir die verdere hantering van die normatief-strukturele benadering van Wessels. Die ganse kosmos is die skepping van God en daarom vind ook die staat sy normatiewe individualiteitstruktuur in die bouplan van ons Skepper:

---

50. Vergelyk al die reeds aangehaalde werke van Dooyeweerd, maar gee besonder aandag aan A New Critique of Theoretical Thought.

51. Vergelyk veral Dooyeweerd, H., A New Critique of Theoretical Thought, Vol. III, pp. 379 - 506; en Dooyeweerd, H., De Crisis in de Humanistische Staatsleer, Op. cit., pp. 84 - 111

> „In the state, as such, God reveals Himself as the Sovereign origin of all governmental authority, as the Holy Omnipotent avenger of all iniquity",

aldus Dooyeweerd.[52] Die eie geaardheid van die staat as lewensvorm is dus nie van menslike oorsprong nie, maar dit is as deel van die Wet van God aan die mens voorgeskryf, waaraan hy - sy normatiewe keusevryheid ten spyt - nie kan ontkom nie.[53] Die Wet van God is buitendien 'n ewige en onveranderlike gegewe, en daarom is alle mense - gelowiges en ongelowiges - bewus of onbewus gebonde aan die normatiewe struktuur van die staatsverband.

Die state wat in die gang van die wêreldgeskiedenis in die lewe geroep is, vloei dus almal voort uit die positivering van hierdie normatiewe bouplan van die staatsverband. Die sondegebrokenheid waaraan ook alle staatslui onderworpe is, tesame met die normatiewe keusevryheid ten opsigte van die toepassing van die staatsbouplan, laat langs die polsslag van die eeue verskeie prototipes van normatief-verantwoorde

---

52. Dooyeweerd, H., A New Critique of Theoretical Thought, Vol. III, P. 503. Vergelyk ook Taylor E.L.H., Op. cit. pp. 424 - 425. „The normative structural principle of the state rests upon God's will and purpose for man in society, and not upon the will of a monarch, a dictator, or the general will of the people".

53. Vergelyk Fourie, J.J., Verhouding Staat en Kerk by Herman Dooyeweerd, p. 65.

state, maar ook karikature ontstaan. Sondegebrokenheid tref egter nie die normatiewe bouplan nie - die norm laat hom nie onbetuig teenoor die karikatuur nie. Dooyeweerd merk in hierdie verband op:

> „But never can the state as a temporal societal relationship struggle free from the grasp of the sphere of faith, within which a higher will than its own has assigned a structural function to it".[54]

Die Christelike staat sien ons dan as 'n regsverband en hierin word owerheid en onderdaan onder leiding van die Christelike regsbeginsels sinvol saamgebind in onderwerpenheid aan die ordinansies van God wat geldig is vir die bestaanswyse van die Christelike staat. Slegs die staatsowerheid besit die bevoegdheid om deur middel van 'n publieke regsorde die veelheid van regsbelange op die staatsterritorium in harmonieuse ewewig saam te bind.[55] Die owerheid het dus 'n spesiale roeping as die bewaarder van regsharmonie. In algemene

---

54. Dooyeweerd, H., A New Critique of Theoretical Thought, Vol. III, p. 503. Vergelyk ook Strauss, H.J., Staatsleer I Diktaat, p. 20. „Maar dan ook dat selfs die ongelowiges nooit ontkom aan die binding van die Goddelike norme wat vir die menslike lewe geld nie - al verloop die ongehoorsame verwerkliking daarvan ook in karikature. Wie ongehoorsaam is raak die wet van ons Skepper nie kwyt nie, maar kom juis daarmee in botsing. Hy verstrik in sondeslawerny en kry gewoonlik te doen met die straf van die sonde.

55. Vergelyk Wessels, F.J.H., Die Owerheidstaak, p. 147 „Hierdie taak bly egter steeds begrensd; eerstens territoriaal, maar fundamenteel deur soewereiniteit in eie kring - d.w.s. interne regsfere waarvan die kriteria deur die interne struktuurprinsipes gegee word."

sin moet die owerheidstaak derhalwe in sy breëre religieuse inslag gesien word - om rus en vrede te verseker, want daarsonder sou eindelose anargie geheers het.[56] Wessels verklaar:

> „Deur God ingestel en gesanksioneer sal ook die amp van die owerheid positivering erlang, wat primêr bepaal en gerig sal word deur die religieuse stellingname van die persoon wat die amp beklee."[57]

Ten einde hierdie veelheid van regsbelange te bewaar is die staat op historiese swaardmag gefundeer, terwyl dit sy bestemmingsfunksie vind in die juridiese vergeldingstaak. Hebden Taylor beweer in navolging van Dooyeweerd:

> „In all these possible theories of the state, we always encounter the historical function of power and the juridical function of justice."[58]

Dooyeweerd wys daarop dat dit merkwaardig is dat in alle

---

56. Vergelyk Ibid., p. 150
57. Ibid., p. 150.
58. Taylor, E.L.H., Op. cit., p. 485. Vergelyk ook Dooyeweerd, H., The Christian Idea of the State, p. 41. „In the divine structural principle of this societal relationship the power of the sword is unbreakably bound up with the typical end-function of the state, that is, the maintenance of a public jural community of rulers and subjects".

staatsteorieë en staatsvorme steeds die strukturele faktore van reg en mag aangetref word, wat hoewel dit teoreties in verskillende konstruksies uitgedruk word, tog wesenlik dieselfde bly.[59]

Die staatsverband is dus gefundeer in die monopolistiese organisasie van die swaardmag en slegs die owerheid beskik oor die bevoegdheid om die swaard op 'n bepaalde staatsterritorium te dra. Die tipiese funderingsfunksie van die staatsverband is nêrens anders te vinde:

> „dan in de interne monopolistische organisatie van de zwaardmacht over een zeker territoriaal begrensd cultuurgebied."[60]

As hierdie fundering ontbreek, is die staatsbegrip dus ook opgehef. Wie die swaardmagfundering van die staat in navolging van Thomas Aquinas as kettery verwerp, verval in die dryfsand van anargie.[61] Die opname van die swaard impliseer nie dat die staat <u>in toto</u> geskep is nie, maar daarin word normatiewe struktuurbeginsels gegee wat die mens moet aktualiseer

---

59. Vergelyk Dooyeweerd, H., <u>De Wijsbegeerte der Wetsidee</u>, Vol. III, p. 333.

60. <u>Ibid</u>., p. 366.

61. Vergelyk Spier, J.M., <u>Op. cit</u>., p. 195. „Een staat die de organisatie van z'n zwaardmacht verwaarloost, ondermijn zichself en graaft z'n eigen graf".

en verwerklik.

Die funderingsfunksie is egter in onverbreekbare samehang met die bestemmingsfunksie gegee - die bewaring van 'n veelheid van regsbelange in harmonieuse ewewig. In kenmerkende staatlike sin impliseer dit waaksaamheid van owerheidsweë oor 'n rustige samelewingsorde in 'n diversiteit van regsbelange.[62] Daarom moet alle regsbelange in die sin van publiekregtelike verbandsvergelding, ewewigtig gehanteer word in algemene regsbelang, volgens die behoeftes van die hele volk, en met eerbiediging van soewereiniteit in eie kring van die nie-staatlike lewensvorme. Kortom, die owerheid is geroepe om sy burgery rustig en onbelemmerd te laat, gelei met die belofte van juridiese beskerming en vergelding.[63] Die juridiese sluitsteen van die staatsverband is onontbeerlik, want die staat waar slegs die swaard die laaste seggingskap besit, degenereer tot 'n horde struikrowers, soos Augustinus en Calvyn reeds opgemerk het.[64] Die bestemmings en funderingsfunksie vul mekaar dus aan, is nie in stryd met mekaar

---

62. Vergelyk Dooyeweerd, H., De Wijsbegeerte der Wetsidee, Vol. III, pp. 399 - 401.
63. Vergelyk Dooyeweerd, H., The Christian Idea of the State, p. 42.
64. Vergelyk Ibid., p. 42.

nie, en kan hoegenaamd nie los van mekaar fungeer nie. Daar bestaan dus geen rede waarom daar spanning tussen mag en reg - historiese swaardmagvorming en die juridiese integreringsnorm - moet wees nie.[65]

Slegs binne hierdie staatsverband word burgervryheid en politieke medeseggingskap sinvol omlyn omdat hier geen prinsipiële probleme rondom die dilemma van gesag en vryheid te vinde is nie. Die regte en verpligtinge van owerheid en onderdaan is ingebed in die normatiewe individualiteitstruktuur van die staatsverband. Hiervolgens kan die aardse owerhede geen absolute gesag uitoefen nie, want God is die oorsprong van alle gesag.[66] En die vryheid van die burgery word 'n genormeerde vryheid met verantwoordelikheid by God. In Christus is alle staatsburgers dus waarlik vry, maar 'n verwerping van sy norme bring 'n verstrikking in sondeslawerny.

Binne hierdie Christelike staatstruktuur word mag en reg korrek aangewend. 'n Staat sonder juridiese vergelding verval in botvierende rowery, terwyl die afwesigheid van

---

65. Vergelyk Taylor, E.L.H., Op. cit., pp. 429 - 430.
66. Vergelyk Wessels, F.J.H., Die Owerheidstaak, p. 141.

swaardmag om juridiese vergelding af te dwing, op bandelose anargie afstuur.

Nieteenstaande Emil Brunner se opmerking in sy bekende boek <u>Das Gebot und die Ordnungen</u>:

> „The Christian State never existed, and it never will"[67]

bly die Christelike struktuurleer oor die staat vir ons die enigste aanvaarbare. Dooyeweerd verklaar:

> „Thus the Christian idea of the state in its only possible, radical, scriptural sense remains the liberating message - also, yes, especially in our dynamic times. And it is to us, kindred in spirit, to take hold of this incomparably rich idea, to make it our own, to possess it spiritually as the heritage of our fathers. May we carry it everywhere - to benefit the entire community, now drastically distorted, as the only balm for its wounds."[68]

Hierdie heldere reformatoriese beskawingserfenis

---

67. Soos aangehaal in Dooyeweerd, H., <u>The Christian Idea of the State</u>, p. 2.

68. <u>Ibid</u>., p. 50 Vergelyk ook Van der Watt, L., <u>Op. cit</u>., <u>p. 245</u>. „Ons konkludeer dat daar vir die Christelike staatfilosowe in ons land 'n grootse taak wag om voortdurend die Christelik religieus-gefundeerde staatsfilosofiese denkrigting nader uit te werk en voorop te stel".

van die interne staatstruktuur waarin die wondere van Gods skepping verreken word, moet ons vervolgens toespits op die tussenstaatlike struktuur - die struktuur wat ons volgens die normatief-strukturele benadering van Wessels by die verhoudings tussen state aanwend.

## D. DIE TUSSENSTAATLIKE STRUKTUUR-ORIëNTERENDE PERSPEKTIEF

As ons die grondslae van die Christelike struktuurleer ten opsigte van die nasionale staat se struktuurprinsipe aanvaar as die vertrekpunt en tipiese kenmerk van die staat;[69] en aangesien alle state eners gestruktureerd is, het ons hier 'n eerste bruikbare tussenstaatlike beginsel - naamlik van strukturele gelykwaardigheid van alle state. Dit is 'n bepalende faktor wat vir enige moontlike tussenstaatlike lewensvorm verreken moet word. Dan het ons egter nog geen antwoord gegee oor die taak en verhouding van die staat ten opsigte van ander state nie. Dit is 'n probleem wat nie opgelos kan word deur bloot voort te bou op die interne struktuurprinsipe van die staat en sy verhouding tot ander samelewingsvorme nie, want

---

69. Vergelyk Wessels, F.J.H., Die Probleem van Tussenstaatlike Verhoudinge - Humanisties en Christelik. Die Gereformeerde Vaandel, Junie 1958, p. 13. „Die struktuurprinsipe van die staat begrens die interne taak van juridiese integrasie in 'n veelheid van regsbelange, tot diens van die eie land en volk omdat dit ook territoriaal afgeperk is."

hier geld die beginsel van soewereiniteit in eie kring ten opsigte van elke afsonderlike lewensvorm - 'n struktuur wat baie beslis nie in die veelheid van state toepaslik sal wees nie.[70] Die probleem kan ook nie sinvol opgehelder word deur die privaatregtelike omgangsnorme nie. Dooyeweerd beweer:

> „The international political relations in which the state is involved, are quite different from those between the state and non-political societal relationships or from the the function of the State in private inter-individual relations."[71]

Die interne beginsels van die staat as normatiewe gegewe, bied dus in die tussenstaatlike geen oplossing vir die probleem van reg en mag nie, hoe doeltreffend die swaardmag en juridiese integrasie nou ook al na binne fungeer. Tog is dit so dat die buitelandse verhoudings en beleid van elke staat in onverbreekbare samehang gekoppel is aan die interne struktuur, alhoewel dit onmiskenbaar 'n tussenstaatlike karakter bly dra. Internasionale verhoudings kan daarom nie gerig word volgens die maatstawwe van die binnelandse beleid nie.[72]

---

70. Vergelyk Wolvaardt, P.J., Botswana - 'n studie in Internasionale Betrekkinge, Ongepubliseerde M.A.-Verhandeling, U.O.V.S., 1968, pp. 2 - 4.

71. Dooyeweerd, H., A New Critique of Theoretical Thought, Vol. III, p. 473.

72. Vergelyk Wessels, F.J.H., Die Probleem van Tussenstaatlike Verhoudinge - Humanisties en Christelik, Op. cit., p. 9; Luyt, N., 'n Studie van Regionalisme in die Wêreldpolitiek met Besondere Aandag aan Suider-Afrika, p. 4.

Die belange wat hier op die spel is, dra onteenseglik 'n openbare internasionale karakter, sodat tussenstaatlike kontakmomente nie volgens die burgerlike maatstaf hanteer kan word nie.

Dit is juis in hierdie opsig, waar die teoretiese denkers wat nie in die lig van Gods Woord opereer nie, struikel. Die staatsraison-denkers het in magspolitieke milieu die klem eensydig laat val op die funderende swaardmag, en die tussenstaatlike uit 'n swaardmagfondament opgebou.[73] Aan die ander kant verskuif die natuurregsdenkers die klem na die juridiese en handhaaf die oorkoepelende supremasie van die natuurreg, sodat ook die staat daaraan gebonde is.[74] Descartes, Grotius, Fichte, Kant, Wolff, Stammler, Duguit, Salleiles en Kelsen het almal die natuurreg verabsoluteer, en as hulle prinsipiële beoordelingsmaatstaf aangelê. Maar ook langs hierdie weg kon hulle geen bevredigende antwoord vir die struktuur van die tussenstaatlike bied nie.

---

73. Vergelyk Wessels, F.J.H., Die Republikeinse Grondwet, Nasionale Boekhandel Beperk, Kaapstad, 1962, p. 162. „Hier is die beginsel van ongebreidelde absolutisme op sy gevaarlikste, omdat dit te veel klem lê op die funderende kenmerk van die staat, naamlik die swaardmag en so die finale bestemming van reg en ewewig uit die oog verloor". Morgenthau, Green, Stoessinger e.a. wat staan op die standpunt van magspolitiek faal in die opsig van insig in en erkenning van ledestate se wedersydse belange.

74. Vanuit die standpunt van die natuurreg het van die vroegste skrywers tot kontemporêre intellektualiste hulle maatstawwe van die tussenstaatlike uitgebou. Thomas Aquinas se maatskappyeleer bevat geen enkele verweer teen staatstotalitarisme nie, maar berei juis die weg daarvoor voor. Vergelyk Dooyeweerd, H., A New Critique of Theoretical Thought, Vol. III, p. 219. „Unhesitatingly Thomas subordinates all non-political natural relationships to the state, which as the perfect natural community is higher than all others known and produced by reason".

Betreffende die struktuur van die tussenstaatlike is elke teoretikus ekstern-observerende besig om die struktuur te betrag en leef hy nie deelnemend daaraan mee nie - 'n faktor wat van diepgaande betekenis is.

In alle menslike samelewingsvorme tref ons tiperende strukturele kenmerke aan. In ons soeke na die struktuur van tussenstaatlike verhoudings moet ons dus let op die verskillende samelewingsvorme, en dan wel op die verbands-, gemeenskaps- en maatskapsvorme. Die verbandstruktuur besit 'n solidêre eenheidskarakter en 'n permanente gesagstruktuur; die gemeenskapstruktuur, slegs 'n permanente gesagstruktuur, terwyl die maatskapstruktuur nòg 'n solidêre eenheidskarakter, nòg 'n permanente gesagstruktuur besit.[75]

Die verhouding tussen state het geen solidêre eenheidskarakter nie, en kan onder geen omstandighede deur 'n permanente gesagstruktuur oorkoepel word nie. Wessels poneer treffend:

> „Die ponering van 'n gewaande superstruktuur is dus werklikheidsvreemd en reduseer die eksterne verhouding tussen state tot die binnestaatlike van owerheid en onderdaan - of die buitestaatlike posisie

---

75. Vergelyk Dooyeweerd, H., <u>De Wijsbegeerte der Wetsidee</u>, Vol. III, p. 121 e.v.; Spier, J.M. <u>Op. cit.</u>, pp. 166 - 219; Kalsbeek, L., <u>Op. cit.</u>, pp. 207 - 262.

veroweraar en verowerde".[76]

Dit is logies, want geen volk moet daarop kan aanspraak maak dat hy permanent oor 'n ander heers nie. Die afwesigheid van dusdanige permanente gesagstruktuur moet ook deur die humaniste erken word en die norm wreek hom treffend in die onbeholpe en tot mislukking gedoemde pogings van die VVO-polisiemagte by teenswoordige onweersones om gesag af te dwing.[77] Selfs kontemporêre voorstanders van magspolitiek, betwyfel die geslaagde gebruik van die swaardmag deur die VVO. Inis Claude merk op:

> „If they cannot, the UN may yet contribute valuable services in other realms, but I see no important role for it with respect to the use of military force under international auspices".[78]

Na ons mening het ons dus by die tussenstaatlike te doen met die maatskapstruktuur, sonder solidêre eenheidskarakter en permanente gesagstruktuur.[79] Logies volg dit dat die verhouding tussen state 'n losse en brose eksterne aard

---

76. Wessels, F.J.H., Internasionale Verhoudinge - 'n Normatief-Strukturele Benadering, p. 12.
77. Vergelyk Wessels, F.J.H., Die Probleem van Tussenstaatlike Verhoudinge - Humanisties en Christelik, Op. cit., p. 14.
78. Claude, I.L., United Nations Use of Military Force, en Quester, G.H., Power, Action and Interaction, pp. 437 - 455.
79. Vergelyk Kalsbeek, L., Op. cit., p. 256. „De gezags- en ondergeskiktheidsverhoudingen ontbreken hier ook geheel".

openbaar waarin state geensins tot 'n eenheid verbind word nie.[80] Die maatskapstruktuur postuleer dan in wese die strukturele gelykwaardigheid van alle state, ongeag militêre mag, geografiese omvang, of ander fisies-dinamiese faktore, en die erkenning van, en insig in, mekaar se lewensbelange - sonder om die veelpolige weegskaal waarin die state neweskikkend fungeer, op te hef. Die veelheid van nasionale state op die forum van die wêreldpolitiek is dus die eerste onomstootbare prinsipiële gegewe. Saam hiermee gaan die neweskikkende karakter van die stateveelheid, want in die lig van die strukturele gelykwaardigheid van state kan daar geen bowe- en onderskikking; geen heerser en slaaf wees nie.[81] Die stateveelheid opereer as gelykes naas mekaar. Sodanige strukturele ordening van die tussenstaatlike rus dan swaar op die wedersydse aanvaarding van verhewe etiese gedragskodes tussen die deelnemende komponente van die wêreldpolitiek.

Aangaande hierdie gedagtegang verklaar Dooyeweerd:

„Waar aldus in de internationale rechtsverhoudingen naar de Goddelijke wereldorde, de

---

80. Vergelyk Ibid., p. 256.

81. Vergelyk Dooyeweerd, H., De Crisis in de Humanistische Staatsleer, pp. 134 - 135. „De maatschap is in cosmologischen zin genomen een groeperingsvorm die de kosmische menschlijke samelevingsbetrekkingen geenzins tot een boven individueele eenheid integreert, doch op een coordinatie berust, welke geen gezagstructuur noch interne solidariteit kent".

> interne publiekrechtelijke verbandstructuur van den individueelen staat noodwendig in correlative publiekrechtelijke maatschapsbetrekkingen met die der andere staten blijft, kan ook in de internationale moreel betrekkingen tusschen de staten onderling de liefde tot het individueele vaderland niet aan den moreelen eische voldoen zonder tegenwicht in een internationale naastenliefde tusschen de volkeren onderling".[82]

Kontakmomente tussen state, soos konflikte, handel, uitlewering, grense, deurgang, ens., selfs internasionale sportbande, vorm kardinale raakpunte in die publieke belang van state. Daarom dra die betrekkinge tussen state 'n publiekregtelike karakter - 'n stelsel van korrelatiewe publiekregtelike maatskapsbetrekkinge soos Dooyeweerd dit so duidelik stel.[83]

Die struktuurprobleem is dus nie die doodsonde van die tussenstaatlike nie, maar wel die oortredings van volkere en owerhede wat telkens valse humanistiese teorieë as die finale antwoord op die troon plaas.[84] In plaas daarvan om die

---

82. Vergelyk Dooyeweerd, H., De Wijsbegeerte der Wetsidee, Vol. III, p. 413.

83. Vergelyk weereens Dooyeweerd, H., Ibid., Vol. III, p. 413. Vergelyk verder ook Wolvaardt, P.J., Op. cit., p. 7; Luyt, N., Op. cit., p. 6.

84. Vergelyk Wessels, F.J.H., Die Probleem van Tussenstaatlike Verhoudinge - Humanisties en Christelik, Op. cit., p. 14.

repeterende feilbaarheid van die humanistiese tussenstaatlike teorieë in te sien en hierdie Kaïnspolitiek by sy valse religieuse wortel af te sny, sak die teoretici steeds dieper in die duisternis van tussenstaatlike humanisme. Regionalisme, die internasionalisme van die wêreldstaat en behavioralisme word in steeds degenererende konteks opgedis.[85]

Solank die veelvuldige nasionale statestelsel die enigste werklikheid is en bly, sal daar gebou moet word aan 'n onderlinge publiekregtelike maatskapsidee. Neweskikking, harmonie, respek en die erkenning van die komponente se lewensbelange, bly die basiese gegewe waarsonder die stateveelheid telkens in chaotiese struktuurverwoesting verval.

Aan die hand van die maatskapsfiguur, soos dit hierbo uiteengesit is, bestudeer ons dan die struktuur van internasionale verhoudings. Die besondere bydrae van Wessels is verder ook daarin geleë dat hy momente onderskei waarin die maatskapsfiguur van pariteit en neweskikking uitgebou en gerespekteer is; maar hy onderskei ook momente waarin die figuur genegeer en resloos opgedoek is[86] - struktuurbehoudende en struktuurverwoes-

---

85. Dat baie van hierdie teorieë bruikbare momente in 'n normatief-strukturele benadering kan wees word nie betwyfel nie; trouens, kritiese besinning oor die gebruik van hierdie teorieë is juis die tema van ons volgende hoofstuk.

86. Vergelyk Wessels, F.J.H., Internasionale Verhoudinge - 'n Normatief-Strukturele Benadering, p. 15.

tende momente wat albei helder omlyn kan word. Slegs aan die hand hiervan kan die kontakmomente tussen state in historiese perspektief sinvol verreken word.

## I. STRUKTUURBEHOUDENDE MOMENTE

### (a) INLEIDING

Onder struktuurbehoudende momente verstaan ons daardie faktore wat die maatskapsfiguur struktureel in stand hou. Vriendskap, bondgenootskap en verdragreekse op neweskikkende basis moet onder andere hier verreken word. Dit akkumuleer reeds in die verdragstelsel van die Antieke Monargieë, Sparta en Athene en in vrywillige organisasie by Griek en Romein.[87] Sedertdien ontwikkel vele organisasies waarin staatsoewereiniteit erken word en state nie resloos aan ongebreidelde magsegoïsme geoffer word nie. Verhewe diplomatieke gedragskodes; tussenstaatlike maatskapsreg; selfbeskikkingsreg; nie-inmenging en vele ander struktuurbewarende tussenstaatlike verhoudingsdinamika ressorteer onder die maatskapsfiguur en behoef nadere eksponering.

---

87. Vergelyk Luyt, N., Op. cit., p. 8; Wessels, F.J.H., Internasionale Verhoudinge - 'n Normatief-strukturele Benadering, p. 17. „Tog is die beginsel van wederkerigheid en respek reeds duidelik uit die woorde van Demosthenes (383 - 322 v.C.) as hy vir Aeschines (389 - 314 v.C.) aankla: „Ambassadeurs het nie slagskepe, swaar infanterie en fortifikasies tot hulle beskikking nie. Hulle wapens is woord en geleenthede".

(b) 'n VEELHEID VAN NASIONALE STATE

Die arena van die internasionale politiek word gevul deur 'n stateveelheid wat ontwikkel as gevolg van 'n volkereveelheid wat op sy beurt groei uit die sondeval en gebrokenheid van die mens.[88] Die uniformiteit van die Skepper se handewerk word treffend deur Stoker beskrywe:

> „God het in die Skepping verskeidenheid gelê ... Hy het selfs die verskil van volke, nasies en tale, elk met 'n eie roeping bestierend gewil".[89]

Die sondeval laat dan die volkereveelheid na vore tree - 'n stand van sake wat in hierdie bedeling nie opgehef kan word nie, ondanks alle gewaande staatsmanwysheid.[90] Daarvolgens verkry elke staat sy eie grense wat ook sy soewereiniteit tot die bepaalde staatsterritorium beperk. Daarom geld die skriftuurlike uitspraak van die vroegste tye dat jy jou naaste se landpale nie sal verruk nie.[91] Hiermee saam hang die feit dat die swaardmag van elke owerheid slegs

---

88. Die mens is dus nie by magte om fout te vind in Gods handewerk, die verskille ongedaan te maak en dit tot nul te reduseer nie.

89. Stoker, H.G., Die Stryd om die Ordes, pp. 221 - 222. Vergelyk ook Venter, E.A., Wysgerige Temas, p. 38. „Die sterker volk moet die swakker volk help om sy eie identiteit te behou, selfs wanneer die swakker volk uit 'n gevoel van minderwaardigheid juis begeer om verswelg te word. Die onafhanklikheid van 'n ander land mag nooit aangetas word nie. Nooit kan die imperialisme ontkom aan die oordeel van immoraliteit nie."

90. Vergelyk Wessels, F.J.H., Die Probleme van Tussenstaatlike Verhoudinge - Humanisties en Christelik, Op. cit., p. 15.

91. Vergelyk Ibid., p. 17.

tot sy eie begrensde nasionale territorium beperk is:

> „Of dit nou die Achabs-hebsug teenoor 'n Nabot is, en of dit die imperialistiese grondhonger van 1899 in Suid-Afrika is, en of dit die kommunistiese ideologiese agressie in die Westerse Wêreld is, hierdie skrifnorm handhaaf steeds die laaste woord tot beswering van oorlog."[92]

aldus Wessels.

Die nasionale staat is en bly die vernaamste dryfkrag in die wêreldpolitiek en wie dit negeer verontagsaam die werklikheid. Ons glo aan 'n wêreld van vaderlande; soveel nasies, soveel vaderlande - aan die kinders van Israel elk sy erfdeel.[93] Diepenhorst merk op:

> „Het nationale zelfbewustzijn der staten sleept volken sowel als politici mee, en dit te spoediger, wanneer het religieuze wijding ontvangt."[94]

Die historiese vitaliteit en kontemporêre onskendbaarheid van die nasionale staat as basis van die tussenstaatlike troon dus uit as een van die mees kardinale borswerings

---

92. Ibid., p. 17
93. Vergelyk Die Bybel in Afrikaans, Josua 13 vers 1 - 33.
94. Diepenhorst, I.A., Op. cit., p. 263. Vergelyk ook Dooyeweerd, H., A New Critique of Theoretical Thought, Vol. III, p. 485. „An offence to the national honour is an offence to the individual state as a whole."

van tussenstaatlike teorieë. Trouens, die moderne behavioralisme aanvaar oor die algemeen ook die nasionale staat as die vertrekpunt van hulle teorieë,[95] sy dit dan ook in 'n gerelativeerde begrip van stelsels.

Saam met die erkenning van die nasionale staat as onontbeerlike gegewe, is ook baie nou vervleg die aanvaarding van nasionalisme. Vir die wêreldburger is nasionalisme die bron van alle kwaad - 'n primitiewe uiting van die menslike bestaan wat alle oorloë ten grondslag lê.[96] Wat die humanisme egter vergeet, is dat die interne publiekregtelike struktuur van die individuele staat noodwendig in 'n wederkerige publiekregtelike maatskapsbetrekking met ander state staan.[97] Die gedagte dat naasteliefde nòg in die sfeer van die nasionale, nòg in die sfeer van die tussenstaatlike enige staanplek ver-

---

95. Die aanhang van die nasionale Staat onder die behavioraliste is telkens aangedui in die teorieë wat ons vroeër van hierdie „rennaisance-denkers" beskrywe het. Vergelyk Rosenau, J.N., International Politics and Foreign Policy, p. 76. „In that excerpt Professor Herz forecast that modern technology would lead to the demise of the nation state as an international actor. Impelled by international developments in the 1960s, Professor Herz reconsidered this thesis a decade later, and as can be seen in the ensuing selection backed away from it. What follows then, presents not only a cogent estimate of the liability of the nation state as an actor, but it also offers ... - an impressive illustration of how theory is developed and revised when a flexible and open-minded scholar is at work."

96. Vergelyk Wessels, F.J.H., Die Probleem van Tussenstaatlike Verhoudinge - Humanisties en Christelik, Op. cit., p. 14; Wolvaardt, P.J., Op. cit., p. 8.

97. Vergelyk Wessels, F.J.H., Die Probleem van Tussenstaatlike Verhoudinge - Humanisties en Christelik, Op. cit., p. 14.

dien is op sand gebou.

Wessels tipeer nasionalisme treffend as:

> „'n lewenskrag rondom nasieskap met die politieke bevestiging daarvan liefs in 'n eie nasionale staat. Sy krag setel in 'n konsensus van 'n histories geworde nasionale eenheid - alles in onderworpenheid aan die juridiesoorkoepelende staatsorganisasie op 'n bepaalde grondgebied - welke grondgebied as vaderland, 'n omvattende vesting bied aan die nasie".[98]

Ons moet egter ook daarop let dat vaderlandsliefde begrens is omdat ons geen staatsvergoddeliking duld nie.[99]

Aan die ander kant impliseer internasionale naasteliefde en etiese tussenstaatlike gedragskodes nie die aftakeling van die eie vaderlandsliefde, beskawingserfenis en kulturele identiteit nie:

> „Dit word alleen vereis deur die verkapte humanistiese mensbeskouing wat geen rekening hou met die uitwerking van die sondesmet nie, en dan die Christelike gewete in bange spanning wil hou met die waarheid van die verlossing vanuit die sondevloek".[100]

---

98. Wessels, F.J.H., Internasionale Verhoudinge - Diktaat vir Staatsleer II, p. 12.
99. Vergelyk Dooyeweerd, H., A New Critique of Theoretical Thought, Vol. III, pp. 472 - 473.
100. Wessels, F.J.H., Die Probleem van Tussenstaatlike Verhoudinge - Humanisties en Christelik, Op. cit., p. 14.

Die morele verwantskap tussen state bly gebonde aan die strukturele beginsel van internasionale politieke verwantskap en neweskikking. Die swaardmagfundering berus nie daarop om die voortbestaan van 'n staat te bedreig nie:

> „The norm of love can never require a state to resign itself to a foreign attack on its independence and to deliver its own subjects to the violence of a usurper",[101]

beweer Dooyeweerd.

Ten einde hierdie morele internasionale gedragskodes en die gegewe veelheid van nasionale state te beskerm, is 'n maatskapsreg op die basis van die volkereg onontbeerlik.

(c) 'n MAATSKAPGEFUNDEERDE VOLKEREG

Diepenhorst verklaar:

> „Over de kern van dit volkenrecht naar christelijke opvatting, heerst geen onzekerheid. Daar zijn de afzonderlijke staten die geleidelijk aan in een normatieve, maar nietemin hun huidige plaats mede bepalende historie zich hebben gevormd, die dragers zijn van souvereiniteit, het begrip dat de werkelijkheid van een onafhankelijke gezagsoefening uitdrukt, het juridisch gewaad waarin zich het hanteren van de hoogste staats-

---

101. Dooyeweerd, H., A New Critique of Theoretical Thought, Vol. III, p. 477.

macht naar binnen en naar buiten kleedt".[102]

Volkereg kan ons dus kortliks omskryf as die juridiese verkeer tussen state onderling - rudimentêre reëls vir die tussenstaatlike verkeer ten einde regsvergelding op die skenders van hierdie tussenstaatlike regsnorme toe te pas.[103] Die grootste probleem van 'n maatskapgefundeerde volkereg is ongetwyfeld die ontworsteling daarvan aan die verstrengeling met die sogenaamde natuurreg.[104]

Die natuurreg word beskou as die volmaakte reg wat die mens slegs deur sy selfgenoegsame rede kan ontdek - iets wat die Christen wat die sondegebrokenheid ook van die menslike rede aanvaar - nie kan en mag duld nie. 'n Opvatting wat egter reeds by Griek en Romein neerslag vind in die *ius gentium*, as hulle alle nie-Griekse en nie-Romeinse burgers as barbare beskou.[105]

Thomas Aquinas, wat onderskei tussen ewige reg en

---

102. Vergelyk Diepenhorst, I.A., *Christelijke Politiek*, p. 265.

103. Vergelyk *Ibid*., p. 265. „Zij geven in hun verskeidenheid uitdrukking aan de door de Almachtige gewilde internationale rijk gelede levensontplooiing, zonder daaraan een ontastbaar recht of zelfhandhaving te alle tijde en onder alle omstandigheden te ontlenen."

104. Vergelyk Ibid., p. 266; Dooyeweerd, H., *De Crisis in de Humanistische Staatsleer*, pp. 38 - 47.

105. Vergelyk Wessels, F.J.H., *Internasionale Verhoudings - Diktaat vir Staatsleer II*, p. 96.

goddelike reg, word in die vyftiende en sestiende eeue deur die Spaanse Katolieke Vittoria (1484 - 1546) en Suarez (1584 - 1617) nagevolg. Hulle ontwikkel weldra 'n volkereg wat los staan van die natuurreg. Hoogstens kan die natuurreg dan as bron van inspirasie dien, maar in wese berus die volkereg op die wilsooreenstemming van die volkere.[106] Saam met hierdie Spaanse Katolieke skool poneer die Italiaanse Protestant Gentilis (1552 - 1608) 'n volkereg wat gestalte kry in die toestemming van state.[107]

By hierdie leerstellings sluit ook die beroemde Nederlandse juris, Huig de Groot, vry algemeen bekend as Grotius, aan in sy magistrale werk „De Jure Belli ac Pacis". Hierdie denkrigting van onderlinge oorleg word verder gedra deur Zouche en Van Bynkershoek wat later geheel en al breek met die idee van natuurreg.[108]

By die aanbieding van hierdie regspositivisme moet daar ook gelet word op diegene wat die reg tipeer as

---

106. Vergelyk Wessels, F.J.H., Die Probleem van Tussenstaatlike Verhoudinge - Humanisties en Christelik, Op. cit., p. 9.

107. Vergelyk Ibid., p. 9. Vergelyk Oppenheim, L., Lauterpacht, H., International Law, p. 87. „The first step, what it is, was not taken by Grotius, but by Gentilis."

108. Vergelyk Wessels, F.J.H., Die Probleem van Tussenstaatlike Verhoudinge - Humanisties en Christelik, p. 9

die produk van die staatswil. Slegs die wil van state kan enige tussenstaatlike regsnorme verwerklik en geldig maak. Die soewereiniteit van state word verhef tot susereiniteit - tot 'n oorkoepelende ongebonde geregtigheid waarin die volkereg die eksterne norm van die staatsreg word.[109] Wessels poneer:

> „As die staat dan die volkereg skep, dan is dit nie daaraan gebonde nie, want vrywilligheid kan in geen dwang behoue bly nie. Die wil van die soewereine staat kan dan deur niks gedwing word nie, selfs nie deur sy eie vrye wil nie, en so kan elke reël van die volkereg ook opgehef word."[110]

Onder die hedendaagse aanhangers van hierdie voluntaristiese regspositivisme tel Hall, Oppenheim, Lawrence en Anzilotti.[111]

Die moderne „Monistiese" rigting, as teenvoeter vir die natuurreg en positivisme, is vandag besonder populêr. Gefundeer op die leerstelling van die eenheid van alles, aanvaar dit 'n algemene mensheidsreg, soos wat dit opgewerp word uit die regsbewussyn van volkere.[112] Dan bestaan daar

---

109. Vergelyk Ibid., p. 10. Dit is in ooreenstemming met Hegal se „Ausseres Staatsrecht".

110. Ibid., p. 10.

111. Vergelyk Wessels, F.J.H., Internasionale Verhoudinge - 'n Normatief-Strukturele Benadering, Op. cit., pp. 13-14. Hier word daar weereens verwys na die probleem van afdwingbaarheid van juridiese beslissings in die kader van die positivisme. „Trouens, ons bly gekonfronteer met die geldende kritiek dat toestemming slegs die basis van verpligting kan wees omdat die konsensus plaasvind binne 'n regsorde waarvan een van die beginsels is dat toestemming juis dusdanige effek sal hê."

112. Vergelyk Ibid., p. 14.

geen staatsburgery, afgegrens in territoriale state meer nie, maar slegs 'n wêreldburgery, want die mensheid vorm een samelewing wat die ganse wêreld insluit. Nasionale state word bloot verbygaande fases, want die hoogste soewereiniteit sal eendag berus in die eenheidstaat van die mensheid. Daarmee word aan die beginsel van volksoewereiniteit soos deur Locke, Rousseau en andere aangebied, in wêreldformaat juridies beslag gegee.[113]

Hans Kelsen, 'n tydgenootlike denker, verwerp die gedagte dat volkereg en staatsreg langs mekaar kan bestaan. Volgens hom kan dit slegs bestaan in 'n bowe en onderskikkende normhiërargie. Kelsen verwerp dit egter as ondenkbaar en bepaal dat die staatsreg op die volkereg of die volkereg op die staatsreg gefundeer moet word.[114] Dit beteken dan, óf die primaat van die volkereg, óf die primaat van die staatsreg, respektiewelik. Kelsen besluit dan dat die oplossing buite die gebied van die „reine Rechtslehre" geleë is, en dat die antwoord hierop bepaal sal word deur die le-

---

113. Ibid., p. 14. Vergelyk ook die siening van die Nederlander Franzois wat die staatsorde as 'n onderdeel van die internasionale orde sien. Franzois, J.P.A., Grondlijnen van het Volkenrecht, N.V. Uitgevers Mij W.E.J. Tjeenk Willink, Zwolle, 1967.

114. Vergelyk Wessels, F.J.H., Die Probleem van Tussenstaatlike Verhoudinge - Humanisties en Christelik, Op. cit., p. 10. Kelsen, H., Principles of International Law.

wensbeskouing van die denker[115] - 'n baie belangrike erkenning van die feit dat geen denke neutraal kan wees nie! Kelsen self glo egter aan die primaat van die volkereg - en dit nadat hy die gewaande voor-teoretiese fundering van die natuurreg by die wortel afgesny het.

Langs die dwaalweë van die humanistiese apologete van die volkereg - wat immers noodsaaklik is om die problematiek rondom die volkereg beter te begryp - het ons dan aangeland by die maatskapsreg. Waar ons nou uitgaan van die standpunt van 'n maatskapsverhouding in die tussenstaatlike sal ons die volkereg as maatskapsreg, die reg van gelykes, gekoördineerd sonder bowe of onderskikking, moet poneer.[116]

Hoewel state in hulle onderlinge buitelandse verkeer gebonde bly aan die interne struktuurprinsipe van die staat, word hier 'n struktuur aangetref waar die maatstawwe van die privaatreg nie toepaslik is nie.[117] Juis die pu-

---

115. Vergelyk Wessels, F.J.H., Internasionale Verhoudinge - 'n Normatief-Strukturele Benadering, p. 14.

116. Vergelyk Wessels, F.J.H., Enkele Voorlopige opmerkings oor die Grondslae van Volkereg, p. 1.

117. Vergelyk Dooyeweerd, H., De Crisis in de Humanistische Staatsleer, p. 170. „Privaat- en publiek recht staan in den modernen tijd in een onlosmakelijke wisselverhouding, zij appelleeren voortdurend op elkander zonder toch hun eigen structuur te verliezen."

blieke karakter van die belange van elke staat maak die toepassing van 'n burgerlike maatskapsreg onmoontlik soos aangetoon. So ook kan binnestaatlike volksoewereiniteit nie sonder meer mensheidsoewereiniteit, soos gepostuleer deur die Monisme, oproep nie.[118] Dit gaan hier oor die publieke belange van die staatsvolk binne 'n veelheid van state op die basis van erkenning van en insig in mekaar se lewensbelange. Regswaarborg dus dat die skenders van hierdie verhewe gedragsreëls tot vergelding geroep sal word. Gedragsreëls of volkeregtelike prinsipes moet dus groei uit die publiekregtelike maatskapsidee[119] - die harmonisering op die basis van neweskikking, goeie trou, en wedersydse respek, insig en agting.

Die strukturele basis van juridiese gelykheid is dus nie gemoeid met gelykheid ten opsigte van territorium, welvaart en mag nie. Die pariteitskarakter van die maatskapsreg moet dwarsdeur harmonieus gehandhaaf word. Daarsonder is die volkereg nie in staat om tot sy volle ryk geskakeerde ontplooiing te kom nie. Wessels beweer:

---

118. Vergelyk Wessels, F.J.H., Internasionale Verhoudinge - 'n Normatief-Strukturele Benadering, p. 15.

119. Vergelyk Wessels, F.J.H., Enkele Voorlopige Opmerkings oor die Grondslae van Volkereg, p. 5.

> „Die opvatting van reg as harmonieuse afweeg van belange op die weegskaal van Themis bring mee, dat ons die teenoormekaarstel van belange in die internasionale praktyk moet blootlê. Internasionale onderhandelingspraktyk moet dus steeds normatief beoordeel word, want ongelyke partye met ongelyke middele, sal nie 'n objektief billike resultaat lewer nie."[120]

Op hierdie standpunt sal die grondliggende probleem van afdwingbaarheid van volkeregsbeslissings, ook opgelos kan word.[121] Bindende gewoonte, gerespekteerde verwagting, regsekerheid en wedersydse erkenning van en insig in elke staat se lewensbelang, moet noodwendig tot regsvergelding aanleiding gee. In die kader van hierdie maatskapsreg sal ook die magtige Leviathans van ons dag hulle kolossale gewaande onaantasbaarheid sien verkrummel voor universeel-aanvaarde maatskapsbetrekkinge. Die mag van die magtigste swaard, asook die anti-normatiewe dubbele standaarde, sal moet buig voor internasionale insig en 'n respek van elke staat vir die ander se belange:

---

120. Ibid., p. 5.

121. Vergelyk Diepenhorst, I.A., Op. cit., pp. 166. „Dat het volkenrecht ook verder zo traag erkenning vond ... lag aan het ontbreken van zijn afdwingbaarheid."

„Dit bring alles mee dat die maatskapsreg sig voordoen as die reg van koördinasie, van gelyke trou, van pariteit en neweskikking - meer getipeer deur sy terugwysende momente van harmonieuse afweging van 'n veelheid van belange en daarmee die omgangsaspek as deur sy vergeldende sin-kern."[122]

Onontbeerlik vir internasionale verhoudinge is ook 'n kontakstelsel tussen die statery. Verhewe diplomatieke verkeer vorm 'n baie belangrike komponent van die maatskapsfiguur.

(d) DIPLOMASIE

Deur die loop van baie eeue - inderdaad reeds vanaf die rivierbeskawings en die tussen-stedelike kontak by Sparta en Athene - ontwikkel daar 'n verhewe kontakstruktuur tussen state op die forum van die wêreldpolitiek.[123] Diplomasie kan dus omskrywe word as die onderlinge verkeer tussen state waardeur probleme deur middel van oorlegpleging uit die weg geruim kan word, maar dit verskaf ook die kanale waardeur

---

122. Wessels, F.J.H., Enkele Voorlopige Opmerkings oor die Grondslae van Volkereg, p. 6.

123. Vergelyk Dannhauser, J.A., 'n Teoreties-prinsipiële Beoordeling van die Moderne Diplomasie; Braunias, K., Stourzh, G., Diplomatie Unserer Zeit., p. 13; Padelford, N.J.; Lincoln, G.A., The Dynamics of International Politics, pp. 313 - 340; Dougherty, J.E., Pfalzgraff, R.L., Contending Theories of International Relations, pp. 80 - 90; Nicolson, H., Diplomacy; en Sondermann, F.A., Olson, W.C., McLellan, D.S., The Theory and Practice of International Relations, pp. 240 - 270.

staatsleiers met mekaar in verbinding bly en die klimaat oor sake van gemeenskaplike belang getoets kan word.

In historiese perspektief maak ons slegs enkele bondige snitte uit die ontwikkelingsgang van die diplomasie. Reeds by die Grieke geld die beginsel van die onskendbaarheid van gesante, alhoewel daar oor die algemeen 'n gemis aan moraliteit bestaan.[124] Wederkerige respek bly egter duidelik uit die woorde van Demosthenes as hy vir Aeschines aankla in De Falsa Legationi:

> „Ambassadeurs het nie slagskepe, swaar infanterie en fortifikasies tot hulle beskikking nie. Hulle wapens is woorde en geleenthede."[125]

Die Romeinse diplomasie word gekenmerk deur die gewaande heerserswil en die minagting van minderes. Rome gee egter beslag aan orde, reëlmaat, en goeie trou tussen state tydens onderhandeling. Daarom is dit jammer dat die Pax Romana die omgangsvorm verknoei en die maatskapsfiguur deur sy heersugtigheid afgebreek het.[126]

---

124. Vergelyk Stieve, F., Diplomatie in Sprachgebruch, J. en S. Federmann Verlag, München, Datum Onvermeld, p. 39.

125. Soos aangehaal in Wessels, F.J.H., Internasionale Verhoudinge - 'n Normatief-Strukturele Benadering, p. 17. Uit Nicolson, H., The Evolution of Diplomacy, p. 23.

126. Vergelyk Dannhauser, J.A., Op. cit., p. 26.

Bisantium bou minstens na die uiterlike aan 'n geïsoleerde maatskapsfiguur alhoewel agterdog en botsende ambisies kenmerkend word.[127] Dit was egter veral na Machiavelli se Prins wat in 1513 gepubliseer is, dat onbetroubaarheid, agterdog, en onvolwassenheid die diplomasie oorheers, wat die pariteit, goeie trou, en neweskikking van die maatskapsidee in sy fondamente laat skud het.[128] In sy boek „On the manner of Negotiating with Princes", wat in 1517 verskyn het, dui Callieres op hierdie onvolwassenheid.[129]

Kardinaal de Richelieu (1585 - 1642) gee in die sewentiende eeu 'n meer permanente beslag, en karakter aan die diplomasie. Alhoewel De Richelieu selfs met die duiwel in staatsbelang 'n alliansie wil aangaan, bring hy nougesetheid in gerigte diplomasie - verhewe, stiptelik, hoflik, kontinu - berustend op kennis en ervaring met realisme ten op-

---

127. Vergelyk Nicolson, H., The Evolution of Diplomacy, p. 35 „The systems of Antiquity were non the less preferable to the wolflike habits developed by the Italians of the Renaissance."

128. Vergelyk Dannhauser, J.A., Op. cit., p. 30. Die vernaamste werk oor die diplomasie van hierdie tyd word gelewer deur Claviere in sy Boek „La Diplomatie au Temps de Machiavel.

129. „The late Duke of Tuscany who was a remarkable wise and enlightened prince, once complained to the Venetian Ambassador, who stayed over night with him on his journey to Rome, that the Republic of Venice had sent as resident at his court a person of no value, possessing neither judgment nor knowledge, nor even any attractive personal quality. 'I am not surprised' said the Ambassador in reply, 'we have many fools in Venice'. Whereupon the Grand Duke retorted: 'We also have fools in Florence, but we take care not to export them'". Soos aangehaal in Schuman, F.L., International Politics, p. 166

sigte van magskonstellasies.[130] Hierdie Franse stelsel van de Richelieu sou later deur Mazarin bykans vervolmaak word.[131] Die Franse stelsel, met alles wat dit impliseer, is baie na aan ons uitgangspunt van 'n maatskapsfiguur. Hierdie verhewe diplomasie sou egter spoedig deur 'n stryd om magsewewig op die agtergrond geskuif word.[132]

In ons eeu marsjeer die liberale demokrasie met Woodrow Wilson aan die spits, die verhoudings tussen state binne en word die era van platform-diplomasie gestalte gegee.[133] Weg is die gerespekteerde en opgeleide vakmanne wat op verhewe private wyse die beste vir sy land soek. Dit moes plek maak vir openbare seepkisorators wat by die na-oorlogse samedromming van volke by konferensietafels, politieke gewin soek. Hierdie nuwe gees word treffend in Woodrow Wilson se „Veertien Punte" beskryf:

> „Open covenants of peace, openly arrived at, after which there will be no private understanding of any kind, but diplomacy

---

130. Vergelyk Wessels, F.J.H., Internasionale Verhoudinge - 'n Normatief-strukturele Benadering, p. 18; Dannhauser, J.A., Op. cit., p. 33.

131. Vergelyk Nicolson, H., The Evolution of Diplomacy, p. 85

132. Vergelyk Dannhauser, J.A., Op. cit., p. 37

133. Vergelyk Morgenthau, H.J., Politics Among Nations, Alfred A. Knopf, New York, 1968, p. 527. „Woodrow Wilson was the most eloquent spokesman of this new philosophy of international affairs." Stoessinger, J.G., The Might of Nations, pp. 220 - 222. Let op p. 222. „It is a curious irony that Wilson, the great advocate of 'open diplomacy' seldom practised it".

shall proceed frankly and in the public view."[134]

Hierdie benadering gee aanleiding tot konferensietafeldiplomasie waar die gekwetter in wandelgange; kroeë en die konferensiesaal self as die ware diplomatieke betrekkinge voorgehou word. Hieruit vloei meer agterbaksheid, leuens, politieke gewin en valsheid voort as wat Woodrow Wilson kon voorsien of wat Machiavelli sou kon goedpraat. Ophitsingstoesprake, emosionele vertoon en uitbarstings, dreigemente, blokvorming, gemanupuleerde toejuigings, uitstappery en sosiale fuifpartye word alledaags in hierdie karikatuur van diplomasie. Die verhewe behoudendheid van die maatskapstruktuur is vervang met 'n gedrog wat pas in die kommunistiese strewe na wêreldheerskappy.

Reeds het die kentering egter ingetree - spitsberade, geskoei op die tradisionele sekerheid en kontinuïteit, het die VVO as onderhandelingsbasis vervang.[135] So bied die diplomasie

---

134. Soos aangehaal in Stoessinger, J.G., Op. cit., p. 222

135. Vergelyk Wessels, F.J.H., Internasionale Verhoudings - 'n Normatief-Strukturele Benadering, p. 18. Vergelyk ook die historiese besoeke wat President Nixon in 1972 aan Peking en Moskou gebring het.

dan 'n spieëlbeeld van die eeue-lange worsteling met die ware struktuur van die tussenstaatlike. Afwisselend is die maatskapsfiguur vervang met karikature met noodlottige gevolge; totdat die struktuurnorm hom weer wreek en daar andermaal respek en wederkerigheid in neweskikking gestalte kry.

Die grootste probleem van ons eeu is ongetwyfeld die vreedsame naasbestaan van volkere ooreenkomstig die skeppingsbeginsel van differensiasie in neweskikking. Solank die veelheid van nasionale state die enigste werklikheid is en bly op die forum van die wêreldpolitiek, sal die pendulum swaai na die uitbouing van diplomatieke betrekkinge, berustend op goeie trou, respek en eerlikheid. Dan sal die platform-diplomasie sonder meer as struktuurverwoestende tendens verwerp moet word. Die maatskapstruktuur huisves slegs gerespekteerde en opgeleide diplomatieke verteenwoordiging op uitruilbasis binne die kader van die hele stateveelheid. 'n Grondslag wat immers onontbeerlik is vir die korrekte fungering van die maatskap.[136]

---

136. Vergelyk Wessels, F.J.H., Internasionale Verhoudinge - 'n Normatief-Strukturele Benadering, p. 20. „Omdat dit in die omgangsaspek geleë is, dwing die tussenstaatlike norm tot korrekte optrede in 'n wederkerigheidsbeginsel - die grondslag van die ganse diplomatieke en konsulêre praktyk. Soos ons dit in die Franse diplomasie onderskei het."

Alleenlik as diplomatieke betrekkinge so aangewend word, kan die diplomasie sinvol sy viervoudige taak vervul, naamlik die bepaling van doelstellings; 'n evaluering en waardebepaling van die doelstellings van ander state; die versoening van belangebotsings en die aanwending van die metodes van oorreding, kompromie en geweld om probleme uit die weg te ruim.[137] Sodoende word stewige vriendskapsbande gehandhaaf waar eerlikheid 'n deurslaggewende rol speel. Die Fransman met sy gesonde verstand, die Duitser se sistematiek, die kompromie van die Brit, die hardkoppigheid van die Rus, die grootmoedigheid van die Amerikaner en die vooruitstrewendheid van die Japanner kan dan sinvol in die vriendskapsbande opereer. Oor die belangrikheid van diplomatieke verkeer verklaar Dooyeweerd:

> „In modern times, international courtesy in the refined manners of diplomacy is generally considered as the essential element in the international relations between the states. The slightest violation of these rules of courtesy are implicitly recognized as an

---

137. Vergelyk Morgenthau, H.J., Politics Among Nations, p. 506; Dannhauser, J.A., Op. cit., p. 66.

> embarrassing incident of international juridical and moral significance."[138]

(e) ENKELE ANDER STRUKTUURBEHOUDENDE MOMENTE

Alle struktuurbehoudende organisasies - regionaal en internasionaal - wat ingestel is op humanitêre en ekonomiese hulpprogramme, kan geredelik hieronder ressorteer. Ekonomiese hulp aan die onderontwikkelde gebiede van die wêreld is 'n heerlike taak vir alle organisasies; met die voorbehoud dat hulle nie state se nasionale soewereiniteit deur neo-imperialistiese tendense sal omwoel nie. Die politieke selfstandigheid van geen staat moet dus opgedoek word deur ekonomiese hulpprogramme nie.

Op hierdie vlak het die VVO dikwels prysenswaardige werk verrig. Dag Hammerskjold verklaar op 29 Desember 1958 in Addis Abeba:

> „One day we may look back to the establishment of the Economic Commission for Africa as marking the moment when Afr ca began to assume its full role in the world community."[139]

---

138. Dooyeweerd, H., A New Critique of Theoretical Thought, Vol. III, p. 486. Daar moet ook op gelet word dat die sosiale omgangsnorme tussen state in wese anders moet wees as die interne sosiale omgangsvorme binne elke staat afsonderlik.

139. Vergelyk The Worldmark Encyclopedia, p. 1238.

Die strewe na politieke gewin deur die vryelike inpomping van dollar en roebel in die onderontwikkelde lande van die wêreld, berus egter nie op die onderlinge goeie trou wat eie is aan die maatskapsfiguur nie.

Hieruit vloei juis nog 'n struktuurbehoudende moment, naamlik die van <u>nie-inmenging</u>, voort. Inmenging in die huishoudelike aangeleenthede van enige staat is baie vroeg reeds as 'n doodsonde op die forum van die wêreldpolitiek beskou.[140] Elke staat moet die geleentheid gegun word om sy eie territorium na goeddunke te bestuur sonder dat enige ander staat of instansie sy neus in die volkshuishouding kan steek. By Bogota verklaar die pasgestigte Organisasie van Amerikaanse state in 1948:

> „No state, or group of states, has the right to intervene, directly or indirectly for any reason whatever, in the internal or external affairs of any other state."[141]

---

140. Die onskendbaarheid en immuniteit van state se soewereiniteit val binne die kader van 'n maatskapsgefundeerde volkereg. Vergelyk Von Glahn, G., <u>Law Among Nations</u>, p. 138. „Independence from ourside control represents not only an alledged right of each sovereign state but also an essential characteristic of each such entity"; Brierly, J.L., <u>The Law of Nations</u>, p. 162; Kaplan, M.A., <u>International Law and the International System</u>, in Kaplan, M.A., <u>Great Issues of International Politics</u>, Aldine Publishing Company, Chicago, 1970, pp. 20 - 31; Hoffman, S., <u>International Systems and International Law</u>, in Quester, G.H., <u>Power, Action and Interaction</u>, pp. 340 - 370.

141. Soos aangehaal deur Louw, M.H.H., <u>United States Policy and the Inter-American System</u>, Referaat gelewer by die Suid-Afrikaanse Instituut vir Internasionale Verhoudinge, Johannesburg, Oktober 1962, in <u>United States Foreign Policy in a Regional Context</u>, p. 59. Let verder op Stoetzer, O.C., <u>The Organization of American States</u>, p. 9 - 11.

Onaantasbare jurisdiksie oor interne aangeleenthede geniet wye steun as basiese gegewe vir tussenstaatlike betrekkinge.

Die maatskapsfiguur bied geen huisvesting aan hierdie Kaïns-politiek van inmenging nie. Daar is egter 'n voorbehoud by die staat bestuur deur 'n Christelike owerheid. As minderhede en politieke teenstanders dan uitgewis en stilgemaak word waar die swaardmag antinormatief aangewend word, sal inmenging normatief gewettig wees om die regskender aan die man te bring. Die pogings van die liberalisme om deur hulle dogma van menseregte en die beskerming daarvan, soewereiniteit om te woel, verdien egter geen staanplek nie.[142] Die selfbeskikkingsreg van die statery ieder afsonderlik, vorm ook onherroeplik deel van die maatskapsfiguur.

Alle ander momente wat die neweskikkende genormeerde veelheid van nasionale state verreken, uitbou, erken en bestendig kan as struktuurbehoudende momente verreken word.

---

142. Die fanatiese aanvalle op Suid-Afrika se volkerebeleid dien as sprekende bewys hiervan. Ten einde die regte van Suid-Afrika se onderdrukte Bantoevolke te beskerm moet daar ingemeng word in die land se huishoudelike aangeleenthede. Vergelyk Lerche, C.O., Said, A.A. Concepts of International Politics, Prentice-Hall, New Jersey, 1970, pp. 164 - 166; oor hierdie internasionale moraliteit. Vergelyk ook Stoessinger, J.G., Op. cit., pp. 80 - 87. „Ever since the decolonization process began in earnest, however, growing majorities in the United Nations General Assembly have secured resolutions branding apartheid as a threat to international peace and security, and as a crime against humanity. The Union Government has consistently ignored these resolutions as unwarrented intrusions into the domestic affairs of a sovereign state."

Daarmee is die nodige ruimte gelaat dat magsewewig as een van die „stelsels" van stelselanalise ook staanplek verkry;[143] natuurlik onderhewig aan die normatief-strukturele ordening. So ook kan internasionale versoening, bemiddeling en arbitrasie as behoudend verreken word - steeds onderworpe aan die maatskapsfiguur waar gelykes naas mekaar uitgebou en gerespekteer word.

Struktuurverwoestende momente is egter ewe-eens sterk belynde momente wat die individuele staat vernietig en die onderlinge maatskapsverkeer omkeer - van gelykwaardigheid en gebalanseerde neweskikking na ongelykheid en oorheersing.

## II. STRUKTUURVERWOESTENDE MOMENTE

### (a) INLEIDING

Struktuurverwoestende momente wil ons dan tipeer as daardie faktore wat die maatskapsfiguur verkap tot karikatuur van die ware struktuur - merkbaar reeds by die antieke monarg wat geen gelyke erken,[144] by die vroegste wêreldryke nie. Konfederasies en verbonde by Sparta en Athene is al duidelike

---

143. Vergelyk Wessels, F.J.H., Internasionale Verhoudings - 'n Normatief-Strukturele Benadering, p. 16.

144. Vergelyk Ibid., p. 16.

bewys van struktuurverwoestings.[145] Imper:alisme in al sy vorme was steeds die negasie van die maatskapsfiguur, en hiermee saam is die struktuur van die nasionale staat as synde kettery aan die vergetelheid toegesê, en word daar gebou aan die Utopiese Wêreldstaatgedagte. Duistere magte en strominge bedreig dus lank reeds die ryke gevarieerde en geskakeerde neweskikkende veelheid van state - strominge wat as wesenlike bedreiging vir die tussenstaatlike - nadere presisering moet geniet.

(b) IMPERIALISME

Imperialisme - soos afgelei van die Romeinse begrip „imperium" - is inderdaad so oud soos die geskiedenis van tussenstaatlike verhoudinge self.[146] Die agabshebsug van die mensdom het telkens die een wêreldryk na die ander gestalte laat aanneem wat die mensdom in namelose ellende gedompel het. Die klassieke ryke van Mede, Perse, Assiriërs, Babiloniërs en Romeine proklameer 'n verhewe superioriteits-

---

145. Vergelyk Luyt, N., Op. cit., p. 9; Schuman, F.L., Op. cit., pp. 40 - 42.

146. Vergelyk Wessels, F.J.H., Handleiding by die Studie van Internasionale Verhoudings, p. 14. Dit volg logies, want sodra as state-entiteite orent begin kom poog die een om grondgebied van die ander in te palm en daaroor te heers. „Imperium" in sy oorspronklike Latynse betekenis het die gesag van 'n offisiële Romeinse ampsdraer oor sy onderdane geïmpliseer.

gevoel tussen Griek en barbaar enersyds; of Romein en vreemdeling andersyds. Aan die „Leitmotiv" van hierdie superioriteitsgevoel getoets, is daar geen bestaansreg vir nasionale state nie.

Imperialisme en die daaruit voortvloeiende kolonialisme[147] groei en kwyn in wisselende volume en intensiteit langs die polsslag van die eeue. State word ongevraag verower en geëksploiteer in eie belang. Padelford en Lincoln poneer:

> „We define a policy of imperialism as one in which a nation imposes its rule or its views upon others regardless of their will. Once such a rule is established and coercive power is employed to retain that rule contrary to the will of the inhabitants, an imperial-colonial relationship results."[148]

Die nasionale imperialisme word beëindig met die stryd teen Hitler se nasionaal-sosialistiese wêreldveroweringsdrang en die fascisme van Benito Mussolini. Daarna bly slegs oor die reste van Britse, Franse, en Portugese imperialisme in Afrika en Asië. Imperialisme wat in die geval van

---

147. As 'n staat sy doel met geweld bereik tipeer ons dit as imperialisme; indien hy egter bowendien sy volk op die verowerde gebied gaan plant word dit kolonialisme.

148. Padelford, N.J., Lincoln, G.A., Op. cit., p. 89.

Frankryk en Engeland moes wyk voor opkomende chauvinistiese en anti-blanke rassistiese hartstogte.[149] Histories is Westerse imperialisme aan die begin van die sestigerjare dus iets van die verlede. Die volkeregtelike en politieke nagevolge wat sy struktuurverwoestende karakter opgeroep het, bly egter steeds voortleef in die verhoudings tussen state.[150] Die houding van baie Afrika-state teen die moederlande wat hulle voorheen gekoloniseer het, roep telkens nuwe vraagstukke op.[151] Waar daar voorheen 'n Europese bowe- en 'n Afrika onderskikkende posisie was, het die neweskikkende verhouding - ten minste in tussenstaatlike sin - 'n nuwe aanpassing van die vroeëre koloniale heersers vereis.

Lae lewenspeile, patetiese administratiewe vaardigheid en steeds degenererende volkshuishoudings by hierdie state met hulle nuutverworwe vryheid, het 'n vakuum gelaat wat gretiglik deur imperialisme in 'n nuwe gedaante opgeslurp sou word. Onder die dekmantel van tegniese, finansiële, eko-

---

149. Vergelyk Stoessinger, J.G., Op. cit., pp. 76 - 82.

150. Vergelyk Padelford, N.J., Lincoln, G.A., Op. cit., pp. 93 - 103; Morgenthau, H.J., Politics Among Nations, pp. 88 - 90.

151. Vergelyk Labuschagne, G.S., Suid-Afrika en Afrika. Die Staatkundige Verhouding in die Tydperk 1945 - 1966 Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, P.U. vir C.H.O., 1967. p. 63. „Nasionalisme in Afrika is gekenmerk deur 'n sterk gevoel van antipatie teenoor die blanke ras. Een van die grootste verskille tussen tradisionele imperialisme en neo-imperialisme is daarin geleë dat laasgenoemde kragtig deur botsende ideologieë gestimuleer word; 'n faktor wat nie so deurslaggewend van aard was ten opsigte van die tradisionele imperialisme nie."

nomiese en militêre hulp het die sogenaamde neo-imperialisme as struktuurverwoestende moment sy intrede tot die tussenstaatlike gemaak. Aanvanklik is slegs die Wit Huis en die Kremlin geesdriftige deelnemers - wat hulle meermale op die randjie van 'n Derde Wêreldoorlog sou bring. In die dekade van sestig tree Rooi Sjina as medebeoefenaar van neo-imperialisme ook die verhoog van botsende ideologieë binne.[152]

Die herstel van die ware struktuurbeginsel van interstaatlike verhoudings met die wegkwyn van tradisionele imperialisme is deur 'n nuwe en baie meer gevaarlike Agabshebsug vervang. 'n Imperialisme wat telkens onweersones tot gevolg het en 'n balans van terreur tussen die supermoondhede veroorsaak. Thomas Schelling poneer treffend:

> „War no longer looks like just a contest of strength. War and the brink of war are more a contest of nerve and risktaking of pain and endurance. Since wars embody the threat of a larger war; they are not just military engagements but crisis diplomacy. Like the

---

152. Een van die grootste verskille tussen tradisionele imperialisme en neo-imperialisme is daarin geleë dat laasgenoemde kragtig deur botsende ideologieë gestimuleer word; 'n faktor wat nie so deurslaggewend van aard was ten opsigte van die tradisionele imperialisme nie.

> threat of a strike in industrial relations, the threat of divorce in a family dispute, or the threat of bolting the party at a political convention, the threat of violence continuously circumcises international politics. Neither strength nor goodwill procures immunity."[153]

In tradisionele of moderne gewaad gehul, bly imperialisme 'n gruwelike verwoester van die maatskapsfiguur.

> „Imperialisme in sy moderne verskyningsvorme en konsekwensies soos kolonialisme, neo-kolonialisme, neo-imperialisme en dan wel eweseer Britse, Amerikaanse en Kommunistiese imperialisme, word binne hierdie raamwerk van struktuurverwoestende momente georden."[154]

Imperialisme veroorsaak dus 'n tussenstaatlike status quo waardeur 'n wedersyds gerespekteerde veelheid van nasionale state resloos opgedoek word. Trouens, imperialisme het in historiese aanloop dikwels regionale en supranasionale verwoestende strukture tot gevolg gehad.

(c) REGIONALISME

Regionalisme as struktuurverskynsel in die wêreld-

---

153. Vergelyk Schelling, T.C., The Diplomacy of Violence, in Art, R.J., Waltz, K.N., The Use of Force, p. 99; Wohlstetter, A., The Delicate Balance of Terror, in Quester, G.H., Op. cit., pp. 475 - 499; Kaysen, C., Keeping the Strategic Balance, in Quester, G.H., Op. cit., pp. 541 - 552.

154. Wessels, F.J.H., Internasionale Verhoudinge - 'n Normatief-Strukturele Benadering, p. 16. Vergelyk ook Wessels, F.J.H., Die Republikeinse Grondwet, p. 164.

politiek word deur Haas en Whiting soos volg omskryf:

> „... any longterm agreement between two or more states, providing for common political military or economic action in specific circumstances, provided the commitment extends to a defined area and specific states."[155]

Maar Goodspeed merk tereg op dat daar nog nie tot 'n bevredigende en aanvaarde omskrywing van die term streeksgroepering of regionalisme gekom is nie.[156]

Omskrywingsprobleme ten spyt, bly regionalisme as struktuurverwoestende moment veral aktief waar dit as springplank tot die ideaal van die wêreldstaat dien. Ezioni stel dit duidelik:

> „ ... the most compelling appeal of regional communities may provide a stepping-stone on the way from a world of a hundred odd states to a world of a stable and just peace."[157]

Hierdie supra-nasionale neigings soos dit byvoorbeeld aange-

---

155. Haas, E.B., Whiting, A.S., Dynamics of International Relations, p. 494.

156. Vergelyk Goodspeed, S.S., The Nature of Function of International Organization, p. 549; McLlelland, D.S., Olson, W.C., Sondermann, F.A., Op. cit., p. 469. „The very term region is imprecise. As recently as a generation ago, one would hardly have thought of the North Atlantic as a region, or if he had, he would hardly have placed Turkey and Greece in it."

157. Etzioni, A., Political Unification, p. x.

tref word by die Europese Staal- en Steenkool Gemeenskap, Europese Ekonomiese Gemeenskap, Warskou Verdragsorganisasie en die Organisasie van Afrika Eenheid, is ongetwyfeld 'n afwyking van die maatskapstruktuur.[158] In die aanhef tot die handves van die OAE verklaar die regeringshoofde van Afrikastate dat hulle tot die handves toegestem het:

> „aangevuur deur 'n gemeenskaplike vasberadenheid, om, in antwoord op die strewe van ons volke na broederskap en solidariteit in 'n groter eenheid, wat sal uitstyg bo etniese en nasionale verskille, 'n beter verstandhouding tussen ons volke en samewerking tussen ons state te bevorder."[159]

Teen streeksgroeperings wat die neweskikkende veelheid van nasionale state nie ofhef nie en ingestel is op ekonomiese, tegniese, militêre en/of ander struktuurrespekterende take, kan daar geen beswaar ingebring word nie. Regionale strukture wat egter daarop ingestel is om die nasionale soewereiniteit van enige deelnemende staat in die geringste mate te

---

158. Vergelyk Luyt, N., Op. cit., p. 169.

159. Soos aangehaal in Cloete, J.J.N., Swart Afrika: Politieke en Administratiewe Tendense. Afrika-Instituut, Pretoria, 1967, p. 26. Vergelyk ook McCewan, P.J.M., Sutcliffe, R. B., Modern Africa, Thomas Y. Crowell Company, New York, 1967, p. 384. „In spite of divisions between those who favoured only complete African unity and those who preferred to see regional unity as a stepping stone to this goal, the actions and tone of the Conference were remarkably unanimous."; Morris, M., Terrorism, pp. 3 - 4.

skaad en daarmee as vertrekpunt na 'n internasionale Leviathan wil beweeg, moet sondermeer verdoem word.[160]

(d) INTERNASIONALISME

Die pax romana, pax islamica, pax Brittannica of pax Americana is almal voorbeelde van superstrukture met die pretensie van wêreldheerskappy. Die veelheid van state moet hulle soewereine onafhanklikheid aan internasionalisme offer daar die nasionale staat nog altyd die doring in die vlees van tussenstaatlike vrede was. Goodspeed skryf:

> „... it seems clear that war as an institution could only persist in a world of sovereign states, each claiming the right to decide its own affairs, as it sees fit ... and refusing to recognize any authority as superior to its own. It follows to a certain extent that sovereinity is a cause of all wars, and that the most straightforward and only permanent way to abolish war is to abolish sovereinity."[161]

Die droom van 'n wêreldryk is dus reeds baie eeue oud en teenswoordig word daar steeds voortborduur op hierdie ideaal.

---

160. Vergelyk Wessels, F.J.H., Die Probleem van Tussenstaatlike Verhoudinge - Humanisties en Christelik, Op. cit., p. 11. „Langs hierdie weg het die humanisme dan nou aangeland by die stadium waar die teoretiese voorbereiding vir die supra-nasionale staat gereed is."

161. Goodspeed, S.S., Op. cit., p. 615; Vergelyk ook Gettel R.G., Introduction to Political Science, p. 64; Schleicher, C.P., Introduction to International Relations, p. 58.

In die tweede hoofstuk het ons gelet op die funksionele, kulturele en politieke aanloopbane tot die wêreldstaat, wat elkeen 'n euwel vir die maatskap impliseer. Wessels veroordeel die funksionele benadering van die wêreldstaat soos volg:

> „Wêreldnihilisme kan geen wêreldstaat bring nie, want as die versuikerde pil gesluk is, moet ons slegs die wêreldformaat van die korporatistiese diktature van die nasionaalsosialisme, die facisme, en die falangisme verwag, as noodwendige oplossing van die integrasieprobleem by hierdie veelheid van wêreldorganisasies. Die alternatief is die afdanking van die staat - ook dan van die wêreldstaat wat bereik moet word. Dan het ons wêreldchaos, want die vreedsame bestaan van 'n reeks internasionale organisasies in die plek van die nasionale state is 'n illusie."[162]

Maar ook die kulturele aanslag wat die nasionale gevoel, taal, tradisies en aspirasies wil relativeer in belang van die sogenaamde „breë" uitkyk, is totaal wars van die maatskapsfiguur.

Die wêreldstaat bly egter die ideaal van welmenende idealiste en die moderne humanisties-ontwortelde intelli-

---

162. Wessels, F.J.H., Die Probleem van Tussenstaatlike Verhoudinge - Humanisties en Christelik, Op. cit., p. 11.

gentsia. David Ben-Gurion het voor sy dood 'n soort eskatologiese blik op die wêreld oor vyf en twintig jaar gewerp en die volgende gesê:

> „ ... all armies will be abolished ...
> In Jerusalem, the United Nations will build a shrine of the prophets to serve the federated union of all continents; this will be the seat of the supreme court of mankind, to settle all controversies among the federated continents."[163]

Hierdie bykans brutale magsmonstering van 'n enkele internasionale wêreldowerheid vervul die Christen-staatsburger met vrees en bewing. Die fungering van sodanige wêreldparlement sal enersyds òf in chaos en anargie ontaard òf andersyds in 'n magtige diktatuur - rustende op swaardmagmonopolie, wat meer outoritêr sal kan optree as wat selfs Hitler sou kon goedpraat.

Die mens wat as gevolg van die sondeval nie tot die goeie in staat is nie, wil in sy humanistiese oormoed homself red in die „veilige veste" van 'n wêreldstaat. So word hier-

---

163. Soos aangehaal in Ferreira, L.J., Transformasie as Teoretiese Benadering vir 'n Wêreldstaat, p. 157.

die verwoestende struktuur nogeens 'n ontvlugting, 'n toring van Babel. Die „One-Worlders" sal nooit leer dat die weg na vrede by die kruis begin en nie in die gewaande ingebore en inherente goedheid van die mens nie.[164]

As struktuurverwoestende moment word die wêreldstaat as ondeugdelike kettery in die lig van die maatskapstruktuur verwerp. Diegene wat leef in die illusie dat die wêreldstaat ontwapening sal meebring, verreken daarmee nog 'n struktuurverwoestende moment, want tussenstaatlike pasifisme sal op ons sondegebroke tranedal steeds 'n hersenskim bly.

(e) ONTWAPENING EN PASIFISME

Oorlog is die gevolg van die sondegebrokenheid van die mens, wat van nature geneig is om sy medemens te haat en die swaard teenoor hom te trek. In hierdie lig beskou, sal die Christen-staat, wat homself in die huidige tussenstaatlike bedeling ontwapen teenoor die aanhangers van die anti-

---

164. Vergelyk Wessels, F.J.H., Die probleem van Tussenstaatlike Verhoudinge - Humanisties en Christelik, Op. cit., p. 12.

Christelike wêreldbeskouing, 'n weerlose Christendom uitlewer aan die humanistiese pasifisme en die onafwendbare oorwinning van die ryk van Satan.[165]

Die daarstelling van atoomwapens, met hulle wêreldverwoestende kapasiteite, het piëtistiese pasifiste met 'n kruisvaart teen atoomwapens en oorlog laat begin,[166] omdat die gebruik van hierdie wapentuig die voortsetting van die „goeie en voorbeeldige lewe" in die gevaar sou stel. Taylor verdoem hierdie siening sonder meer:

> „Does the Word of God in fact teach us any such thing. The answer is that it does not. In the New Testament we are given no picture of peace on earth among the nations. On the contrary, prophecies abound of the most terrible wars among people at the end of future history before the final consummation which transcends history. The hope of peace outside of faith and trust in Jesus Christ is alien to the New Testament. The hope of an earth in which dwells righteousness is bound up with the expectation of a new heaven and a new earth. The reign of absolute peace belongs to eschatology, to the realm of eternal life."[167]

---

165. Vergelyk Taylor, E.L.H., Op. cit., p. 430. „Modern pacifists who advocate unilateral nuclear disarmament would do well to remember that no state can exist without power as well as justice."

166. Vergelyk Edwards, D.V., Arms Control in International Politics, pp. 177 - 180; Bull, H., The Objectives of Arms Control, Art, R.J., Walz, K.N., Op. cit., pp. 349 - 365; Levine, R.A., Facts and Morals in the Arms Debate, in Quester, G.H., Op. cit., pp. 552 - 572.

167. Taylor, E.L.H., Op. cit., p. 431.

Deur hierdie ontwapeningsdogma aan die regerings van Amerika, Engeland en Frankryk op te dis - in die lig van Russiese of Rooi Sjinese agressie - is die pasifisme inderdaad besig om eersgenoemde drie state se Goddelik-verordineerde reg as state te ontsê.

Johannes Calvyn het reeds in sy institusie geskryf:

> „It is the dictate both of natural equity and of the nature of the office that princes are armed not only to restrain the crimes of individuals, but also to defend the territories committed to their charge by going to war against any hostile aggression, and the Holy Spirit, in many passages of scripture, declares such wars to be lawfull."[168]

Die antwoord op die atoomoorlogverwoesting is dan juis daarin geleë dat die Christenstatery hulle arsenale sal vul met atoomwapens om geharnas die komende Armageddon tegemoet te gaan.[169] As ons ook in hierdie opsig gedienstig en gedwee Gods water oor Gods akker wil laat loop, mag ons nog 'n paar jaar in ver-

---

168. Soos aangehaal in Ibid., p. 433.

169. Vergelyk Ibid., p. 436. „Only in this way shall we emerge from a situation in which we may one day have to decide between surrendering our glorius Anglo-American heritage to the scientific barbarians of the Russian Steppes and letting loose upon ourselves and the rest of mankind the horrors of an atomic holocaust." Let ook op Zuidema, S.U., The Strength and Weakness of Communism and Christianity, in Zuidema, S.U., Communication and Confrontation, J.H. Kok, Kampen, 1972, pp. 23 - 35.

meende geluk lewe, maar sal daarna vir die res van ons lewe as slawe van die Kremlin werksaam wees. Daarteenoor staan die heerlike taakstelling dat, as ons bereid sou wees om die nodige offers te bring en met die sweet van ons arbeid te verseker dat ons vrye Christene onder God en Sy gebod bly, ons ons eie swaardmag weerbaar en bruikbaar moet hou.

Die maatskapsfiguur laat dus vir ontwapening en pasifisme geen ruimte nie. Dit is 'n uitloper van die gangbare humanistiese droom van wêreldvrede wat nooit sal bestaan nie. Vir die finale aanslag moet elke Christen ook militêr paraat wees.

> „Let all Christians in the English speaking world pray for peace with justice and trust in God, but in the meantime let us keep our conventional and nuclear weapons ready for action",[170]

sê Taylor.

(f) ORIëNTERENDE EVALUERING

Struktuurverwoestende momente is duidelik kenbaar;

---

170. Taylor, E.L.H., Op. cit., p. 436. Vergelyk ook die siening van Diepenhorst in Diepenhorst, I.A., Op. cit. pp. 284 - 305

strominge wat die veelheid van state vernietig en die onderlinge maatskapsverkeer van gelykwaardigheid afbreek na ongelykheid en oorheersing. Dit is die enigste oplossing wat die humanisme telkens aanbied, omdat dit lewe uit 'n valse religieuse grondmotief, wat telkens 'n ander oplossing vir die tussenstaatlike aanbied.

Magsegoïsme, menseregte, imperialisme in sy vele gewade, internasionalisme, die ongebreidelde soewereiniteitsleer, en pasifisme is almal faktore wat die rustige fungering van state langs mekaar verbreek. Ook in internasionale verhoudings geld egter die Skriftuur-waarheid van sondegebrokenheid en daarom moet ons normgebonde die realiteit aanvaar, naamlik dat struktuurverwoesters van die tussenstaatlike ons altyd sal bybly tot aan die voleinding van die wêreld.

## E. SLOTGEDAGTES: DIE VERDIENSTE VAN DIE NORMATIEF-STRUKTURELE BENADERING

Die normatief-strukturele benadering van Wessels het besondere drakrag en verdienste. Die heldere omlyndheid en gepresiseerdheid daarvan, soos wat ons dit hierbo gekonsipieer en uiteengesit het, veroorsaak dat dit 'n sinvolle en heldere beeld van die verhoudings tussen state bied.

Dit is 'n norm-belaaide benadering teenoor die normontlading wat ons by die meeste ander benaderings onderskei het. Dit lewer getuienis van religieuse verankerdheid soos ook die bekende histories-sosiologiese projeksies van die tussenstaatlike toneel deur Spengler, Toynbee, Sorokin en Marx. Oswald Spengler verklank die degenerasie en uiteindelike ondergang van die Westerse kultuur.[171] Arnold Toynbee verkondig die internasionale toekomsperspektief van die wêreldstaat.[172] In 'n behandeling van Toynbee se spekulasies, verklaar Jooste:

> „Dit staan nou reeds eeue in 'n posisie waar dit nie behoort te wees nie, waar dit menslike offers opeis en kry. Die politieke doelstelling van ons geslag is om hierdie gruwel uit te werp en om die tempel te reinig. In doodgewone taal: die prestige en prerogatief van Soewereiniteit moet weggeneem word van die vyftig of sestig onderdele van die gemeenskap en oorgeplaas word na die gemeenskap in sy geheel - van die nasionale state wat mag misbruik en mense oorheers - na een of ander liggaam wat die hele wêreldgemeenskap dien.[173]

---

171. Vergelyk Spengler, O. Der Untergang des Abendlandes.

172. Vergelyk Toynbee se magistrale 12 volumes: Toynbee, A.J., The Study of History.

173. Vergelyk Jooste, N., Die Onregverdige Mammon. Riglyne, Augustus 1972, Jaargang 3, nr. 2, p. 25.

Pitirim Sorokin is ewe bewus van die dekadente insinking van ons dag,[174] terwyl Karl Marx met krag die klassestryd en rewolusie verkondig totdat die wêreldorde onder die diktatuur van die Wêreldarbeider volbring is.[175]

Teenoor hierdie heidense tetiese projeksies stel die normatief-strukturele metode dan onbeskaamd 'n Christelike toekomsvisie. Postulaat van die eindstryd tussen civitas Dei en civitas terrena wat ons reeds so duidelik onderskei het en wat volgens ons mening die enigste ware visie op die tussenstaatlike in eeue-perspektief aanbied. Wessels verklaar treffend:

> „Any analysis of international relations that does not take into account this divine revelation of God, will fall into the blindness that man and man alone can and will achieve world peace - through the unlimited perfectability of mankind."[176]

Soos wat ons by die uiteensetting van die benadering aangetoon het, verskaf die ooplegging en verrekening

---

174. Vergelyk Sorokin, P., Social and Cultural Dynamics.

175. Vergelyk die rigsnoer van die kommunisme: Marx, K., Das Kapital; Zuidema, S.U., Communisme in Ontbinding.

176. Wessels, F.J.H., Some Modern Approaches to the University Teaching of International Relations, Lesing by die Universiteit van Fort Hare, April 1971, p. 12.

van die onderliggende historiese strominge telkens perspektief op die onderskeibare momente. Die ontrafeling van diplomasie, volkereg, imperialisme, internasionalisme, pasifisme, magsbalans, magspolitiek en ander struktuurbehoudende en struktuurverwoestende momente, bied die geleentheid tot 'n korrek-gefundeerde benadering. Wessels vat self die verdienste van sy benadering soos volg saam:

> „I believe that this normative-structural approach not only gives ample scope for scientific research, but it serves as an excellent method of university teaching at undergrduate level."[177]

Met die aanbieding van hierdie normatief-strukturele benadering van die tussenstaatlike, wil ons daaraan herinner dat daar ook vir die wetenskap waarhede geld wat op 'n dieper vlak as die rede geleë is. Ons siening druis geheel en al in teen die aanvaarding van die selfgenoegsaamheid van die menslike rede. Die mens is in homself slegs tot die kwade aangetrokke, en die humanistiese teorieë waarin die <u>mens</u> op die keiserlike troon geplaas word - ook in die verhoudings tussen state - het die wêreldpolitiek dikwels in namelose ellende gedompel.

---

177. <u>Ibid</u>., p. 13.

Die lig van die Skrif beteken die beligting van die mens se hart deur die Bybelse religieuse grondmotief wat, as sentrale dryfkrag, die volle lewe in Christus tot eer van God laat ontplooi, - die diens van God met die hele hart, en daarom ook in die verhoudings tussen state. Die normatief-strukturele benadering is egter nie sonder meer die finale, volmaakte antwoord op die tussenstaatlike teoretiese probleme nie. Ook die Christen-akademikus opereer steeds in sondegebrokenheid en ken daarom slegs ten dele.

Dit verhinder die Christen egter nie om met die lig en kennis tot sy beskikking te vors na die Goddelike norme vir die verhoudings tussen state nie. Sodoende kan die wonderkrag van die Skrif vir die ganse wetenskap tot voordeel van die ganse mensdom ontsluit word. Kennis is lig, mits dit kennis in Sy lig is.

# HOOFSTUK VIII

## KRITIESE OORWEGINGE EN RIGLYNE

### A. INLEIDING

Die drakrag en gesaghebbendheid van die behavioralistiese, teoretiese benaderings moet ten slotte onder die vergootglas geplaas word. Slegs so kan die verdienste en bruikbaarheid daarvan blootgelê word vir die verhoudings tussen state. Sommige van hierdie „Aufklärung-denkers" aanvaar ook geredelik die tekortkominge en gebreke van hulle werk. Heinz Eulau beweer:

> „Perhaps the first lesson which the behavioral researcher in politics should learn is to be candid about the limitations of his work."[1]

'n Kritiese besinning oor die moderne tussenstaatlike teorieë sal in ons geval aan die hand van die normatief-strukturele metode plaasvind. En daarmee wil ons nie met wetenskaplike grootheidswaan die normatief-strukturele benadering as die volmaakte of enigste tussenstaatlike teorie aanbied nie, maar beslis beweer dat ons hier met 'n tussenstaatlike

---

1. Eulau, H., The Behavioral Persuasion in Politics, p. 111. Vgl. ook Kaplan, M.A., The New Great Debate, in Knorr, K., Rosenau, J.N., Contending Approaches to International Politics, p. 60. „I have no doubt that the early attempts at a scientific approach to international politics are guilty of crudities and errors."

teorie te doen het, waarin die verhoudings tussen state die herlderste omlyn word vir vrugbare wetenskaplike navorsing en omdat dit bowendien erkenning verleen aan die bruikbare momente in stelselanalise en ander moderne benaderings. Die normverheffing van hierdie teorieë, as die alfa en omega van die verhoudings tussen state, is vir ons totaal onaanvaarbaar. Afsluitend gee ons dus aandag aan 'n vlugtige tetiese projeksie - 'n toekomsblik oor die teoretiese eindpunte van die verhoudings tussen state.[2] Ten aanvang gee ons dan aandag aan die filosofiese verksraling van die moderne teorieë.

## B. FILOSOFIESE VERSKRALING VAN DIE MODERNE TEORIEË

### I. Inleiding

Die teoretiese aanslag van die moderne tussenstaatlike teorieë gaan beslis mank aan filosofiese fundering. Die hele benadering gaan trouens van die standpunt uit dat dit hartstogtelik wil breek met die knellende bande van (wysgerige) lewens- en wêreldbeskoulike oriënterings.[3] Tussenstaatlike verhoudings moet los staan van die filosofie - dit word bloot feitlike of natuurwetmatige gegewens wat ook so

---

2. Vgl. Wessels, F.J.H., Internasionale Verhoudinge - 'n Normatief-Strukturele Benadering, pp. 20-21; Van Riessen, TR.H., De Maatschappij der Toekomst, Hoofstuk III.

3. Vgl. Easton, D., The Condition of American Political Science, in Eulau, H., Behavioralism in Political Science, p. 31; Easton, D., A Systems Analysis of Political life, p. 5. „....it has become transparently clear that political theory is not, need not be and ought not to be a monolithic subject confined exclusively to moral and philosophical inquiry."; Said, A.A., Theory of International Relations, 1-17; Vgl. ook Aron, R., The Quest for a Philosophy of Foreign Affairs, in Hoffmann, S., Contemporary Theory in International Relations, p. 79-91.

wetmatig ontleed en toegepas moet word. Hedley Bull, vooraanstaande kritikus van die moderne rigtings, verklaar;

> „.... the practitioners of the scientific approach, by cutting themselves off from history and philosophy, have deprived themselves of the means of self-criticism, and in consequence have a view of their subject and its possibilities that is callow and brash."[4.]

Die verhoudings tussen state is verhewe bo enige filosofiese voorveronderstelling, want die wetenskap staan, volgens hulle, immers los van enige religieuse oriëntering en ingesteldheid. Daarom moet ook alle filosofiese verklarings van die strominge ten grondslag van die verhoudings tussen state as sinneloos afgewys word.

Daarteenoor stel ons dit baie duidelik dat teoretiese denke, in elke vakwetenskap, nooit religieus neutraal kan wees nie, want elke wysgerige denker - ook ten opsigte van tussenstaatlike teorieë - word gelei en beheers deur die religieuse grondmotief wat op sy hart beslag gelê het.[5.] Daarom

---

4. Bull, H., International Theory; The Case for a Classical Approach, in Knorr, K., Rosenau, J.N., Op.cit., p. 37. Vgl. ook p. 21. „some of them dismiss the classical theories of international relations as worthless, and clearly conceive themselves to be the founders of a wholly new science."

5. Die religieuse grondmotief kan ons beskou as die geestelike dryfkrag wat uit die sentrum van die lewe alle tydelike lewensuitinge beheers en op die oorsprong van die ontstaan rig. Die ontwikkelingsgeskiedenis van die Westerse Beskawing openbaar kronologies die Griekse Grondmotief van vorm en materie; die Christelike van skepping, sondeval en verlossing; die Rooms-Katolieke van natuur en genade en die moderne humanistiese grondmotief van natuur en vryheid - rustende op die gewaande waardigheid van die menslike persoonlikheid.

hou ons ook ten opsigte van die tussenstaatlike teorieë aan die een goue draad vas, naamlik dat die skrifmatige religieuse grondmotief, die enigste is wat nie tot die verslawing en ontmondiging van die mens lei nie, omdat ook sy wetenskaplike vryheid 'n vryheid van die sonde en 'n vryheid in Christus is.

Nieteenstaande die begeerte van die moderne teoretici om te breek met die filosofie, slaag hulle hoegenaamd nie daarin om daaraan te ontkom nie. Dit lei hulle slegs tot verslawing aan die menslike rede wat vir hulle outonoom, soewerein en onaantasbaar staan en so die moderne teorieë van internasionale verhoudinge onlosmaaklik koppel aan die humanisme. In daardie lig het hulle pogings om aan die filosofie te ontkom, gefaal; pogings wat hulle juis gerieflik laat identifiseer en tipeer as verstandsverheerlikende humaniste.

Kritiek op die filosofiese verskraling van die moderne teorieë val voorts uiteen in twee komponente. Eerstens kritiek daarop vanuit die normatief-strukturele standpunt en tweedens, kritiek van die teoretici wat self gevange sit in die wortels van die humanisme en dus nie die normatief-strukturele benadering as uitgangspunt aanvaar nie.

## II. Kritiese Besinning uit die Standpunt van die Normatief-Strukturele Metode

Die normatief-strukturele metode aanvaar as filosofiese en normatiewe uitgangspunt die soewereine beskikking van God waarin die bestaan van elke staat en dus ook sy eindbestemming onherroeplik verreken is.[6] Die menslike rede kan dus

6. Vgl. Hoofstuk VII waar die grondslae van die Christelike struktuurleer uiteengesit is.

in homself nie onafhanklik rasioneel oor die verhoudings tussen state teoretiseer nie. Dit is onlosmaaklik gekoppel aan Gods almag soos Calvyn dit treffend bely het:

> „We are not our own; therefore neither our reason nor our will should predominate in our deliberations and actions. We are not our own; therefore let us not presuppose it as our end to seek what may be expedient for us according to the flesh. We are not our own; therefore let us; as far as possible, forget ourselves and all things that are ours. On the contrary we are God's: to him, therefore let us live and die. We are God's; therefore let his wisdom and will preside in all our actions. We are God's; towards him, therefore, as our only legitimate end, let every part of our lives be directed."[7]

Dit is karakteristiek van die Protestantse verwerping van die soewereiniteit van die menslike rede.[8.]

Die moderne tussenstaatlike teorieë, daarenteen, erken in geen opsig die gesag van God of van die normatiewe vir die wetenskap, en dus ook vir tussenstaatlike teorieë nie. Inteendeel, Karl Deutsch verwys ligthartig na die onderskeiding wat Augustinus tussen die civitas Dei en civitas terrena het:

---

7. Soos aangehaal deur Taylor, E.L.H., Op.cit., pp. 499-500, Uit Niebuhr, H.R., The Kingdom of God in America, pp.23-25.

8. Vgl. Taylor, E.L.H., Op.cit., pp. 500-505; Zuidema, S.U., The Strength and Weakness of Communism and Christianity, in Zuidema, S.U., Op.cit., pp. 33-35.

> „They envisage the world as a huge battleground between light and darkness, day and night. The children of goodness are contending implacably against the children of evil."[9.]

Die antitese wat Augustinus onderskei het, word vir Deutsch 'n utopiese model sonder erkenning van die realiteite.[10.] Juis hier gaan ons weë egter uiteen, as ons met Wessels in sy tetiese projeksie by Augustinus aansluiting vind.

Die selfgenoegsaamheid van die menslike rede - wat reeds sedert die ontstaan van die humanisme, met sy pretensie van algehele ongebondenheid, 'n grondliggende kenmerk was - word nou in 'n nuwe gedaante opgedis.[11.] Wolf gaan nie meer geklee in die ou tradisionele skaapklere nie, maar dra nou 'n moderne, sintetiese voorbereide, en dikwels kunsmatig gekleurde skaapvel om aan te pas by die eise van 'n toenemende positivisties-georiënteerde wêreldburgery.

Die denkbeelde van Descartes, Hobbes, Newton, Locke, Hume, Kant, Comte, Kierkegaard, Loen, Jaspers en vele ander eksponente van die moderne humanisme, met hulle onderlinge stryd tussen dialektiese materialisme, neo-positivisme en eksistensialisme, om slegs enkele van die botsende standpunte

---

9. Deutsch, K.W., The Future of World Politics, in Hancock, M.D., Rustow, D.A., American Foreign Policy in International Perspective, p. 27.

10. Vgl. Ibid., p. 28.

11. René Descartes (1596-1650) word beskou as die grondleër van die humanisme met sy filosofie van die gesekulariseerde mens. Vergelyk Venter, E.A., Wysgerige Temas, p. 68.

te noem,[12.] word in 'n nuwe gewaad aangebied. Vir die meeste van hierdie hedendaagse teoretici bly die taak van tussenstaatlike navorsers 'n analise van 'n natuurwetenskaplike feite-kompleks. Fundamenteel is dit gebaseer op 'n matematiese Archimedes-punt, waar wat, soos Galileï reeds, matematiese modelle tot die enigste norm van die wetenskap verhef:

> „Philosophy is written in that great book which ever lies before our eyes - I mean the universe, but we cannot understand it if we do not first learn the language and grasp the symbols in which it is written. This book is written in the mathematical language and the symbols are triangles, circles and other geometrical figures, without whose help it is impossible to comprehend a single word of it."[13.]

Slegs die uiterlike waarneembare en meedeelbare feite - want oor niks anders kan in wetenskaplike taal gespreek word as waarneembare realiteite nie - word verklaar.[14.] Die inmars van rekenaars, stelsels, wiskundige modelle en ander wetmatige gegewens het onherroeplik 'n stempel op die teorieë van internasionale verhoudings afgedruk. Die teorieë moes kom, want oor die algemeen is dit bloot die praktiese manifestering van die humanisme. Hoe kon die tussenstaatlike teorieë dan ook

---

12. Vgl. Venter, E.A., Die Ontwikkeling van die Westerse Denke, p. 123.
13. Soos aangehaal in Taylor, E.L.H., Op.cit., pp. 193-194.
14. Vgl. Venter, E.A., Die Ontwikkeling van die Westerse Denke, p. 123.

anders die enigste vakdissipline wees wat nie deur die positivisme in die wetenskapsbeoefening aangetas sou word nie?[15]. Die interne struktuurprinsipe van die staat, as basis van internasionale verhoudings, het buitendien van oudsher af tot chaotiese meningsverskille aanleiding gegee soos Dooyeweerd dit baie duidelik stel:

> „Perhaps there is no other organized human community whose character has given rise to such a chaotic diversity of opinions in modern social philosophy and social science as the state."[16]

Van die Goddelike norme - vir die interne struktuur van die staat sowel as vir die tussenstaatlike struktuur neem die behavioralistiese denkers geen kennis nie, maar skuif in die plek daarvan hulle natuurwetenskapsideaal op die voorgrond; 'n „wetenskap" wat so suiwer moet wees dat dit die normatiewe geen kennis wil dra nie.[17].

Daarom is die sentrale denkrigting van hierdie teorieë individualisties gerig. Die individualistiese grondkonsepsie - een van die bipolêre vertakkings van die Westerse humanisme - is toegespits op die primaat en heerskappy van die

---

15. Vgl. Dooyeweerd, H., De Crisis in de Humanistische Staatsleer. pp. 47-84.
16. Dooyeweerd, H., A New Critique of Theoretical Thought, Vol. III, p. 380. Vergelyk ook Dooyeweerd, H., The Christian Idea of the State, pp. 22-27.
17. Vgl. Dooyeweerd, H., In the Twilight of Western Thought, pp. 1-5.

individu.[18] Die individualisme herlei dus die patroon van die menslike samelewing tot sy kleinste samestellende dele, naamlik die massa enkelinge. Die staat word 'n versameling van menslike atoompies.[19] Kalsbeek merk op:

> „Van een rechtstreekse invloed van het Christelijk geloof is hier nog geen sprake. Dit proces voltrekt zich grotendeels onder leiding van een afgodische geloofshouding. Er blijft dan ook steeds een spanning bestaan tussen een individuele ontplooiing, die altijd de neiging tot individualisme in zich heeft....."[20]

Op hierdie individualisties georiënteerde denkpatroon bou Kaplan, Easton, Rosenau, Boulding, Rappoport, Deutsch, Knorr en andere lustig voort in die aanbieding van hulle teorieë. Die menslike individu word as die uitgangspunt van die verhoudings tussen state aanvaar. Die menslike persoonlikheid moet dus tot op die been oopgekloof word, want die verhoudings tussen state word deur die outonome mens beheers met sy soewereine rede. Dit is 'n standpunt wat sprekend deur die spelteorie geïllustreer word.[21] Toonaangewende staatslui word individuele spelers wat dobbel met die toekoms van state.

---

18. Vgl. Strauss, H.J., Die Staatsverband in Kosmologiese Perspektief, p. 1.
19. Vgl. Kalsbeek, L., De Wijsbegeerte der Wetsidee, p. 260.
20. Ibid., p. 261.
21. Vgl. Dougherty, J.E., Pfalzgraff, R.L., Contending Theories of International Relations, pp. 347-349; Shubik, M., Game Theory and Related Approaches to Social Behaviour, pp. 4-5; Kaplan, M.A., System and Process in International Politics, pp. 169-171; Saaty, T.L., Mathematical Models of Arms Control and Disarmament, pp. 1-5.

Die ander vertakking van die humanisme, naamlik die universalisme het egter ook vir sommige denkers 'n bepaalde bekoring ingehou. Die universalistiese grondkonsepsie[22.] - met sy toekenning van die primaat aan 'n bepaalde lewensvorm, bv. kerk, staat en volk, en die subordinering van die ander lewensvorme daaraan - het ons veral sy neerslag sien vind in die stelselanalitiese denkbeelde. 'n Veelheid van stelsels word opgedis, maar veral by die internasionale statestelsel spreek die oorkoepelende universalistiese struktuur baie duidelik. Alle nasionale staatsbelange word resloos opgeoffer aan 'n universele Leviathan. Treffend dat vele behavioraliste die wêreldstaat as die eindvorm aanbied.

Van die Goddelike norme vir die verhoudings tussen state neem die behavioraliste dus nie kennis nie, maar bou veral voort op individualistiese lyn met die menslike individu as onaantasbare selfgenoegsame soewerein,[23.] wat dan alle tussenstaatlike grenslyne transendeer. Op christelike standpunt dus ongehoorsaamheid aan die ware sondeoorwinnende religie, waarvan die stagnasie van die moderne teorieë onteenseglik getuig. Kritiek op hierdie filosofiese antinormatiwiteit van die behavioraliste kom egter nie alleen uit die oord van diegene wat die Christelike religieuse grondmotief as hulle uitgangspunt aanvaar nie. Juis ook uit die humanisme self is ernstig kritiek ingebring.

---

22. Vgl. die staat se heerskappy oor die ander lewensvorme soos veral gepostuleer deur Grotius, Hobbes, en Rousseau en andere in Dooyeweerd, H., The Christian Idea of the State, p. 25. Vgl ook die bydrae van Machiavelli tot hierdie magspolitieke konsepsie in Taylor, E.L.H., Op. cit.,p. 473-477.

23. Vgl. Dooyeweerd, H., A New Critique of Theoretical Thought, pp. 473-477.

## III. Algemene Kritiek

Hedley Bull lui sy kritiek in met die volgende opmerking:

> „A more likely future for the theory of international politics is that it will remain indefinitely in the philosophical stage, of constant debate about fundamentals; that the works of the new scientific theorists will not prove to be solid substructure on which the next generation will build, but rather that those of them that survive at all will take their place alongside earlier works as partial and uncertain guides to an essentially intractable subject; and that successive thinkers, while learning what they can from what has gone before, will continue to feel impelled to build their own houses of theory from the foundations up."[24]

Ook Christian Bay spreek hom uit teen die menings van Heinz Eulau,[25], naamlik:

> „These are philosophical questions better left to the philosophers."[26].

Hy merk dan verder op:

---

24. Bull, H., Op.cit., p. 30. Vgl. ook Petras, J., Ideology and United States Political Scientists, in McCoy, C.A., Playford, J., Apolitical Politics. A Critique of Behavioralism, pp. 76-97.
25. Eulau, H., The Behavioral Persuasion in Politics, p.133.
26. Vgl. Bay, C., Politics and Pseudopolitics: A Critical Evaluation of some Behavioral Literature, in McCoy, C.A., Playford, J., Op.cit., p. 13.

> „My argument will be that much of the current work on political behaviour generally fails to articulate its very real value biases, and that the political impact of this supposedly neutral literature is generally conservative and in a special sense anti-political."[27]

Die hartstogtelike pogings van die moderne teoretici van internasionale verhoudings, nl. om radikaal te breek met die filosofie, verduur dus ook kritiek uit eie geledere; kritici was onteenseglik bewys dat geen vakwetenskap neutraal kan staan nie. Die pogings om aan die filosofie te ontkom, illustreer dan juis die afvalligheid van die behavioraliste.

In 'n kort kritiek herinner Rodgers die behavioraliste daaraan dat hulle die vrugtelose anti-filosofiese neigings moet laat vaar en die skrede na die wêreldoorwinnende lig van Gods Woord moet rig - ook ten opsigte van hulle tussenstaatlike teorieë;

> „I suggest that the future of political science will not depend on the accumulation of more basic data or on eloquent exhortations to cultivate creativity or on the establishment of additional centers for advanced political science. I suggest that the future of political science will more probably depend on an adequate answer to the supplication of the Bidding Prayer: And ye shall

27. Ibid., p. 13.

pray for a due supply of persons to
serve God in the Ministry and in the State."[28]

Kritiek moet egter ook uitgespreek word teen die feit dat die maatskapsfiguur resloos misken word deur die behavioralistiese teorieë van die tussenstaatlike. Weinig erkenning word gegee aan die neweskikkende veelheid van nasionale state op die forum van die wêreldpolitiek.

## C. DIE MISKENNING VAN DIE MAATSKAPSFIGUUR

Die maatskapsfiguur, wat na ons mening die struktuur van die verhoudings tussen state die beste verreken en wat ons hierbo uiteengesit het, word deur die moderne teorieë dikwels in 'n karikatuur omskep.[29] Die neweskikkende veelheid van nasionale state word as die doodsonde van die internasionale politiek voorgehou. En wie hierdie basiese beginsel van die maatskapsfiguur misken, is al by voorbaat in die vaarwater van struktuurverwoestende strominge. Sonder die genormeerde nasionale stateveelheid is die verrekening van struktuurbehoudende en struktuurverwoestende momente natuurlik nutteloos. Maar juis daarom kan die behavioralistiese „One-Worlders" ook die eie tussenstaatlike struktuurvorm nie as sodanig onderskei nie. Juis die transformasie van die nasionale staat na die internasionale Leviathan word algemeen onder die behavioralis-

28. Rodgers, L., Notes on Political Science, Political Science Quaterly, Vol. LXXIX, p. 209.

29. Vgl. die vorige hoofstuk oor die Normatief-Strukturele benadering van Internasionale verhoudings.

te aangetref.[30] Karl Deutsch verklaar:

> „The future-oriented and optimistic utopias are essentially utopias of harmony. The world, it is said, is becoming one. Conflicts are becoming unimportant. World trade is superseding national economics. A world literature is raking the place of national literature. Jet aircraft will carry people - most of them paying passengers, to be sure - in a few hours across the ocean. National sovereignties are becoming outmoded, international organisations are multiplying and so are federations, and soon all the antiquated nonsense of nation states and national governments will go into some museum of recent archaeology."[31]

Voorkeur aan die verwerping van die nasionale staat deur die behavioralisme is glashelder. Enersyds kry hulle aksent op die rol van die individu groter akklamasie in 'n kleurlose en grenslose wêreldbroederskap; en andersyds is dit die struktuur waarbinne die spelteorieë, beslissingsanalise en stelselanalise ten beste opereer, want die staat is

---

30. Vgl. Herz, J.H., Rise and Demise of the Territorial State, in Hancock, M.D., Rustow, D.A., Op.cit., pp. 45-62. Soos ons reeds aangedui het, handhaaf Herz egter later weer die bestaan van die nasionale staat in Herz, J.H., The Territorial State Revisited: Reflections on the Future of the Nation-State, in Rosenau, J.N., (red.) International Politics and Foreign Policy, pp. 76-89.

31. Deutsch, K.W., The Future of World Politics, Op.cit., p. 27. Vgl. ook Mitrany, D., A Working Peace System, pp. 150-151.

net 'n <u>stelsel</u> - geen produk van die positivering van die normatiewe individualiteitstruktuur van die staatsverband nie.

Die vervanging van die ou tradisionele diplomatieke bande deur die platform-diplomasie bied juis 'n vrugbare braakland vir die teoretiese benadering van beslissingsanalise.[32.] As die wandelgange, teekamers en kroeë van die VVO die toonaangewende raadsale van beleidsbepaling in die verhoudings tussen state word, is daar geen keer meer ten opsigte van die veelheid van modelle en analitiese strukture wat die behavioraliste wil aanlê nie - modelle wat in die verhewe tradisionele diplomatieke stelsel onvanpas sou wees. Die eras van Metternich, Castlereagh en Talleyrand was te verhewe, verbreid en monumentaal om hulle deur karikatuuragtige modelletjies te laat omskrywe.[33.] Ten einde dus voort te bou op hulle analitiese modelle gaan die behavioraliste ongesteurd voort om die struktuurbehoudende karakter van die tradisionele diplomasie af te breek.

Van die struktuuronderskeiding tussen, maar ook die enkaptiese vervlegtheid van nasionale en internasionale lewens-

---

32. Vgl. Alger, C.F., Interaction and Negotiation in a Committee of the United Nations General Assembly; Holsti, O.R., Brody, R.A., North, R.C., Measuring Effect and Action in International Reaction Models; Empirical Materials from the 1962 Cuban Crisis, in Rosenau, J.N., (red.) Op.cit., onderskeidelik pp. 483-596 en pp. 679-696.

33. Vgl. Stoessinger, J.G., Op.cit., p. 220; Kissinger, H.A., A World Restored: Metternich, Castlereagh, and the Problems of Peace, 1812-1822, pp. 110-126.

vorme, dra die moderne teoretici weinig kennis.[34] Daarom tref ons hier fatale grensoorksrydings aan wat later konsekwent deurgetrek, die beginsel van nie-inmenging in die huishoudelike aangeleenthede van state, omwoel. Vir hulle wat buitendien die bestaan van 'n nasionale stateveelheid opgesê het, is dusdanige inmenging slegs die logiese uitvloeisel van 'n ongedifferensieerde wêreldbroederskap.

Aan die soeke na 'n normatief bepaalde tussenstaatlike lewensvorm neem die moderne teoretici dus nie deel nie. Hulle voorveronderstelling het hulle ons mos reeds meegedeel, daarom verskaf 'n kritiese evaluasie van alle moderne denkbeelde van internasionale verhoudings, ook los van die normatief-strukturele benadering, kritiese momente.

## D. ALGEMEEN-GELDENDE KRITIEK TEEN DIE MODERNE BENADERINGS

Oor die algemeen beskou, het die moderne benaderings hulle veel kritiek op die hals gehaal. Nie slegs van diegene wat uit 'n ander religieuse ingesteldheid die wetenskap benader nie, maar ook van diegene wat uit dieselfde humanistiesgeoriënteerde ingesteldheid praktiese kritiek lug.

Die vraag word gestel of hierdie behavioralistiese benaderings wel met internasionale verhoudings besig is.

---

34. Vgl. Rosenau, J.N., (red.) Linkage Politics: Essays on the Convergence of National and International Systems; Rosenau, J.N., (red.) Domestic Sources of Foreign Policy; Graebner, N., The New Isolationism; A Study in Politics and Foreign Policy Since 1950, in Waltz, K.N., Foreign Policy and Democratic Politics.

Grensafbakenings is duister en kom ongeorden voor terwyl die metodologiese formalisme 'n versplintering van die vakdissipline self in die hand werk.[35] In hulle poging om „wetenskaplik" te wees, raak hulle dikwels die tussenstaatlike spoor byster en verval in 'n kraaines van modelle en ontledings wat, selfs vir die ingewyde, irrelevant vir interstaatlike verhoudings voorkom. Hedley Bull veroordeel hierdie verkaptheid redelik kras:

> „Thus it has been observed that those who follow the scientific appraoch are new scholastics, who have sought refuge in a world of intellectual constructions essentially in order to escape from political reality; that they are natural scientists, mathematicians and economists.... who, unable to make careers for themselves in their own fields, have moved into another where the going is easier, bringing their techniques with them; that they are interested in elaborating a mathematical or scientific methodology for its own sake - or for the sake of demonstrating their mastery of it to the uninitiated - rather than

---

35. Vgl. Lerche, C.O., Said, A.A., Concepts of International Politics, p. 12. „Methodological formalism has also led to a fragmentation of the discipline of international relations." Bull, H., Op.cit., p. 25. „Are they not also wedded to a methodology for its own sake, to the art of judgment over and against measurement, and to literary forms as against symbolic ones, clinging to these instruments of their trade like horse cavalrymen in the age of mechanization?" Kariel, H.S., The Decline of American Pluralism, pp. 299-300. „The American Political scene... might well be approached with more affection and with less of that methodological sophistication which makes so much of the literature of political science unreadable."; Kariel, H.S., Promises of Politics.

> in illuminating our subject by the use of it; or even that they represent a new form of cargo cult."[36]

en verklaar dan ook verder:

> ".... they are committing themselves to a course of intellectual puritanism that keeps them as remote from the substance of international politics as the inmates of a Victorian nunnery were from the study of sex."[37]

'n Gevaarlike verkapte aanbieding van die vakdissipline belemmer dus die wetenskaplike vaardigheid van die behavioraliste, wat nie slegs in die praktyk merkbaar is nie, maar ook deur hulle mankolieke teorieë gestaaf word.[38] Dit is 'n verskraling of antinormatiewe oorkoepeling van 'n tê ontoereikende of tê wyduiteenlopende omskrywing van die vakdissipline, wat die student van internasionale verhoudings onvoorbereid ten opsigte van die harde realiteite van sy vakwetenskap laat:

> "The student whose study of international politics consists solely of an introduction to the techniques of systems theory, game theory, simulation, or content analysis is simply shut off from contact with the subject, and is unable to develop any feeling either for the play of international politics or for the

---

36. Bull, H., Op.cit., pp. 24-25.
37. Ibid., p. 26.
38. Vgl. Vital, D., Back to Machiavelli, in Knorr, K., Rosenau, J.N., Op.cit., pp. 153-154.

the moral dilemmas to which it gives rise."[39]

Die drie moderne benaderingsrigtings wat ons uiteengesit het, spring beslis nie bogenoemde kritiek vry nie. Stelsel-analise, beslissingsanalise en spelteorie kan nie tot die alfa en omega van interstaatlike teorieë verhef word nie. Daar-voor is hulle beperkings en gebreke, gereken teen die wye spektrum van wat teorieë van internasionale verhoudings moet bied, heeltemal te ooglopend. Om gevallestudies of gedrag-studies tot norm te verhef, spreek in duidelike taal van die valse redusering van internasionale verhoudings,[40] tot die saaklike gegewe van die gedrag van soveel stelsels.

Heftige kritiek word ook geopper teen die verwarrende en dikwels weersprekende terminologie waarvan die moderne teoretici gebruik maak. Van 'n vasgestelde, geykte taalgebruik vir die vakwetenskaplike, vind ons geen spoor nie. Tiperings, benamings, terme, en klassifikasies word roekeloos en onge-presiseerd aangewend sodat nie slegs oningeligtes nie, maar ook ingeligtes, wat veronderstel is om met die vaktaal ver-troud te wees, dikwels geen bloue duit darvan kan uitmaak nie,[41] Samesprekings tussen vakwetenskaplikes stel

---

39. Bull, H., Op.cit., p. 28.

40. Vgl. Kim, K.W., The Limits of Behavioral Explanation in Politics, in McCoy, C.A., Playford, J., Op.cit., p. 53. "To insist that only universally recurrent events are interesting or knowable betrays a certain doctrinaire attitude."

41. Vgl. Lerche, C.O., Said, A.A., Op.cit., p. 12. "For in-stance, many content analysts, systems theorists, and decision-making analysts speak in jargon that is unin-telligible to all except the initiated."

tog ongetwyfeld die basiese vereiste dat daar 'n wedersydse begrip van die taalgebruik moet wees:

> „Negotiations are doomed to failure unless parties use the same words for the same things and understand what the words mean."

is die mening van Rodgers.[42.] Hierdie gebrek aan kommunikasie veroorsaak tot op groot hoogte die negatiewe ontvangs van die moderne teorieë by die tradisionele denkers. Dit is dan ook geen wonder nie dat die tradisionaliste nie geesdriftig meelewend aan die moderne rigtings deelneem nie.[43.]

Michael Haas is daarom van mening dat hierdie gebrek aan wetenskaplike dialoog, weens die terminologiese anargie van die behavioraliste, een van die kernbesware is:

> „That we have been playing a blindman's buff game with words while proliferating _ad hoc_ single - concept studies, without a concern over consistency in indicators and definitions, is probably the most serious indictment of behavioralist research yet articulated."[44.]

Die drakrag en betekenis van hierdie beswaar is duidelik. Vir solank as wat die moderne teoretici voortploeter met 'n nuutgevonde, maar onverstaanbare terminologie, sal hulle 'n

---

42. Vgl. Rodgers, L., _Op.cit._, p. 209.

43. Vgl. Haas, M., _A Plea for Bridge Building in International Relations_, in Knorr, K., Rosenau, J.N., _Op.cit._, p. 168, waar Haas verwys na die kritiek van George Orwell op hierdie punt. „No doubt he would find the syntax of many behavioralists equally barbarous."

44. _Ibid._, p. 170.

stem roepende in die woestyn wees. En hiermee impliseer ons nie dat die vaktaal van internasionale verhoudings so veralgemeen moet word dat dit glashelder vir die spreekwoordelike man op straat is nie. Inteendeel, ons bepleit geen prysgawe van die wetenskaplikheid van internasionale verhoudings nie, maar besef ten volle dat ook die tussenstaatlike as vakwetenskap gebou moet word op logiese, geordende, gesistematiseerde en verstaanbare taalgebruik.

Sprekend van die moderne teorieë, is ook hulle aanvallende en liggeraakte houding teenoor kritiek - bewys volgens ons mening van onsekerheid oor die grondigheid en drakrag van hulle teorieë. Besware wat teen die behavioralistiese teorieë geopper word, word as verstokte, niksseggende en afbrekende kritiek van die hand gewys. Tekenend hiervan is die mening van Isaak oor die kritiese boek van McCoy en Playford „Apolitical Politics: A Critique of Behavioralism." Isaak verklaar:

> „The title of a recent book, critical of behavioralism tells it all: Apolitical Politics. Archaic or ever reactionary would probably be the behavioralist's characterization of this criticism."[45]

'n Liggeraaktheid teenoor kritiek wat getuig van onvergenoegdheid en onrypheid.[46]

---

45. Vgl. Isaak, A.C., Scope and Methods of Political Science, p. 40.

46. Vgl. Vital, D., Op.cit., p. 154.

Hieruit vloei ook voort dat sommige van hierdie „renaissancedenkers" oor die verhoudings tussen state, die standpunt inneem dat hulle teorieë immuun teek kritiek is. Haas merk in die verband op:

> „Most investigators seem content to collect figures, but few are willing to estimate error in their own data."[47.]

Hierby moet ook gevoeg word die feit dat baie van hierdie nuwe denkers aanvaar dat hulle teorieë die enigste oplossing aanbied. Alle ander teorieë is uit die bose en het geen bestaansreg nie. Bull merk op:

> „Some of them dismiss the classical theories of international relations as worthless, and clearly conceive themselves to be the founders of a wholly new science."[48.]

Ander behavioraliste was egter minder voortvarend en wou die tradisonele insigte nie sonder meer by die wortel afsny nie. Hulle poog om teoretiese brûe te bou tussen die tradisionele en die moderne benaderings. 'n Sintese tussen die klassieke en behavioralistiese benaderings word in hierdie kader aan die orde gestel.[49.] Die gebruikmaking van die beste uit beide tipes benaderings wat op die ou end op 'n lappieskombers van saamflansings neerkom, wat 'n onversoenbare span-

---

47. Vgl. Haas, M., Op.cit., p. 162.

48. Bull, H., Op.cit., p. 21. Vgl. ook Haas, M., Op.cit., p. 64. „Such behavioralist attitudes are not only crass but also antitheoretical insofar as they involve a continuation of behavioralism's almost complete failure to build upon previous insights and speculations in international relations."

49. Vgl. Haas, M., Op.cit., p. 176. „Bridge building is an enterprise all can pursue. Therein lies the challenge."

ning impliseer en al by voorbaat tot mislukkings gedoem is.[50]

'n Laaste algemene kritiek wat ons wil opwerp, is die brandende begeerte van die behavioraliste dat hulle teorieë interdissiplinêr van karakter moet wees. Die wiskunde, sosiologie, ekonomie, sielkunde en verskeie ander vakwetenskappe het volgens hulle 'n gesaghebbende invloed op die verhoudings tussen state. Michael Haas beweer:

> „And if political scientists of earlier eras could sometimes be criticized as amateur historians and philosophers, behavioralists tend so far to be amateur sociologists, psychologists, and statisticans."[51]

Hierdeur word internasionale verhoudings volgens ons mening 'n burger van niemandsland, 'n swerwende en losse vakdissipline wat in die hande van ander vakwetenskaplikes steeds 'n wetenskaplike Frankenstein sal bly. Internasionale verhoudings is 'n selfstandige vakwetenskap wat onder geen omstandighede wil parisiteer op die ander komponente van die wetenskap nie, maar as 'n trotse en volwaardige komponent, wat die interdissiplinêre stof van sy kinderskoene afgeskud het, sy plek wil volstaan.

Die moderne teorieë kan egter nie sonder meer in hulle totaliteit as sinloos en onbruikbaar afgeskryf word nie. Hulle kan baie beslis hulpmiddels in die praktiese bestudering van die tussenstaatlike - ook binne die kader van die normatief-strukturele benadering - wees.

---

50. Vgl. <u>Ibid</u>., pp. 167-168.
51. <u>Ibid</u>., p. 175.

## E. BRUIKBARE MOMENTE VAN DIE MODERNE TEORIEË

Die moderne teorieë oor die tussenstaatlike bevat ook bruikbare elemente. Modelle, rekenaars, analises en statistiese gegewens kan veral gedurende krisistye van besondere belang wees. Deurslaggewend omdat die snelle beskikbaarheid van basiese data van kardinale belang tydens noodtoestande is. Die ontleding van die Kubaanse Projektielkrisis van Oktober 1962 is 'n tipiese voorbeeld van die suksesvolle aanwending van moderne metodes ten einde die basiese status quo te bepaal.[52] Die snelle verrekening van beskikbare gegewens is inderdaad van groot belang vir die besluitnemer.

Die bruikbaarheid van stelselanalise en beslissingsanalise is voorts ook daarin geleë dat dit inligting en feitemateriaal aan die lig bring wat dikwels die skaal in 'n bepaalde rigting kan laat swaai. Die besondere gedifferensieerde en gespesialiseerde toeleg van die meeste van hierdie studies bring dikwels kleinere detail aan die lig wat handig te pas kan kom. Tog bly die kritiek van Wessels steeds geldig:

> „Die stelsel-analise verskaf wel nuttige materiaal, maar is beperk in sy vermoë om kennis te neem van alle bewegende kragte en om elke verwysingsvorm in die lig daarvan te tipeer. Dit kan die beslissingsmomente nie verklaar anders as binne die enge kader van die onderhawige stelsel nie, omdat dit die

---

52. Vgl. Holsti, O.R., Brody, R.A., North, R.C., Measuring Affect and Action in International Reaction Models: Emperical Materials from the 1962 Cuban Crisis, in Rosenau, J.N.,(red.) Op.cit., pp. 679-696; De Sola Pool, I., Kessler, A., The Kaiser, The Tsar and the Computer: Information Processing in a Crisis, in Rosenau, J.N., (red.) Op.cit., pp.664-676.

> religieuse gerigtheid van staatsmanne of die tegnologiese sprong nie kan verreken nie. Sonder enige begrip van die normatiewe individualiteit-struktuur van die enkele staat, kan jy geen begrip vorm van die karika-tuur wat jy skep nie."[53]

Die ywerige insameling van feite deur die behavioraliste oor 'n wye spektrum het ook besondere drakrag. Daardeur word 'n totaliteitsblik op historiese gebeurlikhede gewerp wat die taak van die navorser in vele opsigte vergemaklik. Struktuurbehoudende en struktuurverwoestende momente kan in 'n wyer perspektief geïnterpreteer word. Hieruit volg dat dit slegs ten opsigte van die struktuur van tussenstaatlike betrekkinge is wat die moderne teorieë wel bruikbare momente het. Detail aangaande diplomasie, volkereg, imperialisme en vele ander onderliggende strominge van die tussenstaatlike, word deur die behavioraliste in nuwe dimensie en perspektief geplaas. Ten opsigte van die normatiewe lewer hulle egter geen bydrae nie, omdat dit glad nie deur hulle verreken word nie.

'n Algehele verwerping van die moderne metodologie bepleit ons dus nie, maar indien dit verhef word tot die enigste geldige norm van die verhoudings tussen state, wys ons hierdie oorskatting van die hand. Dit moet steeds gesien en gebruik

---

53. Vgl. Wessels, F.J.H., Internasionale Verhoudinge - 'n Normatief-Strukturele benadering, p. 8; Wessels, F.J.H., Some Modern Approaches to the University Teaching of International Relations, p. 9. „In this respect I must point out that systems analysis skeletonizes structures, creates caricatures of the realities - assuming a single tree to be the forest - without an insight into the inner normative-structural principles of societal and communal relationships, these theorists do not realize how distorted the systems which they call into being, really are."

word as 'n praktiese hulpmiddel - in dieselfde konteks as wat leeskaarte en kleiwerk meehelp om die gedagtegang van die kleuter te prikkel en te ontwikkel.[54] So gesien, kan dit binne die kader van die normatief-strukturele benadering meehelp om die bestaande strukturele verhoudings tussen state fakties te omskrywe. Sodoende kan dit 'n positiewe bydrae lewer ten opsigte van vaartbelyndheid en nadere presisering. Faktore wat veral in die tydsgewrig wat die tussenstaatlike tans deurworstel hoog, aangeslaan moet word. Oor die algemeen het die moderne teorieë dus 'n welkome en heel dikwels bruikbare verjongingskuur gebring - dan egter steeds as praktiese hulpmiddele in feite-analise en nie as onaantasbare nuwe norme vir die verhoudings tussen state nie.

## F. TETIESE PROJEKSIE

Aan die einde van ons ondersoek is daar verskeie riglyne en perspektiewe wat algaande nadere reliëf en eksponering ontvang het.

Internasionale verhoudings as vakwetenskap sal ongetwyfeld in die toekoms progressief in belangrikheid toeneem en ook, as selfstandige vakdissipline, sy finale beslag moet kry. Die tussenstaatlike kan dus nie langer beskou word as die onderdeel van een of ander vakwetenskap nie, en is nog minder 'n sintetiese samestelling van verskeie vakwetenskappe in een bonte mengelmoes. Solank daar lustig voortgeborduur word op

---

54. Hierdeur word nie geïmpliseer dat ons die moderne teorieë, wat standaard aan betref, paar aan die kleiwerk van kleuters nie.

hierdie benadering, sal interstaatlike verhoudings 'n burger van niemandsland in die wetenskap wees - kompleet soos 'n agtiende eeuse seilskip wat op 'n windstille oseaan ronddobber sonder kragtige winde om sy koers te rig, die prooi van natuurgrille.

En laat ons daar geen illusie oor hê nie; die manier waarop die verhoudings tussen state in die toekoms gerig gaan word, is 'n fait accompli waaraan geen menslike individu homself kan ontworstel nie en wat ook die daaglikse lewe van elke mens ten nouste raak. Verbeterde kommunikasiemedia, die beskikbaarheid van atoomwapens en verskeie ander faktore werk mee om die tussenstaatlike 'n nuwe dinamiese tegnologiese dimensie te gee - 'n dimensie wat in die toekoms steeds meer en meer in belangrikheid sal toeneem.

Met hierdie status quo voorhande, stel ons graag 'n fundamentele beginselbenadering en religieus-verankerde toekomsperspektief aan die orde. Sien ons derhalwe wêreldgebeure in hul diepere religieuse verankerdheid in die skepping en skeppingsbasis van alle menslike positivering, dan word ons gedwing om 'n wyere toekomsprojeksie te soek - met die dringende besef dat die geskiedenis nie bloot menslike gedrag impliseer nie, maar ook die afwikkeling is van die Ewige Raadsplan van God.

'n Religieuse verankerdheid wat Genl. de Wet by die Vrede van Vereeniging op 16 Mei 1902 treffend naïef soos volg saam-

gevat het:

> „De oorlog is eene geloofzaak. Als ik dit niet in het geloof had kunnen doen, zou ik nooit de wapens hebben opgenomen. Laten wij weer ons verbond met God vast maken. Wanneer wij onze oogen vestigen op het verledene, dan hebben wij meer grond voor geloof, dan ik ooit verwacht had; dan hebben wij grond om in vertrouwen voort te gaan. De geheele oorlog is een mirakel geweest en zonder geloof zou het kinderspel geweest zijn, den oorlog te beginnen. Aan interventie moeten wij niet denken. Dat er geen interventie gekomen is, is een bewijs dat God dit niet wil, omdat Hij ons door dezen oorlog tot een volk wil vormen. Onze hulp en redding moeten alleen van Hem komen, en dan zullen wij ook niet trotsch zijn. Ik kan in die toekomst niet zien maar dit weet ik, dat achter mij is het licht. Wat voor mij ligt weet ek niet. Daar is het donker, maar wij moeten voortgaan op God te vertrouwen."[54].

As die mensgod van die atoomeeu ook die normatiewe met sy gewaande neutrale empiriese onfeilbaarheid wil deurvors, verdwyn die Ewige Raadsplan van God in die gesekulariseerde

---

54. Vgl. Van Schoor, M.C.E., Malan, S.I., Oberholster, J.J., Christiaan Rudolph De Wet, p. 62; Rosenthal, E., General de Wet, Simondium Publishers, Kaapstad, 1968, p. 139. Olivier, B., Krygsman Christiaan de Wet, Tafelberg-Uitgewers, Johannesburg 1971, pp. 89-94.

newels van die humanisme. Die visie op die dieperliggende - die hartsgesteldheid, waarvan Augustinus reeds 'n blik gekry het as hy die wêreldgebeure saamvat in 'n stryd tussen lig en duisternis - word immers ontbeer deur die neutrale denke.

Die kontakmomente tussen state het ons dan in eeuelange perspektief sien worstel in anargie, bloedvergieting, oorloë en gerugte van oorloë. Dit dui op twee dieperliggende maar onomstootbare gegewens.

As Christene is ons geroepe om die goddelike norme - ook vir die tussenstaatlike - steeds vurig te positiveer al dra ons wel deeglik kennis daarvan dat die duistere magte van Satan dit nooit sal aanvaar nie. In 'n uitspraak aangehaal in Roeping poneer Dooyeweerd:

> „Wie .... Christus, als de volheid der Goddelijke Openbaring buiten de wetenschap wil sluiten, misbruikt Gods gave en staat ook met zijn denken niet in de Waarheid ... En ieder Christen, die zich den Naam van Christus Jezus in zijn wetenschappelijken arbeid schaamt ter wille van die eer bij menschen, is volkomen onbruikbaar in de grootsche worsteling, om de wetenschap, welke een de grootmachten is van die cultuur, weer voor de civitas Dei terug te winnen. Maar deze strijd is niet hopeloos, zoo hij gestreden wordt in de volle wapenrusting van het geloof in Hem, die

> gezegd heeft; Mij is gegeven alle macht
> in den hemel en op die aarde, en wederom,
> Vreest niet, Ik heb de wêreld overwonnen."[55]

Die positivering en uitbouing van die Christelike norme vir die tussenstaatlike is dus die onvermydelike taak waarmee elke Christen akademikus wat hom besig hou met die verhoudings tussen state sal moet worstel.

En dit bring ons by die tweede realiteit; naamlik dat die Christen-wetenskaplike moet aanvaar dat die norme van God tot aan die voleinding vir die ongelowige onaanvaarbaar sal bly. Dat die magtige Leviathans en superstrukture van die ryk van Satan meedoënloos en onverbiddelik elke sweem van die Goddelike norme sal probeer wegveeg.[56] Nero en sy Kolloseum, simbool ook van die Civitas Terrena is vandag rostrums van die VVO, die Wêreldraad van Kerke, en andere magtige aaneenskakelings.

Voor hierdie oormag moet die Gideonsbende - ook in die wetenskap - nie swyg nie:

> „The conflict between God and the powers
> of darkness and evil will continue until
> the Last Judgement."

beweer Taylor.[57] Die normatief-strukturele benadering moet

---

55. Soos aangehaal deur Strauss, D.F.M., Op.cit., p. 358.

56. Vgl. Van Riessen, H., De Maatschappij der Toekomst, Christelijk Nationale Bibliotheek, T. Wever-Franeker, 1953, Hoofstuk III; Diepenhorst, I.A., Op.cit., pp. 306-316.

57. Vgl. Taylor, E.L.H., Op.cit., p. 537; Dooyeweerd, H., A New Critique of Theoretical Thought, Vol. III, pp. 300-307.

dus ook nie swig voor die aanslae van Satan en die gesekulariseerde humanistiese teorieë nie.

Die finale Armaggedon tussen die Ryk van God en die Ryk van die duisternis is in die Ewige Raadsplan ingebed, en daaraan sal geen teorie 'n fraksie kan afdoen nie. Met die volle wapenrusting van God aan moet ons dus die toekoms betree met die vaste vertroue dat ons in Sy Lig handel en dat die bestemming van elke volk onherroeplik verreken is. 'n Heerlike toekomstaak waartoe elke Christen opgeroep word - ook in die tussenstaatlike worstelinge.

# LITERATUURLYS

## BIBLIOGRAFIE


ALEXANDER, L.M., *World Political Patterns*. Rand Mcnally and Company, London 1963

ALMOND, G., *The American People and Foreign Policy*. Harcourt, Brace and World Inc., New York, 1968.

ANDREW, C., *Theopile Delcassé and the Making of the Entente Cordiales*. Macmillan, New York, 1968.

APTER, D.E. ANDRAIN, C.F. *Contemporary Analytical Theory*. Prentice-Hall, New Jersey, 1972

ARON, R. *Peace and War. A Theory of International Relations*. Doubleday, New York, 1966.

ART, R.J., WALTZ, K.N. *The Use of Force*. Little Brown and Company, Boston, 1971.

ATLAY, J.B. *Elements of International Law*. Stevens and Sons, London, 1904.

BARNARD, F.A. *Dertien Jaar in die Skadu van Dr. H.F. Verwoerd*. Voortrekkerpers, Johannesburg, 1967.

BARKER, A.J., Pearl Harbor. Macdonald and Company, London, 1969.

BARROS, J., Betrayal From Within. Yale University Press, London, 1969.

BEER, F.A., Alliances: Latent War Communities in the Contemporary World. Holt, Rinehart and Winston, New York, 1970.

BLACK, J.E., THOMPSON, K.W., Foreign Policies in a World of Change. Harper and Row, New York, 1963.

BONE, H.A., American Politics and the Party System. McGraw-Hill Book Company, New York, 1955.

BOULDING, K.E. Conflict and Defense. Harper and Row, New York, 1963.

BOWMAN, I., The New World. George Harrap and Company, London, 1926.

BRAUNIAS, K., STOURZH, H., Diplomatie Unserer Zeit. Verlag Styria, Keulen, 1959.

BRIERLY, J.L. The Law of Nations. Oxford University Press, London, 1963.

BROWN, S., The Faces of Power. Constancy and Change in United States Foreign Policy from Truman to MacArthur. Columbia University Press, London, 1968.

BRYCE, F., International Relations. Macmillan Company, New York, 1957.

BUELL, R.L. International Relations. Pitman and Sons Ltd., Parker Street, Kingsway, W.C.2.

BURNS, A.L. Of Powers and Their Politics. A Critique of Theoretical Approaches. Prentice-Hall, New Jersey, 1968

BURTON, J.W., International Relations. A General Theory. Cambridge University Press, Cambridge, 1965.

BURTON, J.W., Systems, States, Diplomacy and Rules. Cambridge University Press, Cambridge, 1968.

CARLSON, L., Geography and World Politics. Prentice-Hall, New Jersey, 1958.

CARR, E.H., The Twenty - Years Crisis, 1919 - 1939. An Introduction to the Study of International Relations. Harper and Row, New York, 1964.

CARR, W. A History of Germany. Edward Arnold, London, 1969.

CHARLESWORTH, J.C., Contemporary Political Analysis. The Free Press, New York, 1967.

CHERRY, C., *On Human Communication.* John Wiley and Sons, New York, 1961.

CHURCHILL, W.S., *The Gathering Storm.* The Reprint Society, London, 1951.

CLARK, G., SOHN, W.B., *World Peace through World Law.* Harvard University Press, Cambridge, Massachusetts, 1960.

CLAUDE, I.L. Jr., *Power and International Relations.* Random House, New York, 1962.

CLAUDE, I.L. Jr., *Swords into Plowshares: The Problems and Prospects of International Organization.* Random House, New York, 1964.

CLAUDE, I.L. Jr., *The Changing United Nations,* Random House, New York, 1962.

CLEMENTS, F., *Rhodesia: The Course To Collision.* Pall Mall Press, London, 1969.

CLOETE, J.J.N., *Swart Afrika: Politieke en Administratiewe Tendense.* Afrika-Instituut, Pretoria, 1967.

COLE, W.S., *An Interpretive History of American Foreign Relations.* The Dorsey Press, Homewood, Illinois, 1968.

CONRADIE, A.L. The Neo-Calvinistic Concept of Philosophy. University Press, Pietermaritzburg, 1960.

COOPER, R.W., The Nuremberg Trail. Penguin Books, New York, 1967.

CORBETT, P.E., Law and Society in the Relations of Nations. Harcourt and Brace, New York, 1951.

CRONE, G.R., Background to Political Geography. Museum Press Limited, London, 1967.

DAHL, R.A., Modern Political Analysis. Prentice-Hall, New Jersey, 1970.

DAHL, R.A., NEUBAUER, D.E. Readings in Modern Political Analysis. Prentice-Hall, New Jersey, 1968.

DE JONG, K.H.E., De Stoa, H.J.W., Brechts, Amsterdam, Datum onvermeld.

DE SEVERSKY, A.P., Air Power: Key to Survival. Simon and Schuster, New York, 1950.

DE WET, J.M. Jopie Fourie. Voortrekkerpers, Pretoria, Datum onvermeld.

DEUTSCH, K.W. Nationalism and Social Communication. Massachusetts Institute of Technology Press, Cambridge, 1953.

DEUTSCH, K.W. Political Community and the North Atlantic Area. Princeton University Press, Princeton, 1967.

DEUTSCH, K.W., The Analysis of International Relations. Prentice-Hall, New Jersey, 1968.

DEUTSCH, K.W., The Nerves of Government. The Free Press, New York, 1966.

DE VILLIERS, D.P., The Case for South Africa. Tom Stacey Ltd., London, 1970.

DIEPENHORST, I.A., Christelijke Politiek. J.H. Kok, N.V. Kampen, 1958.

DOOYEWEERD, H., De Wijsbegeerte der Wetsidee. H.J. Paris, Amsterdam, Vol. III, 1936.

DOOYEWEERD, H., A New Critique of Theoretical Thought. H.J. Paris, Amsterdam, Vol. 1, 1953, Vol. III, 1957.

DOOYEWEERD, H., Inleiding tot de Encyclopaedie der Rechtswetenschap. H.J. Paris, Amsterdam, Datum onvermeld.

DOOYEWEERD, H., De Crisis in de Humanistische Staatsleer. N.V. Boekhandel, W. Ten Have, Amsterdam, 1931.

DOOYEWEERD, H., Vernieuwing en Bezinning om het Reformatorisch Grondmotief. J.B. van den Brink en Co., Zutphen, 1959.

DOOYEWEERD, H., Reformatie en Scholastiek in de Wijsbegeerte. T. Wever, Franeker, Datum Onvermeld.

DOOYEWEERD, H., *The Christian Idea of the State*. The Craig Press, Nutley, New Jersey, 1968.

DOOYEWEERD, H., *In the Twilight of Western Thought*. The Craig Press, Nutley, New Jersey, 1968.

DOUGHERTY, J.E., PFALTZGRAFF, R.L., *Contending Theories of International Relations*. J.B. Lippencott Company, New York, 1971.

DUCHACEK, I.D., *Discord and Harmony*. *Readings in International Politics*. Holt, Rinehart and Winston, New York, 1972.

EASTON, D., *A Systems Analysis of Political Life*. John Wiley and Sons, New York, 1965.

EASTON, D. *A Framework for Political Analysis*. Prentice-Hall, New Jersey, 1965.

EASTON, D., *The Political System*. Alfred A. Knopf, New York, 1971.

EDWARDS, D.V., *Arms Control in International Politics*. Holt, Rinehart and Winston, New York, 1969.

EDWARDS, D.V., *International Political Analysis*. Holt, Rinehart and Winston, New York, 1969.

ETZIONI, A., *Political Unification*. Holt, Rinehart and Winston, New York, 1965.

EULAU, H., *Behavioralism in Political Science*. Atherton Press, New York, 1966.

EULAU, H., Political Behaviour in America. Random House, New York, 1966.

EULAU, H., The Behavioral Persuasion in Politics. Random House, New York, 1967.

FARRELL, J.C., SMITH, A.P., Image and Reality in World Politics. Columbia University Press, London, 1967.

FARREL, J.C., SMITH, A.P., Theory and Reality in International Relations. Columbia University Press, New York, 1967.

FEIS, H., Churchill, Rooseveldt, Stalin: The War They Waged and the Peace They Sought. Princeton University Press, Princeton, 1957.

FEIS, H., From Trust to Terror. The Onset of the Cold War, 1945 - 1950. Anthony Blond, London, 1970.

FENNO, F.R., The Presidents Cabinet. Harvard University Press, Massachusetts, 1959.

FONTAINE, A., History of the Cold War. Secker and Warburg, London, 1965.

FORWARD, N., The Field of Nations. An Account of some New Approaches to International Relations. Macmillan, London, 1971.

FRANKEL, F., National Interest. Macmillan, London, 1970.

FRANKEL, J., The Making of Foreign Policy. Oxford University Press, London, 1967.

FRANZOIS, J.P.A., Grondlijnen van Het Volkenrecht. N.V. Uitgevers-Mij W.E.J. Tjeenk Willink, Zwolle, 1967.

FRIEDMAN, J.R., BLANDEN, C., ROSEN, S., Alliance in International Studies. Macmillan, London, 1965.

FRIEDMANN, W., An Introduction to World Politics. Macmillan, London, 1965.

GEORGE, A., en J., Woodrow Wilson and Colonel House. A Personality Study. The John Day Company, New York, 1956.

GEORGE, D.L., The Truth about the Peace Treaties. Victor Gollancz Ltd., Vol. I, London, 1938.

GETTEL, R.G., Introduction to Political Science. Ginn and Company, Plek van Uitgawe Onvermeld, 1922.

GILPEN, R., WRIGHT, C., Scientists and National Policy Making. Columbia University Press, New York, 1964.

GLUECK, S., War Criminals. Kraus Reprint Corporation, New York, 1966.

GOODSPEED, S.S., The Nature and Function of International Organization. Oxford University Press, London, 1959.

GRAEBNER, N., The New Isolationism: A Study in Politics and Foreign Policy since 1950. Ronald, New York, 1956.

GRAML, H., MOMMSEN, H., REICHHARDT, H., WOLF, E., The German Resistance to Hitler. Batsford, London, 1970.

GREENE, F., Dynamics of International Relations. Holt, Rinehart and Winston, New York, 1964.

GREEN, P., Deadly Logic: The Theory of Nuclear Deterrence. Schocken Books, New York, 1968.

GRIFFEN, G.E., The Fearful Master, Western Islands Publishers, Boston, 1964.

GROBBELAAR, P.W.G., Man van die Volk. Human en Rousseau, Kaapstad, 1966.

GUETZKOW, H., (red.) Simulation in International Relations: Developments for Research and Teaching. Prentice-Hall, New Jersey, 1963.

GUETZKOW, H. (red.) Simulation in Social Sciences. Prentice-Hall, New Jersey, 1962.

GYORGY, A., GIBBS, H.S., JORDAN, R.S., Problems in International Relations. Prentice-Hall, New Jersey, 1970.

HAAS, E.B., WHITING, A.S., Dynamics of International Relations. McGraw-Hill Book Company, New York, 1956.

HAAS, E.B., *The Uniting of Europe*. Stevens and Sons Ltd., London, 1958.

HAAS, E.B., *The Web of Interdependence*. Prentice-Hall, New Jersey, 1970.

HALPERIN, M.H., *Limited War in the Nuclear Age*. John Wiley and Sons, New York, 1963.

HANCOCK, M.D., RUSTOW, D.A., *American Foreign Policy in International Perspective*. Prentice-Hall, New Jersey, 1971.

HANCOCK, W.K., *Smuts. The Fields of Force*. Cambridge University Press, Cambridge, 1968.

HARTMAN, F.H., *The Relations of Nations*. The Macmillan Company, New York, 1957.

HERZ, J.H., *International Politics in the Atomic Age*. Columbia University Press, New York, 1967.

HOLBORN, H., *The Political Collapse of Europe*. Alfred A. Knopf, New York, 1964.

HOFFMAN, S., *Contemporary Theory in International Relations*. Prentice-Hall, New Jersey, 1960.

HOLSTI, K.J., *International Politics. A Framework for Analysis*. Prentice-Hall, New Jersey, 1967.

HOMRELL, S., WIDSTRAND, C.G., *The Soviet Block, China and Africa*. Pall Mall Press, London, 1964.

HUREWITZ, J.C., *Soviet-American Rivalry in the Middle East*. Praeger Publishing Company, London, 1969.

IZAAK, A.C., *Scope and Method of Political Science*. The Dorsey Press, Illinois, 1969.

JACKSON, W.A.D., *Politics and Geographic Relationships*. Prentice-Hall, New Jersey, 1964.

JANOWITZ, M., *The Professional Soldier*. The Free Press, New York, 1960.

JENKS, C.W., *International Immunities*. Stevens and Sons Ltd., London, 1961.

JENKS, C.W., *The Common Law of Mankind*. Praeger Publishing Company, 1958.

KAHN, H., *On Thermonuclear War*. Princeton University Press, Princeton, 1960.

KALSBEEK, L., *De Wijsbegeerte der Wetsidee*. Buijten en Schipperheijn, Amsterdam, 1970.

KAPLAN, M.A., (red.) *Great Issues of International Politics*. Aldine Publishing Company, Chicago, 1970.

KAPLAN, M.A., (red.) *System and Process in International Politics*. John Wiley and Sons, New York, 1957.

KAPLAN, M.A., KATZENBACH, N. de B., *The Political Foundations of International Law*, John Wiley and Sons, New York, 1961.

KELMAN, H.C., (red.) International Behavior: A Social-Psychological Analysis. Holt, Rinehart and Winston, New York, 1965.

KELSEN, H., Principles of International Law. Holt, Rinehart and Winston, New York, 1966.

KELSEN, H., The Law of the United Nations. Stevens and Sons Ltd., London, 1950.

KENNAN, G.F., American Diplomacy, 1900 - 1950. Mentor Books, New York, 1950.

KENNAN, G.F., Memoirs 1925 - 1950. Little Brown and Company, Toronto, 1967.

KENNAN, G.F., Realities of American Foreign Policy. W.W. Norton and Company, New York, 1966.

KENNAN, G.F., Russia and the West under Lenin and Stalin. Little Brown and Company, Boston, 1960.

KEY, V.O., Jr., Politics, Parties and Pressure Groups. Thomas Y. Crowell Company, New York, 1964.

KEY, V.O., Jr., Public Opinion and American Democracy. Alfred A. Knopf, New York, 1961.

KISSINGER, H.A., A World Restored: Metternich, Castlereagh, and the Problems of Peace 1812 - 1822. Houghton Mifflin, Boston, 1957.

KISSINGER, H.A., *Nuclear Weapons and Foreign Policy*. W.W. Norton and Company, New York, 1969.

KISSINGER, H.A., *The Necessity for Choice*. Harper and Brothers, New York, 1961.

KNORR, K., ROSENAU, J.N., *Contending Approaches to International Politics*. Princeton University Press, Princeton, 1969.

KNORR, K., READ, T., *Limited Strategic War*. Praeger Publishing Company, New York, 1962.

KNORR, K., *On the Uses of Military Power in the Nuclear Age*. Princeton University Press, Princeton, 1966.

KNORR, K., VERBA, S., *The International System*. Princeton University Press, Princeton, 1961.

KRüGER, D.W., *The Making of a Nation*. Macmillan, Johannesburg, 1969.

KOROWICZ, M., *Introduction to International Law*. Marthinus Nijhoff, Den Haag, 1959.

LANE, R.E., SEARS, D.O., *Public Opinion*. Prentice-Hall, New Jersey, 1964.

LARKIN, B.D., *China and Africa 1949 - 1970*. University of California Press, Los Angeles, 1971.

LARUS, J., *From Collective Security to Preventative Diplomacy*. John Wiley and Sons, New York, 1968.

LASSWELL, H., *Power and Personality*. W.W. Norton and Company, New York, 1948.

LAWSON, K., *Political Parties and Democracy in the United States*. Charles Scribner's Sons, New York, 1968.

LAWRENCE, T.J., *The Principles of International Law*. Macmillan and Company, London, 1930.

LANQUER, W.L., *European Alliances and Alignments*. Alfred A. Knopf, New York, 1962.

LEJEUNE, A., *The Case for South West Africa*. Tom Stacey Ltd., London, 1971.

LERCHE, C.O., SAID, A.A., *Concepts of International Politics*. Prentice-Hall, New Jersey, 1970.

LINDBLOM, C.E., *The Policy-Making Process*. Prentice-Hall, New Jersey, 1968.

LIPSET, S.M., *Politics and the Social Sciences*. Oxford University Press, London, 1969.

LISKA, G.F., *Nations in Alliance: The Limits of Interdependence*. John Hopkins Press, Baltimore, 1962.

LOVELL, J.P., *Foreign Policy in Perspective. Strategy, Adaptation, Decision-Making*. Holt, Rinehart and Winston, New York, 1970.

MACKINDER, H.J., Democratic Ideals and Reality. Henry, Holt and Company, New York, 1919.

MACRIDIS, R.C., Foreign Policy in World Politics. Prentice-Hall, New Jersey, 1967.

MALAN, D.F., Afrikaner-Volkseenheid en My Ervarings op die Pad Daarheen. Nasionale Boekhandel Beperk, Bloemfontein, 1959.

MANNING, C.A.W., Peaceful Change. An International Problem. Macmillan Company, New York, 1937.

McCLELLAND, C.A., Theory and the International System. Macmillan Company, New York, 1967.

McCOY, C.A., PLAYFORD, J., Apolitical Politics. A Critique or Behavioralism. Thomas Y. Crowell Company, New York, 1967.

McEWAN, P.J.A., SUTCLIFFE, R.B., Modern Africa. Thomas Y. Crowell Company, New York, 1967.

McLELLAN, D.S., OLSON, W.C., SONDERMANN, F.A., The Theory and Practice of International Relations. Prentice-Hall, New Jersey, 1960.

MINOQUE, K.R., Nationalism. Batsford, London, 1967.

MITRANY, D., A Working Peace System. Quadrangle Books, Chicago, 1966.

MORGENTHAU, H.J., A New Foreign Policy for the United States. Pall Mall Press, London, 1969.

MORGENTHAU, H.J., Politics Among Nations. Alfred A. Knopf, New York, 1968.

MORGENTHAU, H.J., THOMPSON, K.W., Principles and Problems of International Politics. Alfred A. Knopf, New York, 1952.

MORRIS, M., Terrorism. The First Full Account in Detail of Terrorism and Insurgency in Southern Africa. Howard Timmins, Kaapstad, 1971.

MULLER, C.F.J., Vyfhonderd Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis. Academica, Pretoria, 1968.

NICOLSON, H., Diplomacy. Oxford University Press, New York, 1955.

NICOLSON, H., The Congress of Vienna, A Study in Allied Unity: 1812 - 1822. Harcourt, Brace, New York, 1946.

NICOLSON, H., The Evolution of Diplomatic Method. Macmillan Company, New York, 1955.

NIEBUHR, H.R., Christianity and Power Politics. Charles Schribner's Sons, New York, 1940.

NIEBUHR, H.R., *Moral Man and Immoral Society*. Charles Scribner's Sons, New York, 1947.

NIEBUHR, H.R., *The Kingdom of God in America*. Harper Torchbook, New York, 1959.

NOEL-BAKER, P., *The Arms Race*. Stevens and Sons, London, 1958.

NYE, J.S., *International Regionalism*. Little Brown and Company, Boston, 1968.

OLIVIER, B., *Krygsman Christiaan De Wet*. Tafelberg-Uitgewers, Johannesburg, 1971.

OLSON, W.C., SONDERMANN, F.A., *The Theory and Practice of International Relations*. Prentice-Hall, New Jersey, 1966.

PACHER, H., *Collision Course*. Praeger Publishing Company, New York, 1963.

PADELFORD, N.J., LINCOLN, G.A., *The Dynamics of International Politics*. Macmillan Company, New York, 1967.

PAHL, W., *Das Politische Antlitz der Erde*. Wilhelm Goldmann Verlag, Leipzig, 1938.

PALMER, A., *The Lands Between. A History of East-Central Europe since the Congress of Vienna*. Weidenfeld and Nicolson, London, 1970.

PAPADATOS, P., *The Eichmann Trail.* Stevens and Sons, London, 1964.

PEARCY, G.E., (red.) *World Politicals Geography.* Constable and Company, London, 1957.

POMPE, C.A., *Agressive War, An International Crime.* Marthinus Nijhoff, Den Haag, 1953.

POULANTZAS, N.M., *The Right of Hot Pursuit in International Law.* Sijthoff, Leiden, 1969.

POUNDS, N.F.G., *Political Geography.* McGraw-Hill Book Company, New York, 1963.

QUESTER, G.H., *Power, Action and Interaction. Readings on International Politics.* Little, Brown and Company, Boston, 1971.

RADWAY, L.J., *Foreign Policy and National Defense.* Scott, Foresman and Company, London, 1969.

RAPPOPORT, A., *Fights, Games and Debates.* University of Michigan Press, Ann Arbor, 1960.

RASCHHOFER, A., *Political Assassination.* Fritz Sclichtenmager, Tubigen, Datum Onvermeld.

RAUSCHNING, H., *Germany's Revolution of Destruction.* Heinemann, London, 1939.

REMAK, J., *The Nazi Years*. Prentice-Hall, New Jersey, 1969.

RENOUVIN, P., DUROSELLE, P.B., *Introduction to the History of International Relations*. Pall Mall Press, London, 1968.

RIKER, W.R., *The Theory of Political Coalitions*. Yale University Press, New Haven, 1962.

RIST, J.M., *Stoic Philosophy*. Cambridge University Press, Cambridge, 1969.

ROBERTS, C.M., *The Nuclear Years*. Praeger Publishing Company, New York, 1970.

ROBERTS, A.E., *Victory Denied*. Hallberg and Company, Chicago, 1966.

ROBERTSON, C.L., *International Politics since World War II*. John Wiley and Sons, New York, 1966.

ROBINSON, C.E., *Everyday life in Ancient Athens*. Oxford University Press, London, 1933.

RODEE, C.C., ANDERSON, T.J., CHRISTOL, C.Q., *Introduction to Political Science*. McGraw-Hill Book Company, New York, 1957.

ROSECRANCE, R.N., *Action and Reaction in World Politics*. Little, Brown and Company, Boston, 1963.

ROSENAU, J.N., (red.) *Domestic Sources of Foreign Policy*. The Free Press, New York, 1967.

ROSENAU, J.N., (red.) *International Politics and Foreign Policy*. The Free Press, New York, 1969.

ROSENAU, J.N., (red.) *Linkage Politics. Essays on the Convergence of National and International Systems*. The Free Press, New York, 1969.

ROSENBAUM, N., *Readings on the International Political System*. Prentice-Hall, New Jersey, 1970.

RÖLING, B.V.A., *International Law in an Expanded World*. Djambatan, Amsterdam, 1960.

ROSENTHAL, E., *General De Wet*. Simondium Publishers, Kaapstad, 1968.

ROSSITER, C., *Parties and Politics in America*. The New American Library, New York, 1964.

SAATY, T.L., *Mathematical Models of Arms Control and Disarmament. Application of Mathematical Structures in Politics*. John Wiley and Sons, New York, 1968.

SAID, A.A., *The Theory of International Relations. The Crisis of Relevance*. Prentice-Hall, New Jersey, 1968.

SCHELLING, T.C., The Strategy of Conflict. Oxford University Press, London, 1968.

SCHLEICHER, C.P., Introduction to International Relations. Prentice-Hall, New York, 1954.

SCHLESINGER, A.M., A Thousand Days: John F. Kennedy in the White House. Little, Brown and Company, Boston, 1965.

SCHOLTZ, G.D., Die Afrikaner en die See. Voortrekkerpers, Johannesburg, 1969.

SCHOLTZ, G.D., Hoe die Wêreldpolitiek Gevoer Word. Voortrekkerpers, Johannesburg, 1952.

SCHON, A., BRUNDTLAND, A.O., Small States in International Relations. John Wiley and Sons, New York, 1967.

SCHROTENBOER, P.G., Motives for Eucumenism. The Association for Reformed Scientific Studies, Toronto, 1967.

SCHUMAN, F.L., International Politics. McGraw-Hill Book Company, New York, 1958.

SCHUMAN, F.L., The Commonwealth of Man. Alfred A. Knopf, New York, 1952.

SCHWARZENBERGER, G., Power Politics. Stevens and Sons, London, 1964.

SCOTT, A.M., *The Functioning of the International System*, Macmillan Book Company, New York, 1967.

SEAMAN, L.C.B., *Post-Victorian Britain, 1902 - 1951*. Methuen and Company, London, 1966.

SINGER, J.D., *Quantitative International Politics*. The Free Press, New York, 1968.

SHIRER, W.L., *The Rise and Fall of the Third Reich. A History of Germany*. Pan Books Ltd., London, 1967.

SHUBIK, M., (red.) *Game Theory and Related Approaches to Social Behaviour*. John Wiley and Sons, New York, 1964.

SNYDER, L.L., *The Dynamics of Nationalism*. Van Nostrand Company, New York, 1964.

SNYDER, L.L., *The Making of Modern Man*. Van Nostrand Company, New Jersey, 1967.

SPANIER, J.W., *The Truman - MacArthur Controversy*. Harvard University Press, Cambridge, Massachusetts, 1959.

SPIER, J.W., *Inleiding in de Wijsbegeerte der Wetsidee*. J.H. Kok, Kampen, 1950.

SPROUT, H. en M., *The Ecological Prospective on Human Affairs with Special Reference to International Politics*. Princeton University Press, Princeton, 1965.

SPYKMAN, N.J., America's Strategy in World Politics. The United States and the Balance of Power. Harcourt and Brace and Company, New York, 1945.

SPYKMAN, N.J., The Geography of the Peace. Harcourt, Brace and Company, New York, 1944.

STAGNER, R., The Psychological Aspects of International Conflict. Wadsworth Publishing Company, Belmont, California, 1967.

STEINBERG, A., The Man From Missouri. G.P. Putnam's Sons, New York, 1962.

STIEVE, F., Diplomatie im Sprachgebruch. J. en S. Federmann Verlag, München, Datum Onvermeld.

STOESSINGER, J.G., The Might of Nations. World Politics in Our Time. Random House, New York, 1969.

STOETZER, O.C., The Organization of American States. Praeger Publishing Company, New York, 1966.

STOKER, H.G., Die Stryd om die Ordes. Pretoria, 1941.

STRAUSS, H.J., Christelik-nasionaal en C.N.O. Sacum Beperk, Bloemfontein, 1969.

STRAUSS, H.J., Christelike Wetenskap en Christelike Onderwys. Sacum Beperk, Bloemfontein, 1964.

STRAUSS, D.F.M., *Wysbegeerte en Vakwetenskap*. Sacum Beperk, Bloemfontein, Datum Onvermeld.

STRAUSZ-HUPÉ, R., POSSONY, S.T., *International Relations*. McGraw-Hill Book Company, New York, 1954.

STRAUSZ-HUPÉ, R., *Power and Community*. Praeger Publishing Company, New York, 1956.

STETTINIUS, E., *Rooseveldt and the Russians*. New York, 1949.

SORENSON, T.C., *Decision-Making in the White House*. Columbia University Press, New York, 1963.

SORENSON, T.C., *Kennedy*. Harper and Row Publishers, New York, 1965.

TAMMES, A.J.P., *International Publiekrecht*. De Erven F. Bohn N.V., Haarlem, 1966.

TAYLOR, E.L.H., *The Christian Philosophy of Law, Politics and the State*. The Craig Press, Nutley, New Jersey, 1966.

THOMPSON, K.W., *Political Realism and the Crisis of World Politics*. Princeton University Press, Princeton, 1960.

TROTSKY, L., *Stalin. An Appraisal of the Man and His Influence*. Stein and Day Publishers, New York, 1967.

TRUMAN, H.S., *Memoirs. Vol. 1. Year of Decisions.* Doubleday and Company, New York, 1955.

TRUMAN, H.S., *Memoirs. Vol. II. Years of Trail and Hope.* Doubleday and Company, New York, 1956.

ULAM, A.B., *Expansion and Coexistence. The History of Soviet Foreign Policy, 1917 - 1967.* Secker and Warburg, London, 1968.

ULAM, A.B., *Titoism and the Cominform.* Harvard University Press, Massachusetts, 1952.

VAN DER WALT, A.J.H., WIID, J.A., GEYER, A.L. *Geskiedenis van Suid-Afrika.* Nasionale Handelsdrukkery Beperk, Bloemfontein, Datum Onvermeld.

VAN DYKE, N., *Political Science: A Philosophical Analysis.* Stevens and Sons, London, 1960.

VAN JAARSVELD, F.A., *Van Riebeeck tot Verwoerd, 1652 - 1966.* Voortrekkerpers, Johannesburg, 1971.

VAN JAARSVELD, F.A., SCHOLTZ, G.D., *Die Republiek van Suid-Afrika. Agtergrond, Ontstaan en Toekoms.* Voortrekkerpers, Johannesburg, 1966.

VAN NIEKERK, F.N., *Die Wêreldraad van Kerke, Waarheen?* Môrester Drukkery, Potgietersrus, Datum Onvermeld.

VAN NIEKERK, F.N., <u>Vrymesselary - Sy Geheime en Gevare</u>. Sacum Beperk, Bloemfontein, 1969.

VAN RIESSEN, I.H., <u>De Maatschappij der Toekomst</u>. Christelijk Nationale Bibliotheek, T. Wever-Franeker, 1953.

VAN THEMAAT, V., <u>Staatsreg</u>. Butterworths, Durban, 1967.

VAN VALKENBURG, S., STOTZ, C.L., <u>Elements of Political Geography</u>. Prentice-Hall, New York, 1955.

VEENHOF, C., <u>Souvereiniteit in Eigen Kring</u>, J.H. Kok, Kampen, 1939.

VENTER, E.A., <u>Die Gelowige in die Samelewing</u>. Sacum Beperk, Bloemfontein, 1967.

VENTER, E.A., <u>Die Ontwikkeling van die Westerse Denke</u>. Sacum Beperk, Bloemfontein, Datum onvermeld.

VENTER, E.A., <u>Die Rooms-Katolisisme</u>. Sacum Beperk, Bloemfontein, 1955.

VENTER, E.A., <u>Wysgerige Temas</u>. Sacum Beperk, Bloemfontein, Datum Onvermeld.

VON GLAHN, G., <u>Law Among Nations</u>. The Macmillan Company, London, 1970.

VAN NEUMANN, J., MORGENSTERN, O., <u>Theory of Games and Economic Behaviour</u>. Princeton University Press, Princeton, 1953.

WAINHOUSE, D.W., *Arms Control Agreements*. John Hopkins Press, Baltimore, 1968.

WALLACE, W., *Foreign Policy and the Political Process*. Macmillan Company, London, 1971.

WALTZ, K.N., *Foreign Policy and Democratic Politics*. Little, Brown and Company, Boston, 1967.

WARBURG, J.P., *Crosscurents in the Middle East*. Victor Gollancz Ltd., London, 1969.

WATKINS, F.M., *The Age of Ideology - Political Thought, 1750 to the Present*. Prentice-Hall, New Jersey, 1964.

WELENSKY, R., *Welensky's 4,000 Days*. Collins Company, London, 1964.

WEIGERT, H.W., STEFFANSSON, N., HARRISON, R.E., *New Compass of the World*. Macmillan Company, New York, 1953.

WESSELS, F.J.H., *Die Republikeinse Grondwet*. Nasionale Boekhandel Beperk, Kaapstad, 1962

WHITING, A.S., *China Crosses the Yalu: The Decision to Enter the Korean War*. Macmillan Company, New York, 1960.

WHITNEY, C., *MacArthur*. Alfred A. Knopf, New York, 1956.

WILCOX, O., *Proposals for Changes in the United Nations*. The Bookings Institution, Washington, 1955.

WILDNER, H., *Die Technik der Diplomatie*. Springer-Verlag, Weenen, 1959.

WIRT, F.M., MOREY, R.D., BRAKEMAN, L.F., *Introductory Problems in Political Research*. Prentice-Hall, New Jersey, 1970.

WOLFERS, A., *Discord and Collaboration*. John Hopkins Press, Baltimore, 1962.

WOLFINGER, R.E., *Readings in American Political Behaviour*. Prentice-Hall, New Jersey, 1970.

WRIGHT, Q., *A Study of War*. University of Chicago Press, Chicago, 1942.

YALEM, R.J., *Regionalism and World Order*. Washington, Datum Onvermeld.

YOUNG, K., *Rhodesia and Independence*. J.M. Deut and Sons, Ltd., London, 1969.

YOUNG, O.R., *Systems of Political Science*. Prentice-Hall, New Jersey, 1968.

YOUNG, O.R., *The Intermediaries: Third Parties in International Crisis*. Princeton University Press, Princeton, 1967.

ZAGORIA, D.S., *The Sino-Soviet Conflict, 1956 - 1961*. Princeton University Press, Princeton, 1962.

ZELLER, E., *The Flame of Freedom. The German Struggle Against Hitler*. Oswald Wolff, London, 1967.

ZUIDEMA, S.U., *Communisme in Ontbinding*. N.V. Gebr. Zomer Kennings Uitgeversmaatschappij, Wageningen, Datum Onvermeld.

ZUIDEMA, S.U., *Communication and Confrontation*. J.H. Kok, Kampen, 1972.

ZUIDEMA, S.U., *Op de Tweesprong. De Gereformeerde Kerken en de Wêreldraad van Kerken*. Uitgevery T. Wever, Franeker, 1964.

## PROEFSKRIFTE, VERHANDELINGS, TYDSKRIF-ARTIKELS EN ANDER BRONNE


BLONDEL, J., HALL, R., — Conflict, Decision-making and the Perceptions of Local Counsillors. Political Studies, Vol. XV, October, 1967.

BULL, H., — International Theory. The Case for a Classical Approach. World Politics, April, 1966.

CARALEY, D., — The Political Behaviour Approach. Methodological Advance or New Formalism. Political Science Quarterly, Vol. IXXIX.

CILLIERS, F., — Die Grondbeginsels van die Rooms-Katolieke Staatsfilosofie. Ongepubliseerde M.A.-Verhandeling, U.O.V.S., 1954.

CILLIERS, J., — Die Rooms-Katolieke Kerk as Staatkundige Mag. Ongepubliseerde D.Phil.-Proefskrif, U.O.V.S., 1960.

DANNHAUSER, J.A., — 'n Teoreties-Prinsipiële Beoordeling van die Moderne Diplomasie. Ongepubliseerde M.A.-Verhandeling, U.O.V.S., 1969.

DAHL, R.A., — The Behavioral Approach in Political Science. Epitaph for a Moment to a Successful Protest. American Political Science Review, LV, Desember, 1961.

DENGERINK, J.D., *Critisch-Historisch Onderzoek naar de Sociologische Ontwikkeling van het Beginsel der Souvereiniteit in Eigen Kring in die 19e en 20e Eeuw.* J.H. Kok, Kampen, 1948.

DE SOLA POOL, I., KESSLER, A., *The Kaiser, the Tsar, and the Computer: Information Processing in a Crisis.* The American Behavioral Scientist, Vol. VIII, Mei, 1965.

DEUTSCH, K.W., *The Future of World Politics. The* Political Quarterly, Vol. XXXVII, No. 1, 1966.

EKSTEEN, M.C., *Lesotho, 'n Stüdie in Internasionale Verhoudings.* Ongepubliseerde D.Phil.-Proefskrif, U.O.V.S., 1968.

*Everyman's United Nations.* United Nations, New York, 1968.

FERREIRA, L.J., *Transformasie as Teoretiese Benadering vir 'n Wêreldstaat.* Ongepubliseerde M.A.-Verhandeling, U.O.V.S., 1972.

FOURIE, J.J., *Verhouding Staat en Kerk By Herman Dooyeweerd.* Ongepubliseerde D.Phil.-Proefskrif, U.O.V.S., 1962.

GREAVES, H.R.G., *Political Theory Today.* Political Science Quarterly, Vol. LXXV, Maart, 1960.

HIEMSTRA, R.C., *Suid-Afrika se Strategiese Betekenis.* Referaat gelewer voor die S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns, 3 Julie, 1969.

JOOSTE, N., *Die Onregverdige Mammon.* Riglyne, Augustus, 1972.

KAPLAN, M.A., *The New Great Debate. Traditionalism versus Science in International Relations.* World Politics, Oktober, 1966.

LABUSCHAGNE, G.S., *Suid-Afrika en Afrika. Die Staatkundige Verhouding in die Tydperk 1945 - 1966.* Ongepubliseerde M.A.-Verhandeling, P.U. vir C.H.O., 1967.

*LIVING DOCUMENTS OF AMERICAN HISTORY.* United States Information Service, 1970.

LOOTS, Z.B. *Augustinus as Christendenker.* Ongepubliseerde D.Phil.-Proefskrif, U.O.V.S., 1963.

LOUW, M.H.H., *United States Policy and the Inter-American System.* Referaat gelewer by die Suid-Afrikaanse Instituut vir Internasionale Verhoudinge, Johannesburg, Oktober, 1962.

LUYT, N., *'n Studie van Regionalisme in die Wêreldpolitiek, met Besondere aandag aan Suider-Afrika.* Ongepubliseerde M.A.-Verhandeling, U.O.V.S., 1969.

NICHOLSON, M.B., REYNOLDS, P.A., General Systems, The International System and the Eastonian Analysis. Political Science, Vol. XV, Februarie, 1967.

OLIVIER, M.J., Inboorlingarbeid en Administrasie in die Mandaatgebied van Suidwes-Afrika. Ongepubliseerde D.Phil.-Proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1961.

PARKER, R.S., Group Analysis and Scientism in Political Studies. Political Studies, Vol. IX, Februarie, 1961.

PARTRIDGE, P.H., Politics, Philosophy, Ideology. Political Studies, Vol. IX, Oktober 1961.

RAPPOPORT, A., Various Meanings of Theory. American Political Science Review, Vol. LII.

RODGERS, L., Notes on Political Science. Political Science Quarterly, Vol. LXXIX, Junie, 1964.

ROSSOUW, P., Die Vitaliteit van die Gesagsbegrip van Thomas Aquinas. Ongepubliseerde D.Phil.-Proefskrif, U.O.V.S., 1960.

RUSSETT, B.M., Discovering Voting Groups in the United Nations, The American Political Science Review, Vol. LX, Junie, 1966.

SCHEEPERS, D.J.J., Die Beginsel van Soewereiniteit in eie Kring as Waarborg vir Burgervryheid. Ongepubliseerde M.A.-Verhandeling, U.O.V.S., 1952.

SPYKMAN, N.J., Geography and Foreign Policy. The American Political Science Review, Vol. XXXII, 1938.

STRAUSS, H.J., Die Staatsverband in Kosmologiese Perspektief. Referaat gelewer voor Universiteitsdosente in Staatsleer, Pretoria, September, 1972.

STRAUSS, H.J., Grondbeginsels van die Christelike Staatsfilosofie. Tydskrif vir Christelike Wetenskap, November, 1965.

STRAUSS, H.J., Partypolitieke Beginselrigtings. Die Gereformeerde Vaandel, Junie, 1959.

STRAUSS, H.J., Ons Rassevraagstuk in Religieuse Perspektief. Referaat gelewer tydens die Twintigste Bondskongres van die Afrikaanse Studentebond te Potchefstroom, Julie, 1968.

STRAUSS, H.J., Staatsleer I, Diktaat. Bloemfontein, 1968.

STRAUSS, H.J., Staatsleer II, Diktaat. Bloemfontein, 1968.

STRAUSS, L., *What is Political Philosophy? The Problem of Political Philosophy.* The Journal of Politics. Vol. XIX, Augustus, 1957.

SWART, M.J., *By die Dood van Genl. Hertzog.* Artikel in die Huisgenoot, 16 September 1962.

*THE WORLDMARK ENCYCLOPEDIA OF THE NATIONS.* New York, 1960.

*TRAIL OF THE MAJOR WAR CRIMINALS.* Nuremberg, 1948.

VAN DER WATT, L., *Die Staatsfilosofiese Grondslae van die Suid-Afrikaanse Staatkunde Sedert 1910.* Ongepubliseerde D.Phil.-Proefskrif, U.O.V.S., 1970.

VAN SCHOOR, A.M., *Die Internasionale Toneel Sedert die einde van die Tweede Wêreldoorlog.* Referaat gelewer by geleentheid van die eerste Simposium oor Internasionale Politiek, Potchefstroom, 31 Augustus, 1967.

VORSTER, J.D., *Wêreldraad of Wêreldse Raad.* Die Kerkbode, 19 Mei, 1971.

WESSELS, F.J.H., *Internasionale Verhoudinge - 'n Normatief-Strukturele Benadering.* C.R. Swart-Lesing No. 1 in Internasionale Verhoudinge, Bloemfontein, 16 Oktober, 1968.

WESSELS, F.J.H., Die Probleem van Tussenstaatlike Verhoudings - Humanisties en Christelik. Die Gereformeerde Vaandel, Vol. XXVI, Junie, 1958.

WESSELS, F.J.H., Enkele Voorlopige Opmerkings oor die Grondslae van die Volkereg in Tydskrif vir Christelike Wetenskap.

WESSELS, F.J.H., Diktaat vir Staatsleer II. Handleiding by die Studie van Internasionale Verhoudinge. U.O.V.S., Bloemfontein, 1968.

WESSELS, F.J.H., Die Owerheidstaak. Ongepubliseerde D.Phil.-Proefskrif, U.O.V.S., 1957.

WESSELS, F.J.H., Some Modern Approaches to the University Teaching of International Relations. Lesing by die Universiteit van Fort Hare, April, 1971.

WESSELS, F.J.H., Vrouestemreg, 'n Staatsfilosofiese Studie. Ongepubliseerde M.A.-Verhandeling, U.O.V.S., 1953.

WOLFAARDT, P.J., Botswana - 'n Studie in Internasionale Betrekkinge. Ongepubliseerde M.A.-Verhandeling, U.O.V.S., 1968.


U.O.V.S.—U.O.F.S.
BLOEMFONTEIN
BIBLIOTEEK-LIBRARY